

JESAJA

Inleiding

Die boek dra die naam van die profeet wat aan die begin vermeld word. Jesaja was die seun van Amos, wat egter iemand anders was as die profeet Amos.

Die boek *Jesaja* is in die Joodse kanon en Hebreuse Bybel deel van die Latere Profete, wat verdeel word in groot en klein profete. *Jesaja* is die eerste van die drie sogenaamde groot profete. In die Protestantse kanon is *Jesaja* ook deel van die profeteboeke.

Die begin van Jesaja se optrede as profeet dagteken uit die jaar 740 vC (vgl Jes 6:1). Teen 701 vC was hy steeds profeet in Jerusalem. Geleerdes is dit eens dat slegs Jesaja 1 — 35 profesieë van Jesaja bevat, wat deur leerlinge van die profeet bestudeer en oorgelewer is (vgl Jes 8:16-20). Jesaja 36 — 39 bevat gedeeltes uit 2 Konings 8 — 20, en is aan die einde van Jesaja se profesieë bygevoeg, waarskynlik tydens die Babiloniese ballingskap. Jesaja 40 — 55 dagteken ook uit hierdie tyd. Die agtergrond van die laaste deel van die boek (Jes 56 — 66) is die tyd ná die ballingskap. Die boek *Jesaja* het dus oor 'n tydperk van byna twee eeue ontstaan. Die eerste lesers van die profeet Jesaja se profesieë was 'n groep volgelingen wat sy profesieë vir die nageslag bewaar het. Die eerste lesers van Jesaja 40 — 55 was ballinge in Babel, en die eerste lesers van die boek in sy huidige vorm sou persone in en om Jerusalem wees. Die groep gelowiges wat weggebreek het van die tempel in Jerusalem en hulle by Qumran langs die Dooie See gevestig het, het baie waarde geheg aan die inhoud van die boek *Jesaja*, en die twee

boekrolle met tekste van *Jesaja* wat by Qumran gevind is, bied goeie vergelykingsmateriaal in gevalle waar die Masoretiese teks moontlik oorskryffoute bevat.

Die boek is saamgestel uit 'n wye reeks literatuursoorte. Naas die profesieë in poëtiese vorm, waarin simboliese taalgebruik, vergelykings en gelykenisse 'n belangrike rol speel, is daar biografiese vertellings (bv Jes 6:1-8; 8:1-4), verhale in prosavorm (Jes 36 — 39), psalms in die vorm van klaagliedere (bv Jes 47:1-15) en dankliedere (Jes 12:1-6; 25:1-5; 26:7-19; 38:10-20; 42:10-17; 61:10-11). Teologiese diskussies kom ook in die boek voor (41:26-29; 43:9-12).

Die boek *Jesaja* gaan oor God se redding van Israel, en deur Israel, ook van die wêreld. God se oordele speel 'n belangrike rol in die boek, maar dit dien as waarskuwings vir die lesers om na God terug te keer en deel te word van sy heilsplan met Israel en die wêreld. God se doel is om 'n gebroke wêreld heel te maak.

Jesaja kan soos volg ingedeel word:

1 — 39 Eerste deel

1 — 12 Oordeel oor Israel en uitsig op redding

13 — 23 Oordeel oor die volke en Jerusalem en uitsig op redding

24 — 35 Verwoesting en hoop

36 — 39 Verlossing van Jerusalem

40 — 55 Tweede deel

40 — 46 God se regspraak met die volke

47 — 48 'n Nuwe tydperk in die geskiedenis

49 — 55 Liedere oor Sion en die HERE se dienskneg

56 — 66 Derde deel

56 — 59 Geregtheid en ongeregtheid in Jerusalem

60 — 63:6 Heerlikheid van Jerusalem

63:7 — 66:24 Trou en ontrou van Jerusalem

1

Visioen van Jesaja

¹ *Die visioen van Jesaja, seun van Amos,^a wat hy aangaande Juda en Jerusalem gesien het^b in die dae van Ussia,^{*} Jotam,^{*} Agas^{*} en Hiskia,^{*} konings van Juda.

² Luister, hemel,
en gee aandag, aarde,^{*}
want die HERE praat:
“Kinders het Ek grootgemaak
en opgevoed,
maar hulle het teen My
in verset gekom.”^{*}

* **1:1** Jes 2:1-2; Miga 1:1-2

^a**1:1 Amos:** Dit is nie die profeet Amos nie.

^b**1:1 Die visioen ... gesien het:** “Visioen sien” is 'n geykte uitdrukking wat ook gebruik word vir 'n woordopenbaring van God aan 'n profeet.

* **1:1 Ussia:** 2 Kon 15:13; 2 Kron 26:1-23; Jes 6:1; Matt 1:8

* **1:1 Jotam:** 2 Kon 15:32

* **1:1 Agas:** 2 Kon 15:38; 16:1-4

* **1:1 Hiskia:** 2 Kon 16:20; 18:1-8

* **1:2 Luister ... aarde:** Deut 32:1

* **1:2 Kinders ... gekom:** Jer 2:13; Hand 13:17

³ *'n Bees^c ken sy eienaar
en 'n donkie die krip van sy besitter.
Israel het egter nie kennis nie,
my volk toon geen insig nie.”

⁴ *Wee 'n sondige nasie,
'n volk swaar belaa
met sondeskuld,
'n geslag kwaaddoeners,
kinders wat hulle wangedra!
Hulle het die HERE verlaat,
die Heilige van Israel verag,
Hom die rug toegekeer.

⁵ *Waarom wil julle
nog geslaan word,
en hou julle vol
met julle onversetlikheid?
Elke kop is siek,
elke^d hart is swak.

⁶ *Van die voetsool tot die kop
is daar nie 'n gesonde plek nie,
net hale en kneusplekke
en oop wonde.

***1:3** Jes 5:12-13; Jer 8:7

^c**1:3 Bees:** Word ook vertaal “Os”; hier is die Hebreeuse woord egter 'n generiese term.

***1:4** Jes 30:1,9; Sef 1:6

***1:5-6** Ps 38:4; Jer 2:30; 5:3

^d**1:5 Elke ... elke:** Word ook vertaal “Die hele ... die hele”.

***1:6** Luk 10:34

Dit is nie gedreineer nie,
of verbind of versorg met olie nie.

⁷* Julle land is 'n woesteny;
julle stede is met vuur verbrand.

Julle landerye — voor julle oë
verteer vreemdes dit;

ja, dit is 'n woesteny,
asof vreemdes dit verwoes het.

⁸* Die dogter van Sion^e het oorgebly
soos 'n takskerm in 'n wingerd,
soos 'n oornagskerm
in 'n lappie komkommers,
soos 'n beleërde stad.^f

⁹* As die HERE,
Heerser oor alle magte,
nie vir ons 'n klein oorblyfsel
agtergelaat het nie —
soos Sodom sou ons geword het,
aan Gomorra sou ons
gelyk gewees het.

¹⁰** Luister na die woord van die HERE,

* **1:7** Deut 28:51-52; Jes 6:11-12

* **1:8** Job 27:18; Jes 30:17

^e**1:8 dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

^f**1:8 beleërde stad:** Die •Septuagint, •Targum en •Peshitta word hier gevolg. Die •Masoretiese leestradië luy “bewaakte stad”.

* **1:9** Gen 19:24; Jes 10:21; Rom 9:29

* **1:10-15** Jer 6:20; Hos 8:13; Am 4:5; 5:21-24

* **1:10** Deut 32:32; Jes 28:14; Jer 23:14; Op 11:8

gesaghebbers van Sodom!
Gee aandag aan die wet van ons God,
mense van Gomorra!

¹¹ “Wat baat julle magdom
slagoffers My?”
vra die HERE.

“Ek het genoeg gehad
van die brandoffers van ramme
en die vet van gevoerde diere.
Die bloed van bulle,
lammers en bokramme
staan My nie aan nie.

¹² Wanneer julle kom
om voor My te verskyn —
wie eis dit van julle
om my voorhowe te vertrap?

¹³ Hou op om waardelose graanoffers
aan te dra!
Reukwerk — afstootlik is dit vir My.
Nuwemaansfeeste en Sabbatte,
die saamroep van byeenkomste —
Ek kan nie onreg én gewyde rusdae
verdra nie.

¹⁴ Julle nuwemane en vaste feestye
haat Ek met my hele wese;
dit is vir My 'n las,
Ek is moeg daarvoor om dit te dra.

¹⁵ * As julle julle hande uitstrek,^g

sluit Ek my oë vir julle.

Selfs as julle baie bid,

luister Ek nie.

Julle hande is vol bloed.

¹⁶ Was julle! Reinig julle!

Verwyder julle bose dade voor my oë!

Hou op om kwaad te doen!

¹⁷ * Leer om goed te doen!

Bevorder die reg!

Lê die onderdrukker aan bande!^h

Handhaaf die reg van die vaderloses!ⁱ

Verdedig die weduwees se regsake!

¹⁸ * “Kom tog,

laat ons die saak uitpraat!”

sê die HERE.

“Al is julle sondes rooi soos karmosyn,

dit sal wit word soos sneeu;

al is dit rooi soos skarlaken,

* **1:15** Jes 59:2-3; Miga 3:4; Joh 9:31; Jak 4:8

^g**1:15 julle hande uitstrek:** Die •bronteks lui “julle handpalms uitbrei”. Dit was 'n gebedshouding waarin die hande in die lug opgesteek is, met die handpalms na bo gedraai; vgl 1 Kon 8:22; Ps 143:6.

* **1:17** Spr 28:13; Jes 10:2; 56:1; 58:6; Matt 23:23; Luk 18:3; Jak 1:27

^h**1:17 Lê ... bande:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Sommige wysig een vokaal en vertaal as “maak die onderdrukte gelukkig”.

ⁱ**1:17 vaderloses:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

* **1:18** Ps 51:9; Jes 43:25-26

soos wol sal dit word.

¹⁹ * As julle gewillig is en luister —
die goeie van die land
sal julle geniet.

²⁰ Maar as julle weier en opstandig is —
deur die swaard
sal julle verteer word.”

Ja, die mond van die HERE
het gespreek.

²¹ * Helaas, sy het 'n prostituut geword,
die getroue stad!

Sy was gevul met die reg;
geregtigheid het in haar oornag,
maar nou net moordenaars.

²² * Jou silwer het metaalskuim geword,
jou koringbier is met water verdun.

²³ * Jou hoë amptenare^j is koppig
en span met diewe saam.

Hulle almal is lief vir omkoopgeld
en jaag belonings na.

Vaderloses se reg handhaaf hulle nie,
en weduwees se regsake
dien nie voor hulle nie.

* **1:19-20** Lev 26:3-12,14-39; Jes 3:10-11; Miga 4:4

* **1:21** Jer 2:20; Eseg 16:24-26

* **1:22** Jer 6:27-30; Eseg 22:17-22

* **1:23** Spr 17:23; Miga 3:11; 7:3

j1:23 hoë amptenare: Die belangrikste verteenwoordigers van die koning.

²⁴ Daarom is dit die uitspraak
van die HERE, die Heer,
die Heerser oor alle magte,
die Magtige van Israel:

“Wee hulle!

Ek gaan voldoening ervaar
oor my teenstanders;
Ek gaan My wreek op my vyande.

²⁵ *Ek sal my hand teen jou^k draai,
jou metaalskuim uitsmelt
soos met potas,¹
al jou onsuiverhede verwyder.

²⁶ *Ek sal jou regters tot inkeer bring
soos dit voorheen was,
en ook jou raadgewers
soos dit aan die begin was.

Daarna sal jy genoem word:
Stad van Geregtigheid,
Getroue Vesting.”

²⁷ Sion sal net
deur reg vrygekoop word,
en dié van haar wat terugkeer,
deur geregtigheid.

***1:25** Jes 48:10; Sag 13:9; Mal 3:2-3

^k**1:25** jou: Jerusalem.

¹**1:25** potas: 'n Kaliumbevattende stof wat uit plante verkry is en as smeltmiddel gedien het by die suiwing van metale.

***1:26-27** Jes 54:14; 60:14,17; Jer 33:7,11; Sag 8:3

²⁸ *Sowel oortreders as sondaars
sal verpletter word;
wie die HERE verlaat,
sal omkom.

²⁹ Ja, hulle sal beskaamd staan
oor die terebintbome^m
wat julle so begeer.

Julle sal verleë wees oor die tuine
waaroor julle so gaande is.ⁿ

³⁰ Ja, julle sal wees soos 'n terebint
waarvan die blare verwelk,
soos 'n tuin wat geen water kry nie.

³¹ Die sterke^o sal vlasvesel^p word,
en sy dade 'n vonk.
Beide sal saam verbrand,
terwyl niemand dit kan blus nie.

***1:28** Jes 33:14; 66:24

^m**1:29 terebintbome:** Siro-Palestynse bome met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog. Dit is gewoonlik alleenstaande bome, wat geassosieer is met heilige plekke.

ⁿ**1:29 terebintbome ... gaande is:** Dit verwys na gebruike in die vrugbaarheidsgodsdiens; vgl Jes 57:5; 65:3.

^o**1:31 sterke:** Die Hebreeuse woord word in Am 2:9 gebruik in verband met groot bome.

^p**1:31 vlasvesel:** Dit is gebruik om 'n vuur mee aan die brand te steek; Jes 5:24.

2

Oordeel en reiniging van Jerusalem

¹* Die woord wat aan Jesaja, seun van Amos, geopenbaar is in verband met Juda en Jerusalem.

²** In die laaste dae
sal die berg van die HERE se huis
stewig staan
as die hoogste van die berge;
hy sal bo die heuwels uittoon.
Al die nasies sal daarheen stroom;

³* baie volke sal gaan en sê:
“Kom, laat ons optrek
na die berg van die HERE,
na die huis van die God
van Jakob,
sodat Hy ons van sy paaie kan leer,
en ons sy weë kan volg.”
Ja, uit Sion sal daar onderrig kom,
en die woord van die HERE
uit Jerusalem.

⁴ Hy sal regsprek tussen die nasies,
die reg handhaaf vir talryke volke.

*2:1 Jes 1:1

*2:2-4 Miga 4:1-3

*2:2 Matt 5:14; 8:11

*2:3 Jes 51:4; 66:18; Luk 24:47; Joh 4:22

Hulle sal van hulle swaarde
pikke smee,
van hulle spiese snoeimesse.*

Nasies sal nie meer die swaard
teen mekaar opneem nie;
hulle sal nie meer leer
om oorlog te maak nie.

⁵ *Huis van Jakob,
kom, laat ons leef
in die lig van die HERE.

⁶ * Ja, U het u volk,
die huis van Jakob, verlaat
omdat daar soveel voorspellers^q
uit die Ooste by hulle is,
en soveel mense wat voortekens lees
soos by die Filistyne;
en van die nageslag van vreemdes
het hulle 'n oorvloed.^r

⁷ Hulle land is vol silwer en goud —
daar is geen einde
aan hulle skatte nie.
Hulle land is vol perde —

*2:4 swaarde ... snoeimesse: Joël 3:10; Miga 4:3

*2:5 Jes 60:1-2,19; Ef 5:8; 1 Joh 1:7

*2:6-8 Deut 17:16-17; 18:10-14; Miga 5:11-13

^q2:6 voorspellers: Die woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^r2:6 en van ... oorvloed: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

daar is geen einde
aan hulle strydwaens nie.

⁸ *Hulle land is vol nuttelose afgode;
voor hulle handewerk
buig hulle in aanbidding,
voor dit wat hulle vingers
gemaak het.

⁹ *Mense het neergebuig,
manne het hulleself verneder.^s
U moet hulle nie vergewe nie!

¹⁰ *Gaan skuil tussen die rotse,
kruip weg in die grond
uit vrees vir die HERE,
vanweë sy verhewe glansrykheid!

¹¹ Die trotse oë van mense
word verneder,
die hoogmoed van manne
word neergeslaan.

Die HERE alleen sal verhewe wees
op daardie dag.

¹² *Die HERE, Heerser oor alle magte,
hou immers 'n dag gereed

*2:8,20 Op 9:20

*2:9,11 Jes 5:15

^s2:9 Mense ... verneder: Word ook vertaal “Mense word neergeslaan, almal word verneder.”

*2:10 Jes 2:19,21; Hos 10:8; 2 Thess 1:9; Op 6:15

*2:12-22 Jer 4:29; 46:10; Eseg 30:3; Joël 1:15; Am 5:18-22; Sef 1:14; Hand 2:20;
2 Thess 1:9-10; Op 6:15

teen alles wat verwaand en hoog is,
teen alles wat verhewe is —
dit sal neergeslaan word —

¹³ teen al die hoë en verhewe
seders van die Libanon,
en teen al die eikebome van Basan,

¹⁴ teen al die hoë berge
en al die verhewe heuwels,

¹⁵ teen elke hoë toring
en elke versterkte stadsmuur,

¹⁶ teen al die handelskepe^t
en teen al die imposante bote.

¹⁷ *Die trots van mense
word neergeslaan,
die hooghartigheid van manne
word omskep in vernedering.
Die HERE alleen sal verhewe wees
op daardie dag.

¹⁸ Die nuttelose afgode —
met hulle is dit uit en gedaan.

¹⁹ *Mense sal in die grotte
tussen rotse skuilgaan
en in gate in die grond,
uit vrees vir die HERE,

^t**2:16 handelskepe:** Kan ook vertaal word “skepe van Tarsis”; vgl 1 Kon 10:22;
22:49; Ps 48:8.

***2:17** 2 Thess 1:10

***2:19** Jes 2:10

vanweë sy verhewe glansrykheid,
wanneer Hy opstaan^u

om die aarde te verskrik.

²⁰ Op daardie dag sal mense
hulle nuttelose afgode van silwer
en hulle nuttelose
afgode van goud

wat hulle vir hulleself gemaak het
om in aanbidding voor te buig,
wegwerp vir die rotte en vlermuise —

²¹ om dan in rotsskeure
en holkranse skuil te gaan
uit vrees vir die HERE,
vanweë sy verhewe glansrykheid,
wanneer Hy opstaan
om die aarde te verskrik.

²² Hou op om julle te bekommer
oor die mens;
hy is net 'n asem in 'n neus!
Ja, waarom moet met hom
rekening gehou word?

3

¹ * Ja, kyk, die HERE, die Heer,
Heerser oor alle magte,
gaan uit Jerusalem en Juda

^u**2:19 opstaan:** 'n Regter het gestaan wanneer hy 'n vonnis uitspreek. Kan ook vertaal word “gereedmaak”.

***3:1-3** Lev 26:26; 2 Kon 24:14; Eseg 4:16; 17:12-14

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

elke stut en steun verwyder:
alle steun op brood,
en alle steun op water,
² op helde en krygsmanne,
regters en profete,
voorspellers en oudstes,^v
³ op aanvoerders van vyftig
en manne van aansien,
raadgewers, ervare towenaars
en kundige besweerdere.

⁴ *Die HERE sê:^w

“Ek maak jong manne
hulle bevelvoerders;
kwaadwilliges sal oor hulle heers.

⁵ *Die mense sal mekaar vertrap —
die een die ander,
elkeen sy medemens.

'n Jong man sal 'n ou man aanval,
en 'n nikswerd 'n geëerde.

⁶ As 'n man sy familielid vasgryp
in die huis van sy vader en sê,^x

^v**3:2 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

***3:4** Pred 10:16; Jes 3:12

^w**3:4 Die ... sê:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***3:5** Jer 9:3-8; Miga 7:5-6

^x**3:6 en sê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

‘Jy het 'n mantel,
jy moet ons gesagvoerder wees;
hierdie puinhoop
sal onder jou beheer wees,’

⁷ sal hy op daardie dag
teenstribbel en sê,
‘Ek is nie 'n geneser nie,
en in my huis is geen brood
en geen mantel nie.
Julle mag my nie aanstel
as gesagvoerder oor mense nie.’

⁸ Want Jerusalem het gestruikel,
en Juda het geval.
Hulle tonge en hulle dade
was teen die HERE gerig,
om sy blik, wat eerbied inboesem,
uit te daag.

⁹ *Hulle vooroordeel getuig
teen hulle;
en hulle sonde — soos Sodom
maak hulle dit bekend,
en steek dit nie weg nie.

Wee hulle!
Want hulle doen hulleself
kwaad aan.

¹⁰ *“Sê vir die regverdiges

***3:9** Gen 13:13; 18:20-21; Jes 1:9-10; Rom 6:23

***3:10** Deut 28:1-14; Ps 128:2; Pred 8:12

dat dit goed sal gaan,
want die vrug van hulle dade
sal hulle geniet.

¹¹ *Wee die goddeloses!
Dit sal sleg gaan;
want wat hulle hande aangerig het,
sal aan hulle gedoen word.

¹² *My volk —
sy verdrukkers is geweldenaars,^y
skuldeisers^z heers oor hulle.
My volk, jou leiers
lei jou op 'n dwaalweg;
oor die rigting van jou paaie
is hulle in die war.”

¹³ *Die HERE het sy plek ingeneem
vir die hofstryd;
Hy staan gereed^a
om mense te oordeel.

¹⁴ Die HERE kom met 'n klag
teen die oudstes^b van sy volk

***3:11** Deut 28:15-68

***3:12** Jes 9:15; 56:10; Miga 3:5

^y**3:12** sy ... **geweldenaars**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “sy regeerders is kinders”.

^z**3:12** **skuldeisers**: Die •Septuagint word hier gevolg. Die •Masoretiese leestradijie lui “vroue”.

***3:13-15** Jes 10:1-2; Hos 4:1-2; Am 2:6-8; Miga 6:1-5

^a**3:13** **staan gereed**: 'n Regter het gestaan wanneer hy 'n vonnis uitspreek.

^b**3:14** **oudstes**: Vgl voetnoot in Jes 3:2.

en teen hulle aanvoerders:

“Julle het self

die wingerd afgewei.

Wat geroof is van die magtelose

is in julle huise.

¹⁵ Wat gaan met julle aan?

Julle vertrap my volk,

julle vergruis die gesigte

van magteloses.”

Dit is die uitspraak van my Heer,

die HERE, Heerser oor alle magte.

¹⁶ *Die HERE sê:

“Omdat die vroue van Sion

hovaardig is,

met uitgestrekte nek rondloop,

en met verleidelike oë

al trippelend wegstap

met ringe wat klingel

aan hulle enkels,

¹⁷ sal my Heer met skurfte

die vroue van Sion

se skedels aantass;

die HERE sal hulle

voorhoofde ontbloot.^c”

***3:16-17** Jes 32:9-11; Am 4:1-3; 1 Tim 2:9; 1 Pet 3:3-4

^c**3:17 voorhoofde ontbloot:** Dit was die gebruik van vroue om die voorhoof met 'n sluier te bedek. Ontbloting daarvan was 'n vernedering.

¹⁸ *Op daardie dag sal my Heer
versierings wegneem:
die enkelringe, sonnetjies en
halfmaantjies,
¹⁹ die oorbelle, armbande
en sluiers,
²⁰ die kopbande, enkelkettings
en lyfserpe,
die reukflesse, amulette,
²¹ ringe en neusringe,
²² die feesklere, mantels,
skouermantels en handsakkies,
²³ die deurskynende klere,^d
linnhemde,^e tulbande en sjaals.
²⁴ In plaas van speserygeur
sal daar stank wees,
in plaas van 'n gordel
'n tou,
in plaas van haarlokke
'n kaal plek,^f
in plaas van 'n deftige gewaad
'n roukleed,^g

***3:18-24** Gen 24:47; Rig 8:21,26; Eseg 16:10-12; 27:30-31; Am 8:10; EstGr 4:17k

^d**3:23 deurskynende klere:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “handspieëltjies”.

^e**3:23 linnhemde:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

^f**3:24 kaal plek:** In tye van rou is die hare afgeskeer (Jes 22:12; Jer 16:6), alhoewel dit verbode was; vgl Lev 21:5; Deut 14:1.

^g**3:24 roukleed:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

in plaas van skoonheid
'n brandmerk.

²⁵ Jou manne, Sion^h —
deur die swaard sal hulle val,
jou sterk manne in die oorlog.

²⁶ *Sion se ingange
sal weeklaag en treur,
kaalgestroop van mense,
sal sy op die grond sit.

4

¹ *Op daardie dag sal sewe vroue een man vasgryp en sê:
“Ons eie brood sal ons eet
en ons eie klere sal ons dra,
laat jou naam
net oor ons genoem word;
neem ons bespotting weg!”

² *Op daardie dag sal dit wat die HERE laat groei,ⁱ pragtig en luisterryk
wees; en die opbrengs van die land sal die trots en roem wees van dié

^h**3:25,26 Sion:** Die naam kom nie in die bronteks voor nie, maar word
veronderstel.

***3:26** Jer 14:2; Klaagl 1:4

***4:1** Gen 30:23; 1 Sam 1:5-6; Mark 12:20; Luk 1:25

***4:2** Jes 53:2; Jer 23:5; 33:15; Sag 3:8; 6:12

ⁱ**4:2 dit wat ... groei:** Letterlik ‘die uitspruitsel van die HERE’. Sommige vertolk
dit in die lig van Jer 23:5; 33:15; Sag 3:8 en 6:12, as 'n verwysing na die verwagte
koning uit die nageslag van Dawid. Dit word dan vertaal “Spruit” of “Loot”.

Israëliete wat ontkom het. ³ *Dié wat oorbly in Sion, wat agtergelaat word in Jerusalem, sal heilig genoem word, almal wat vir die lewe opgeskryf is in Jerusalem. ⁴ *As my Heer die vuilheid^j van die vroue van Sion afgewas, en die bloedskuld van Jerusalem uit haar midde weggespoel het, deur 'n gees wat oordeel en 'n gees wat wegvee,^k ⁵ sal die HERE oor die hele gebied van die berg Sion en oor die byeenkoms by Sion^l bedags 'n wolk skep, en snags rook en die glans van vuurvlamme. Ja, oor alles wat luisterryk is, sal dit 'n gewelf vorm. ⁶ 'n Takskerm sal dit bedags wees as skaduwee teen die hitte, en 'n skuilplek en beskutting teen stortbuie en reën.

5

Verskrikking en vertroue

¹ *Ek wil oor my geliefde^m sing:

my geliefde se lied

oor sy wingerd.

My geliefde het 'n wingerd gehad

op 'n vrugbare heuwel.ⁿ

* 4:3 Ps 69:29; Jes 1:9; 52:1; Luk 10:20; Op 20:12; 21:27

* 4:4-6 Eks 24:16; Spr 30:12; Jes 1:15; 25:4-5; Jer 50:20; Matt 3:11; Luk 3:17; Op 7:15-16

^j4:4 **vuilheid:** Kan ook vertaal word “ontlasting”, en is 'n neerhalende verwysing na die opgesmuktheid van die vroue; vgl Jes 3:18-23.

^k4:4 **gees wat wegvee:** Kan ook vertaal word “gees wat verbrand”.

^l4:5 **byeenkoms by Sion:** Letterlik ‘haar byeenkoms’.

* 5:1-7 Ps 80:9-16; Jes 27:2-4; Jer 2:21; Matt 21:33-43; Mark 12:1-12; Luk 13:6; 20:9-16; Joh 15:1-2

^m5:1 **oor my geliefde:** Word ook vertaal “vir my geliefde”.

ⁿ5:1 **heuwel:** Letterlik ‘horing’. Dit verwys na 'n heuwel wat die uitloper van 'n bergreeks is, of na 'n alleenstaande kop.

² Hy het dit bewerk,
die klippe uitgehaal
en edel duiwe daar geplant.
Hy het 'n toring gebou
in die middel daarvan,
en ook 'n giskuip daarin uitgekap.
Hy het verwag
dat dit duiwe sou dra,
maar dit het wilde duiwe gelewer.

³ *⁴“Daarom, inwoners
van Jerusalem
en manne van Juda,
besleg tog tussen My en my wingerd.

⁴ *Wat moet nog
aan my wingerd gedoen word
wat Ek nie reeds
daarin gedoen het nie?
Waarom het Ek verwag
dat dit duiwe sou dra,
maar dit het wilde duiwe gelewer?

⁵ *Daarom wil Ek aan julle
bekend maak
wat Ek aan my wingerd
gaan doen:
Ek gaan sy doringheining verwyder,

*5:3 Miga 6:1-5

*5:4 Jer 2:4-7

*5:5 Hos 2:11

sodat dit bewei word.^o

Ek gaan sy gepakte klipmuur

afbreek,

sodat dit 'n vertrapte plek word.

⁶ *Ek sal dit 'n verwoeste plek maak;

dit sal nie gesnoei

en nie geskoffel word nie.

Doringstruike en onkruid sal opskiet,

en aan die wolke sal Ek opdrag gee

om nie 'n druppel

daarop te laat reën nie.”

⁷ Ja, die wingerd van die HERE,

Heerser oor alle magte,

is die huis van Israel;

en die mense van Juda is die plante

waarin Hy Hom verlustig.

Hy het gewag op reg,

maar kyk, daar was regskenning,

op geregtigheid,

maar kyk, daar was hulpgeroep.

⁸ **Wee hulle wat huis by huis voeg,

wat ploegland

by ploegland voeg,

^o5:5 sodat ... word: Word ook vertaal “sodat dit verbrand word”.

*5:6 2 Sam 1:21; Jes 32:13

*5:8,11,18 Matt 23:13

*5:8-10 Jer 22:13-17; Am 5:10-13; Miga 2:1-4

totdat daar geen plek meer is nie,
en julle alleen in die land woon.^p

⁹ *Met my eie ore het ek die HERE,
Heerser oor alle magte,
hoor sweer:^q

“Baie huise
sal 'n skrikbeeld word —
die grotes en mooies
is sonder inwoner.

¹⁰ 'n Wingerd op grond
wat in tien dae met twee beeste
geploeg kan word,^r
sal een bat^s lewer,
en 'n gomer^t saad
sal 'n efa^u lewer.”

¹¹ *Wee hulle
wat vroeg in die môre opstaan,
naarstig soek na sterk drank,
en wat teen skemeraand sloer,

^p**5:8 julle ... woon:** Een van die •Qumran-geskrifte en die vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “julle alleen grondeienaars in die land is”.

^{*}**5:9** Jes 6:11; Matt 23:38; Jak 5:4

^q**5:9 hoor sweer:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel deur die eedformule in die volgende woorde.

^r**5:10 'n Wingerd ... word:** Letterlik ‘Tien van 'n tweespan van wingerd’.

^s**5:10 bat:** Ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate.

^t**5:10 gomer:** Ongeveer 220 ℓ.

^u**5:10 efa:** Ongeveer 22 ℓ.

^{*}**5:11-12** Jes 28:1,7-8; 56:12; Am 6:5-6; Luk 21:34

dat die wyn hulle kan
warm maak.

¹² Daar is lier^v en harp,^w
tamboeryn en fluit,
en wyn by hulle feesmaalte.

Maar op dit wat die HERE doen,
slaan hulle nie ag nie;
en die werk van sy hande
sien hulle nie raak nie.

¹³ * Daarom gaan my volk
in ballingskap
vanweë 'n gebrek aan kennis;
sy geëerdes word mense
wat honger is,
en sy gepeupel raak uitgedor
van die dors.

¹⁴ Daarom het die doderyk
sy keel wyd oopgemaak,
en sy mond oopgesper sonder perk.
Die stad se^x luisterrykes en gespuis,
die lawaaimakers
en uitbundiges in haar
sal daarin afdaal.

¹⁵ * Mense sal neergebuig word,

^v5:12 lier: 'n Driehoekige snaarinstrument met vier snare.

^w5:12 harp: 'n Driehoekige snaarinstrument met 'n klankbord.

* 5:13-14 Deut 28:48; Ps 55:16; 65:13; Hab 2:5

^x5:14 Die stad se: Die bronteks lui “Haar”.

* 5:15-17 Jes 1:26; 2:9,11,17; 7:25

manne sal verneder word,
hovaardiges sal hulle oë
moet neerslaan.^y

¹⁶ Die HERE, Heerser oor alle magte,
is verhewe in sy regspraak;
die heilige God betoon Hom heilig
deur geregtigheid.

¹⁷ Jong ramme sal wei
asof dit hulle weiveld is;
en die ruïnes van vetgevoerdes^z —
vreemdes sal daar eet.

¹⁸ *Wee hulle wat sondeskuld
saamsleep met bande
van bedrog,
en sonde soos met die toue
van 'n wa^a —

¹⁹ hulle wat sê,
“Hy moet gou maak,
sy werk* moet vinnig gebeur,
sodat ons dit kan sien;
die plan van
die Heilige van Israel

^y5:15 hovaardiges ... neerslaan: Letterlik ‘die oë van hovaardiges sal laag moet wees’.

^z5:17 vetgevoerdes: Die ryk mense van Jerusalem.

*5:18-19 Jes 46:10-11; Jer 17:15; Am 5:18; 2 Pet 3:4

^a5:18 wa: 'n Tweewielwa sonder vere.

*5:19 sy werk: Jes 5:2

moet ontvou, in vervulling gaan,
sodat ons dit kan weet.”

²⁰ *Wee hulle
wat die slegte dinge goed noem,
en die goeie dinge sleg,
hulle wat die duisternis tot lig maak
en die lig tot duisternis,
wat bitter soet maak
en soet bitter.

²¹ *Wee hulle wat wys is
in hulle eie oë,
en hulleself as verstandig beskou.

²² *Wee hulle wat helde is
by die drink van wyn,
en wat bekwame manne is
by die meng van sterk drank,

²³ *wat goddeloses
regverdig verklaar
vir 'n omkoopgeskenk,
en regverdiges hulle reg ontnem.

²⁴ *Daarom, soos wanneer strooi
deur tonge van vuur

*5:20 Am 5:7; Mal 2:17; Matt 6:22-23; Luk 11:34-35

*5:21 Spr 3:7; Jes 47:10; Rom 1:21-22; 12:16; 1 Kor 3:18-20

*5:22 Jes 5:11; Sir 31:25

*5:23 Eks 23:8; Spr 17:15; Am 5:12; Miga 3:11

*5:24 Eks 15:7; Job 18:16; Jes 1:4; 9:17-18

verteer word,
en droë gras in vlamme wegsink,
so sal hulle wortel wees
soos iets wat verrot,
en hulle bloeisel sal as stof opstyg;
want hulle het die wet van die HERE,
Heerser oor alle magte, verwerp,
en die woord
van die Heilige van Israel
het hulle geminag.

²⁵ *Daarom het die toorn
van die HERE
teen sy volk ontbrand.

Hy het sy hand teen hulle uitgestrek
en hulle geslaan.

Die berge het gebewe,
en hulle lyke
was soos vullis in die strate.

Ondanks dit alles
het sy toorn nie gewyk nie,
en bly sy hand steeds uitgestrek.

²⁶ *Hy hef 'n banier op
vir 'n nasie^b wat van ver af kom,
en fluit vir een
aan die einde van die aarde.

*5:25 2 Kon 22:13,17; Ps 106:40; Jes 9:11,16-18

*5:26-30 Deut 28:49; Jes 7:18; Jer 5:15-17; 6:22-30

^b5:26 'n nasie: Die bronteks lui “die nasies”. Dit kan 'n oorskryffout wees; vgl die enkelvoud in wat volg.

Kyk, hierdie nasie^c kom vinnig,
haastig.

²⁷ *By hom is niemand uitgeput nie,
en niemand struikel nie.

Hy sluimer nie in en slaap nie;
die skorte om sy heupe
is nie losgemaak nie,
en sy sandaalriempies
nie losgeskeur nie.

²⁸ Sy pyle is skerp gemaak,
en al sy boë is gespan;
die hoewe van sy perde
is so hard soos vuurklip,
en sy stryd wawiele kom aan
soos 'n stormwind.

²⁹ Sy brul is soos dié van 'n leeu.
Hy brul soos jong leeus,
hy grom en gryp prooi;
hy sleep weg,
en daar is niemand wat kan red nie.

³⁰ *Op daardie dag
sal hy oor sy prooi^d grom
soos 'n bulderende see.
Iemand sal na die land staar,
en kyk, daar is 'n beklemmende

^c5:26 hierdie nasie: Die bronteks lui “hy”.

*5:27-29 Jes 10:6,28-34; Hos 5:14; Am 3:12

*5:30 Jes 8:21-22; Jer 4:23

^d5:30 oor sy prooi: Die bronteks lui “daaroor”.

donkerte;
die lig is verduister
vanweë die wolke oor die land.^e

6

¹ *In die sterfjaar van koning Ussia^f het ek my Heer sien sit op 'n hoë en verhewe troon. Die some van sy kleed^g het die tempel gevul. ² *Serafs het bo Hom gereedgestaan. Elkeen het ses vlerke gehad: Met twee vlerke het elkeen sy gesig bedek, met twee het hy sy voete bedek en met twee kon hy vlieg. ³ Hulle het na mekaar geroep en gesê: “Heilig, heilig, heilig is die HERE, Heerser oor alle magte! Die hele aarde is vol van sy heerlikheid.” ⁴ *Die deurpenne in die drumpel^h het gebewe van die geluid van die een wat roep. Die tempel het vol rook geword.

⁵ *Ek het gesê:

“Wee my, want ek is verlore!ⁱ
Want ek is 'n mens
met onrein lippe,
en by 'n volk met onrein lippe
woon ek.

^e**5:30 oor die land:** Die bronteks lui “van haar”. Dit verwys na die land.

* **6:1** Joh 12:41; Op 4:2,9-10; 5:1,7,13; 6:16; 7:10,15; 19:4; 21:5

^f**6:1 sterfjaar ... Ussia:** Ongeveer 740 vC; vgl Jes 1:1.

^g**6:1 some ... kleed:** Die bronteks lui “sy some”.

* **6:2-3** Num 14:21; Eseg 1:11; 10:21; Joh 12:41; Op 4:8

* **6:4** Eks 19:18; 40:34; Hab 3:3-10; Op 15:8

^h**6:4 deurpenne ... drumpel:** 'n Deur het geskarnier om 'n pen of “arm” wat aan die onderkant van die deur vas was, en in 'n holte in die drumpel geswaai het, asook aan die bokant van die deur in die latei.

* **6:5** Eks 3:6; 33:20; Rig 6:22; Jer 9:3-8; Luk 5:8

ⁱ**6:5 ek is verlore:** Kan ook vertaal word “ek moet stilbly”.

Ja, my oë het die Koning,
die HERE, Heerser oor alle magte,
gesien.”

⁶Een van die serafs het na my toe gevlieg, met 'n gloeiende kool by hom wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het. ⁷*Hy het my mond aangeraak en gesê:

“Kyk, dit het
jou lippe aangeraak,
jou sondeskuld het gewyk,
daar is vir jou sonde
versoening gedoen.”

⁸*Toe hoor ek die stem van my Heer wat sê:

“Wie sal Ek stuur
en wie sal vir ons gaan?”

Ek sê toe:

“Hier is ek, stuur my!”

⁹*Hy het gesê:

“Gaan sê vir hierdie volk,

‘Luister goed,

maar moenie verstaan nie;

kyk goed,

maar moenie begryp nie.’

*6:7 Jer 1:9; Dan 10:16; Sef 3:9; Mark 2:5; 1 Joh 1:7

*6:8 Gen 22:1; Eks 3:4; Jer 26:12

*6:9-10 Deut 29:4; Jes 29:10; Matt 13:14-15; Mark 3:5; 4:12; Luk 8:10; 19:42;
Hand 28:26-27; Rom 11:8

¹⁰ *Maak die harte van hierdie volk
ongevoelig,^j
maak hulle ore doof^k
en smeer hulle oë toe,
sodat hulle nie sien met hulle oë,
met hulle ore nie hoor,
en met hulle hart nie verstaan,
en nie omdraai
en genees word nie!”

¹¹ *Daarop vra ek:
“Tot wanneer, my Heer?”
Hy het geantwoord:
“Totdat die dorpe vervalle lê
sonder inwoners,
die huise sonder mense is,
die land verval tot 'n woesteny,
¹² en die HERE die mense
ver wegdryf,
en die verlatenheid in die land
groot is.

¹³ * As daar nog 'n tiende
in die land^l is,

* **6:10** Joh 12:40

^j**6:10 Maak ... ongevoelig:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “Maak die hart van hierdie volk vet.”

^k**6:10 doof:** Letterlik ‘swaar’.

* **6:11** Jes 5:9; Miga 7:13

* **6:13** Job 14:7-9; Jes 10:21-22; 53:10; Eseg 6:8

^l**6:13 in die land:** Letterlik ‘in haar’.

sal die land weer aan verwoesting
uitgelewer wees.

Tog sal by hulle 'n stomp oorbly,
soos van 'n terebint en 'n eikeboom
wanneer hulle neergevel is.

Die stomp van die land
is 'n heilige geslag.^m”

7

¹ *In die tyd van Agas, seun van Jotam, seun van Ussia, die koning van Juda, het Resin, die koning van Aram, asook Peka, seun van Remalja, die koning van Israel, teen Jerusalem opgetrek vir oorlog. Hulle was egter nie in staat om teen haar te veg nie. ² Toe die berig aan die huis van Dawid gebring is, “Aram het by Efraim aangesluit,ⁿ” het Agas se^o hart en die hart van sy volk gebewe soos die bome van 'n bos voor wind bewe. ³ *Die HERE het vir Jesaja gesê: “Gaan tog uit om Agas te ontmoet, jy en Sear-Jasub,^p jou seun, by die einde van die watervoor na die boonste dam wat aan die pad na die Bleikveld geleë is. ⁴ *Sê vir hom, ‘Wees versigtig, maar bly kalm! Moenie bang wees nie! Moenie lafhartig raak oor hierdie twee rokende houtstompe nie, oor die gloeiende toorn van Resin en Aram en die seun van Remalja nie, ⁵ omdat Aram teen jou kwaad beplan het, ook Efraim en die seun van Remalja, met die

^m**6:13 Die ... geslag:** Letterlik ‘Heilige saad is haar stomp.’ Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Sommige beskou dit as 'n latere toevoeging.

^{*}**7:1** 2 Kon 15:25,37; 16:1,5-9; Jes 8:6

ⁿ**7:2 Aram ... aangesluit:** Word ook vertaal “Aram het Efraim beset”.

^o**7:2 Agas se:** Die •bronteks lui “sy”.

^{*}**7:3** 2 Kon 18:17; Jes 8:3,18; 10:20-21; 36:2

^p**7:3 Sear-Jasub:** Die naam beteken ‘n oorblyfsel sal terugkeer’.

^{*}**7:4** Eks 14:13; Deut 20:4; 2 Kron 15:7; Jes 10:24; 30:15; 35:4

woorde: ⁶ “Laat ons teen Juda optrek, hulle die skrik op die lyf jaag en dit dan vir ons verower. Laat ons dan 'n koning daarin aanstel, die seun van Tabeal.” ’

⁷ * “So sê my Heer, die HERE,
‘Dit sal nie tot stand kom nie,
dit sal nie gebeur nie.

⁸ * Immers, die hoof van Aram
is Damaskus,
en die hoof van Damaskus
is Resin.

Nog vyf-en-sestig jaar,
dan is Efraim vernietig
en nie meer 'n volk nie.

⁹ Die hoof van Efraim is Samaria,
en die hoof van Samaria
is die seun van Remalja.
As julle nie vertrou het nie,
sal julle beslis nie behoue bly nie.’ ”

¹⁰ Die HERE het weer met Agas gepraat en gesê: ¹¹ * “Vra vir jou 'n teken van die HERE jou God; vra diep af na die doderyk, of hoog na bo.^q”

¹² * Maar Agas het geantwoord: “Ek sal nie vra nie, en ek sal die HERE nie uitdaag nie.”

*7:7 Jes 8:10

*7:8-9 2 Kron 20:20; Jes 17:1-3; 28:1,3,16; Miga 6:8

*7:11,14 2 Kon 19:29; Jes 38:7-8; Matt 12:38; Joh 2:11

^q7:11 **vra diep ... bo:** Dit beteken die teken kan uit die doderyk of uit die hemel kom.

*7:12 Deut 6:16; Matt 4:7; Luk 4:12

¹³ Daarop sê Jesaja:^r “Luister tog, huis van Dawid! Is dit nie vir julle genoeg om mense te vermoei nie, dat julle ook my God moet vermoei?

¹⁴ *Daarom sal my Heer self vir julle 'n teken gee: Kyk, die jong vrou^s is swanger, en gaan 'n seun in die wêreld bring. Sy sal hom Immanuel^t noem.^u ¹⁵ *Dikmelk en heuning sal hy eet, sodat^v hy kan weet om die kwaad te verwerp en die goeie te kies. ¹⁶ *Ja, nog voordat die kind sal weet om die kwaad te verwerp en die goeie te kies, sal die grondgebied van die twee konings oor wie jy verskrik is, verlate lê. ¹⁷ Die HERE sal egter dae soos daar nie was sedert die tyd toe Efraim van Juda weggebreek het nie, laat aanbreek oor jou, jou volk en jou familie: die koning van Assirië!

¹⁸ * “Op daardie dag
sal die HERE fluit vir die vlieë
wat aan die einde van die strome
van Egipte^w is,
en vir die bye
wat in die land Assur is.

^r**7:13 Jesaja:** Die bronteks lui “hy”.

^{*}**7:14** Rig 6:36-40; Ps 46:8; Jes 8:8,10; 9:5; 38:7,22

^s**7:14 jong vrou:** Die •Septuagint het die Hebreeuse woord vertaal “maagd”; vgl Matt 1:23.

^t**7:14 Immanuel:** Dit beteken ‘Met ons is God’; vgl Ps 46:8; Matt 28:20.

^u**7:14 Kyk ... noem:** In Matt 1:23 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Miga 5:2; Luk 1:13,27,31; Joh 1:45; Op 12:2,5.

^{*}**7:15** Jes 7:21-22

^v**7:15 sodat:** Word ook anders vertaal.

^{*}**7:16** 2 Kon 15:29; Jes 8:4; 17:3

^{*}**7:18-19** 2 Kon 23:29,33-35; Jes 5:26; Jer 16:16

^w**7:18 strome van Egipte:** Die sytakke en kanale van die Nyl.

¹⁹ Hulle sal kom en almal gaan sit
in die dale by die kranse,^x
in die rotsskeure,
en op al die doringbosse
en by al die drinkplekke.

²⁰ *[“]Op daardie dag sal my Heer
met 'n skeermes wat gehuur is
anderkant die Rivier,^y
die koning van Assirië,
die kop en hare van die voete^z
afskeer;
dit sal ook die baard verwyder.

²¹ *[“]Op daardie dag
sal iemand 'n jong koei
en twee stuks kleinvee
aan die lewe hou;

²² en vanweë die oorvloed van melk
wat hulle gee,
sal hy dikmelk eet.

Ja, dikmelk en heuning sal almal eet
wat in die land oorgebly het.

^x**7:19 kranse:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^{*}**7:20** 2 Kon 18:13; Jes 8:7-8; 36:1; Jer 2:18

^y**7:20 die Rivier:** Die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

^z**7:20 voete:** Word hier waarskynlik gebruik as eufemisme vir die geslagsorgaan.

^{*}**7:21-22** Jes 7:15

²³ * “Op daardie dag
sal elke plek waar daar
duisend wingerdstokke is,
wat duisend silwerstukke^a werd is,
aan die doringstruik
en onkruid behoort.

²⁴ Met pyl en boog
sal mens daar moet ingaan.
Ja, van doringstruik en onkruid
sal die hele land oortrek wees.

²⁵ Al die heuwels
wat met 'n ploegskaar bewerk is —
jy sal daar nie ingaan nie,
uit vrees vir die doringstruik
en onkruid.
Dit sal dien as weiplek vir beeste
en as 'n plek wat vertrap word
deur kleinvee.”

8

¹ * Die HERE het vir my gesê: “Vat vir jou 'n groot skryftablet en skryf met 'n gewone griffel^b daarop: Vinnig-buit-spoedig-roof.^c ² * Ek wil vir My betroubare getuies oproep, die priester Uria en Sagaria, seun van Jeberegja.”

***7:23** Jes 5:5-6,17; 34:13-15

^a**7:23 1 000 silwerstukke:** Ongeveer 11,4 kg; •Geldeenhede.

***8:1** Jes 30:8; Hab 2:2

^b**8:1 gewone griffel:** Letterlik ‘griffel van 'n mens’.

^c**8:1 Vinnig-buit-spoedig-roof:** In Hebreeus: *maher-sjalal-gasj-baz*.

***8:2** Deut 17:6; 19:15; 2 Kon 16:10-11,15-16

³ Daarna het ek by die profetes ingegaan, en sy het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring. Toe het die HERE vir my gesê: “Noem hom Vinnig-buit-spoedig-roof. ⁴ *Want voordat die seun sal weet hoe om te roep ‘Pa!’ en ‘Ma!’ sal hulle die rykdom van Damaskus en die buit van Samaria voor die koning van Assirië uit dra.”

⁵ Die HERE het toe weer met my gepraat: ⁶ “Omdat hierdie volk die water van Siloag,^d wat sag vloei, verwerp het, en gelukkig is met Resin en die seun van Remalja,^e ⁷ *daarom: Kyk, my Heer gaan die magtige massas water van die Rivier^f — die koning van Assirië en al sy hoogwaardigheidsbeksleërs — oor hulle bring.

“Die rivier sal opstoot
oor al sy stroombeddings,
en stroom oor al sy walle.

⁸ Dit sal Juda binnevloei,
oorspoel en oorstrom,
styg tot teen die nek.

Oor die volle breedte van jou land
sal sy oopgespreide vlerke wees,
Immanuel!*

*8:4 Jes 7:8-9,16

^d8:6 **Siloag:** 'n Waterkanaal in Jerusalem wat die stad van water moes voorsien tydens 'n beleg; vgl 2 Kon 20:20; Neh 3:15; Jes 7:1-2,4,9; Joh 9:7.

^e8:6 **gelukkig ... Remalja:** Dit beteken dat Judese leiers 'n koalisie met Aram en Efraim teen Assirië gesteun het. Word ook vertaal “en wanhoop oor Resin en die seun van Remalja”.

*8:7-8 Jes 28:15,17-18; 30:28; Jer 46:7-8

^f8:7 **die Rivier:** Die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

*8:8 **Immanuel:** Jes 7:14; Matt 1:23; Op 21:3

⁹ ***“Span saam,^g volke,**
en word verpletterend verslaan!

Gee aandag,
alle ver plekke op aarde!

Omgord julle,^h
en word verpletterend verslaan!

Omgord julle,
en word verpletterend verslaan!

¹⁰ Beraam 'n plan,
en dit word verydel!

Bespreek die saak,
en daar kom niks van nie;
want God is met ons!”*

¹¹ Ja, so het die HERE vir my gesê toe Hy met 'n sterk hand my
daarteen gewaarsku het om die pad van hierdie volk te loop:

¹² “* Julle moet nie
alles 'n sameswering noem
wat hierdie volk
'n sameswering noem nie;
en waarvoor hulle bang is,
daarvoor moet julle nie bang
en bevrees wees nie.

* **8:9** Jes 10:5-6,9-10

^g**8:9 Span saam:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks en dit word verskillend vertaal.

^h**8:9 Omgord julle:** Hierdie idioom dui op die voorbereiding vir 'n oorlog.

* **8:10 God ... ons:** Jes 7:14; Matt 1:23

* **8:12-13** Matt 10:28; Luk 12:4-5; 1 Pet 3:14-15

¹³ Die HERE, Heerser oor alle magte,
Hom moet julle as heilig erken,
en Hy is die Een vir wie julle
bang en bevrees moet wees.

¹⁴ *Hy sal 'n heiligdom word,ⁱ
en 'n klip waarteen
'n mens jou stamp,
'n rots waaroor 'n mens struikel;
vir die twee huise van Israel
sal Hy 'n vangnet word,
en 'n valstrik vir die inwoners
van Jerusalem.

¹⁵ Baie sal daaroor struikel,
en val en gebreek word;
hulle sal verstrik
en gevang word.”

¹⁶ *Bind die getuienis toe!
Hou die onderrig verseël
by my leerlinge!

¹⁷ **Ek sal wag op die HERE,
wat sy gesig verberg
vir die huis van Jakob;
ek sal op Hom bly hoop.

* **8:14-15** Matt 21:44; Luk 2:34; 20:17-18; Rom 9:32-33; 1 Pet 2:8

ⁱ**8:14** Hy ... word: Dit beteken dat die toegang tot God nie vanselfsprekend is nie.

* **8:16** Jes 29:11; 30:8-11

* **8:17-18** Heb 2:13

* **8:17** Hos 12:7; Miga 7:7

^{18j}Hier is ek en die kinders wat die HERE aan my gegee het as tekens en simbole in Israel, afkomstig van die HERE, Heerser oor alle magte, wat op die berg Sion woon. ^{19*}Wanneer hulle vir julle sê, “Raadpleeg die waarsêergeeste en voorvadergeeste wat fluister en mompel — moet 'n volk nie sy gode raadpleeg, die dooies ter wille van die lewendes nie?” ^{20*}moet julle antwoord:^k “Gaan na die onderrig en die getuienis!” Hulle moet beslis antwoord volgens hierdie uitspraak, waarteen geen beswering bestand is nie.¹

^{21*}Die volk sal die land^m deurkruis, bedruk en verhonger. En wanneer hulle honger is, sal hulle woedend word en hulle koning vervloek en, terwyl hulle boontoe kyk, hulle God vervloek. ^{22*}Na die grond sal hulle staar, en kyk, uitgedryf in die duisternis, is daar net benoudheid en donkerheid, angs sonder lig. ^{23 n*}Ja, daar sal nie 'n ligstraal wees vir hulle wat angs ervaar oor die land nie.^o

^j**8:18** Luk 2:34 verwys na Jes 8:18 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Jes 7:3; 8:3; Sag 3:8.

^{*}**8:19** Lev 19:31; 1 Sam 28:8-14; 2 Kon 21:6; Jes 29:4

^{*}**8:20** Jes 1:10; Miga 3:6; Luk 16:29

^k**8:20 moet ... antwoord:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^l**8:20 Hulle ... is nie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “As hulle nie praat volgens hierdie woord nie, is daar geen daeraad vir hom nie.”

^{*}**8:21** Op 16:9,11

^m**8:21 Die ... land:** Letterlik ‘Hy sal haar’.

^{*}**8:22** Jes 5:30; Rom 2:9; Op 16:10

ⁿ**8:23 — 9:1** In Matt 4:15-16 word uit hierdie verse aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^{*}**8:23** Joh 2:11

^o**8:23 Ja ... land nie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word ook vertaal “Daar sal egter nie duisternis wees waar daar onrus was nie.”

In 'n vroeër tyd
het Hy vernedering gebring
vir die land Sebulon
en die land Naftali.^p

In die toekoms
bring Hy eer
vir die weg na die see,
oorkant die Jordaan
en die gebied van die nasies.^q

9

^{1 r}Die volk wat in duisternis
ronddwaal,
het 'n groot lig gesien;
hulle wat in 'n stikdonker land woon —
oor hulle het 'n lig geskyn.

^{2 *}U het die nasie vermeerder,
U het hulle vreugde groot gemaak.
Hulle ervaar vreugde voor U,
soos die vreugde in die oestyd,
soos dié wat juig

^p**8:23 vernedering ... Naftali:** In 734-733 vC het die Assiriese koning groot gebiede van Israel verower.

^q**8:23 die weg ... nasies:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die drie gebiede verwys waarskynlik na provinsies wat die Assiriese koning gevestig het ná die inname van Israel.

^r**9:1** In Matt 4:15-16 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Jes 60:1-3; Luk 1:78-79; Joh 1:5; 2 Kor 4:6; Ef 5:8; 1 Pet 2:9.

^{*}**9:2** Ps 126:1-6; Jes 26:15; Joh 4:36

wanneer hulle buit verdeel.

³ *Want die las van hulle juk
en die hout oor hulle skouers,
die stok van hulle slawedrywer,
het U verpletter
soos op die dag van Midian.*

⁴ Ja, elke stewel
wat stamp met 'n gedreun,
en elke mantel
wat in bloed gerol is,
is bestem vir verbranding,
is kos vir die vuur.

⁵ *Want 'n kind is vir ons gebore,
'n seun is aan ons gegee.
Die heerskappy is op sy skouer.^t
Hy word genoem:
Wonderbare Raadgewer,
Sterke God, Ewige Vader,
Vredevors.

⁶ *Vir die uitbreiding
van heerskappy

*9:3 Jes 10:26-27; 14:25; Jer 30:8; Nah 1:13

*9:3 dag van Midian: Rig 7:1-25

^{9:5} Joh 1:45; Ef 2:14 verwys na die Ou Testament as getuienis aangaande Jesus Christus soos onder andere gevind in Jes 9:5; vgl Luk 1:35; 2:11; Rom 9:5.

*9:5 2 Sam 7:12-16; Miga 5:1-3; Sag 9:9; Luk 2:7,11; Heb 1:8; 7:2

^{9:5} op sy skouer: Die belangrikste amptenaar in die ryk het staatsgeboue se sleutel op sy skouer gedra; vgl Jes 22:22; Sag 6:13; Matt 28:28.

*9:6 1 Kon 2:33,45; Ps 45:7-8; 89:5; Jes 11:5; 32:11; Jer 23:5; Luk 1:32-33; 2:14; Joh 12:34

en vir vrede sonder einde,
sal hy op die troon van Dawid
en oor sy koninkryk wees,
om dit te vestig en te ondersteun
deur reg en geregtigheid,
van nou af en vir altyd.

Die ywer van die HERE,
Heerser oor alle magte,
sal dit doen.

⁷ *My Heer het 'n woord gestuur
teen Jakob,
en dit het in Israel geval.^u

⁸ *Die hele volk het dit ervaar,
Efraim en die inwoners van Samaria,
wat hoogmoedig
en vol selfvertroue^v sê:

⁹ “Bakstene het geval,
maar met gekapte klip
sal ons herbou.

Wildevybome is afgekap,
met sederbome
sal ons dit vervang.”

*9:7 Jes 55:10-11

^u9:7 'n woord ... geval: Dit beteken dat God se waarskuwing by monde van die profeet 'n werklikheid geword het.

*9:8 Jes 7:9; 46:12

^v9:8 vol selfvertroue: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “met grootheid van hart”.

¹⁰ *Die HERE het die vyande
van Resin se mag
teen hom verhoog
en sy vyande aangehits —

¹¹ *Aram uit die ooste
en die Filistyne uit die weste.
Hulle het Israel gulsig^w verslind.
Ondanks dit alles
het sy toorn nie gewyk nie,
en bly sy hand steeds uitgestrek.

¹² *Maar die volk
het nie teruggekeer
na Hom wat hulle
geslaan het nie,
en die HERE, Heerser oor alle magte,
nie geraadpleeg nie.

¹³ *Die HERE het van Israel
kop en stert, palmtak en biesie,
afgekap op een dag.

¹⁴ Oudstes en gerespekteerdes,
hulle is die kop,
en profete wat leuens verkondig,
hulle is die stert.

***9:10** 2 Kon 16:9

***9:11** Jes 5:25; 28:1; Jer 10:25; Miga 3:3; 2 Kor 11:20

^w**9:11 gulsig:** Letterlik ‘met volle mond’.

***9:12** Jer 5:3; Hos 7:10; Am 4:6-7

***9:13-14** Jes 3:2-3; 19:15

¹⁵ *Hulle wat hierdie volk moes lei,
het misleiers geword,
en hulle wat gelei moes word,
het verward geraak.

¹⁶ *Daarom, oor hulle jong manne
verheug my Heer Hom nie,
en oor hulle vaderloses^x
en weduwees
ontferm Hy Hom nie.

Hulle is immers
almal van God vervreem,
en is kwaaddoeners;
elke mond verkondig dwaasheid.
Ondanks dit alles
het sy toorn nie gewyk nie,
en bly sy hand steeds uitgestrek.

¹⁷ * Ja, goddeloosheid
brand soos vuur,
dit verteer doringstruik en onkruid;
dit steek die struikgewas in die bos
aan die brand,
en dit dwarrel weg
as rook wat opstyg.

***9:15** Jes 3:12; 56:10; Miga 3:5; Matt 15:14; 23:16,24

***9:16** Jes 10:4,6; 27:11; Jer 9:4-8; 18:21

***9:16 vaderloses:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

***9:17** Jes 5:24; 10:17-18; Nah 1:10; Mal 4:1

¹⁸ *Deur die toorn van die HERE,
Heerser oor alle magte,
is die land in duisternis gehul.^y

Die volk het soos kos
vir die vuur geword;
hulle het nie deernis
met mekaar nie.

¹⁹ *Hulle verslind aan die regterkant,
maar bly honger;
hulle vreet aan die linkerkant,
maar word nie versadig nie.

Elkeen van hulle bly vreet
aan die vleis van sy voorarm:

²⁰ *Manasse aan Efraim
en Efraim aan Manasse,
en hulle is saam teen Juda.
Ondanks dit alles
het die HERE se toorn nie gewyk nie,
en bly sy hand steeds uitgestrek.

10

¹ *Wee hulle wat vaste voorskrifte
van onreg uitvaardig,

***9:18** Jes 24:6; Jer 9:3; Miga 7:2,6

^y**9:18 in ... gehul:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Word ook vertaal “verskroei”.

***9:19** Deut 28:53-57; Jes 49:26

***9:20** Jes 5:25; 10:4

***10:1-2** Eks 22:21-22; Jes 1:16; 5:8,23; Jer 8:8

skrywers wat voortdurend
iets neerskryf wat moeite besorg —

²* om die regte van armes
te dwarsboom,
om die magteloses van my volk
van hulle reg te ontnem,
sodat weduwees hulle buit
kan word,
en hulle die vaderloses^z kan beroof.

³* Wat gaan julle doen
op die dag van afrekening,
tydens die storm
wat uit die verte aankom?

Na wie sal julle vlug vir hulp,
en waar gaan julle
julle rykdom agterlaat?

⁴* Niks daarvan nie!
Hulle sal tussen gevangenes
die rug buig,
en tussen gesneuweldes val.

Ondanks dit alles
het sy toorn nie gewyk nie,
en bly sy hand steeds uitgestrek.

*10:2 Mark 12:40

^z10:2 vaderloses: Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

*10:3 Jes 13:6; Jer 5:31; Luk 19:44; 1 Pet 2:12

*10:4 Jes 5:25; 9:11

⁵ *^a“Wee Assirië,
die stok van my toorn!

My vervloeking,
'n staf is dit in hulle hand.

⁶ *Teen 'n nasie, vervreem van God,
stuur Ek hom;

teen die volk op wie my woede rus,
gee Ek hom volmag,

om oorlogsbuit te roof
en buit te maak,^a

om van hulle 'n vertrapte ding,
soos die kleigrond van strate,
te maak.

⁷ Maar hy^b het dit nie so bedink nie,
sy hart het dit nie so beplan nie;
want sy voorneme was
om uit te delg,
om tallose nasies uit te roei.

⁸ Hy het immers gesê,
'Is my bevelvoerders
nie almal konings nie?

* **10:5-19** Jes 10:24-27; 14:24-27; Sef 2:13-15

* **10:6** 2 Sam 22:43; Jes 41:25; 47:6

^a**10:6 oorlogsbuit ... maak:** Letterlik ‘om oorlogsbuit te buit en roof te roof’.

^b**10:7 hy:** Dit verwys na Assirië.

⁹ Is Kalno nie soos Karkemis,
en Hamat soos Arpad^c
of Samaria soos Damaskus^d nie?

¹⁰ *Soos my hand die koninkryke
van nuttelose afgode bekom het
— hulle gesnede beelde
het dié van Jerusalem
en Samaria oortref —

¹¹ sal ek nie, soos ek met Samaria
en haar nuttelose afgode
gemaak het,
ook so met Jerusalem
en haar afgode maak nie?’ ”

¹² *En dan, wanneer my Heer al sy werk op die berg Sion en in
Jerusalem voltooi het, sal Hy^e afreken met die vrug van die
grootheidswaan van die koning van Assirië en met die verwaande blik
in sy oë, ¹³ omdat hy gesê het:

“Met die krag van my hand
het ek opgetree,
en in my wysheid — ja, ek het insig.

^c**10:9 Hamat ... Arpad:** Hamat, aan die Orontesrvier in suidelike Sirië, en Arpad, geleë in noordelike Sirië, word dikwels saam genoem as voorbeelde van stede wie se gode hulle nie kon beskerm teen Assirië se aanvalle nie; vgl 2 Kon 18:34; 19:13; Jes 10:9; 36:19; 37:13.

^d**10:9 Kalno ... Damaskus:** Al hierdie stede is tussen 740 en 717 vC deur Assirië verower.

***10:10-11** 2 Kon 18:33-34; Jes 36:18-20

***10:12-14** Deut 32:27; Jes 37:24-27; Eseg 28:2

^e**10:12 Hy:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “Ek”.

Ek verwyder die grense van volke,
hulle voorrade^f plunder ek,
en, as die sterke,
slaan ek wie op trone sit, neer.

¹⁴ Asof dit 'n voël nes is, het my hand
die rykdom van die volke bekom;
soos mens eiers insamel
wat in 'n nes agtergelaat is,
het ek die hele aarde ingesamel.
Daar was nie 'n vlerk wat geklap het,
'n bek wat oopgegaan of getjirp het nie.”

¹⁵ *Kan 'n byl spog teen die een
wat met hom kap;
of kan 'n saag hom groot hou
teen die een wat met hom saag,
asof 'n stok die een swaai
wat hom optel,
of 'n staf die een optel
wat nie hout is nie?

¹⁶ Daarom sal die Heer, die HERE,
Heerser oor alle magte,
onder Assirië se^g vet mense
'n uitterende siekte instuur,
en onder sy geëerdes^h

^f**10:13 hulle voorrade:** Kan ook vertaal word “hulle voorbokke”, dws leiers.

^{*}**10:15** Jes 45:9; Rom 9:20-21

^g**10:16 Assirië se:** Die bronteks lui “sy”.

^h**10:16 geëerdes:** Kan ook vertaal word “heerlikheid”.

sal 'n brand uitbreek
wat soos 'n egte vuur sal brand.

¹⁷ *Die Lig van Israel

sal 'n vuur word,
en sy Heilige 'n vlam.

Die vlam sal brand
en hulle onkruid en doringstruik
op een dag verteer.

¹⁸ Dit sal die geëerdes

van sy bos en wingerd vernietig —
siel sowel as liggaam.

Dit sal wees soos 'n invalide
wat wegkwyn.ⁱ

¹⁹ Wat oorbly van die bome

van sy bos,
sal so min wees dat 'n kind
dit sal kan neerskryf.

²⁰ *Op daardie dag sal hulle wat oorgebly het van Israel, en hulle van die huis van Jakob wat vrygekom het, nie verder steun op die een wat hulle slaan nie, maar met getrouheid steun op die HERE, die Heilige van Israel. ²¹ *'n Oorblyfsel sal terugkeer,^j die oorblyfsel van Jakob, na die

***10:17** Ps 83:14; Jes 5:24; Mal 4:1

ⁱ**10:18** Dit sal wees ... wegkwyn: Letterlik 'Dit sal wees soos die wanhoop/wegsmelt van (een wat) slinger.' Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie vers, en dit word verskillend vertaal.

***10:20** Jes 17:7; Jer 3:23

***10:21-23** Jes 6:13; 11:11; Rom 9:27-28

^j**10:21** 'n Oorblyfsel sal terugkeer: Dit was die naam van Jesaja se seun; vgl die voetnoot by Jes 7:3.

Sterke God.^k ²² Ja, al was jou volk, Israel, soos die sand van die see, net 'n oorblyfsel daarvan sal terugkeer. Vernietiging is bepaal, in geregtigheid stroom dit — ²³ ja, volslae vernietiging is wat bepaal is. My Heer, die HERE, Heerser oor alle magte, gaan dit midde-in die hele land voltrek.

²⁴ *Daarom, so sê my Heer, die HERE, Heerser oor alle magte: “My volk wat in Sion woon, moenie bang wees vir Assirië nie! Hy slaan jou met 'n stok; hy lig 'n staf op teen jou, op dieselfde manier as Egipte. ²⁵ Ja, nog net 'n rukkie, dan sal die vervloeking tot 'n einde kom, en my toorn sal gerig wees op hulle uitwissing.”

²⁶ Die HERE, Heerser oor alle magte, sal 'n sweep oor hom swaai soos met die aanval op Midian by die rots van Oreb.* Sy staf sal oor die see wees; Hy sal dit ophef op dieselfde manier as in Egipte.

²⁷ Op daardie dag
sal Assirië se^l las
van jou skouer val,
sy juk van jou nek,
ook die strop van die juk
voor die skof.^m

²⁸ *Hy het teen Aja opgetrek,
hy het by Migron verbygegaan;

^k**10:21 Sterke God:** Dit is een van die name van die kind wat gebore is; vgl Jes 9:5.

***10:24-27** Eks 14:16,26; Jes 10:5-19; 14:24-27

***10:26 aanval ... Oreb:** Rig 7:25

^l**10:27 Assirië se:** Die bronteks lui “sy”.

^m**10:27 voor die skof:** Letterlik ‘voor die vet(deel)’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, dit word verskillend vertaal.

***10:28-34** Jes 5:27-29; 8:8; 37:36-38

by Migmas het hy
sy toerusting geberg.

²⁹ Hulle trek oor die pas:

“Geba is ons oornaglek.”

Rama is vreesbevange,
Gibea van Saulⁿ vlug.

³⁰ Skreeu hardop, dogter van Gallim!

Luister mooi, Lajesa!

Magtelose Anatot!^o

³¹ Madmena vlug weg;

die inwoners van Gebim

soek skuiling.

³² Vandag nog roep hy halt in Nob.

Hy beduie met sy hand
na die berg van die dogter
van Sion,^p
die heuwel van Jerusalem.

³³ Kyk, die Heer, die HERE,
Heerser oor alle magte,
gaan met skrikwekkende krag
die blaredak wegkap;
dié wat hoog uitgegroeï het,
word afgekap,
die hoë sink neer.

ⁿ10:29 **Gibea van Saul:** Die Gibea waar Saul gewoon het; vgl 1 Sam 10:26.

^o10:30 **Magtelose Anatot:** Die Septuagint en •Peshitta lui (met vokaalwysiging)
“Antwoord haar, Anatot!”

^p10:32 **dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

³⁴Hy sal die struikgewas in die bos
uitkap met 'n ysterwerktuig,
en die Libanon, die magtige,^q sal val.

11

^{1 r}'n Takkie sal spruit
uit die stomp van Isai,
en 'n loot uit sy wortels
sal vrugte dra.

^{2 s}Die gees van die HERE
sal op hom rus —
die gees van wysheid en insig,
die gees van raad en sterkte,
die gees van kennis
en ontsag vir die HERE.

^{3 *}Hy sal genot put
uit ontsag vir die HERE.
Hy sal nie 'n beslissing vel
volgens wat sy oë sien nie,
en nie teregwys
volgens wat sy ore hoor nie.

^{4 *}Hy sal regverdig beslis

^q**10:34 die magtige:** Letterlik 'in sy mag'. Word ook vertaal “deur die Magtige”.

^r**11:1** Matt 2:23 verwys na Jes 11:1 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Jer 23:5; Hand 13:23; Heb 7:14; Op 5:5; 22:16.

^s**11:2** Matt 3:16; Mark 1:10; Luk 3:22; Joh 1:32 verwys na Jes 11:2 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Jes 9:5; Ef 1:17; 1 Pet 4:14.

^{*}**11:3-5** Ps 72:1-4,12-14; Jes 9:6; 32:1; Sag 9:9; Joh 7:24

^{*}**11:4** Ef 6:17; 2 Thess 2:8; Op 19:11

oor die armes,
en die magteloses van die land
billik tereg wys.

Hy sal die land slaan
met die stok van sy mond,
en met die asem van sy lippe
die goddelose doodmaak.

⁵ *Geregtigheid sal 'n gordel
om sy middel wees,
en betroubaarheid 'n gordel
om sy heupe.

⁶ *'n Wolf sal by 'n lam verwyl,
en 'n luiperd sal by 'n boklam gaan lê,
'n kalf, 'n jong leeu
en vetgemaakte vee by mekaar —
'n klein seuntjie sal hulle lei.

⁷ 'n Koei en 'n beerwyfie
sal saam wei,
en hulle kleintjies sal saam gaan lê.
'n Leeu sal soos 'n bees gras eet.

⁸ 'n Suigeling sal speel
by die gat van 'n horingslang,
en 'n kleuter sal sy hand uitsteek
na die nes van 'n kobra.

⁹ Mense sal nie kwaad doen

* **11:5** Ef 6:14

* **11:6-9** Jes 2:4; 65:25; Hos 2:17; Hab 2:14; Mark 1:13; 1 Thess 5:23

of hulle wangedra nie —
nêrens op my hele heilige berg nie;
want die land sal vol wees
van die kennis van die HERE,
soos water die see bedek.

¹⁰†Op daardie dag
sal die wortel van Isai
as banier vir die volke bly staan —
die nasies sal daarna vra,
en sy rusplek sal luisterryk wees.

¹¹*Op daardie dag
sal my Heer weer, vir 'n tweede keer,
sy hand uitsteek^u
om die oorblyfsel van sy volk
te koop —
hulle wat oorgebly het
in Assirië, Egipte, Patros, Kus,^v
Elam, Sinear, Hamat
en die eilande^w van die see.

^t**11:10** In Rom 15:12 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Jes 11:12; 62:10; Sag 2:11; Matt 12:21; Op 5:5; 22:16.

^{*}**11:11-12** Jes 27:12-13; 43:5-6; 49:22; Jer 16:15; Eseg 28:25-26; Hos 11:10-11; Sag 10:6,10

^u**11:11 uitsteek:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^v**11:11 Kus:** Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

^w**11:11 eilande:** Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

¹² ^xHy sal 'n banier opsteek
vir die nasies;
Hy sal die verstrooides van Israel
versamel,
en dié van Juda
wat uitmekaar gejaag is,
byeenbring uit die vier uithoeke
van die aarde.

¹³ ^{*}Die naywer van Efraim sal wyk,
en die teenstanders van Juda
sal uitgeroei word.
Efraim sal nie afgunstig wees
op Juda nie,
en Juda sal nie vyandig optree
teenoor Efraim nie.

¹⁴ ^{*}Na die westekant
sal hulle neerswiep
op die berghang van die Filistyne —
saam beroof hulle mense
uit die ooste.^y
Op Edom en Moab
sal hulle die hand lê,
en die Ammoniete
sal hulle onderdane word.

^x**11:12** Joh 11:52 verwys na Jes 11:12 as heenwysing na Jesus Christus.

^{*}**11:13** Jer 3:18; Eseg 37:16-22; Hos 1:11

^{*}**11:14** Ps 60:10; Jes 63:1; Jer 49:2,22,28

^y**11:14 mense ... ooste:** Woestynbewoners uit die gebiede oos van Palestina.

¹⁵ *Die HERE sal die tong
van die Egiptiese See^z verdeel,
sy hand oor die Rivier^a laat gaan
met sy geweldige wind.^b

Hy sal dit in sewe strome
uitmekaar slaan;
Hy sal mense met sandale
daar laat deurloop.

¹⁶ Daar sal 'n grootpad
uit Assirië wees
vir die res van sy volk,
dié wat oorgebly het,
soos daar vir Israel was
die dag toe hulle
uit Egipteland opgetrek het.

12

¹ Jy sal op daardie dag sê:
“Ek loof U, HERE,
al is U toornig op my.
Mag u toorn wyk,
sodat U my troos.

* **11:15-16** Eks 14:29; Jes 35:8; 40:3; Sag 10:10-11; Bar 5:7; Op 16:12

^z**11:15 tong ... See:** Die Golf van Suez.

^a**11:15 die Rivier:** Die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

^b**11:15 sy ... wind:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “die geweld van sy asem” of “sy skroeiende wind”.

²* Kyk, God is my verlossing;
ek vertrou en is nie ontsteld nie.

Ja, die HERE, die HERE

is my toevlug en my sterkte;
Hy het tot my redding gekom.

³* Julle sal met vreugde water skep
uit die fontein van verlossing.

⁴* Julle sal op daardie dag sê,
‘Loof die HERE!

Roep sy Naam uit!

Maak onder die volke
sy daade bekend!

Verkondig dat sy Naam verhewe is!

⁵* Besing die HERE,
want verhewe dinge het Hy gedoen;
dit moet bekend word
oor die hele aarde.’

⁶* Roep uit en jubel,
inwoners van Sion,
want die Heilige van Israel
is groot in julle midde.”

*12:2 Eks 15:2; Ps 118:14; Heb 2:13

*12:3 Jes 55:1; Joh 4:10,14; 7:37-38

*12:4 1 Kron 16:18; Ps 9:12; 105:1

*12:5 Eks 15:1; Ps 98:1; 126:2; Jes 24:14-16

*12:6 Eseg 39:7; Sef 3:14-15; Sag 9:9

13

Profesieë oor Babel

¹ 'n Profesie^c oor Babel, wat aan Jesaja, seun van Amos, geopenbaar is.^d

² *^e“Hou op 'n kaal heuwel
'n banier omhoog;
roep hulle hardop toe,
wink met die hand,
sodat hulle die poorte
van vooraanstaandes binnegaan.

³ Ek self het my gewydes
opdrag gegee;
Ek het selfs my helde ontbied,
met die oog op my toorn —
hulle wat triomfantelik is
oor my verhewenheid.”

⁴ *^eLuister!
Die gedruis op die berge
soos van baie manskappe!
Luister!
Die gedreun van koninkryke,
van nasies wat byeen is!

^c**13:1 Profesie:** Kan ook vertaal word “Uitspraak”, “Uitspraak van God” of “Aankondiging”; vgl Jes 14:28; 15:1; 17:1; 19:1; 21:1; 22:1; 23:1; 30:6.

^d**13:1 wat ... geopenbaar is:** Die •bronteks lui “wat Jesaja, seun van Amos, gesien het”.

***13:2-3** Jes 5:26; Jer 50:2; Eseg 5:15; 20:8

***13:4-5** Jer 13:19; 25:14; 50:25; Joël 3:14

Die HERE, Heerser oor alle magte,
monster 'n leër vir oorlog.

⁵ *Hulle is aan die kom
uit 'n ver land,
van die einde van die hemel af —
die HERE en die werktuie
van sy vervloeking,
om die hele aarde
ten gronde te laat gaan.

⁶ *Huil, want die dag van die HERE
is naby!
Soos 'n verwoesting kom dit
van die Ontslagwekkende.

⁷ *Daarom sal alle hande slap word,
en elke mensehart ineenkrimp.^{e*}

⁸ *Hulle raak angsbevange;
krampe en geboortepyne
pak hulle beet —
soos 'n vrou wat geboorte gee,
krimp hulle ineen.
Hulle staar mekaar aan —
soos vlamme is hulle gesigte.

*13:5 Rom 9:22

*13:6 Jes 14:31; 34:8; Am 5:18; 1 Thess 5:2; 2 Pet 3:10

*13:7 Eseg 7:17; 21:7

^e13:7 **mensehart ineenkrimp**: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “mensehart smelt”.

*13:7 **mensehart ineenkrimp**: Jos 2:11; 5:1; 7:5; 14:8

*13:8 Jes 21:3; 26:17; Jer 4:31; Joh 16:21; 1 Thess 5:3

⁹ *Kyk, die dag van die HERE
is aan die kom
— wreed, vol woede
en brandende toorn —
om die aarde 'n skrikbeeld te maak,
en die sondaars van die aarde
daarvan af uit te delg.

¹⁰ * Ja, die sterre aan die hemelruim,
en Orion met sy sterrebeelde^f
laat nie meer hulle lig skyn nie.
Die son word donker
sodra dit opkom,
en die maan straal nie sy lig uit nie.

¹¹ * “Ek sal van die wêreld
rekenskap eis oor boosheid,
en van goddeloses
oor hulle sondeskuld.
Ek sal 'n einde maak
aan die hoogmoed
van vermeteles;
die trots van geweldenaars
sal Ek verander in vernedering.

¹² * Ek sal sterflinge skaarser maak

* **13:9** Jes 13:6; Mal 4:1

* **13:10** Jes 34:4; 50:3; Matt 24:29; Mark 13:24-25; Luk 21:25; Op 6:12-13; 8:12

^f **13:10 Orion ... sterrebeelde:** Letterlik ‘hulle (dws die hemele se) Orions’. Dit verwys na die sterrebeelde by Orion.

* **13:11** Jes 2:11,17; Eseg 7:24

* **13:12** Job 28:16; Jes 24:6

as fyngoud,
mense skaarser as goud uit Ofir.

¹³ *Daarom sal Ek die hemel
laat sidder,
en die aarde sal uit sy plek skud
vanweë die woede van die HERE,
Heerser oor alle magte,
op die dag
van sy brandende toorn.

¹⁴ *Dit sal wees
soos met 'n verskrikte gasel,
en kleinvee wat niemand
bymekaar hou nie.

Elkeen van hulle
sal na sy volk draai,
en elkeen van hulle na sy land vlug.

¹⁵ *Elkeen wat gevind word,
sal deurboor word;
en elkeen wat weggesleep word,
sal val deur die swaard.

¹⁶ *Hulle kinders sal voor hulle oë
te pletter geslaan word;
hulle huise sal geplunder word,
en hulle vroue sal verkrag word.

* **13:13** Jes 2:19; Jer 4:24; Hag 2:6; Mark 13:8

* **13:14** 1 Kon 22:17; Jer 50:16; Matt 9:36

* **13:15** Jes 14:19; Jer 51:4

* **13:16** Jes 13:18; Klaagl 5:11; Sag 14:2

¹⁷ *Kyk, Ek gaan die Mediërs
teen hulle aanhits,
hulle wat silwer
nie hoog aanslaan nie,
en in goud geen genot vind nie.

¹⁸ Die boogskutters^g
sal jongmanne verpletter.
Met die vrug van die moederskoot
toon hulle geen meegevoel nie;
oor kinders
stort hulle nie 'n traan nie.

¹⁹ *Met Babel, die sieraad
onder koninkryke,
die trotse pragstuk
van die Galdeërs,^h
sal dit wees soos met God
se verwoesting van Sodom
en Gomorra.

²⁰ *Dit sal nooit weer
bewoon word nie,
en geslag ná geslag
nie 'n tuiste bied nie.
Arabië sal nie daar
tent opslaan nie,

***13:17-18** Jes 51:11; Jer 50:14,29

^g**13:18 Die boogskutters:** Die bronteks lui “Boë”.

***13:19** Jes 23:13; Jer 50:40; Bar 4:33-35; Op 14:8

^h**13:19 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

***13:20-22** Jes 34:13-15; Jer 50:39; Op 18:2

en herders sal nie 'n kuddeⁱ daar
laat rus nie.

²¹ *Woestyndiere sal daar gaan rus.

Die huise sal vol uile wees;
volstruise sal daar tuis wees,
en veldgode^j sal daar ronddans.

²² Hiënas sal in die vestings^k lag,
en jakkalse

in die weelderige paleise.

Babel se tyd is voor die deur;

haar lewensdae

sal nie verleng word nie. ”

14

¹ *Maar die HERE sal Hom

oor Jakob ontferm;

Hy sal Israel weer kies,

en hulle op hulle grond tot rus bring.

Vreemdelinge^l sal by hulle aansluit,

hulle by die huis van Jakob voeg.

ⁱ13:20 'n kudde: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*13:21 Op 18:2

^j13:21 veldgode: Waarskynlik harige bokagtige gode wat volgens die opvatting van die tyd in die woestyn gebly het.

^k13:22 vestings: Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

*14:1-2 Ps 102:14; Jes 56:3; 61:5; Eseg 39:25; Sag 8:22

^l14:1 Vreemdelinge: Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

² Volke sal Israel^m neem
en hulle terugbring na hulle plek.
Dan sal die huis van Israel
hulle as eiendom neem,
as slawe en slavinne
op die grondgebied van die HERE.
Israelⁿ sal dié wegvoer
wat hulle as gevangenes
weggevoer het,
en heers oor dié
wat hulle verdruk het.

³ *En dan, die dag wanneer
die HERE jou rus gee
van jou swaarkry en jou onrus,
en van die harde arbeid
wat jou opgelê is,
⁴ * sal jy hierdie spotlied sing
oor die koning van Babel.
Jy sal sê:
“Hoe het die verdrukker
tot 'n einde gekom,
die verdrukking^o opgehou!

^m14:2 **Israel:** Die •bronteks lui “hulle”.

ⁿ14:2 **Israel:** Die bronteks lui “hulle”.

* 14:3 Matt 11:28

* 14:4 Jer 50:23-34; Hab 2:6

^o14:4 **verdrukking:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Een van die •Qumran-geskrifte, die •Targum en •Peshitta word hier gevolg.

⁵ *Die HERE het die stok
van goddeloses gebreek,
die staf van die heersers,
⁶ *wat volke in woede
geslaan het met slae
sonder ophou,
wat nasies in toorn vertrap het
met vervolging
sonder om terug te hou.

⁷ *Die hele aarde beleef
rus en kalmte,
mense breek uit in gejubel.

⁸ Selfs die sipresse
is verheug oor jou;
die seders van die Libanon sê,^p
‘Vandat jy daar lê,
klim geen houtkapper
op na ons toe nie.’

⁹ *Die doderyk^q daaronder
is in beroering oor jou,
om jou te ontmoet
by jou aankoms.

*14:5 Jes 9:4; 10:5

*14:6 Hab 1:6

*14:7-8 Jer 51:48; Eseg 31:16

^p14:8 sê: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*14:9-11 Jes 5:14-15; Eseg 26:20; 32:18-19; Sir 10:11

^q14:9 doderyk: Volgens die wêreldbeeld van daardie tyd was daar 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal.

Dit maak die skimme wakker

oor jou;

al die voorbokke van die aarde,

al die konings van die nasies

staan op van hulle trone.

¹⁰ Hulle almal reageer en sê vir jou,

‘Ook jy is so swak gemaak

soos ons,

net soos ons het jy geword.

¹¹ Jou hoogmoed is afgebring

na die doderyk,

ook die geluid van jou harpe.^r

Onder jou vorm maaiers 'n bed,

wurms bedek jou.’ ”

¹² *Hoe het jy geval

uit die hemelruim,

môrester, seun van die daeraad!

Hoe is jy tot op die grond

neergekap,

jy wat nasies verslaan het!^s

¹³ *Jy is die een

wat in jou hart gesê het:

^r**14:11 harpe:** Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

***14:12** Jes 34:4; Eseg 26:17; Luk 10:18; Op 8:10

^s**14:12 Hoe is ... verslaan het:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***14:13-15** Jer 50:24; Eseg 23:23; 28:2; 2 Mak 9:10; Matt 11:23; Luk 10:15; 2 Thess 2:4

Na die hemel wil ek opgaan;
hoog bo die sterre van God
wil ek my troon oprig.

Ek wil gaan sit
op die berg van samekoms,^t
in die afgeleë noorde.^u

¹⁴ Ek wil opgaan
tot bo die rûe van wolke,
my gelykstel aan
die Allerhoogste.

¹⁵ * Jy is egter
na die doderyk afgebring,
tot in die afgeleë put.

¹⁶ * Hulle kyk na jou,
hulle staar na jou,
hulle beskou jou aandagtig:
“Is dit die man

wat die aarde laat beef het,
koninkryke laat sidder het?

¹⁷ Hy het die bewoonde wêreld
soos 'n woestyn gemaak,
die stede daarvan afgebreek.

Sy gevangenes het hy nie vrygelaat

^t**14:13 berg van samekoms:** Die volke rondom Israel het hierdie denkbeeldige berg beskou as die plek waar hulle gode byeenkom.

^u**14:13 in die ... noorde:** Kan ook vertaal word “in die afgeleë dele van Safon”. Die naam Safon word ook gebruik om “noord” aan te dui.

* **14:15** Eseg 23:32; Matt 11:23; Luk 11:15

* **14:16-17** Jer 50:23; Joël 2:3

om huis toe te gaan nie.”

¹⁸ * Al die konings van die nasies,
hulle almal, rus eervol,
elkeen in sy eie tuiste.

¹⁹ Maar jy, jy is weggesmyt,
weg van jou graf,
soos 'n verfoeilike takkie,
oordek met gesneuweldes,
met hulle wat deurboor is
deur die swaard,
dié wat afdaal
na die klippe van die put —
as 'n vertrapte lyk.

²⁰ Jy sal nie met hulle^v verenig word
in 'n graf nie;
want jou land het jy verwoes,
jou mense het jy doodgemaak.

Die geslag kwaaddoeners*
sal nooit weer vermeld word nie.

²¹ * Maak vir sy kinders
'n slagplek gereed
weens die sondeskuld
van hulle voorouers.

* **14:18-20** Jes 14:20; Jer 22:19; Eseg 32:22-28; Nah 1:14; Hab 2:10

^v**14:20 hulle:** Dit verwys na die konings vermeld in Jes 14:18.

* **14:20 Die ... kwaaddoeners:** Jes 1:4

* **14:21** Ps 109:12-13; Matt 23:35

Hulle mag nie opstaan
en die land in besit neem,
sodat die oppervlakte van die aarde
weer vol stede is nie.

²² * “Ek sal teen hulle opstaan,”
is die uitspraak van die HERE,
Heerser oor alle magte.

“Ek sal van Babel uitroei
naam en oorblyfsel,
kind en nageslag,”
is die uitspraak van die HERE.

²³ “Ek maak van Babel^w
waterryke vleilande,
die eiendom van krimpvarkies.^x

Ek sal haar wegvee
met 'n besem wat verdelg.”
Dit is die uitspraak van die HERE,
Heerser oor alle magte.

²⁴ * Die HERE, Heerser oor alle magte,
het 'n eed afgelê met dié woorde:
“Soos Ek iets bedink,
so sal dit gebeur;
soos Ek beplan,

*14:22-23 Ps 137:8; Jes 13:17-22

^w14:23 van Babel: Letterlik ‘haar’.

^x14:23 krimpvarkies: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Sommige vertaal dit “uile”.

*14:24-27 Jes 10:5-19,24-27; 37:36-38; Sef 2:13

kom dit tot stand:

²⁵ *Dit is om Assirië te breek
in my land;
op my berge sal Ek hom vertrap.
Sy juk sal van my volk^y wyk,
sy las sal van hulle skouers wyk.”

²⁶ Dit is die besluit
wat oor die hele aarde geneem is;
en dit is die hand
wat uitgestrek is
oor al die nasies.

²⁷ Ja, die HERE,
Heerser oor alle magte, het besluit —
wie kan dit verydel?
Sy hand is uitgestrek —
wie kan dit afweer?

²⁸ In die sterfjaar van koning Agas is hierdie profesie^z ontvang:

²⁹ * “Jy, ganse Filistea,
moet jou nie verheug
dat die stok wat jou geslaan het,
gebreek is nie!

Want uit die wortel van 'n slang^a

*14:25 Jes 9:3

^y14:25 my volk: Die bronteks lui “hulle”.

^z14:28 profesie: Kan ook vertaal word “uitspraak”, “uitspraak van God” of “aankondiging”; vgl Jes 13:1.

*14:29-31 Jer 47:1-7; Eseg 25:15-17; Joël 3:4-8

^a14:29 wortel ... slang: Waarskynlik die stert van die slang.

sal 'n kobra voortkom;
en dié lewer weer
'n vlieënde vurige slang.^b
³⁰ In my weiding^c sal armes wei,
en die behoeftiges sal veilig gaan lê;
maar deur honger
sal Ek jou wortel laat sterf,
en wat van jou oorbly,
sal die hongersnood^d ombring.

³¹ “Huil, poort!
Roep om hulp, stad!
Sidder, ganse Filistea!
Want uit die noorde
kom 'n rookwolk,
en daar is in sy geledere^e
niemand wat uitsak nie.

³² *Watter antwoord
moet die gesante
van die nasie dan kry?
‘Die HERE het Sion gegrondves,
en in haar sal die magteloses

^b**14:29 dié ... slang:** Letterlik ‘sy vrug is 'n vlieënde sarafslang’. Die woord *saraf* hou verband met die woord “brand” en kan na die kleur of effek van die slang se gif verwys. Dit word verskillend vertaal.

^c**14:30 In my weiding:** Verskeie Hebreeuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “Die eersgeborenes van”.

^d**14:30 die hongersnood:** Die bronteks lui “hy”. Dit verwys terug na “honger”.

^e**14:31 daar ... geledere:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^{*}**14:32** Ps 87:1-2,5; Jes 25:4; Sef 3:12

van sy volk skuiling vind.’ ”

15

Profesieë oor Moab

¹ Profesie^f oor Moab.

Ja, oornag

is Ar-Moab verwoes, vernietig.

Ja, oornag

is Kir-Moab verwoes, vernietig.

² Hulle gaan op na die tempel;

Dibon^g gaan na die offerhoogtes

om te huil.

Moab weeklaag

oor Nebo en Medeba,^h

op al hulle koppe is kaal plekke,ⁱ

elke baard is afgeskeer.

³ In hulle strate

het hulle rouklere^j aan;

op hulle dakke en hulle dorpspleine

weeklaag almal,

^f**15:1 Profesie:** Kan ook vertaal word “Uitspraak”, “Uitspraak van God” of “Aankondiging”; vgl Jes 13:1.

^g**15:2 Dibon:** 'n Stad en streek in Moab wat soms aan Israeliete behoort het; vgl Num 32:3,34.

^h**15:2 Nebo en Medeba:** Nebo was 'n dorp aan die suidwestelike hang van die berg Nebo in Moab, en Medeba was 7 km suidoos daarvan geleë.

ⁱ**15:2 kaal plekke:** In tye van rou, is die hare afgeskeer.

^j**15:3 rouklere:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

terwyl hulle huilend neersak.

⁴ Gesbon* en Elale* roep om hulp;
tot by Jahas* word hulle stemme
gehoor.

Daarom skreeu
die gewapende manne van Moab;
Moab se^k gemoed sidder.

⁵ My hart roep dit uit oor Moab.

Sy vlugteling is al by Soar,*
by Eglat-Selisija.*

Ja, die opdraande na Lugit —
terwyl hulle huil,

gaan hulle daarteen op;
ja, op pad na Goronajim*
laat hulle noodroep opklink
oor die verwoesting.

⁶ Ja, die waters by Nimrim
word 'n afgrylike plek,
want die gras verdor,
die plantegroei is tot niet —
daar is geen groenigheid
meer nie.

*15:4 Gesbon: Num 21:25

*15:4 Elale: Num 32:3

*15:4 Jahas: Num 21:23

^k15:4 Moab se: Die •bronteks lui “sy”.

*15:5 Soar: Gen 14:2

*15:5 Eglat-Selisija: Jer 48:34

*15:5 Goronajim: Jer 48:34

⁷ Daarom, wat hulle gespaar het,
wat weggesit is,
dit dra hulle oor die Wilgerspruit.

⁸ Ja, die hulpgeroep weergalm
oor die grondgebied van Moab;
hulle weeklag dring deur
tot by Eglaim,

hulle weeklag bereik Beër-Elim,

⁹ want die waters by Dimon¹
is vol bloed.

Tog gaan Ek Dimon verder belas —
daar wag leeus

vir wie vrykom van Moab,

vir wie oorbly in die land.

16

¹ Stuur ramlammers*
van die regeerder van die land
uit Sela* deur die woestyn
na die berg van die dogter
van Sion.^m

² Soos voëls wat vlug,
'n broeisel wat verjaag is,
is die vroue van Moab*

¹15:9 Dimon: Waarskynlik 'n wisselvorm vir Dibon; vgl Jes 15:2.

*16:1 ramlammers: Vgl 2 Kon 3:4

*16:1 Sela: Jes 42:11

^m16:1 dogter van Sion: In die enkelvoud 'n persoonifikasie van Jerusalem.

*16:2 Moab: Gen 19:37

by die driwwe van die Arnon.*

³ Kom met 'n plan, Sion,ⁿ

neem 'n besluit!

Maak jou skaduwee soos die nag

in die middel van die dag.

Steek dié wat verdryf is, weg!

Dié wat vlug,

moet jy nie verraaï nie.

⁴ Laat die vlugteling van Moab^o

by jou vertoef.

Wees vir hulle 'n skuilplek

teen die verwoester.

Wanneer die verdrukker^p

nie meer daar is nie,

die verwoesting afgeloop het,

die vernielers uit die land

verdwyn het,

⁵ *sal, deur troue liefde,

'n troon gevestig word.

Daarop sal iemand in getrouheid

in die tent van Dawid sit —

iemand wat regspreek,

***16:2 driwwe ... Arnon:** Num 21:13-14

ⁿ**16:3 Sion:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^o**16:4 vlugteling van Moab:** Twee Hebreuse mss, die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “my vlugteling, Moab”.

^p**16:4 verdrukker:** Een van die •Qumran-geskrifte word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

***16:5** Dan 7:14; Luk 1:33

wat streef na wat reg is,
en ervare is in geregtigheid.

⁶ * Ons het gehoor
van die trots van Moab,
van die groot vermetelheid.

Sy hoogmoed, sy trots
en woedebuie, sy gespog,
is blote skyn.

⁷ Daarom weeklaag Moab oor Moab,
hulle almal weeklaag.

Oor die saamgeperste rosyne
van Kir-Geres*
kla julle, heeltemal verslae;

⁸ want die terrasse van Gesbon*
het verdroog,
ook die wingerde van Sibma.

Die grondeienaars van die nasies
het die stad se^q edel druiwe
platgeslaan.^r

Dit het voorheen selfs
tot by Jaser* gestrek,
die woestyn in gerank.

*16:6-12 Jer 48:29-36; Sef 2:8,10

*16:7 Kir-Geres: 2 Kon 3:25; vgl Jes 15:1

*16:8 Gesbon: Jes 15:4

^q16:8 die stad se: Die bronteks lui “haar”.

^r16:8 Die grondeienaars ... platgeslaan: Word ook vertaal “Die edele druiwe het die grondeienaars van die nasies oorweldig.”

*16:8 Jaser: Num 21:32

Die stad se ranke was welig,
dit het die see^s oorgesteek.

⁹* Daarom treur ek, soos Jaser treur,
oor die wingerde van Sibma.

Ek sal jou met my trane deurweek,
Hesbon, en ook Elale;
want oor jou somervrugte
en jou graanoes
het die vreugdekrete stil geword.

¹⁰ Vreugde en gejuig is weggeneem
uit die vrugteboorde;

in die wingerde
word daar nie gejubel nie,
word vreugderoepe
nie aangehef nie.

Wat wyn in die parskuipe betref —
die druiwetrappers trap niks uit nie.

“Aan vreugdekrete
het Ek 'n einde gemaak.”

¹¹ Daarom, soos 'n lier^t
kla my ingewande^u oor Moab,
my binneste oor Kir-Geres.

¹²* Wanneer Moab

^s**16:8 die see:** Die Dooie See.

***16:9-11** Jer 48:32-36

^t**16:11 lier:** 'n Driehoekige snaarinstrument met vier snare.

^u**16:11 ingewande:** In Hebreeus is die ingewande of niere die setel van die emosies.

***16:12** Jes 15:2

weer sy verskyning maak,
hom afsloof op die offerhoogtes,^v
wanneer hy by sy heiligdom
aankom om te bid,
sal hy niks uitrig nie.

¹³ *Dit is die woord wat die HERE vroeër teen Moab uitgespreek het.

¹⁴ Maar nou sê die HERE: “Binne drie jaar, bereken^w soos die jare van 'n huurling,^{*} sal die luister van Moab iets minderwaardigs wees, ten spyte van sy groot menigte. Die oorblyfsel wat min, klein, sal wees, sal nie krag hê nie.”

17

Profesieë oor Damaskus en Efraim

¹ *Profesie^x oor Damaskus.*

“Kyk, Damaskus gaan ophou
om 'n stad te wees,
dit gaan 'n vervalde puinhoop word.

^v**16:12 offerhoogtes:** Heiligdomme op 'n heuwel waar daar geboue kon wees, maar soms net 'n altaar.

^{*}**16:13** Jes 15:1 — 16:12; Am 2:1-3

^w**16:14 bereken:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}**16:14 soos ... huurling:** Jes 21:16

^{*}**17:1-3** Jer 49:23-27; Am 1:3-5; Sag 9:1

^x**17:1 Profesie:** Kan ook vertaal word “Uitspraak”, “Uitspraak van God” of “Aankondiging”; vgl Jes 13:1.

^{*}**17:1 Damaskus:** 2 Sam 8:5-6; 1 Kon 11:23-25; 2 Kon 8:7

²*Die dorpe by Aroër is verlate^y —
aan veekuddes sal dit behoort.

Hulle sal daar gaan lê,
en niemand sal hulle opjaag nie.

³*Versterkte stede
sal uit Efraim verdwyn,
ook die koningskap
uit Damaskus.

Met wat van Aram oorbly,
sal dit wees soos met
die luister van die Israëliete.”

Dit is die uitspraak van die HERE,
Heerser oor alle magte.

⁴“*Op daardie dag
sal die luister van Jakob vervaag;
sy vet aan sy liggaam sal verdwyn.

⁵Dit sal wees soos wanneer iemand
met die oes graanhalms insamel,
en soos wanneer iemand koringare
in sy arm bymekaarmaak.

Dit sal wees soos wanneer
iemand are optel

*17:2 Vgl Jes 27:10

^y17:2 Die dorpe ... verlate: Geen stad of streek met die naam Aroër is in Aram bekend nie. Met vokaalwysiging kan dit vertaal word “Verlate is die dorpe van 'n kaalgestroopte (gebied).”

*17:3 Jes 7:8,16; 8:4

*17:4 Jes 10:16

in die vallei van Refaïm:^z

⁶ *Daar sal by Jakob^a

oesreste oorbly.

Soos met die afslaan van olywe

sal twee of drie ryp olywe

aan die bopunt van 'n tak wees,

vier of vyf aan die lote

van 'n boom wat dra.”

Dit is die uitspraak van die HERE,

die God van Israel.

⁷ *Op daardie dag sal die mens

opkyk na sy Maker;

sy oë sal gerig wees

op die Heilige van Israel.

⁸ *Hulle sal nie opkyk na die altare,

na die werk van hulle hande nie;

en wat hulle vingers gemaak het,

daarna sal hulle nie kyk nie —

die asjeras^b en die wierookaltare.

⁹ Op daardie dag

sal Israel se^c vestingstede wees

^z**17:5 vallei van Refaïm:** 'n Vallei suidwes van Jerusalem; vgl Jos 15:8; 18:16.

***17:6** Jes 24:13; 27:12; vgl Deut 24:20; Ob vs 5

^a**17:6 by Jakob:** Die •bronteks lui “by hom”.

***17:7** Jes 10:20-22

***17:8** Jes 2:8; Op 9:20

^b**17:8 asjeras:** Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera; •Baäl.

^c**17:9 Israel se:** Die bronteks lui “sy”.

soos dié wat verlaat is
deur die Hetiete en Amoriete,^d
wat hulle verlaat het
vanweë die Israeliete.
'n Woesteny sal dit word,
¹⁰ * omdat jy die God wat jou verlos,^{*}
vergeet het,
die Rots wat jou toevlugsoord is,^{*}
nie onthou het nie.
Daarom lê julle pragtige tuine^e aan,
plant julle die steggies
van 'n vreemde god.
¹¹ Die dag wanneer julle plant,
laat julle al groei;
die oggend wanneer julle saai,
laat julle al uitspruit.^f
Die oes sal egter verdwyn^g

^d**17:9 wat verlaat ... Amoriete:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “soos die verlaat van bos en tak”.

* **17:10** Deut 32:15; Ps 62:8

* **17:10 God ... verlos:** Luk 1:47

* **17:10 Rots ... is:** Deut 32:4,18; Ps 62:7

^e**17:10 pragtige tuine:** Dit verwys waarskynlik na tuine ter ere van Adonis, vrugbaarheidsgod wat deur vroue vereer is. Die Septuagint lui “bedding van Adonis”.

^f**17:11 Die dag ... uitspruit:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit verwys moontlik na magiese handeling.

^g**17:11 Die oes ... verdwyn:** Die •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “Die dam van die oes”. Die vertaling berus op die wysiging van een vokaal.

in 'n tyd van siekte
en ongeneeslike pyn.

¹² Wee! Die gedreun van baie volke —
soos die dreuning van die oseane
dreun hulle.

Die gedruis van nasies —
soos die gedruis van magtige water
druis hulle.

¹³ Ja, nasies —
soos die gedruis van magtige water,
druis hulle.^h

Maar Hy berispe hulle,
en hulle vlug ver weg.

Hulle word voortgedryf op die bulte
soos kaf voor die wind,
soos tolbosse voor 'n stormwind.

¹⁴ Teen die aand —
kyk, daar is skielik verskrikking!

Voor die oggend
is dit nie meer daar nie!

Dit is die deel van ons plunderaars,
die lot van hulle wat ons beroof.

^h**17:13 Ja ... hulle:** Hierdie woorde ontbreek in verskeie Hebreeuse mss en die •Peshitta.

18

Profesieë oor Kus en Egipte

¹ *Wee die land

met die gevleuelde bote,ⁱ

anderkant die riviere van Kus,^j

² *wat gesante stuur oor die see,^k

in papyrusbootjies

oor die watervlak!

Gaan, vinnige boodskappers,

na 'n nasie wat lank

en glansend is,

'n volk wat wyd en syd

gevrees word,

'n sterk en seëvierende nasie,

wie se land verdeel word

deur riviere!*

³ *Almal wat op die aarde

woon,

***18:1** Jes 20:4-5; Eseg 30:4-5; Sef 2:12; 3:10

ⁱ**18:1 gevleuelde bote:** Die betekenis van die •bronteks is onseker. Word ook vertaal “insekteplae” of “gegons van vlerke”.

^j**18:1 Kus:** Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

***18:2** Eseg 30:9

^k**18:2 see:** Die woord “see” word in Hebreeus ook gebruik vir binnelandse mere en groot riviere. Hier verwys dit na die Nyl.

***18:2 nasie wat ... riviere:** Jes 18:7

***18:3** Ps 33:8; Joël 2:1

al julle bewoners
van die wêreld,
wanneer 'n banier op die berge
opgesteek word, moet julle kyk;
en wanneer 'n ramshoring
geblaas word, moet julle luister.

⁴ Want so het die HERE vir my gesê:
“Ek sal rustig wees
en uit my woonplek toekyk,^{*}
soos versengende hitte
in helder daglig,
soos 'n newel
in die hitte van die oestyd.¹

⁵ * Ja, voor die oes,
wanneer die bottyd verby is,
en die groen druiwe wat ryp word
tot volle bloei kom,
word die lote
met snoeimesse afgesny,
en die hegranke verwyder,
afgebreek.

⁶ Hulle word saam agtergelaat
vir die roofvoëls op die berge
en diere van die land.

Die roofvoëls sal die somer

* **18:4 Ek ... toekyk:** Ps 33:13-14

¹**18:4 hitte ... oestyd:** Verskeie Hebreeuse mss en vroeë vertalings lui “soos 'n newel op 'n oesdag”.

* **18:5** Eseg 17:6-10; Joh 15:2

daarop deurbring,
en al die diere van die land
sal daarop oorwinter.”

⁷*In daardie tyd
sal geskenke gebring word
vir die HERE,
Heerser oor alle magte,
deur 'n volk wat lank
en glansend is,
'n volk wat wyd en syd
gevrees word,
'n sterk en seëvierende nasie,
wie se land verdeel word
deur riviere* —
na die plek toe
waaraan die Naam van die HERE,
Heerser oor alle magte,
verbonde is, na die berg Sion.

*18:7 Jes 56:3-7; Sef 3:10; vgl Hand 8:27

*18:7 volk wat lank ... riviere: Jes 18:2

19

¹ *Profesie^m oor Egipte.

Kyk, die HERE
ry op 'n vinnig bewegende wolk*
en gaan na Egipte.

Die nuttelose afgode van Egipte
beef voor Hom;
Egipte se hart krimp ineen.ⁿ

² “*Ek gaan Egiptenare
teen mekaar aanhits,
sodat elkeen teen sy familielid
sal veg
en elkeen teen sy medemens —
stad teen stad,
koninkryk teen koninkryk.

³ Egipte se gees sal binne-in hom
gebreek word;
sy planne sal Ek verwar.
Hulle sal nuttelose afgode raadpleeg,
ook die geeste van afgestorwenes,
waarsêergeeste en voorvadergeeste.*

***19:1-25** Jer 46:2-26; Eseg 29:1 — 32:32

^m**19:1 Profesie:** Kan ook vertaal word “Uitspraak”, “Uitspraak van God” of “Aankondiging”; vgl Jes 13:1.

***19:1 die ... wolk:** Ps 18:11; 104:3

ⁿ**19:1 hart ... ineen:** Letterlik ‘Egipte se hart smelt binne-in hom’; vgl Jes 13:7.

***19:2** Matt 24:7; Mark 13:8; Luk 21:10

***19:3 geeste ... voorvadergeeste:** Vgl 1 Kron 10:13; Jes 8:19

⁴ Ek sal Egipte oorgee in die hand
van 'n harde meester;
'n hardvotige koning
sal oor hulle heers. ^{*}”

Dit is die uitspraak van die Heer,
die HERE, Heerser oor alle magte.

⁵ ^{*}Die water sal opraak in die see,^o
die rivier sal opdroog
en droog lê.

⁶ ^{*}Die strome begin stink,
die strome van Egipte loop leeg
en droog op;

die riete en palmiete word swart,

⁷ ook die rietbosse aan die Nyl,
by die Nylmonding.

Al die saailande langs die Nyl
verdroog en raak verwaaid,
en niks bly oor nie.

⁸ Die vissers weeklaag en treur,
almal wat hoeke in die Nyl gooi;
hulle wat nette oor die water
uitgooi, kwyn weg.

^{*}19:4 oorgee ... heers: Jes 20:4

^{*}19:5 Jer 51:36

^o19:5 see: Die woord “see” word in Hebreeus ook gebruik vir binnelandse mere en groot riviere. Hier verwys dit na die Nyl.

^{*}19:6 Eks 7:18

⁹ *Dié wat met vlas werk,
die kaarders, staan beskaamd;
die wewers word bleek.^p

¹⁰ Die land se^q wewers is verpletter;
almal wat vir 'n loon werk,
is diep terneergedruk.

¹¹ *Blote sotte is die hoë amptenare
van Soan;^r
die slimste raadgewers van die farao
se raad is stompsinnig.

Hoe kan julle vir die farao sê:
“Ek is van die groep van wyses,
'n nasaat van konings
uit die verre verlede.”

¹² *Waar is hulle dan, jou wyses?
Laat hulle jou tog inlig!
Hulle moet mos weet
wat die HERE,
Heerser oor alle magte,
oor Egipte besluit het.

***19:9** Spr 7:16; Eseg 27:7

^p**19:9** word bleek: Een van die •Qumran-geskrifte word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

^q**19:10** Die land se: Letterlik ‘Haar’.

***19:11-14** Jes 19:3

^r**19:11** Soan: 'n Stad aan een van die oostelike arms van die Nyldelta; vgl Num 13:22; Jes 30:4.

***19:12** 1 Kor 1:20

¹³ Die hoë amptenare van Soan
het sotte geword;
die hoë amptenare van Nof^s
koester vals hoop.

Die steunpilare^t van die land
se^u stamme het Egipte
laat steier.

¹⁴ *Die HERE het midde-in die land^v
'n gees van verwarring
bygevoeg.^w

Die verwarring laat Egipte steier
in alles wat hy doen,
soos 'n dronke steier in sy braaksel.

¹⁵ Vir Egipte is daar niks
wat kop of stert,
palmtak of biesie^x
kan doen nie.

¹⁶ Op daardie dag sal Egipte wees soos vroue.* Hulle sal sidder en beef

^s**19:13 Nof:** Ook bekend as Memfis, die belangrikste stad in Benede-Egipte; 21 km suid van die huidige Kaïro; vgl Jer 2:16; 44:1; Eseg 30:13.

^t**19:13 steunpilare:** Die bronteks lui “hoekstene”, 'n metafoor vir die leiers; vgl Rig 20:2; 1 Sam 14:38.

^u**19:13 die land se:** Die bronteks lui “haar”.

^{*}**19:14** Vgl 1 Sam 16:14; 1 Kon 22:19-23; Jes 19:3; 29:10; 1 Tim 4:1

^v**19:14 die land:** Die bronteks lui “haar”.

^w**19:14 bygevoeg:** Letterlik ‘bygemeng’. Die woord word gebruik in verband met die meng van drank; vgl Jes 5:22; Spr 9:2,5.

^x**19:15 kop ... biesie:** Dit verwys na die leiers van die land; vgl Jes 9:13.

^{*}**19:16 sal Egipte ... vroue:** Vgl Jer 50:37; 51:30; Nah 3:13

vir die opgeligte hand van die HERE, Heerser oor alle magte, wat Hy oor Egipte^y laat gaan. ¹⁷ Dan sal die land Juda vir Egipte 'n verskrikking wees. Elke keer wanneer iemand die land^z vir hom noem, sal hy bang wees oor die besluit van die HERE, Heerser oor alle magte, die besluit wat Hy oor hom geneem het.

¹⁸ *Op daardie dag sal daar vyf stede in Egipteland wees wat die taal van Kanaän praat en wat aan die HERE, Heerser oor alle magte, trou sweer. Een van die stede sal Ir-Haheres^a genoem word.

¹⁹ Op daardie dag sal daar 'n altaar van die HERE in die middel van Egipteland wees, en op sy grens 'n gedenksteen^b ter ere van die HERE.

²⁰ Dit sal dien as 'n teken en 'n getuienis vir die HERE, Heerser oor alle magte, in Egipteland;* want hulle sal die HERE om hulp roep vanweë hulle verdrukkers. Dan sal Hy vir hulle 'n verlosser stuur wat die saak sal behartig en hulle red. ²¹ *Die HERE sal Hom aan die Egiptenare bekend maak, en die Egiptenare sal Hom erken op daardie dag. Hulle sal Hom dien met slagoffers en graanoffers, en aan die HERE geloftes aflê en dit nakom. ²² Die HERE sal Egipte tref met 'n plaag, tref én genees. Hulle sal hulle tot die HERE bekeer. Hy sal hulle smeekbedes verhoor en hulle genees.

^y**19:16 oor Egipte:** Die bronteks lui “oor hom”.

^z**19:17 die land:** Die bronteks lui “haar”.

***19:18** Vgl Jer 44:1

^a**19:18 Ir-Haheres:** Dit beteken ‘stad van verwoesting’. Met die verandering van een konsonant, lui die Qumran-geskrifte en verskeie Hebreeuse mss “Ir-Hageres”, wat ‘stad van die son’ beteken. Dit verwys dan na die Egiptiese stad Heliopolis.

^b**19:19 gedenksteen:** 'n Regopstaande klip wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning herdenk; vgl Gen 28:18; Eks 24:4.

***19:20 Dit ... Egipteland:** Jos 22:27

***19:21** Jes 19:19; 60:3-7; vgl Ps 68:32; Sag 14:16-19; Mal 1:11

²³ *Op daardie dag sal daar 'n grootpad wees vanaf Egipte na Assirië. Die Assiriërs sal na Egipte gaan, en die Egiptenare na Assirië. Die Egiptenare sal saam met die Assiriërs die HERE dien. ²⁴ Op daardie dag sal Israel die derde wees saam met Egipte en Assirië — 'n seën midde-in die wêreld. ²⁵ Die HERE, Heerser oor alle magte, sal hulle seën deur te sê: “Geseënd is my volk Egipte, ook Assirië, my handewerk, en my eiendom, Israel.”

20

¹ *In die jaar toe die tartan^c na Asdod* gekom het, toe Sargon, die koning van Assur, hom gestuur het, het hy oorlog gemaak teen Asdod en dit ingeneem. ² In dié tyd het die HERE by monde van Jesaja, seun van Amos, gesê: “Gaan, haal die rouklere^d van jou heupe af, en jou sandale, trek dit van jou voete af!” Hy het so gemaak en kaal^e en met kaalvoete rondgeloop.*

³ Die HERE het gesê: “Soos my dienskneg, Jesaja, drie jaar lank kaal en met kaalvoete rondgeloop het, as 'n teken, as 'n voorteken wat betrekking het op Egipte en Kus,^f ⁴ *so sal die koning van Assirië die gevangenes van Egipte en die ballinge van Kus weglei, jonk en oud —

*19:23 Jes 11:16

*20:1 2 Kon 18:17

^c20:1 tartan: Ampsbenaming van die opperbevelvoerder van die Assiriese leërmag.

*20:1 Asdod: Jos 11:22; 1 Sam 5:1

^d20:2 rouklere: As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

^e20:2 kaal: Kan ook beteken ‘sonder 'n bokleed’.

*20:2 Gaan ... rondgeloop: Vgl Miga 1:8

^f20:3 Kus: Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

*20:4 2 Sam 10:4

kaal en met kaalvoete, en met ontblote sitvlakke. Die naaktheid van Egipte!^g ⁵ *Die bondgenote^h sal verskrik en beskaamd wees vanweë Kus, hulle hoop, en vanweë Egipte, hulle pronkstuk. ⁶ Die bewoners van hierdie kusgebiedⁱ sal op daardie dag sê, ‘Kyk, so gaan dit met ons hoop, waarheen ons vir hulp gevlug het om gered te word van die koning van Assirië. Hoe sal óns dan ontvlug?’ ”

21

Oordeel oor Babel

¹ *Profesie^j oor die woestyn by die see.^k

Soos stormwindvlae in die Negev^l

kom hy uit die woestyn,^m

uit 'n vreesaanjaende land.

² 'n Onverbiddelike openbaring

is my meegedeel:

^g**20:4 Die naaktheid van Egipte:** Dit beteken dat Egipte militêr kwesbaar is; vgl Gen 42:9.

^{*}**20:5-6** 2 Kon 18:21; Jes 30:3-7; 31:1; Eseg 29:6-7

^h**20:5 Die bondgenote:** Die •bronteks lui “Hulle”; vgl Jes 20: 6.

ⁱ**20:6 kusgebied:** Die gebiede aan die ooskus van die Middellandse See.

^{*}**21:1-10** Jes 13:1 — 14:23; Op 17:1 — 18:24

^j**21:1 Profesie:** Kan ook vertaal word “Uitspraak”, “Uitspraak van God” of “Aankondiging”; vgl Jes 13:1.

^k**21:1 see:** Dit verwys moontlik na die Persiese Golf.

^l**21:1 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

^m**21:1 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

“Die verraaier pleeg verraad,
die verwoester verwoes.

Ruk op, Elam!

Medië, beleër!

Aan al die gesug maak Ek 'n einde.”

³ *Daarom is my heupe

aan die sidder

en oorval krampe my

soos die krampe van 'n vrou

wat geboorte gee.

Ek krimp ineen oor wat ek hoor,

ek is angsbevange oor wat ek sien.

⁴ My hart is verbyster;

ontsetting het my oorval.

Die skemeraand, kosbaar vir my,

het vir my angs gebring.*

⁵ *Dek die tafel,

pak die kussings reg,

eet, drink —

staan op, bevelvoerders!

Smeer die skilde met olie!

⁶ *Want so het my Heer vir my gesê:

“Gaan sit 'n wag uit!

Oor wat hy sien, moet hy berig.

*21:3 Vgl Jes 13:8; Jer 30:6; Dan 5:6; Joh 16:21; 1 Thess 5:3

*21:4 Die ... gebring: Deut 28:67

*21:5 Vgl Dan 5:1-4

*21:6 Hab 2:1

⁷ Wanneer hy strydwaens sien
met spanne perde,
ruiters op donkies,
ruiters op kamele,ⁿ
moet hy noulettend aandag gee,
baie noulettend.”

⁸ Die een wat op die uitkyk was,^o
roep toe:
“Op my uitkykpos, my Heer,
staan ek heeldag lank,
op my wagpos
neem ek stelling in, nag vir nag.

⁹ Kyk daar!
'n Man op 'n strydwa
met 'n span perde is op pad!”
Hy begin toe praat en sê:
“Geval, geval het Babel,^{*}
en al die beelde van sy gode
lê stukkend op die grond! ^{*}”

ⁿ**21:7 ruiters op donkies ... kamele:** Vroeë vertalings en een van die •Qumran-
geskrifte word hier gevolg. Die •Masoretiese leestradië lui “'n stoet donkies, 'n
stoet kamele”.

^o**21:8 Die ... was:** Die •Peshitta en een van die Qumran-geskrifte word hier
gevolg. Die •bronteks lui “'n Leeu”.

^{*}**21:9 Geval ... Babel:** Op 14:8

^{*}**21:9 beelde ... grond:** Jes 46:1

¹⁰ My vertrapte volk,
deel van my dorsvloer,^{p*}
wat ek gehoor het van die HERE,
Heerser oor alle magte,
die God van Israel,
het ek julle meegedeel.

¹¹ *Profesie teen Duma.^q
Iemand roep na my uit Seir:
“Brandwag, hoe lank is die nag nog?
Brandwag, hoe lank is die nag nog?”

¹² Die brandwag antwoord:
“Die môre kom,
maar ook weer die nag.
As julle vrae het, vra!
Kom weer terug!”

¹³ *Profesie. In die woestyn.^r
In die bosse in die woestyn,
moet julle oornag,
karavane van die mense
van Dedan.^s

^p**21:10 deel ... dorsvloer:** Letterlik ‘seun van my dorsvloer’. Dit beteken dat die volk soos koring uitgetrap is op die dorsvloer.

^{*}**21:10 My ... dorsvloer:** Jer 51:33; Am 1:3

^{*}**21:11-12** Jes 34:3-17; 63:1-6; Jer 49:7-8; Eseg 25:12-14

^q**21:11 Duma:** 'n Oase in die Noord-Arabiese woestyn. Die naam beteken ‘stilte’.

^{*}**21:13** Jer 25:23-24; 49:28-33

^r**21:13 Profesie ... woestyn:** Kan ook vertaal word “Profesie in Arabië”.

^s**21:13 Dedan:** 'n Oase 280 km noordwes van Medina.

¹⁴ Bring water om dié wat dors het,
te ontmoet.

Julle wat in die gebied van Tema^t
woon,
gaan die vlugtelingte tegemoet^u
met kos vir hulle.

¹⁵ Want vir swaarde
het hulle gevlug,
vir die ontblote swaard,
vir die gespanne boog,
vir die geweld van oorlog.

¹⁶ Ja, so het my Heer vir my gesê: “Binne 'n jaar, bereken^v soos die jare van 'n huurling,^{*} sal al die luister van Kedar^w tot 'n einde kom. ¹⁷ Wat oorbly van die helde van Kedar se boë, sal min in getal wees.”
Ja, die HERE, die God van Israel, het gespreek.

22

Bestraffing van Jerusalem

¹ 'n Profesie^x oor die Dal van Visioene.

^t**21:14 Tema:** 'n Bewoonde oase in Noord-Arabië, ongeveer 300 km vanaf die Dooie See se kus.

^u**21:14 gaan ... tegemoet:** Die •Septuagint en ander vroeë vertalings word gevolg. Die bronteks lui “het die vlugtelingte tegemoetgegaan.”

^v**21:16 bereken:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}**21:16 Binne ... huurling:** Jes 16:14

^w**21:16 Kedar:** 'n Nomadiese stam in die Siries-Arabiese woestyn.

^x**22:1 Profesie:** Kan ook vertaal word “Uitspraak”, “Uitspraak van God” of “Aankondiging”; vgl Jes 13:1.

Wat is dit dan met jou,
dat al jou mense
op die dakke klim,
² rumoerige stad vol lawaai,
uitgelate dorp?
Jou slagoffers is nie slagoffers
van die swaard nie,
nie gestorwenes
van die oorlog nie.

³ Al jou gesagvoerders
het saam gevlug,
sonder boog is hulle gevang.
Almal van jou wat gevind is,
wat lankal reeds gevlug het,
is saam gevang.

⁴ Daarom het ek gesê:
“Kyk weg van my —
ek huil bitterlik.
Moenie daarop aandring
om my te probeer troos
oor die verwoesting van die dogter
van my volk nie.”

⁵ Want 'n dag van paniek,
van vertrapping en verwarring
in die Dal van Visioene,
is gereed by die HERE,
Heerser oor alle magte.

'n Geskreeu klink op^y —

hulpkrete na die berg.^z

⁶ Elam^a het pylkokers opgeneem —

met 'n troepemag, met perde.

Kir^b ontbloot skilde.

⁷ Stad,^c die keur van jou valleie

is vol strydwaens!

Die ruiters neem in slagorde

stelling in by die stadspoort!

⁸ Die beskutting van Juda^d

is verwyder.

Op dié dag kyk jy met vertrou, stad,

na die wapenrusting

in die Saal van die Bos.^e

⁹ Die bresse in die mure

by die Stad van Dawid* sien julle raak —

dat dit baie is.

^y22:5 **Geskreeu ... op:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^z22:5 **die berg:** Waarskynlik die Sionsberg waar die tempel geleë was.

^a22:6 **Elam:** 'n Gebied in die suidweste van die huidige Iran.

^b22:6 **Kir:** 'n Gebied in die suide van Babel naby Elam.

^c22:7 **Stad:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel; so ook in Jes 22:8.

^d22:8 **beskutting van Juda:** Die vestingstede wat die vyandelike magte voor Jerusalem moes stuit.

^e22:8 **die Saal ... Bos:** Letterlik 'die Huis van die bos'; vgl 1 Kon 7:2; 10:16-17.

*22:9 **Stad van Dawid:** 2 Sam 5:7,9

Julle gaar die water

van die onderste dam op;*

¹⁰ die huise in Jerusalem tel julle;

julle breek die huise af

om die stadsmuur

ondeurdringbaar te maak.

¹¹ 'n Opgaardam maak julle

tussen die twee stadsmure

vir die water van die ou dam.

Maar julle kyk nie met vertroue

na Hom wat die stad^f

gemaak het nie;

en Hom wat haar gevorm het

in die verre verlede,

sien julle nie raak nie.

¹² My Heer, die HERE,

Heerser oor alle magte,

het op daardie dag 'n oproep gedoen

tot 'n gehuil, tot roubeklag,

tot die kaal skeer van koppe

en die aangord van rouklere.⁸

¹³ Maar kyk, daar is vreugde

en blydschap:

“Laat ons beste doodmaak

en kleinvee slag,

***22:9 Julle ... op:** 2 Kon 20:20; Sir 48:17

^f**22:11 die stad:** Letterlik ‘haar’.

⁸**22:12 rouklere:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

vleis eet en wyn drink!

Laat ons eet en drink,
want môre sterf ons!*

¹⁴ Die HERE,
Heerser oor alle magte,
het Hom aan my geopenbaar
terwyl ek luister.

“Vir hierdie sondeskuld sal nie vir julle versoening gedoen word totdat julle sterf nie,”^h het die HERE, Heerser oor alle magte, gesê.

¹⁵ So sê my Heer, die HERE, Heerser oor alle magte: “Gaan na daardie versorger,ⁱ na Sebna,^{*} hoof van die hofhouding, en vra hom,^j

¹⁶ ‘Wat maak jy hier?
Wie van jou mense is hier,^k
dat jy hier vir jou 'n grafkelder
uitgekap het?’ ”

*22:13 Laat ons eet ... sterf ons: Wys 2:6-9; 1 Kor 15:32

^h22:14 Vir hierdie ... sterf nie: Hierdie woorde is in die vorm van 'n eedswering.

ⁱ22:15 daardie versorger: Dit is 'n ironiese verwysing na die hoof van die hofhouding wie se taak dit was om kosvoorrade te beheer; vgl Jes 22:22.

*22:15 Sebna: 2 Kon 18:18,26,37; Jes 36:3,11,22

^j22:15 en vra hom: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^k22:16 Wie ... hier: Letterlik ‘Wie van jou is hier’. Dit veronderstel 'n familiebegraafplek.

Hy was besig om op 'n hoë plek sy grafkelder uit te kap, om in die rots vir hom 'n tuiste uit te beitel.^{lm}

¹⁷ “ ‘Kyk, die HERE gaan jou, manhaftige man, baie ver wegwerp.

Hy gaan jou stewig toedraai,
¹⁸ jou in 'n bondel, soos 'n bal,
kragtig wegslingerⁿ

na 'n land wat wyd uitstrek
na alle kante.

Daar sal jy sterf;
daar sal jou roemryke
strydwaens wees —

die skande van die huis van jou heer!

¹⁹ *Ek sal jou uit jou pos verwyder,
jy sal uit jou amp ontslaan word.’

²⁰ “Op daardie dag
sal Ek my dienskneg roep,
Eljakim, seun van Gilkija.*

²¹ Ek sal jou bokleed vir hom aantrek,

^l22:16 Hy was ... beitel: Hierdie woorde is 'n verduidelikende nota by die vertelling.

^m22:16 tuiste ... beitel: Aan die oorkant van die Kidron, teen 'n helling, is 'n inskripsie gevind wat lui “Dit is die (graf van Sebna) Jahu, hoof van die hofhouding.”

ⁿ22:18 bondel ... wegslinger: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*22:19 Luk 16:3

*22:20 Eljakim ... Gilkija: Vgl 2 Kon 18:18; 19:2; Jes 36:3

met jou lyfserp sal Ek hom versterk,^o
jou gesag aan hom oordra.

Hy sal 'n vader word
vir die inwoners van Jerusalem
en vir die huis van Juda.

²² *Ek sal die sleutel
van die huis van Dawid
op sy skouer plaas.^p

Hy sal oopmaak,
en niemand sal toesluit nie;
hy sal toesluit,
en niemand sal oopmaak nie.^q

²³ Ek sal hom as 'n pen inslaan
op 'n stewige plek;^{r*}
hy sal as 'n roemryke troon geld
vir sy familie.

²⁴ “Hulle sal die volle gewig van sy familie daaraan ophang: die spruite en lote, en al die kleiner houers, van die bakkies af tot by al die kruike.

²⁵ Op daardie dag,” is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle

^o**22:21 met ... versterk:** Word ook vertaal “jou lyfserp sal Ek om hom bind”.

^{*}**22:22** Job 12:14; Matt 16:19; Op 1:18; 3:7

^p**22:22 sleutel ... plaas:** Uit afbeeldings word afgelei dat so 'n sleutel ongeveer 50 cm lank was.

^q**22:22 Hy ... oopmaak nie:** Dit was die hoof van die hofhouding se taak om staatsgeboue waar kosvoorrade gehou is, oop en toe te sluit.

^r**22:23 pen ... plek:** Die beeld is dié van 'n houtpen wat as hangplek in die muur ingeslaan word.

^{*}**22:23 Ek ... plek:** Esra 9:8; Jes 33:20; 54:2

magte, “sal die pen wat op 'n stewige plek ingeslaan is, meegee.* Dit sal losbreek en val. Die las wat daaraan was, sal vernietig word, want die HERE het gespreek.”

23

Profesieë oor Tirus en Sidon

¹ **Profesie^s oor Tirus.

Weeklaag, handelskepe!^{t*}

Want dit^u is verwoes,
sonder huise, sonder toegang.

In die land van die Kittiers^v
is aan hulle^w berig gebring.

² Wees stil,
bewoners van die eiland!^x

Handelaars van Sidon
wat die see oorsteek,

*22:25 sal die ... meegee: Jes 22:23

*23:1-18 Eseg 26:1 — 29:19; Am 1:9-10; Sag 9:2-4; Luk 10:13-14

*23:1-8 Matt 11:21-22

^s23:1 Profesie: Kan ook vertaal word “Uitspraak”, “Uitspraak van God” of “Aankondiging”; vgl Jes 13:1.

^t23:1 handelskepe: Kan ook vertaal word “skepe van Tarsis”; vgl Jes 2:16.

*23:1 handelskepe: 1 Kon 10:22; Eseg 27:3

^u23:1 dit: Dit verwys waarskynlik na die gebied by die twee handelstede Tirus en Sidon.

^v23:1 Kittiers: Die Kittiers kom uit die suide van Ciprus.

^w23:1 hulle: Die handelskepe.

^x23:2 eiland: Dit kan ook verwys na 'n gebied aan die Middellandse See.

het jou, Tirus,^y gevul.

³ Met die groot waters langs
was die saad van Sigor,^z
ja, die oes van die Nyl,
haar inkomste —
dit was wins uit die nasies.

⁴ Staan beskaamd, Sidon!
Want, Toevlugsoord van die See,
die see sê:
“Ek het nie ineengekrimp,
nie geboorte gegee nie;
ek het nie jong manne grootgemaak,
nie jong meisies opgevoed nie.”^a

⁵ * Wanneer die berig Egipte bereik,
krimp hulle ineen
soos met die tyding oor Tirus.

⁶ Vaar oor na Tarsis!
Weeklaag, bewoners van die eiland!^b
⁷ Is dít julle uitgelate stad?
In die verre verlede
lê haar oorsprong;
haar voete het haar gedra

^y23:2 **Tirus:** Die naam kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^z23:3 **Sigor:** Die oostelike arm van die Nyldelta.

^a23:4 **Ek ... opgevoed nie:** Hierdie klaaglied van 'n kinderlose vrou verwys metafories na die afwesigheid van skepe op see.

* 23:5 Vgl Ps 48:7

^b23:6 **eiland:** Vgl voetnoot in Jes 23:2.

om tydelik ver weg te woon.

⁸ *Wie het so teen Tirus besluit,
sy wat krone uitdeel,
wie se handelaars
hoë amptenare is,
wie se handelslui
die geëerdes van die wêreld is?

⁹ Die HERE, Heerser oor alle magte,
het so besluit —
om die hoogmoed van al die hoëlui^c
te knou,
om al die geëerdes van die wêreld
met minagting te behandel.

¹⁰ Bewerk^d jou grond
soos by die Nyl,
dogter van Tarsis!
Daar is geen skeepswerf meer nie.

¹¹ Sy hand het Hy
oor die see uitgestrek;
Hy het koninkryke laat bewe.
Die HERE self het 'n opdrag gegee
oor Kanaän^e —
dat sy vestings verdelg

*23:8,17 Sag 9:3-4; Op 17:2; 18:3,9,23

^c23:9 hoogmoed ... hoëlui: Daar is verskil van mening oor die betekenis van die bronteks. Dit word ook vertaal “die hoogmoed van alle prag”.

^d23:10 Bewerk: Een van die •Qumran-geskrifte en die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “Deurkruis”.

^e23:11 Kanaän: Dit verwys hier na Fenisië.

moet word.

¹² Hy het gesê:

“Jy sal nie meer uitgelate wees nie,
onteerde maagdelike dogter
van Sidon.

Die Kittiërs, as jy gereedmaak,
na hulle oorvaar —

ook daar sal jy geen rus hê nie.”

¹³ *Kyk, die land van die Galdeërs^f —
dié volk bestaan nie meer nie.

Assirië het dit

vir woestyndiere bestem:

Hulle het beleëringstorings opgerig;

hulle het die land se vestings^g

gesloop,

dit 'n bouval gemaak.

¹⁴ Weeklaag, handelskepe!

Want julle toevlugsoord is verwoes.

¹⁵ Op daardie dag sal Tirus

vergete raak,

sewentig jaar lank,*

soos die lewensdae

van een koning.

***23:13** Jes 13:21-22

^f**23:13 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

^g**23:13 land se vestings:** Dit was versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui. Die bronteks lui “haar vestings”.

***23:15 70 jaar lank:** Vgl Jer 25:11-12; Dan 9:2

Aan die einde van sewentig jaar
sal dit met Tirus gaan

soos in die lied

oor die prostituut:

¹⁶ “Neem 'n lier,^h

deurkruis die stad,

vergete prostituut;

bespeel dit goed,

sing baie liedjies,

sodat jy onthou word!”

¹⁷ *Ná verloop van sewentig jaar sal die HERE aan Tirus aandag gee. Sy sal terugkeer na haar hoereloon, sy sal hoereer met al die koninkryke van die wêreld oor die oppervlakte van die aarde heen. ¹⁸ Haar handelswins en hoereloon sal aan die HERE gewy wees. Dit sal nie opgegaar of weggesit word nie, maar aan hulle wat in die teenwoordigheid van die HERE woon, sal haar wins behoort, sodat hulle genoeg kan eet en pragtig geklee kan gaan.

24

Oordeel van die HERE

¹ Kyk, die HERE

gaan die land kaal stroop

en dit verniel;

Hy gaan sy oppervlakte skend,

sy inwoners uitmekaar jaag.

^h23:16 lier: 'n Driehoekige snaarinstrument met vier snare.

*23:17 Op 17:2; 18:3,9

² Dit sal met priesters gaan

soos met die volk,*

met hulle eienaars

soos met slawe,

met hulle eienaresse

soos met slavinne,

met verkopers

soos met kopers,

met leners

soos met uitleners,

met skuldenaars

soos met geldskieters.

³ Die land word heeltemal

kaal gestroop,

volledig geplunder.

Ja, die HERE,

Hy het hierdie uitspraak gemaak.

⁴* Die aarde verdroog,

dit verskrompel;

die bewoonde wêreld kwyn weg,

dit verskrompel.

Die vername mense van die aarde

kwyn weg.

*24:2 Dit ... volk: Hos 4:9

*24:4 Hos 4:3

⁵ Die aarde lê besoedel

onder sy inwoners:

Hulle het wette oortree,
vaste voorskrifte die rug toegekeer,*
'n ewige verbond verbreek.*

⁶ Daarom verteer 'n vloek die aarde,
en boet dié wat daarop woon.

Daarom word die bewoners
van die aarde minder,
en bly daar weinig sterflinge oor.

⁷ *Die nuwe wyn het opgeraak,
wingerde kwyn weg,
almal wat vrolik van hart was, sug.

⁸ *Die vreugde van die tamboeryn
het opgehou,
die gejoel van uitgelate mense
het tot 'n einde gekom,
die vreugde van die lierⁱ
het opgehou.

⁹ Geen lied meer
wanneer wyn gedrink word nie —
sterk drank is bitter
vir wie dit drink.

*24:5 aarde ... toegekeer: Num 35:33

*24:5 'n ewige ... verbreek: Gen 9:9-17

*24:7 Jes 16:10; Joël 1:10,12

*24:8 Jer 7:34; 16:9; 25:10; Eseg 26:13; Op 18:22

ⁱ24:8 lier: 'n Driehoekige snaarinstrument met vier snare.

¹⁰ Die leë stad^j lê verbreek —
elke huis geslote, ontoeganklik.

¹¹ Daar is 'n gejammer
oor wyn in die strate;
alle blydskap het weggesink,
verban is die vreugde van die land.

¹² Wat in die stad oor is,
is 'n skrikbeeld;
tot 'n murasie
is die stadspoort verpletter.

¹³ Ja, so sal dit midde-in die land^k
tussen die volke wees —
soos met die afslaan van olywe,
soos met oesreste
as die druiweoes verby is.*

¹⁴ *Dit is hulle^l wat hardop sal jubel.
Oor die verhewenheid van die HERE
sal hulle uitroep uit die weste.

¹⁵ *Daarom, vereer die HERE
in die land van die môreilig!

^j**24:10 stad:** In die lig van Jes 15:1 en die sterk verband met die wynkultuur beskou sommige verklaarders dit as 'n verwysing na Kir-Moab; vgl ook Jes 25:10-12. Andere vertolk dit as 'n simbool van alle goddelose wêreldstede.

^k**24:13 die land:** Kan ook vertaal word “die aarde”.

***24:13 soos met die ... verby is:** Jes 17:6

***24:14** Jes 24:15-16; 42:10

^l**24:14 hulle:** Dit verwys na dié wat as “oesreste” oorbly; vgl Jes 24:13.

***24:15** Jes 42:12; Mal 1:11; 2 Thess 1:12

Vereer in die eilande^m

van die weste^{*}

die Naam van die HERE,

die God van Israel.

¹⁶ Van die uithoeke van die aarde af

hoor ons liedere —

'n sieraad vir die Regverdige.

Maar ek sê: “Dit is klaar met my!

Dit is klaar met my!

Wee my!”

Verraderlike mense is ontrou;

verraderlike mense pleeg verraad.

¹⁷ *Verskrikking, 'n vanggat,

'n vangnet wag op julle,

bewoners van die aarde.

¹⁸ Wie vlug

vir die geluid van verskrikking,

val in die vanggat;

wie uitklim uit die vanggat,

word gevang in die vangnet.

Want vensters in die hemel

is oopgemaak,^{*}

die fundamente van die aarde bewe.

^m**24:15 eilande:** Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

^{*}**24:15 Vereer ... weste:** Jes 11:11

^{*}**24:17-18** Jer 48:43-44; Luk 21:35; Op 8:13

^{*}**24:18 Want ... oopgemaak:** Gen 7:11

¹⁹ * Al krakend
bars die aarde uitmekaar,
al waggelend
wankel die aarde,
steierend slinger die aarde
heen en weer.

²⁰ * Onvas steier die aarde
soos 'n dronke,
ruk heen en weer
soos 'n oornagskerm.
Sy oortreding rus swaar op hom;
hy val en staan nie weer op nie.

²¹ * Op daardie dag
sal die HERE afreken,
in die hemel,
met die hemelliggame,
op die aarde,
met die konings
van die aarde.*

²² Hulle sal byeengebring word
vir opsluiting,
as gevangenes in 'n kelder —
toegesluit in 'n gevangenis.
Ná 'n lang tyd

* **24:19** Luk 21:25; 2 Pet 3:10

* **24:20** Vgl Jes 19:14

* **24:21-22** Op 6:15; 20:3

* **24:21 die konings ... aarde:** Ps 76:13

sal met hulle afgereken word.ⁿ
²³ *Die volmaan sal verleë wees,
die helder son sal beskaamd staan.
Want die HERE,
Heerser oor alle magte,
regeer op die berg Sion
en in Jerusalem, *
en voor sy oudstes
in heerlikheid.*

25

¹ *HERE, U is my God.
Ek verheerlik U, ek loof u Naam;
want U het wonders gedoen —
planne uit die verre verlede
bestendig en betroubaar uitgevoer.
² *Ja, U het van 'n stad 'n kliphoop,
van 'n versterkte stad
'n vervalplek gemaak.
Die vesting^o van vreemdes
is nie meer 'n stad nie;
dit sal nooit herbou word nie.

ⁿ24:22 met ... afgereken word: Kan ook vertaal word “aan hulle aandag gegee word”.

*24:23 Jes 60:19; Matt 24:29

*24:23 berg ... Jerusalem: Heb 12:22

*24:23 voor ... heerlikheid: Eks 24:9-11,16; Op 4:4,10-11

*25:1 Ps 72:18

*25:2 Ps 9:7; Jes 17:1; 37:26; Jer 51:37

^o25:2 vesting: 'n Versterkte paleis of die woonplek van 'n koning of die hoëlui.

³ *Daarom sal 'n sterk volk U eer,
'n stad van magtige nasies
sal U vrees.

⁴ Ja, U was 'n toevlug vir armes,
'n toevlug vir behoeftiges
in hulle nood,
'n skuilplek teen stortreën,
'n skaduwee teen hitte.*

Want die asem van geweldenaars
is soos stortreën teen 'n muur,
⁵ soos hitte in 'n dor streek.

U doof die rumoer van vreemdes uit;
soos hitte in die skadu van 'n wolk,
word die lied van geweldenaars
gedemp.

⁶ *Die HERE, Heerser oor alle magte,
sal op hierdie berg vir al die volke
'n feesmaal van ryk geregte
voorberei,
'n feesmaal met beleë wyn,
met ryk geregte vol murg,
met gesuiwerde, beleë wyn.

⁷ Op hierdie berg
sal Hy die sluier verswelg,
die sluier oor al die volke,

*25:3 Ps 66:4; Jes 18:7

*25:4 U ... hitte: Jes 4:5-6; Op 7:16

*25:6 Jes 2:2-3; Matt 8:11; Mark 14:25; Luk 13:29

die geweefde bedekking
oor al die nasies.

⁸ Hy sal die dood vir ewig verswelg;^{P*}
my Heer, die HERE,
sal die trane van alle gesigte afvee.*
Die bespotting van sy volk
sal Hy van die hele aarde af
verwyder.

Ja, die HERE het gespreek.

⁹ Hulle sal op daardie dag sê:

“Kyk, dit is ons God
op wie ons gewag het,
en Hy het ons gered;
dit is die HERE
op wie ons gewag het!.*
Laat ons juig en bly wees
oor sy redding.*”

¹⁰* Ja, die hand van die HERE
rus op hierdie berg;
maar Moab word daar waar hy is,
vertrap,
soos strooi vertrap word

^P**25:8 dood ... verswelg:** In die mitologie van die Kanaäniete was die dood die groot verswelger.

***25:8 dood ... verswelg:** Hos 13:14; 1 Kor 15:26,54

***25:8 trane ... afvee:** Op 7:17; 21:4

***25:9 Kyk ... gewag het:** Gen 49:18; Jes 33:2; Tit 2:13

***25:9 Laat ... redding:** Jes 35:10; 51:11; 55:10; Sef 3:14-15

***25:10-12** Jes 15:1 — 16:14

in 'n mishoop.

¹¹ Moab^q sal sy hande uitstrek

in die strooi,^r

soos 'n swemmer sy hande uitstrek

om te swem.

Maar die HERE^s sal sy hoogmoed

in vernedering verander,

ondanks die vaardigheid

van sy hande.^t

¹² *Die versterkte stad,

die toevlugsoord van jou stadsmure,

laat Hy tuimel, haal Hy neer,

gooi Hy neer op die grond,

tot in die stof.

26

¹ *Op daardie dag sal hierdie lied gesing word in die land Juda:

“Ons het 'n sterk stad;

God^u se redding is die stadsmure

en verdedigingswal.

² *Maak oop die poorte,

^q25:11 Moab: Die •bronteks lui “Hy”.

^r25:11 in die strooi: Die bronteks lui “daarin”.

^s25:11 die HERE: Die bronteks lui “Hy”.

^t25:11 ondanks ... hande: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*25:12 Jes 26:5

*26:1 Jes 60:18

^u26:1 God: Die •bronteks lui “Hy”.

*26:2 Ps 118:19-20

sodat 'n regverdige nasie kan ingaan,
hulle wat getrou bly!

³ *'n Standvastige gesindheid
sal U in volkome vrede bewaar,
omdat daar op U vertrou word.

⁴ Vertrou te alle tye op die HERE,
want die HERE,
die HERE is 'n ewige rots.*

⁵ *Ja, dié wat hoog woon,
die ontoeganklike stad,
laat Hy tuimel.

Hy haal haar neer,
Hy haal haar tot die grond toe neer —
Hy gooi haar neer tot in die stof.

⁶ Voete vertrap haar,
die voete van magteloses,
die treë van armes.”

⁷ Die paaie van regverdiges
is gelyk;*
reguit is die weë van regverdiges
wat U vir hulle skoonmaak.

⁸ *Selfs op die pad
van u oordele, HERE,

*26:3 Fil 4:7

*26:4 want ... rots: Deut 32:4,18; Ps 62:7

*26:5 Jes 25:12

*26:7 paaie ... gelyk: Ps 1:6; 27:11

*26:8 Spr 3:11-12; Jes 64:5; Heb 12:5-8

het ons op U gewag.
U Naam, u gevierde Naam,
was ons hartsverlange.

⁹ Met my hele wese
smag ek na U in die nag,
ja, my gees in my binneste
soek na U.*

Want wanneer u oordele
die aarde tref,
leer die bewoners van die wêreld
wat reg is.

¹⁰ *Wanneer genade
aan goddeloses bewys word,
leer hulle nie wat reg is nie.
In 'n land waar opregtheid heers,
pleeg hulle onreg;
die verheuenheid van die HERE
sien hulle nie raak nie.

¹¹ *HERE, dat u hand opgehef is,
merk hulle nie op nie.
Die ywer vir u volk —
laat hulle dit opmerk
en beskaamd staan.

*26:9 Met ... soek na U: Ps 42:1; 63:7-8; 77:3

*26:10 Pred 8:12; Rom 2:4

*26:11 Heb 10:27

Laat ook die vuur,
bestem vir u vyande,
hulle verteer.*

¹² *HERE, U beskik vir ons vrede;
ja, ook alles wat ons vermag het,
het U vir ons bewerk.

¹³ *HERE, ons God,
ander here as U
het oor ons regeer.

Alleen deur u toedoen
bely ons u Naam.

¹⁴ *Dooies kan nie leef nie,
skimme kan nie opstaan nie;
daarom het U rekenskap geëis,
hulle uitgedelg.
Alle herinnering aan hulle
het U uitgewis.

¹⁵ U het die nasie vermeerder, HERE,
U het die nasie vermeerder,
U het Uself verheerlik.
U het alle grense
van die land uitgebrei.

¹⁶ *HERE, in nood

*26:11 Laat ... verteer: Jes 10:17; 33:14

*26:12 1 Kor 15:10

*26:13 Miga 4:5; 2 Tim 2:19

*26:14 Pred 9:5

*26:16 Hos 5:15; Matt 24:8; Mark 13:8; Joh 16:21; Op 12:2

het hulle U opgesoek;
hulle was benoud
vanweë die fluistering
dat u tugting
vir hulle bedoel is.^v

¹⁷ *Soos 'n swanger vrou
wat op die punt is
om geboorte te gee,
ineenkrimp en uitroep
in haar geboortepyne,
so was ons
vanweë u teenwoordigheid,
HERE.

¹⁸ Ons was swanger,
het ineengekrimp,
maar dit was asof ons
aan wind geboorte geskenk het.
Redding kon ons
nie vir die land bewerk nie,
die bewoners van die wêreld
het nie geval nie.

^v**26:16 was ... bedoel is:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***26:17-18** Vgl Jes 13:8; Hos 13:13

¹⁹ *Jou dooies sal leef, Israel;^w
hulle lyke^x sal opstaan.^y
Word wakker en jubel,
julle wat in die stof woon!
Want u dou is 'n hemelse dou,^z
en die aarde sal aan skimme
geboorte gee.

²⁰ *Gaan, my volk,
gaan in jou binnekamers in,
en sluit jou deure agter jou toe!^{*}
Kruip 'n kort rukkie weg,
totdat die vervloeking
verbygegaan het!^{*}

²¹ *Want kyk, die HERE
gaan uit sy woonplek kom
om van die bewoners van die aarde
rekening te eis oor sondeskuld.

***26:19** Jes 25:8; Eseg 37:1-14; Dan 12:2; Hos 13:14; Matt 11:5; Ef 5:14

^w**26:19** **Israel:** Die naam kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^x**26:19** **hulle lyke:** Die •Peshitta en •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “my lyk”.

^y**26:19** **Jou ... opstaan:** Matt 11:5 verwys na Jes 26:19 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 27:52; Joh 5:28.

^z**26:19** **hemelse dou:** Letterlik ‘dou van ligte’. Dit verwys na die sterre aan die naghemel.

***26:20** Heb 10:37

***26:20** **Gaan ... toe:** Matt 6:6

***26:20** **Kruip ... het:** Job 13:13-14

***26:21** Miga 1:3; Op 3:10; 6:10; 8:13

Die grond sal die bloed daarop
onthul,
en nie langer hulle
wat daarop gedood is, bedek nie.

27

¹ *Op daardie dag sal die HERE
met sy wrede en groot
en sterk swaard
rekenskap eis van Leviatan,^a
die vinnige slang,
van Leviatan, die kronkelende slang.
Die monster wat in die see is,
sal Hy doodmaak.

² *Op daardie dag sal daar
'n pragtige wingerd wees.
Besing haar!^{b*}

³ *Ek, die HERE, bewaak haar,
gee haar telkens water.
Sodat niks haar skade aandoen nie,
bewaak Ek haar dag en nag.

⁴ Ek is nie meer woedend nie.

*27:1 Job 3:8; Ps 74:13-14

^a27:1 Leviatan: 'n Mitiese seemonster wat by die skepping deur God verslaan is.

*27:2-5 Ps 80:9-14; Jes 5:1-7; Jer 2:21

^b27:2,3,8 haar: Vir die manlike naamwoord “wingerd” word die vroulike
voornaamwoord hier in die •bronteks gebruik.

*27:2 Besing haar: Jes 5:1; 26:1

*27:3 Ps 121:4-5

As Ek doringstruïke en onkruid
sou vind,
sou Ek 'n stryd daarmee aanknoop;
Ek sou dit alles
saam aan die brand steek.*

⁵ Of anders sou hy moes vasgryp
aan die toevlug wat Ek bied,
met My vrede maak,
ja, vrede met My maak.

⁶ *In die tye wat kom,
sal Jakob wortel skiet;
Israel sal in bloei staan en uitspruit.
Die oppervlakte van die aarde
sal bedek wees met die opbrengs.

⁷ Het die HERE Israel geslaan
soos Hy dié geslaan het
wat vir Israel geslaan het?^c
Of is Israel om die lewe gebring
op dieselfde manier
as dié wat deur die HERE
om die lewe gebring is?^d

⁸ Deur haar prys te gee,
haar weg te stuur,*

*27:4 As ... steek: Jes 9:18; 10:17; Eseg 20:47

*27:6 Hos 14:6,8

^c27:7 Het die ... Israel geslaan het: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Letterlik 'Het Hy hom geslaan met die slae van die een wat hom geslaan het?'

^d27:7 Of ... gebring is: Letterlik 'Is hy gedood soos die doding van sy gedodes?'

*27:8 Deur ... stuur: Jes 5:5-6

het U telkens met haar geworstel.
Op die dag van die oostewind,
het die HERE^e haar
met sy sterk wind weggedryf.^f
⁹* Daarom, op hierdie manier
word versoening gedoen
vir die sondeskuld van Jakob;
en dít sal die uitkoms wees
van die wegneem van sy sonde:
Wanneer hy al die altaarklippe
laat word soos kalkklippe
wat stukkend geslaan is,
sal die Asjeras^g en wierookaltare
nie langer bly staan nie.*

¹⁰* Ja, 'n stad^h wat versterk was,
lê eensaam,
'n weiveld wat versaak
en agtergelaat is,

^e27:8 die HERE: Die bronteks lui “Hy”.

^f27:8 Op ... weggedryf: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*27:9 Rom 11:27

^g27:9 Asjeras: 'n Asjera is 'n voorwerp wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

*27:9 Wanneer ... staan nie: Eks 34:13; 2 Kon 23:6-14; Jes 17:8

*27:10 Jes 7:21-25; 17:2; 32:14

^h27:10 'n stad: Daar is onsekerheid oor die vraag na watter stad hier verwys word.

soos 'n woestyn.ⁱ
Kalwers wei daar,
en daar gaan hulle lê;
hulle verwoes haar lote.^j
¹¹ Wanneer haar takke verdroog het,
sal hulle afgebreek word;
vroue sal kom
en dit aan die brand steek.
Ja, dit is nie 'n verstandige volk nie;^{*}
daarom sal hulle Maker
Hom nie oor hulle ontferm nie,
sal die Een wat hulle gevorm het,
geen genade aan hulle
betoon nie.

¹² * Op daardie dag
sal die HERE are uitslaan,
vanaf die stroom van die Rivier^k
tot by die Spruit van Egipte.^l
Julle, Israelite, sal soos are
opgetel word, een vir een.

ⁱ27:10 **woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^j27:10 **haar lote:** Die stad word voorgestel as 'n boom.

*27:11 **Ja ... volk nie:** Deut 32:28; Jer 4:22

*27:12 Matt 9:37; Luk 10:2

^k27:12 **die Rivier:** Dit verwys na die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

^l27:12 **Spruit van Egipte:** 'n Diep seisoenale spruit wat 'n natuurlike grens vorm tussen die •Negev en die Sinai-skiereiland; vgl Num 34:5.

¹³ *Op daardie dag sal daar
op 'n groot ramshoring
geblaas word;
en hulle wat verlore is
in die land Assirië,
en verdryf is na Egipteland, sal kom.
Hulle sal voor die HERE
in aanbidding buig
op die heilige berg in Jerusalem.

28

Profesieë oor Hiskia en Jerusalem

¹ Wee die trotse diadeem^m
van die dronkes van Efraim!
Dit is 'n verwelkende blom,
sy pragtige sieraad
aan die bopunt
van 'n vrugbare vallei.

Wee hulle
wat deur wyn oorweldig is!*

² Kyk, my Heer het iemand
wat sterk en kragtig is —
soos 'n wolkbreuk met hael,
soos 'n vernietigende storm.*

*27:13 Joël 2:1; Matt 24:31; 1 Kor 15:52; 1 Thess 4:16

^m28:1 diadeem: Kosbare, versierde voorhoofband. Hier is dit 'n metafoor vir Samaria.

*28:1 Wee hulle ... oorweldig is: Jes 28:7; Hos 7:5

*28:2 soos 'n wolkbreuk ... storm: Jes 30:30; 32:19

Soos 'n wolkbreuk met kragtige,
verspoelende water
sal hy die diadeemⁿ
teen die grond gooi met mag.

³ Dit sal met voete vertrap word —
die trotse diadeem
van die dronkes van Efraim.

⁴ Die verwelkende blom,
sy pragtige sieraad
aan die bopunt
van 'n vrugbare vallei,*
sal soos een van die vallei
se vroeë vye
voor die someroes wees.

Dit is skaars in sy handpalm,
of die een wat dit raakgesien het,
sluk dit weg.

⁵ Op daardie dag sal die HERE,
Heerser oor alle magte,
'n sierlike diadeem,
'n pragtige krans word
vir die oorblyfsel van sy volk.

⁶ Hy sal 'n gees van geregtigheid
wees vir hulle wat gaan sit
vir die regspraak,*

ⁿ28:2 die diadeem: Hierdie woorde ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

*28:4 Die verwelkende ... vrugbare vallei: Jes 28:1

*28:6 Hy ... regspraak: Vgl Jes 11:2; 32:1; Joh 5:30

en heldekrag vir hulle
wat die geveg terugdryf
na die stadspoort.

Profesieë teen Jerusalem

⁷ *Ook hierdie mense
slinger van wyn
en waggel van sterk drank:
Priester en profeet
slinger van sterk drank,
hulle is verwar deur wyn,
hulle waggel van sterk drank;
hulle slinger tydens 'n visioen,
hulle steier tydens 'n uitspraak.

⁸ Ja, al die tafels is vol braaksel,
vomeersel, sonder 'n skoon plek.

⁹ Vir wie wil hy dan kennis leer,
vir wie die boodskap verduidelik?^o
Vir hulle wat van melk gespeen is,
van die borste afgehaal is?

*28:7 Jes 19:14; Miga 2:11

^o28:9 kennis ... verduidelik: Dit was die priester se taak om die volk kennis van God te leer, en die profeet se taak om God se boodskap verstaanbaar oor te dra.

¹⁰ Die boodskap is:^p

“*Saw lasaw, saw lasaw,
kaw lakaw, kaw lakaw;
'n bietjie hier,
'n bietjie daar.*”^q”

¹¹ * Ja, deur honende lippe
en deur 'n vreemde taal
sal die HERE^r met hierdie volk praat —

¹² * Hy wat vir hulle gesê het:
“Hier is die rusplek.
Gee rus aan die een wat uitgeput is!
Hier is die verposing.”
Maar hulle wou nie luister nie.

¹³ Daarom sal die woord
van die HERE vir hulle wees:
“Saw lasaw, saw lasaw,
kaw lakaw, kaw lakaw;
'n bietjie hier, 'n bietjie daar;
sodat hulle gaan en agtertoe struikel,

^p28:10 Die ... is: Die bronteks lui “Want (dit is)”.

^q28:10 *Saw ... daar*: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en die Hebreus is bloot getransliterer. Word ook vertaal “Gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie”. Dit kan gelees word as brabbeltaal; indien egter aangeneem word dat dit woorde in 'n vreemde taal (waarskynlik Assiries; vgl vs 11) is, kan die getranslitererde woorde vertaal word “Gaan uit! Laat hy uitgaan! Gaan uit! Laat hy uitgaan! Wag! Laat hy wag! Wag! Laat hy wag!” Dit sou dan bevele aan bannelinge wees wat Jerusalem moet ontruim.

*28:11-12 Jer 5:15; 1 Kor 14:21

^r28:11 die HERE: Die bronteks lui “Hy”.

*28:12 Jes 30:15; Matt 11:29

gebreek, verstrik
en gevang word.”

¹⁴ *Daarom, hoor die woord
van die HERE, julle spotters,
regeerders van hierdie volk
in Jerusalem!

¹⁵ * Ja, julle sê:

“Ons het 'n verdrag
met die dood gesluit,
met die doderyk^s
'n ooreenkoms aangegaan.

Wanneer die verswelgende vloed^t
verbykom,
sal dit ons nie bereik nie;
want ons het leuens
ons skuilplek gemaak,
en agter bedrog kruip ons weg.”

***28:14** Jes 28:22; 29:20

***28:15** Jes 8:7-8; 28:18; Jer 5:12; Am 9:10; Wys 1:16; Sir 14:12

^s**28:15 doderyk:** Volgens die wêreldbeeld van daardie tyd was daar 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal.

^t**28:15 vloed:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

Word ook vertaal “gesel” of “sweep”; vgl Jes 8:7-8.

¹⁶ Daarom, so sê my Heer, die HERE:

“^uKyk, Ek lê 'n fondamentklip
in Sion, 'n uitgesoekte klip —
'n kosbare hoeksteen
as fondament gelê.^v

Die een wat vertrou,
hoef nie haastig weg te gaan nie.

¹⁷ ^{**} Ek maak die reg 'n maatlyn
en geregtigheid 'n skietlood.
Hael sal die skuilplek van leuens
wegvee,
en water sal die wegkruipplek
wegspoel.

¹⁸ Julle verdrag met die dood
sal nietig verklaar word,
en julle ooreenkoms
met die doderyk
sal nie standhou nie.
Wanneer 'n verswelgende vloed
verbykom,
sal julle 'n vertrapte
moddermassa word.

^u**28:16 Kyk ... gaan nie:** In Rom 9:33; 1 Pet 2:6,8 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 21:42; Mark 12:10-11; Luk 20:17; Rom 10:11; 1 Kor 3:11; Ef 2:20; 1 Pet 2:4.

^v**28:16 Kyk ... gelê:** Dit beteken dat God 'n nuwe gebou, 'n nuwe gemeenskap, in Jerusalem gaan vestig.

***28:17-19** Matt 7:27; Luk 6:49

***28:17** 2 Kon 21:13

¹⁹ Telkens wanneer dit verbykom,
sal dit julle meesleur.
Ja, oggend ná oggend,
dag en nag sal dit verbykom.
Dit sal net te verskriklik wees
om die boodskap te verduidelik.

²⁰ Die bed is immers te kort
om op uit te strek,
en die kombes te smal
om jouself in toe te wikkel.”

²¹ Ja, soos by die berg Perasim*
sal die HERE opstaan;
soos by die vallei in Gibeon*
sal Hy bewe van ywer
om sy dade uit te voer
— vreemd is sy dade —
en om sy werk te doen —
sonderling is sy werk.

²²* Moet julle dan nou nie
soos spotters gedra nie;
anders sal julle boeie
nog stywer vas wees.
Ja, ek het gehoor:
Volslae vernietiging
oor die hele land!

*28:21 berg Perasim: 2 Sam 5:20; 1 Kron 14:11

*28:21 Gibeon: Jos 10:10,12; 2 Sam 5:25; 1 Kron 14:10

*28:22 Jes 10:23; Rom 9:28

Dit is bepaal deur my Heer,
die HERE, Heerser oor alle magte.

²³ Gee aandag en luister na my stem!

Gee ag en luister na my woorde!

²⁴ Sal 'n boer die hele tyd ploeg
om te saai?

Sal hy aanhou voortjies maak
en sy grond gelyk werk?

²⁵ Sal hy nie, as hy die oppervlakte
gelyk gemaak het,
swartkomy n strooi en komy n uitsaai,
koring in rye plant,
en gars waar dit hoort,^w
en spelt aan die kant nie?

²⁶ Sy God het hom
die regte manier geleer,
hom onderrig.

²⁷ Swartkomy n word tog nie
met 'n dorsplank gedors nie;
en die wiel van 'n wa
word nie oor komy n gerol nie.

Nee, swartkomy n
word met 'n stok uitgeklop,
en komy n met 'n staf.

²⁸ Broodkoring word fyngestamp —
daar word nie vir ewig aangehou
om dit uit te trap nie.

^w**28:25 rye ... hoort:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

As iemand sy wawiel en perde
daaroor laat gaan,
laat hy dit tog nie fyntrap nie.
²⁹ Ook dit het sy oorsprong
by die HERE,
Heerser oor alle magte.
Hy voer 'n plan wonderbaarlik uit,
Hy doen dit
met groot vindingrykheid.*

29

¹ “Wee Ariël,^x Ariël,
die stad wat Dawid beleër het!^y
Laat jaar op jaar volg!
Laat die feeste hulle kringloop volg!
² Maar Ek sal Ariël
in benoudheid bring,
sodat daar verdriet
en droefheid sal wees.*
Dan sal sy vir My
soos 'n vuurherd^z wees.

***28:29 Heerser ... vindingrykheid:** Ps 92:6; Jer 32:19

^x**29:1 Ariël:** Dit is 'n naam vir Jerusalem of 'n deel van Jerusalem. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam; dit kan vertaal word “Vuurherd (vir offerandes)” of ook “Leeu van God”.

^y**29:1 wat ... het:** Word ook vertaal as “waar Dawid kamp opgeslaan het”; vgl 2 Sam 5:9.

***29:2 verdriet ... sal wees:** Jes 33:7

^z**29:2 soos 'n vuurherd:** Letterlik ‘soos 'n Ariël’.

³ *Ek sal jou reg rondom beleër,
Ek sal jou met wagposte^a omring,
beleëringswerke teen jou oprig.

⁴ Jy sal verneder wees,
uit die grond sal jy praat,
uit die stof sal jou woorde
gedemp wees.

Soos dié van 'n waarsêergees,
sal jou stem uit die grond kom,
en uit die stof sal jou woorde
gefluister word.*

⁵ Die menigte vreemdes by jou
sal soos fyn stof word,
en soos kaf wat verwaai*
die menigte geweldenaars.
Dit sal heel onverwags gebeur.

⁶ *Van die kant van die HERE,
Heerser oor alle magte,
sal daar afgereken word,^b
deur donderslae en aardbewings,
deur harde geluide,
deur storm en stormwind,

*29:3 Luk 19:43

^a29:3 **wagposte:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse militêre term. Word ook vertaal “beleëringswal”.

*29:4 **Soos ... word:** Jes 8:19

*29:5 **soos kaf wat verwaai:** Ps 1:4

*29:6 Eks 19:16; Op 8:5; 11:19

^b29:6 **sal ... word:** Word ook vertaal “sal daar aandag gegee word”.

met verterende vuurvlamme.*

⁷*Dit sal wees soos in 'n droom,
soos in 'n naggestig —
die menigte van al die nasies
wat teen Ariël veg,
almal wat haar
en haar versterkte vestings^c
beveg,
hulle wat haar in die noute bring.

⁸Dit sal wees
soos wanneer 'n honger mens droom:
Kyk, hy is besig om te eet;
maar as hy wakker word,
is sy keel leeg.

Dit sal wees
soos wanneer 'n dors mens droom:
Kyk, hy is besig om te drink;
maar as hy wakker word,
is hy uitgeput en sy keel is droog.

So sal dit met die menigte
van al die nasies wees,
hulle wat veg teen die berg Sion.”

⁹Wees maar verslae,^d verstom!

*29:6 verterende vuurvlamme: Eks 24:17; Ps 50:3; Heb 12:18,29

*29:7-8 Ps 73:20; Jes 10:32-33; 17:14; 37:33-38; 41:12

^c29:7 versterkte vestings: Een van die •Qumran-geskrifte word hier gevolg. Die •bronteks lui “haar net”.

^d29:9 Wees maar verslae: Vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “Talm”.

Hou julle blind, en wees verblind!

Hulle het dronk geword,
maar nie van wyn nie.*

Hulle het gesteier,
maar nie van sterk drank nie.

¹⁰ * Ja, die HERE het 'n gees
van diepe slaap
oor julle uitgestort,
Hy het julle oë, die profete, gesluit;
julle koppe, die sieners,
het Hy bedek.

¹¹ * Vir julle het die openbaring van al hierdie dinge geword soos die woorde van 'n verseëlde boekrol,^e wat hulle gee aan iemand wat kan lees, en sê: “Lees dit asseblief!” Dan sê hy: “Ek kan nie, want dit is verseël.” ¹² Die boekrol word dan gegee aan iemand wat nie skrif ken nie, met die woorde: “Lees dit asseblief!” Dan sê hy: “Ek ken nie skrif nie.”

¹³ ** My Heer het gesê:
“Omdat hierdie volk My^f nader
met hulle mond
en met hulle lippe My eer,

*29:9 Hulle het ... wyn nie: Jes 51:21

*29:10 Jes 6:10; 19:14; Rom 11:8

*29:11 Dan 12:4,9; 2 Kor 3:14-15; Op 5:1

^e29:11 boekrol: 'n Papyrus- of perkamentrol waarin geskryf is totdat boeke in hulle huidige vorm in gebruik gekom het.

*29:13-14 Vgl Jes 1:10-20; Am 5:21

*29:13 Eseg 33:31; Matt 15:8-9; Mark 7:6-7; Kol 2:22

^f29:13 My: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

maar hulle hart ver is van My,
en hulle ontsag vir My
bloot 'n aangeleerde
menslike gebod,
¹⁴ daarom, kyk, Ek sal voortgaan
om op 'n wonderlike,
wonderbaarlike manier
met hierdie volk te handel.
Die wysheid van hulle wyses
sal tot niet gaan,
en die insig van hulle verstandiges
sal verborge bly.”*

¹⁵ *Wee hulle wat planne
vir die HERE diep wegsteek!
Hulle dade vind in die donker plaas,
en hulle sê:
“Wie sien ons en wie ken ons?”

¹⁶ *Julle verdraai alles!
Of moet die pottebakker
beskou word
as gelykwaardig met die klei,
dat die maaksel vir sy maker kan sê,
“Jy het my nie gemaak nie”,
en dit wat gevorm is
vir die pottebakker sê,

***29:14 Die wysheid ... verborge bly:** Jer 8:9; 49:7; Luk 10:21; 1 Kor 1:19

***29:15** Job 22:13; Jes 30:1

***29:16** Jes 45:9; Jer 18:1-6; Wys 12:12; Sir 3:13; Rom 9:20; vgl Gen 2:7

“Hy verstaan nie”?

¹⁷ *Is dit nie nog net 'n rukkie nie,
dan verander die Libanon
in 'n vrugteboord,
en word die vrugteboord
as 'n bos beskou?

¹⁸ ^g*Die dowes sal op daardie dag
die woorde van 'n boekrol^h hoor.
Sonder donkerte en duisternis,
sal die oë van blindes sien.

¹⁹ *Magteloses sal weer
vreugde ervaar in die HERE,
en behoeftige mense sal juig
oor die Heilige van Israel.

²⁰ *Want gewelddadiges
is nie meer daar nie,
en spotters is tot niet;
almal wat gereed staan
om onreg te doen,
word uitgeroei —

²¹ hulle wat mense deur woorde
as sondaars brandmerk,

*29:17 Jes 32:15

^g29:18-19 Matt 11:5; Luk 7:22 verwys na Jes 29:18-19 as heenwysing na Jesus Christus.

*29:18 Jes 35:5

^h29:18 woorde ... boekrol: Kan ook vertaal word “skrifwoorde”.

*29:19 1 Sam 2:5; Jes 61:1

*29:20 Jes 28:14

wat strikke stel vir dié wat mense
in die stadspoort teregwys,
en wat oor nietighede
regverdiges dwarsboom
voor die gereg.*

²² *Daarom, so sê die HERE vir die huis van Jakob, Hy wat Abraham
gered het:

“ Nou sal Jakob
nie meer beskaamd staan,
sy gesig nie meer bleek word nie.

²³ Want wanneer hulle hulle kinders,ⁱ
die werk van my hande,
in hulle midde sien,
sal hulle my Naam heilig.

Hulle sal die Heilige van Jakob
se heiligheid erken,
en vrees koester
vir die God van Jakob.*

²⁴ Dan sal hulle wat verbyster
van gees is,
insig leer ken,
en hulle wat gemurmureer het,
sal onderrig aanvaar.”

*29:21 wat strikke ... gereg: Am 5:10,12

*29:22-23 Jes 41:8-12; Eseg 39:25

ⁱ29:23 hulle hulle kinders: Letterlik ‘hy sy kinders’. Dit verwys na die volk.

*29:23 sal hulle my ... God van Jakob: Eseg 36:23; Matt 6:9

30

¹ **“Wee die koppige kinders!”

is die uitspraak van die HERE.

“Dit is hulle wat daarop uit is
om planne uit te voer,

maar sonder My,
om verdrae te sluit,^j

maar nie volgens my Gees nie —
om so sonde by sonde te voeg.^k

² **Dit is hulle wat aanhou
om na Egipte af te gaan,

maar na my wil vra hulle nie —
om toevlug te soek

in die toevlugsoord van die farao,
om te skuil in die skadu van Egipte!

³ *Vir julle sal die farao

se toevlugsoord tot skande strek,
en die skuilgaan

in die skadu van Egipte
sal tot vernedering lei.

*30:1-7 Jer 2:18

*30:1 Jes 29:15; 31:2; Hos 8:4

^j30:1 **verdrae te sluit:** Letterlik ‘drankoffer uit te giet’. Die uitgiet van 'n drankoffer was dikwels deel van 'n verdragsluitingseremonie.

^k30:1 **te voeg:** Verskeie vroeë vertalings word gevolg. Die •bronteks lui “weg te neem”.

*30:2-5 Jes 20:5; 36:5-9

*30:2 Jes 31:1

*30:3 Jer 37:5,7

⁴ Ja, Juda se^l hoë amptenare
was reeds in Soan,^m
en sy boodskappers bereik Ganes.

⁵ *Hulle staan almal beskaamd
oor 'n volk wat vir hulle
van geen nut is nie,
wat nie tot hulp,
nie tot voordeel is nie,
maar net tot skande,
en ook bespotting.”

⁶ 'n Profesieⁿ oor die diere van die Negev.

In 'n land van benoudheid en angs,
met leeuwyfies
en leemannetjies,
met adders en vlieënde
vurige slange,^{o*}
vervoer hulle op die rûe
van donkiehingste hulle rykdom,

^l30:4 **Juda se:** Die bronteks lui “sy”.

^m30:4 **Soan:** 'n Stad aan een van die oostelike arms van die Nyldelta; vgl Num 13:22; Jes 19:11.

*30:5 Jer 2:36

ⁿ30:6 **Profesie:** Kan ook vertaal word “Uitspraak”, “Uitspraak van God” of “Aankondiging”; vgl Jes 13:1.

^o30:6 **vlieënde ... slange:** Letterlik ‘vlieënde *saraf*slange’. Die woord *saraf* hou verband met die woord “brand” en kan na die kleur of effek van die slang se gif verwys. Dit word verskillend vertaal.

*30:6 **adders ... slange:** Num 21:4-9; Deut 8:14-15; vgl Jes 14:29

en op die boggels van kamele
hulle skatte,
na 'n volk wat van geen nut is nie.

⁷ Wat Egipte betref:

Hulle hulp is sinloos en nietig;
daarom noem ek haar
Rahab^p die Sittende.^q

⁸ * “Gaan nou, skryf dit,
waar hulle by is,
op 'n skryftablet,
pen dit neer in 'n boekrol,^r
sodat dit vir 'n dag in die toekoms,
as 'n getuienis^s vir altyd,
daar sal wees!

⁹ * Want dit is 'n rebelse volk,
kinders wat lieg,
kinders wat nie wil luister
na die Wet van die HERE nie,

¹⁰ * wat vir die sieners sê,

^p**30:7 Rahab:** 'n Mitiese seemonster. Dit verwys na Egipte; vgl Ps 87:4.

^q**30:7 Rahab die Sittende:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

***30:8** Hab 2:2; Op 1:11

^r**30:8 boekrol:** 'n Papyrus- of perkamentrol waarin geskryf is totdat boeke in hulle huidige vorm in gebruik gekom het.

^s**30:8 as 'n getuienis:** Twee Hebreuse mss en verskeie vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “vir ewig”.

***30:9** Jes 1:2-4; 30:1

***30:10-11** 1 Kon 22:8-27; Jer 11:21; Am 2:12; 7:13; Luk 6:26

‘Julle mag nie sien nie!’
vir dié wat visioene sien,
‘Julle mag nie vir ons
visioene sien wat reg is nie!
Vertel vir ons vleierende dinge;
sien bedrieglike visioene!
¹¹ Wyk af van die pad!
Draai af van die gebaande weg!
Hou op om ons lastig te val
met die Heilige van Israel!’ ”

¹² Daarom, so sê
die Heilige van Israel:
“Omdat julle
hierdie woord verwerp het,
vertrou het op
afpersing en skelmstreke,
en daarop gesteun het,*
¹³ * daarom sal hierdie sondeskuld
vir julle wees
soos die bres in 'n hoë muur
wat oorhel om te val,
waarvan die ineenstorting
skielik, onverwags, sal kom.

¹⁴ * Dit sal gebreek word
soos 'n pottebakkerskruik breek —
dit word genadeloos

* **30:12 Omdat ... gesteun het:** Ps 62:11

* **30:13** Ps 62:4

* **30:14** Ps 2:9; Jer 19:10-11

stukkend geslaan,
sodat tussen die stukkies
geen potskerf gevind kan word
om kole uit die vuurmaakplek
te haal
of water uit 'n kuil te skep nie.”

¹⁵ Want so sê my Heer, die HERE,
die Heilige van Israel:
“In bekering en rustigheid
lê julle redding,
in kalmte en vertrouwe lê julle krag;
maar julle weier.*

¹⁶ Julle sê,
‘Nee, maar op perde sal ons vlug’
— daarom sál julle vlug —
‘op vinniges sal ons ry’
— daarom sál julle agtervolgers
wys hoe vinnig hulle is.*

¹⁷ *Eenduisend van julle
sal vir die dreigement van een vlug;
vir die dreigement van vyf
sal julle vlug,
totdat daar van julle soveel oorbly
soos 'n vaandel
op die kruin van 'n berg,

*30:15 in kalmte ... krag: Eks 14:14; Jes 7:9

*30:15 In bekering ... weier: Jes 28:12

*30:16 Nee ... hulle is: Jes 31:1,3; Hos 1:7; 14:4

*30:17 Lev 26:8; Deut 28:25; 32:30

soos 'n banier op 'n heuwel.”

¹⁸ * Om dié rede wag die HERE
om aan julle genade te betoon;
om dié rede rig Hy Hom op
om Hom oor julle te ontferm.
Want die God van reg is die HERE;
gelukkig is almal wat op Hom wag.*

¹⁹ * Ja, volk wat op Sion,
in Jerusalem, woon,
julle sal sekerlik nie meer huil nie.
Die HERE^t sal beslis genade
aan julle bewys
op julle roepstem om hulp.
Wanneer Hy hoor,
sal Hy julle antwoord.
²⁰ My Heer sal vir julle
brood van kommer
en water van verdrukking^u gee.*
Maar dan sal julle

* **30:18** Jes 54:8; Rom 2:4; 2 Pet 2:9

* **30:18 gelukkig ... wag:** Ps 33:20; Klaagl 3:25

* **30:19** Jes 65:9,19

^t**30:19 Die HERE:** Die bronteks lui “Hy”.

^u**30:20 brood ... verdrukking:** Hierdie vaste uitdrukking verwys na die karige rantsoene wat tydens 'n beleëring beskikbaar was.

* **30:20 brood ... gee:** Vgl 1 Kon 22:27

Groot Leermeester^v

Hom nie meer vir julle verberg nie;
julle eie oë sal julle

Groot Leermeester sien.

²¹ Met julle ore sal julle

'n woord agter julle hoor:

“Hier is die pad, gaan daarop,
wanneer julle regs
of links wil hou!”

²² Dan sal julle die plaatwerk

van julle silwerafgodsbeelde,
en die bedekking
van julle vergulde gegote beelde
onrein verklaar.

Julle sal dit weggooi

as iets wat besoedel is.

“Gemors!” sal jy daarvoor sê.

²³ Hy sal reën gee vir jou saad

wat jy in die grond saai,
en die opbrengs van die grond
sal voedsel wees —
dit sal geil en vet wees.

Jy sal jou vee op daardie dag

laat wei —

'n uitgestrekte weiveld.

²⁴ Die beeste en donkiehingste

^v**30:20 Groot Leermeester:** In Hebreeus is dit die meervoudsvorm van “leermeester”. Dit word vertolk as 'n meervoud wat respek aandui en na God as die Groot Leermeester verwys.

wat die grond bewerk,
sal goeie voer^w eet,
voer wat uitgewan is
met 'n houtgraaf en gaffel.

²⁵ *Op elke hoë berg
en elke verhewe heuwel
sal daar leivore, watervore, wees,
op die dag van die groot slagting
wanneer torings val.

²⁶ *Die lig van die volmaan sal wees
soos die lig van die helder son,
en die lig van die helder son
sal sewevoudig wees,
soos die lig van sewe dae,
op die dag wanneer die HERE
die gebreekte plekke
van sy volk verbind,
en die wonde wat Hy toegedien het,
genees.

²⁷ Kyk, die Naam van die HERE^x
kom van ver,
sy toorn brand, dit laai op.^y

^w30:24 goeie voer: Voer wat in soutwater gelê het.

^{*}30:25 Jes 2:14; 41:18; Joël 3:18

^{*}30:26 Op 21:23; 22:5

^x30:27 Naam ... HERE: Dit beteken die HERE self.

^y30:27 dit laai op: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

Sy lippe is vol vervloeking,
sy tong 'n verterende vuur.

²⁸ *Sy asem is soos 'n stroom in vloed —
tot by die nek reik dit.

Hy is daarop uit om nasies te skud
in die sif van vernietiging.

Hy sit teuels wat mislei
aan die kake van volke.

²⁹ *Vir julle sal daar sang wees
soos in die nag van heiliging
voor 'n fees —

met vreugde in die hart
soos in 'n optog met fluite,
op pad na die berg van die HERE,^{*}
na die Rots van Israel.

³⁰ Die HERE sal
sy majestueuse stem laat hoor,
die neerkom van sy arm laat sien
in heftige toorn —
'n vlam van verterende vuur,
gietende reën,
stortbuie en haelstene.

³¹ *Ja, vanweë die stem van die HERE
sal Assirië verskrik wees —

*30:28 Jes 11:4; 37:29; Wys 5:23; 2 Thess 2:8

*30:29 Vgl 1 Kon 1:40

*30:29 op ... HERE: Eks 19:17

*30:31 Jes 10:5,24; 37:36

met 'n stok sal Hy hom slaan.

³² Elke hou van die staf wat straf,^z
wat die HERE op hom laat neerkom,
sal onder tamboeryn-
en lierspel^a plaasvind.

Met sy oorlogstuig
sal Hy met opgeligte hand
teen die land^b veg.

³³ * Ja, 'n brandstapel^c
is lankal reeds gepak;
dit is ook vir die koning^d
gereedgemaak
— diep en wyd —
'n stapel, met vuur en hout
in oorvloed;
die asem van die HERE brand
soos 'n stroom swawel daarin.

^z**30:32 staf wat straf:** Verskeie Hebreëuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “staf van 'n fondamentmuur”.

^a**30:32 lierspel:** Musiek gemaak met 'n driehoekige snaarinstrument met vier snare.

^b**30:32 teen die land:** Die bronteks lui “daarteen”.

^{*}**30:33** Op 19:20; 20:10; 21:8

^c**30:33 'n brandstapel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreëuse woord. Word ook vertaal “Tofet”, en verwys dan na die kultiese plek tussen die Hinnom- en Kidronvallei waar kinders aan die afgod Molek geoffer is; vgl 2 Kon 23:10.

^d**30:33 vir die koning:** Word ook vertaal “vir Molek”; vgl 2 Kon 23:10.

31

¹ *Wee hulle wat na Egipte afgaan
vir hulp,
wat op perde staatmaak,
hulle vertrou plaas op strydwaens,
omdat daar baie is,
en op perderuiters,
omdat hulle besonder talryk is.

Maar hulle sien nie op
na die Heilige van Israel nie;
hulle raadpleeg nie die HERE nie.

² Maar ook Hy is wys,
en Hy bring onheil;
sy woorde herroep Hy nie.
Hy sal optree teen 'n huis
van boosdoeners,*
en teen die hulp
van hulle wat onreg pleeg.

³ Die Egiptenare is mense,
nie God nie;*
hulle perde is vlees
en nie gees nie.
En die HERE —
as Hy sy hand uitstrek,*

*31:1-3 Jes 30:1-7; 36:6; Hos 1:7

*31:2 boosdoeners: Jes 1:4; 14:20

*31:3 Die ... God nie: Num 23:19; Eseg 28:9

*31:3 as ... uitstrek: Jes 11:11; Eseg 14:9

struikel die helper,
val dié een wat gehelp word;
saam gaan hulle almal tot niet.

⁴ Ja, so het die HERE vir my gesê:
“Soos 'n leeu grom,
'n jong leeu by sy prooi
— al word 'n hele groep herders
teen hom saamgeroep,
vir hulle geskreeu
word hy nie bang nie,
en vir hulle geraas
krimp hy nie ineen nie* —
so sal die HERE,
Heerser oor alle magte,
neerdaal om te veg op die berg Sion,
op die Sionsheuvel.*

⁵ *Soos voëls bo hulle neste^e hang,
so sal die HERE,
Heerser oor alle magte,
Jerusalem beskerm.
Hy sal beskerm en uitred,
spaar en laat ontkom.

*31:4 Soos ... ineen nie: Num 24:9; Hos 11:10; Am 1:2

*31:4 so sal ... Sionsheuvel: Jes 42:13

*31:5 Deut 32:11; Ps 36:8; 91:4; Luk 13:34

^e31:5 bo ... neste: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

⁶ “Keer terug na Hom,
teen wie die Israeliete^f
uiters onversetlik was.⁸

⁷ * Ja, op daardie dag sal elkeen sy nuttelose afgodsbeelde van
silwer en goud verwerp, die beelde wat julle hande vir julle tot
sonde gemaak het.

⁸ * Assirië sal val deur die swaard,
maar nie dié van 'n man nie;
en 'n swaard,
nie dié van 'n mens nie,
sal hom verteer.

Hy sal vir sy lewe vlug
voor die swaard,
en sy jong manne
sal dwangarbeid verrig.

⁹ Sy rots^h sal vanweë ontsetting
vergaan,
sy aanvoerders
sal angsbevange wees
by die sien vanⁱ 'n banier.*”

Dit is die uitspraak van die HERE,

^f**31:6 die Israeliete:** Die woorde is gerig tot die inwoners van Juda, en
“Israeliete” verwys na die tienstammeryk in die noorde.

⁸**31:6 uiters ... was:** Letterlik ‘onversetlikheid diep gemaak het’.

***31:7** Jes 2:20; 30:22

***31:8-9** Jes 37:7,36-38

^h**31:9 Sy rots:** Dit verwys moontlik na die Assiriese koning.

ⁱ**31:9 by ... van:** Letterlik ‘vir’.

***31:9 by ... banier:** Jes 10:11; Jer 4:6,21; 51:12,27

wie se vuur in Sion,
en wie se oond in Jerusalem is.*

32

¹* Kyk, met regverdigheid
sal 'n koning regeer,
en in geregtigheid
sal hoë amptenare heers.

²* Elkeen van hulle sal daar wees,
as 'n skuiling teen die wind,
'n beskutting teen stortbuie,
as waterstrome in 'n dor streek,
as die skadu van 'n swaar rots
in 'n vermoeide land.

³* Die oë van hulle wat sien,
sal nie meer wegkyk nie,
en die ore van hulle wat hoor,
sal aandagtig luister.

⁴ Die harte van oorhaastiges
sal op kennis ag slaan,
en die tonge van stamelaars
sal vinnig en duidelik praat.*

⁵* 'n Sot sal nie meer “edel”

* **31:9 wie se vuur ... Jerusalem is:** Jes 2:3; 10:17; 30:33

* **32:1** Ps 72:1-4; Jes 11:3-5; Jer 23:5-6

* **32:2** Jes 4:6

* **32:3** Jes 6:10; 30:10

* **32:4 die tonge ... praat:** Jes 28:11; 35:6

* **32:5** Vgl Jes 5:20

genoem word nie,
en 'n skurk sal nie as “hoogheid”
aangespreek word nie.

⁶ Want 'n sot raak sothede kwyd,
en sy hart hou hom besig met onreg:
deur goddeloosheid te bedryf,
deur onwaarhede oor die HERE
kwyd te raak,*
deur die kele van hongeriges
leeg te laat
en deur iets te drinke te weerhou
van wie dors is.

⁷ *En 'n skurk — sy werktuie is sleg;
hy is die een wat skanddade beplan
om magteloses deur bedrieglike
woorde uit te roei,
ook wanneer 'n behoeftige
'n eis voorlê.

⁸ Die edele beraam egter
edel planne,
hy is die een wat staan
by wat edel is.

⁹ *Sorgelose vroue, staan op,
luister na my stem!
Dogters vol vertrouwe,

*32:6 Want ... raak: Ps 14:1; Spr 24:7-9; Pred 10:13

*32:7 Ps 10:2

*32:9 Jes 3:16-24

hoor my woorde!

¹⁰ Oor net meer as 'n jaar
sal julle sidder,
julle wat houtgerus is;
want die duiweoes is verby,
daar kom nie meer 'n insameling nie.

¹¹ Raak aan die bewe,
sorgelose vroue!
Sidder, julle wat houtgerus is!
Trek julle uit, ontklee!
Gord rouklere aan julle heupe!

¹² Slaan julleself op die borste^j
oor die pragtige landerye,
oor die vrugbare wingerde,
¹³ * oor die grond van my volk.
Doringstruïke sal daar opkom,
ja, waar al die huise vol vreugde,
die uitbundige dorp, was.^k

¹⁴ * Ja, die paleis lê verwaarloos;
die rumoer van die stad is verby.
Die Ofel^l en wagtoringe
word kaal veld

^j**32:12 Slaan ... borste:** Dit was 'n teken van rou. Die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die betekenis van die •bronteks is onseker.

***32:13** Jes 7:23; 34:13; Hos 9:6

^k**32:13 Doringstruïke ... was:** Nadat 'n stad verwoes is, groei doringstruïke waar daar eers huise was; vgl Hos 10:8.

***32:14** Jes 7:23-25; 13:22; 27:10

^l**32:14 Ofel:** Die naam van die stadsheuwel in Jerusalem waar die •tempel en paleiskompleks gebou was.

vir altyd —
'n vreugde vir wildedonkies;
'n weiveld vir veekuddes;
¹⁵ **totdat 'n gees van bo af
uitgestort word^m oor ons,
totdat 'n woesteny
'n vrugteboord word,
en 'n vrugteboord
as 'n bos* beskou word.
¹⁶ Dan sal die reg
in die woesteny tuis wees,
en geregtigheid
sal in die vrugteboord woon.
¹⁷ *Die uitwerking van geregtigheid
sal vrede wees,
die uitkoms van geregtigheid
kalmte en vertrou* vir altyd.
¹⁸ My volk sal in 'n tuiste
van vrede woon,
in veilige woonplekke,
in ongestoorde rusplekke.
¹⁹ ⁿDit sal hael wanneer die bos

***32:15-20** Jes 11:2-9

***32:15** Eseg 36:27; Joël 2:28; Hand 1:8

^m**32:15 uitgestort word:** Letterlik 'leeg gemaak word'.

***32:15 vrugteboord as 'n bos:** Jes 29:17

***32:17** Ps 85:9; 119:165; Rom 5:1; Heb 12:11; Jak 3:18

***32:17 kalmte en vertrou:** Jes 30:15

ⁿ**32:19** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

platgeslaan word,
wanneer die stad
in vernedering neersink.

²⁰ °Gelukkig is julle
wat langs al die water saai,
julle wat beeste en donkies
vrye loop gee.

33

Oordeel en hoop

¹ *Wee jou, verwoester,
jy wat nie verwoes is nie,
trouelose, aan wie
niemand ontrou was nie!
Wanneer jy
jou verwoestingswerk
voltooi het,
sal jy verwoes word;
wanneer jy ophou^p
om troueloos te wees,
sal daar troueloos
teen jou opgetree word.

² HERE, wees ons genadig!

°32:20 Wanneer die stad vernietig is, word daar teruggekeer na 'n half-nomadiese bestaan.

*33:1 Jes 21:2; Hab 2:8; Op 13:10

^p33:1 **ophou**: Een van die •Qumran-geskrifte word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

Op U wag ons.*

Wees elke oggend ons^q krag,^r

ja, ons verlossing

in 'n tyd van nood.*

³*Vir die geluid van 'n gedreun

vlug volke;

vanweë u verhewenheid

word nasies verstrooi.

⁴Wat julle gebuit het, nasies,^s

word bymekaargemaak,

soos kaalvreter sprinkane

bymekaarmaak.

Soos swerms toesak,

word op julle buit^t toegesak.

⁵*Die HERE is verhewe,

ja, Hy woon in die hoogte.

Hy vul Sion

met reg en geregtigheid.

⁶Hy sal bestendigheid

aan jou tye bied,

***33:2 Op U wag ons:** Ps 33:22; Jes 25:9

^q**33:2 ons:** Vroeë vertalings en enkele Hebreeuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle”.

^r**33:2 krag:** Letterlik ‘arm’, 'n metafoor vir krag.

***33:2 Wees ... nood:** Ps 46:1

***33:3** Num 10:35; Ps 46:7; 48:4-7; 68:2

^s**33:4 nasies:** Die woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^t**33:4 op ... buit:** Die bronteks lui “daarop”.

***33:5** Ps 57:6; 97:9

'n rykdom van bystand,
wysheid en kennis,
ontsag vir die HERE —
dit is sy skatte.

⁷ *Kyk, die mense van Jerusalem^u
roep om hulp op straat,
die boodskappers van vrede
huil bitterlik.

⁸ Gebaande weë was verlate,
niemand het meer
op die pad verbygegaan nie.
Hy^v het verdrae verbreek,
hy het stede^w geminag,
hy het mense nie geag nie.*

⁹ *Dit het droog geword,
die land was uitgedor;
die Libanon was verbluf,
het swart geword.

Saron^x het soos die Araba^y

*33:7 2 Kon 18:5-16,37; Jes 36:3,22

^u33:7 mense van Jerusalem: Enkele Hebreeuse mss word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^v33:8 Hy: Dit verwys waarskynlik na Assirië.

^w33:8 stede: Een van die Qumran-geskrifte lui “getuienisse”.

*33:8 Hy ... geag nie: 2 Kon 18:14-17

*33:9 Jes 24:4; Vgl Eseg 5:2; Am 1:2

^x33:9 Saron: Die kusvlakte tussen •Jafo en die berg Karmel, bekend vir veeboerdery en veldblomme.

^y33:9 Araba: Die vlakte tussen die Dooie See en die Golf van Akaba.

geword;
Basan en Karmel
het hulle blare verloor.

¹⁰ * “Nou gaan Ek opstaan,”
sê die HERE,
“nou gaan Ek Myself verhef,
nou gaan Ek My oprig.

¹¹ Julle^z raak swanger
van droë gras,
gee geboorte aan kaf;
julle asem is 'n vuur
wat julle sal verteer.

¹² * Die volke
sal 'n kalkbrandery word —
afgekapte doringstruik
wat 'n vuur aan die brand
moet kry.

¹³ Luister, julle wat ver is,
na wat Ek gedoen het;
en julle wat naby is,
erken my mag.”

¹⁴ * In Sion sidder sondaars
van angs;

* **33:10** Ps 12:6

^z**33:11** **Julle:** Die nasies wat in Jes 33:4 aangespreek is.

* **33:12** Jes 9:18

* **33:14** Heb 12:29

bewing pak hulle wat vervreemd is
van God, beet:

“Wie van ons kan
by 'n verterende vuur vertoef?
Wie van ons kan
by 'n ewig brandende
vuurherd vertoef?”*

¹⁵ *Hy wat eerlik leef
en spreek wat reg is,
wat wins uit afpersing afwys,
wat sy handpalms daarvan weerhou
om omkoopgeld te aanvaar,
wat niks van bloedvergieting
wil hoor nie,^a
niks wat boos is,
wil aanskou nie^b —
¹⁶ dit is hy wat op die hoogtes
sal woon.

Bergvestings in kranse
is sy toevlugsoord;
sy kos word vir hom voorsien,
sy watervoorraad
is standhoudend.

***33:14** Wie ... vuurherd vertoef: Deut 4:24; Heb 12:29

***33:15-16** Ps 15:1-5; 24:3-4

^a**33:15** niks van ... hoor nie: Letterlik ‘sy oor toedruk vir die hoor van bloedvergieting’.

^b**33:15** niks wat ... aanskou nie: Letterlik ‘sy oë sluit vir die sien van kwaad’.

¹⁷ Jou eie oë sal 'n koning
in sy skoonheid sien,
sal uitkyk oor 'n wyd
uitgestrekte land.

¹⁸ * Jou hart sal die verskrikking
oordink:

Waar is hy wat neerskryf,
waar hy wat weeg?

Waar is hy wat die getal
van die torings neerskryf?^c

¹⁹ * Dié brutale volk
sal jy nie weer sien nie,
die volk met spraak
te moeilik om te volg,
met 'n gestamel van tong
wat onverstaanbaar is.

²⁰ Kyk na Sion, die stad
van ons feestelike
byeenkomste!

* Jou oë sal Jerusalem sien —
'n ongestoorde tuiste,
'n tent wat nie afgeslaan
sal word,

* **33:18** 1 Kor 1:20

^c**33:18** Waar ... weeg ... neerskryf: Dit verwys na die vyand se amptenare wat opnames maak om die verpligte belasting te bepaal.

* **33:19** Deut 28:49-50; Jes 28:11; Jer 5:15

* **33:20** Ps 125:1-2; Jes 54:2

waarvan die tentpenne
nooit uitgetrek,
en die tentlyne
nooit losgeruk sal word nie.

²¹ Maar daar sal 'n magtige,
die HERE, by ons wees,
by 'n plek van riviere,
met breë strome
aan alle kante.

'n Boot met spane
sal nie daarop vaar nie,
'n magtige skip
sal dit nie oorsteek nie;

²² want die HERE is ons regter,
die HERE is ons regeerder,
die HERE is ons Koning —
Hy sal ons verlos.

²³ Al hang jou^d takelwerk slap,
al hou dit nie die mas se voetstuk
stewig nie,
al span dit nou die banier
nie oop nie,
dan sal buit in oorvloed
verdeel word;
selfs lammes sal wat te roof is,
plunder.

²⁴ *Geen inwoner sal sê,

^d**33:23** **jou:** Dit verwys na Jerusalem.

***33:24** Ps 103:3; Jer 50:20; Hand 10:43

“Ek is siek” nie.

Die volk

wat in Jerusalem^e woon,
se sondeskuld is vergewe.

34

^{1 **} Kom nader, nasies, om te hoor,
volke, gee aandag!

Die aarde en alles daarop moet hoor,
die wêreld en alles
wat daaruit voortkom.

² Want die toorn van die HERE
is teen al die nasies gerig,
sy woede teen al hulle leërs.
Hy sal hulle met die banvloek^f tref,
hulle vir 'n slagting oorlewer.

³ Hulle gesneuweldes
sal weggegooi word,
en hulle lyke —
die stank daarvan sal opstyg.

Die berge sal deurweek wees
van hulle bloed.

^{4 *} Al die hemelliggame sal wegs melt,

^e**33:24 in Jerusalem:** Die bronteks lui “in haar”.

^{*}**34:1-17** Jes 63:1-6; Jer 49:7-22; Eseg 25:12-14; Am 1:11-12; Ob vs 1-21

^{*}**34:1** Deut 32:1; Ps 49:2; Jes 1:2

^f**34:2 banvloek:** Dit beteken dat alles volledig vernietig of doodgemaak moet word; •Banvloek.

^{*}**34:4** Matt 24:29; Mark 13:24-25; Luk 21:26; Heb 1:12; 2 Pet 3:12; Op 6:13-14

en soos 'n boekrol^g

sal die hemel opgerol word.

Al die hemelliggame sal verskrompel

soos die blare van 'n wingerdstok

verskrompel,

soos verskrompelde vrugte

aan 'n vyeboom.

⁵ “Ja, my swaard het genoeg

te drinke gehad

in die hemelruim.^{h*}

Kyk, op Edom* gaan dit neerkom,

op die volk vir wie my banvloek

gaan tref om die oordeel

te voltrek.*”

⁶ Die HERE het 'n swaard —

vol bloed is dit,

dit drup van vet,

van die bloed van lammers

en bokramme,

van die niervet van ramme;

^g**34:4 boekrol:** 'n Papyrus- of perkamentrol waarin geskryf is totdat boeke in hulle huidige vorm in gebruik gekom het.

^h**34:5 het ... hemelruim:** Een van die •Qumran-geskrifte lui “sal verskyn aan die hemelruim”.

***34:5 Ja ... hemelruim:** Jes 24:21; Jer 46:10

***34:5 Edom:** Gen 25:30; 36:1,8

***34:5 Kyk ... voltrek:** Ps 137:7; Klaagl 4:21-22; Mal 1:4

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

want daar is 'n offerfees vir die HERE*
in Bosra,
'n groot slagting in die land
van Edom.

⁷ Buffelsⁱ sak neer saam met hulle,
bulle saam met die sterkes.
Hulle grond sal hom vol drink
aan bloed,
hulle stof sal versadig wees van vet.

⁸ * Ja, daar is 'n dag van wraak
vir die HERE,
'n jaar van vergelding
in die regstryd van Sion.

⁹ * Edom se^j strome
sal in pik verander,
haar stof in swael —
haar gebied sal brandende pik word.

¹⁰ * Nag en dag^k
sal dit nie geblus word nie,
vir altyd styg haar rook omhoog.

* **34:6 'n offerfees ... HERE:** Vgl Sef 1:7

ⁱ **34:7 Buffels:** Die identifikasie van die term in die •bronteks is onseker. Word ook vertaal “Oerbees” of “Renoster”.

* **34:8** Jes 61:2; 63:4; Matt 10:15

* **34:9** Vgl Gen 19:24-28

^j **34:9 Edom se:** Die bronteks lui “Haar”. Die land word as 'n vrouefiguur voorgestel.

* **34:10** Op 14:10-11; 18:8; 19:3

^k **34:10 Nag en dag:** 'n Vaste uitdrukking, aangesien 'n nuwe dag vir die Israëliete teen sonder begin het en gestrek het tot net voor sonder die volgende dag.

Van geslag tot geslag sal sy in puin lê,
vir ewig en altyd sal niemand
deur haar trek nie.

¹¹ *Bontkraaie en krimpvarkies
sal haar in besit neem;
grasuile en swartkraaie
sal in haar woon.

Hy lê die maatlyn van verlatenheid
oor haar aan,*
die weegstene van leegheid.

¹² *Haar hoëlui^l — daar sal niks wees
wat hulle 'n koninkryk
kan noem nie;
al haar hoë amptenare
sal niks wees nie.

¹³ *In haar paleise sal dorings opkom —
brandnetels en sydissels
in haar versterkte stad.
Dit sal 'n lêplek
vir jakkalse wees,
'n blyplek^m vir volstruise.

¹⁴ Woestyndiere sal hiënas

*34:11,14 Jes 13:20-22; Op 18:2

*34:11 Hy ... aan: 2 Kon 21:13; Klaagl 2:8

*34:12 Op 6:15

^l34:12 hoëlui: Die ryk grondbesitters en leidende figure in die gemeenskap.

*34:13-14 Ps 44:20; Jes 13:21; 32:13-14

^m34:13 blyplek: Die vertaling volg een van die Qumran-geskrifte en verskeie vroeë vertalings. Die bronteks lui “gras”.

daar raakloop,
veldgodeⁿ sal na mekaar roep.*

Lilit^o sal beslis daar draal
en vir haar 'n rusplek vind.

¹⁵ Daar sal 'n uil^p nesmaak
en eiers lê, daarop broei,
en dit in haar skaduwee uitbroei.
Ja, daar sal jakkalsvoëls^q saamkom,
elkeen by haar maat.

¹⁶ *Gaan dit na in die boekrol
van die HERE, en lees:
Nie een van hulle ontbreek nie,
nie een sal haar maat mis nie;
want die mond van die HERE^f
het dit beveel,
en sy Gees, Hy maak hulle bymekaar.

¹⁷ Hy is die Een

ⁿ**34:14 veldgode:** Waarskynlik harige bokagtige gode wat volgens die opvatting van die tyd in die woestyn gebly het.

^{*}**34:14 veldgode ... roep:** Vgl Lev 17:7

^o**34:14 Lilit:** Volgens die opvatting van die tyd 'n vroulike demoon van die nag.

^p**34:15 uil:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Sommige meen dit dui 'n soort slang aan.

^q**34:15 jakkalsvoëls:** Daar is onsekerheid oor die presiese betekenis van die Hebreeuse woord; dit dui wel 'n soort roofvoël aan.

^{*}**34:16** Ps 139:9; Jes 40:26

^r**34:16 van die HERE:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar wel in 'n aantal Hebreeuse mss.

wat vir hulle die lot gewerp^s het,
en sy hand het die land^t
met die meetsnoer
aan hulle toegedeel.
Vir altyd sal hulle dit in besit neem,
en van geslag tot geslag
sal hulle daarin woon.

35

¹ *Laat die woestyn^u
en die dor land hulle verheug,
laat die Araba^v juig
en blom soos 'n tulp.
² Laat dit welig blom en juig,
ja, met 'n gejuig en 'n gejubel.
Die heerlikheid van die Libanon
word daaraan gegee,
die glansrykheid van Karmel
en Saron.^w

^s**34:17 lot gewerp:** Dit verwys na die verdeling van grond deur die werp van die lot.

^t**34:17 die land:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}**35:1-2** Jes 41:19; 60:13

^u**35:1 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^v**35:1 Araba:** Die vlakte tussen die Dooie See en die Golf van Akaba.

^w**35:2 Saron:** Die kusvlakte tussen •Jafo en die berg Karmel, bekend vir veeboerdery en veldblomme.

Hulle sal die heerlikheid
van die HERE,
die glansrykheid van ons God,
sien.*

³ *Maak die slap hande sterk,
versterk die wankelende knieë.

⁴ *Sê vir dié wat angstig is:

“Hou moed,
moenie bang wees nie!
Kyk, hier is julle God;
die wraak kom,
die vergelding deur julle God.

Hy is die Een wat sal kom
en julle verlos.”

^{5 xy} *Dan sal die oë van blindes
oopgaan,
en die ore van dowes
sal oopgaan.

***35:2 Hulle ... sien:** Jes 40:5

***35:3** Jes 40:29-31; Heb 12:12

***35:4** 1 Joh 5:20

^x**35:5** Luk 7:22 verwys na Jes 35:5 as heenwysing na Jesus Christus, en Hand 26:18 verwys na Jes 35:5 as heenwysing na Paulus.

^y**35:5-6** Matt 11:5; Mark 7:37 verwys na Jes 35:5-6 as heenwysing na Jesus Christus.

***35:5** Ps 146:8; Jes 29:18; 32:3; Matt 9:27-30; 11:5; 20:30-34; Joh 9:6-7

⁶ *Dan sal 'n verlamde
spring soos 'n wildsbok,^{z*}
en die tong van 'n stomme
sal jubel;
want in die woestyn
sal water uitbars,
strome water in die Araba.^a

⁷ *Die uitgedorde grond
sal 'n vleiland word,
'n dorsland vol waterbronne.
Op die lêplek van jakkalse,^{*}
waar hulle gaan lê het,
sal daar gras met kalmoesriet
en papyrus wees.

⁸ *Daar sal 'n gebaande weg,
'n pad wees;
“Die heilige pad”
sal dit genoem word.
Onreines sal nie daarop
verbygaan nie;
maar dit sal vir hulle wees,
vir elkeen

***35:6** Matt 15:30; 21:14; Hand 3:8; 8:7; 14:8-10

^z**35:6 wildsbok:** Die boksoort waarna die •bronteks verwys, is waarskynlik die rooitakbok.

***35:6 Dan ... wildsbok:** Hand 3:8

^a**35:6 die Araba:** Dit verwys hier na die dor vlakke suid van die Dooie See.

***35:7** Jes 34:13; 41:18; 43:20

***35:7 lêplek van jakkalse:** Jes 34:13

***35:8** Jes 11:16; Joël 3:17; Op 21:27

wat die heilige pad loop.
Sotte sal nie daar ronddwaal nie.
⁹ * Daar sal geen leeus wees nie,
en roofdiere sal nie daar kom nie;
hulle sal nie daar
aangetref word nie.
Dié wat losgekoop is,
sal daarlangs gaan;
¹⁰ * dié wat deur die HERE
vrygekoop is, sal terugkeer,
hulle sal in Sion aankom
met gejubel —
met ewige vreugde
sal hulle gekroon wees.^b
Blydschap en vreugde
sal hulle oorweldig,
en verdriet en 'n gesug sal wegvlug.^c

36

Verlossing van Jerusalem

¹ ** In die veertiende regeringsjaar van koning Hiskia, * het Sanherib, die

* **35:9** Lev 26:6; vgl Jes 11:7-9

* **35:10** Ps 126:1-6; Jes 51:11

^b **35:10 met ewige ... wees:** Letterlik 'ewige vreugde (is) op hulle kop'. Dit kan 'n ironiese verwysing wees na die gebruik om in 'n tyd van rou grond op die kop te gooi.

^c **35:10 verdriet ... wegvlug:** Op 21:4

* **36:1-22** 2 Kon 18:13,17-37; 2 Kron 32:1,9-15

* **36:1-2** Sir 48:18

* **36:1 koning Hiskia:** 2 Kon 16:20; 18:1-8; 2 Kron 29:1 — 32:33

koning van Assirië, opgetrek teen al die versterkte stede van Juda en hulle verower. ² Die koning van Assirië stuur toe die rabsakee^d vanaf Lagis na Jerusalem met 'n groot leërmag na koning Hiskia. Hy het stelling ingeneem by die watervoor van die boonste dam, wat aan die pad na die Bleikveld geleë is. ³ Eljakim, seun van Gilkija* en hoof van die hofhouding, het uitgegaan na hom toe, asook Sebna,* die sekretaris, en die herout^e Joag, seun van Asaf. ⁴ Die rabsakee sê toe vir hulle: “Sê tog vir Hiskia, ‘So sê die opperkoning, die koning van Assirië: “Wat is hierdie bron van vertroue waarop jy staatmaak? ⁵ Jy dink^f sekerlik lippetaal is 'n taktiek en 'n kragtige wapen vir die oorlog. Op wie vertrou jy dan nou, dat jy teen my in opstand is? ⁶ *Kyk, jy stel jou vertroue in Egipte, hierdie geknakte rietstaf wat in 'n mens se handpalm steek en dit deurboor wanneer jy daarop leun. So is die farao, die koning van Egipte, vir almal wat op hom vertrou. ⁷ En as jy^g vir my sou sê, ‘Op die HERE ons God vertrou ons?’* Is Hy dan nie die Een wie se offerhoogtes^h en altare Hiskia

^d**36:2 rabsakee:** Die benaming van 'n hoë amptenaar wat regsake vir die koning hanteer het.

***36:2 die watervoor ... geleë is:** Jes 7:3

***36:3 Eljakim ... Gilkija:** Jes 22:20

***36:3 Sebna:** Jes 22:15; 36:11,22

^e**36:3 herout:** Doen alle aankondigings namens die koning, en dien as skakelbeampte tussen koning en volk.

^f**36:5 Jy dink:** Die •bronteks lui “Ek dink”. Die vertaling volg een van die •Qumran-geskrifte en verskeie Hebreëuse mss; vgl ook 2 Kon 18:5.

***36:6** Jes 30:3; 31:1

^g**36:7 jy:** Een van die Qumran-geskrifte, die •Septuagint, •Targum en 2 Kon 18:20 lui “julle”.

***36:7 Op die ... ons:** Matt 27:43

^h**36:7 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

verwyder het nie, toe hy vir Juda en Jerusalem gesê het, ‘Voor hierdie altaar moet julle in aanbidding buig!’?’⁸ Daarom, gaan gerus 'n weddenskap aan met my heer, die koning van Assirië. Ek sal jou tweeduisend perde gee, as jy in staat is om ruiters te voorsien.⁹ Hoe sal jy net een streeksgoewerneur kan terugdryf, een van die onbelangrikste dienaars van my heer, wanneer jy jou vertrouwe stel in Egipte vir 'n strydswamag en perde?’¹⁰ En verder het my heer gesê:ⁱ “Het ek sonder die HERE se medewete teen hierdie land opgetrek om dit te verwoes? Dit is die HERE wat vir my gesê het, ‘Trek op teen hierdie land en verwoes dit!’ ” ’ ’ ”

¹¹ Eljakim, Sebna en Joag sê toe vir die rabsakee: “Praat asseblief •Aramees met u dienaars, want ons verstaan dit. Moenie met ons Judees praat ten aanhore van die manskappe wat op die stadsmuur is nie.”

¹² Maar die rabsakee het gesê: “Is dit net na jou heer en na jou wat my heer my gestuur het om hierdie dinge te sê? Is dit nie ook na die manne wat op die stadsmuur sit nie, wat saam met julle hulle ontlasting sal eet en hulle urine^j sal drink?”¹³ *Toe gaan staan die rabsakee en roep met 'n harde stem in Judees uit en sê: “Luister na die woorde van die opperkoning, die koning van Assirië!¹⁴ So sê die koning, ‘Moenie dat Hiskia julle bedrieg nie, want hy sal julle nie kan red nie.’¹⁵ Moenie dat Hiskia julle op die HERE laat vertrou deur te sê: “Die HERE sal ons beslis red, en hierdie stad sal nie oorgegee word in die hand van die koning van Assirië nie.” ’¹⁶ Julle moet nie na Hiskia luister nie, want so sê die koning van Assirië, ‘As julle met my 'n ooreenkoms aangaan en uitkom na my toe, sal elkeen van sy wingerdstok en sy vyeboom eet, en elkeen

***36:9** wanneer ... perde: Ps 20:8

ⁱ**36:10** het my heer gesê: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^j**36:12** ontlasting ... urine: In die bronteks word 'n lae register gebruik.

***36:13-14** 2 Kon 18:28-29; 2 Kron 32:15

water uit sy eie opgaarput^k drink, ¹⁷ totdat ek kom en julle neem na 'n land soos julle land — 'n land met koring en nuwe wyn, 'n land met brood en wingerde. ¹⁸ Moenie dat Hiskia julle mislei deur te sê: “Die HERE sal ons red!” nie. Het enige van die gode van die nasies ooit sy land gered uit die hand van die koning van Assirië?

¹⁹ “ ‘Waar was die gode van Hamat en Arpad?^l Waar was die gode van Sefarwajim? Kon hulle Samaria* uit my hand red? ²⁰ *Wie was daar onder al die gode van hierdie lande wat hulle land uit my hand gered het, dat die HERE dan Jerusalem uit my hand sal red?’ ”

²¹ Hulle het egter stilgebly en hom nie met 'n enkele woord geantwoord nie, want die bevel van die koning was: “Julle moet hom nie antwoord nie!”

²² Eljakim, seun van Gilkija en hoof van die hofhouding, Sebna, die sekretaris, en Joag, seun van Asaf en herout,^m het by Hiskia aangekom met geskeurde klere, en aan hom die woorde van die rabsakee meegedeel.

37

¹ *Toe koning Hiskia dit hoor, het hy sy klere geskeur, 'n roukleedⁿ omgehang en na die huis van die HERE gegaan. ² Daarna stuur hy

^k**36:16 opgaarput:** 'n Groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

^l**36:19 Hamat en Arpad:** Hamat, aan die Orontesrvier in suidelike Sirië, en Arpad, geleë in noordelike Sirië, word dikwels saam genoem as voorbeelde van stede wie se gode hulle nie kon beskerm teen Assirië se aanvalle nie; vgl 2 Kon 18:34; 19:13; Jes 10:9; 36:19; 37:13.

***36:19 Samaria:** 1 Kon 16:23-24

***36:20** Jes 10:8-9

^m**36:22 herout:** Vgl voetnoot in Jes 36:3.

***37:1-38** 2 Kon 19:1-37

ⁿ**37:1 roukleed:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

Eljakim, hoof van die hofhouding, Sebna, die sekretaris, en die oudstes van die priesters in hulle rouklere na die profeet Jesaja, seun van Amos.^o ³ Hulle het vir hom gesê: “So sê Hiskia, ‘Hierdie dag is 'n dag van benoudheid en straf en vernedering; want die kinders het tot by die opening van die baarmoeder gekom, maar daar is geen krag om geboorte te gee nie.’” ⁴ Miskien hoor die HERE u God die woorde van die rabsakee,^p wie se heer, die koning van Assirië, hom gestuur het om die lewende God uit te tart; en miskien sal Hy hom straf oor die woorde wat die HERE u God gehoor het. Begin dan bid ter wille van die res wat nog oorgebly het.*’ ”

⁵ Toe die dienaars van koning Hiskia by Jesaja aankom, ⁶ sê Jesaja vir hulle: “So moet julle vir julle heer sê, ‘So sê die HERE: “Moenie bang wees vir die woorde wat jy gehoor het, waarmee die onderdane van die koning van Assirië My belaster het nie.’” ⁷ Kyk, Ek gaan 'n gees van hom besit laat neem, en hy sal 'n gerug hoor en terugkeer na sy land. Dan sal Ek hom in sy eie land deur die swaard laat val.” ’ ”

⁸ Die rabsakee het teruggegaan en die koning van Assirië aangetref waar hy besig was om teen Libna te veg. Hy het immers gehoor dat hy van Lagis af weggetrek het. ⁹ *Die koning van Assirië het egter 'n berig gekry oor Tirhaka, die koning van Kus,^q wat lui: “Hy het uitgetrek om teen u te veg!” Toe hy dit hoor, het hy boodskappers na Hiskia gestuur met die woorde: ¹⁰ “So moet julle vir Hiskia, die koning van Juda, sê,

^o**37:2 Amos:** Dit is nie die profeet Amos nie.

***37:3 want ... gee nie:** Hos 13:13

^p**37:4 rabsakee:** Die benaming van 'n hoë amptenaar wat regsake vir die koning hanteer het.

***37:4,31-32 Begin ... oorgebly het:** Jes 4:3

***37:9** Jes 20:5

^q**37:9 Kus:** Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

‘Moenie dat jou God, op wie jy vertrou, jou bedrieg met die woorde: “Jerusalem sal nie oorgegee word in die hand van die koning van Assirië nie.”¹¹ Kyk, jy het self gehoor wat die konings van Assirië gedoen het aan al die lande deur hulle aan vernietiging oor te gee. Sal jy dan gered word?¹² Het die gode van die nasies wat deur my voorvaders uitgedelg is, hulle gered — Gosan, Haran, Resef en die mense van Eden wat in Telassar was?¹³ Waar is die koning van Hamat, die koning van Arpad,^r die koning van Lair, Sefarwajim, Hena en Awwa?’ ”

¹⁴ Nadat Hiskia die briewe van die boodskappers ontvang en dit gelees het, het hy opgegaan na die huis van die HERE. Hiskia het dit daar voor die HERE oorgesprei.¹⁵ Hiskia het toe tot die HERE gebid en gesê:
¹⁶ “*HERE, Heerser oor alle magte, God van Israel, wat bo die gerubs^s troon, U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde; U het die hemel en die aarde gemaak.¹⁷ Draai u oor na my, HERE, en luister! HERE, maak u oë oop en kyk! Hoor al die woorde van Sanherib wat hy met boodskappers gestuur het om die lewende God uit te tart!¹⁸ Dit is inderdaad so, HERE, dat die konings van Assirië al die nasies^t en hulle

^r**37:13 Hamat ... Arpad:** Hamat, aan die Orontesrvier in suidelike Sirië, en Arpad, geleë in noordelike Sirië, word dikwels saam genoem as voorbeelde van stede wie se gode hulle nie kon beskerm teen Assirië se aanvalle nie; vgl 2 Kon 18:34; 19:13; Jes 10:9; 36:19; 37:13.

^{*}**37:16** Hand 4:24

^s**37:16 gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

^t**37:18 al die nasies:** Verskeie Hebreeuse mss word hier gevolg; vgl ook 2 Kon 19:17. Die •bronteks lui “al die lande”.

lande verwoes ¹⁹* en hulle gode in die vuur gegooi het. Want dit was nie gode nie, maar net die werk van mensehande, hout en klip; en hulle het dit vernietig. ²⁰* Daarom, HERE ons God, verlos ons uit sy hand, sodat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U alleen die HERE is.”

²¹ Jesaja, seun van Amos, het toe vir Hiskia laat weet: “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Wat jy tot My gebid het oor Sanherib, die koning van Assirië, het Ek gehoor.’^u ²² Dit is die woord wat die HERE oor hom spreek:

“Sy verag jou,
dryf die spot met jou,
die maagd, die dogter van Sion.^v
Agter jou rug skud sy haar kop,
die dogter van Jerusalem.

²³ Vir wie het jy uitgetart
en belaster?
Teen wie het jy jou stem verhef?
Jy het uit die hoogte neergesien
op die Heilige van Israel!

²⁴ Deur jou dienaars
het jy die Heer uitgetart.
Jy het gesê,
‘Met die menigte
van my strydwaens
het ek die hoogste berge bestyg,

***37:19** Gal 4:8

***37:20** Joh 5:44

^u**37:21 het Ek gehoor:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie. Verskeie Hebreeuse mss, die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg; vgl 2 Kon 19:20.

^v**37:22 dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

die uithoeke van die Libanon.
Ek het sy hoogste seders afgekap,
die keur van sy sipresse.

Ek het sy verste hoogtes
binnegedring,
sy digste struikgewasse.

²⁵ Ek is die een wat gegrawe
en water^w gedrink het.

Met die holte van my voet
het ek al die strome van Egipte
drooggelê.’

²⁶ Het jy dit nie gehoor nie?

In die verre verlede
het Ek dit voorberei,
in die voortyd het Ek dit beplan;
nou laat Ek dit aanbreek —
dat jy versterkte stede
puinhope maak.

²⁷ Hulle inwoners was magteloos,^x
hulle was verskrik en beskaamd.

Hulle was veldplante
en groen spriete,
gras op dakke en terrasse^y
nog voordat dit kon saad maak.

^w37:25 water: Een van die •Qumran-geskrifte en 2 Kon 19:24 lui “vreemde water”.

^x37:27 magteloos: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “kort van hand”.

^y37:27 terrasse: 'n Aantal Hebreeuse mss en 2 Kon 19:26 lui “verskroeid”.

²⁸ Waar jy woon, jou kom en jou gaan,^z
ken Ek,*

ook jou getier teen My.

²⁹ Omdat jy so teen My getier het,
jou aстранheid my ore bereik het,
sit ek my haak deur jou neus^a
en my stang in jou mond.

Ek laat jou terugkeer met die pad
waarmee jy gekom het.

³⁰ “ ‘ “*Dit sal vir jou, Hiskia,^b
die teken wees:

Eet vanjaar die opslaggraan,
in die tweede jaar

dit wat self opkom;
maar in die derde jaar
moet julle saai en oes,
wingerde plant
en die vrugte daarvan eet.

³¹ “ ‘ “Wat van die huis van Juda
ontkom het,
wat oorgebly het,

^z**37:28 jou kom ... gaan:** Dit verwys na militêre veldtogte waar die manskappe uit die stad uittrek en terugkeer.

***37:28 Waar ... Ek:** Ps 139:2-3

^a**37:29 sit ... neus:** 'n Haak is deur gevangenes se neuse gesit om hulle weg te lei.

***37:30** Vgl Jes 20:3

^b**37:30 Hiskia:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

sal na onder wortel skiet,
en na bo vrugte dra.

³² Ja, uit Jerusalem

sal 'n oorblyfsel uitspruit,
uit die berg Sion dit wat ontkom het.
Die ywer van die HERE,
Heerser oor alle magte,
sal dit doen.”

³³ “ ‘Daarom, so sê die HERE
oor die koning van Assirië:

“Hy sal hierdie stad
nie binnekom nie;
hy sal daarin nie 'n pyl afskiet nie;
hy sal daarteen nie opruk
met 'n skild nie;
hy sal nie 'n beleëringswal
daarteen ophoop nie.

³⁴ Met die pad

waarmee hy gekom het,
daarmee sal hy terugkeer,
en hierdie stad
sal hy nie binnekom nie,”
is die uitspraak van die HERE.

³⁵ “Ek sal hierdie stad afskerm
om dit te red, om my ontwil
en ter wille van Dawid,
my dienskneg.” ’ ’ ”

³⁶ *Die Engel van die HERE^c het uitgetrek en in die kamp van die Assiriërs honderd vyf-en-tagtigduisend neergevel. Toe die mense van Jerusalem^d vroeg die oggend opstaan, was hulle morsdood, almal lyke!

³⁷ Daarop het Sanherib, die koning van Assirië, kamp opgebreek, weggetrek en teruggegaan. Hy het in Nineve gebly. ³⁸ En toe, terwyl hy besig was om in aanbidding te kniel in die tempel van Nisrok, sy god, het sy seuns Adrammelek en Sareser hom met die swaard neergevel. Hulle het na veiligheid in die land Ararat gevlug. Esarhaddon, sy seun, het in sy plek koning geword.

38

Vertellings oor Hiskia

¹ **In dié tyd het Hiskia dodelik siek geword. Die profeet Jesaja, seun van Amos,^e het by hom aangekom en vir hom gesê: “So sê die HERE, ‘Gee die laaste opdragte oor jou huisgesin, want jy gaan sterf; jy sal nie leef nie.’ ” ² Hiskia het sy gesig na die muur gedraai en tot die HERE gebid. ³ *Hy het gesê: “Ag HERE, dink tog daaraan dat ek in getrouheid en met 'n onverdeelde hart voor U geleef het, dat ek gedoen het wat goed is in u oë!” Hiskia het toe bitterlik gehuil.

⁴ Die woord van die HERE het tot Jesaja gekom: ⁵ “Gaan sê vir Hiskia,

***37:36-38** 2 Kron 32:21

^c**37:36 Die Engel van die HERE:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as boodskapper van God direk namens Hom praat. Word ook vertaal “die Boodskapper van die HERE”.

^d**37:36 die mense van Jerusalem:** Die bronteks lui “hulle”.

***38:1-8** 2 Kon 20:1-11

***38:1-2** 2 Kron 32:24

^e**38:1 Amos:** Dit is nie die profeet Amos nie.

***38:3** Heb 10:22

‘So sê die HERE, die God van jou voorvader Dawid: “Ek het jou gebed gehoor; Ek het jou tranes gesien. Kyk, Ek sal vyftien jaar by jou lewensdae voeg, ^{6*} en Ek sal jou en hierdie stad losruk uit die greep van die koning van Assirië. Ek sal hierdie stad afskerm. ^{7*} En dit sal vir jou van die HERE af die teken wees dat die HERE hierdie woord wat Hy gespreek het, sal uitvoer: ⁸ Kyk, Ek sal die skaduwee van die sonwyser van Agas wat met die son afgeskuif het, tien eenhede laat terugskuif.” ’

” Toe het die son die tien eenhede wat dit gesak het op die sonwyser, teruggeskuif.

⁹ 'n Geskrif van Hiskia, die koning van Juda, toe hy siek was en van die siekte herstel het.

^{10*} Ek het by myself gedink:

In die middel van my lewensdae
moet ek deur die poorte
van die doderyk^f gaan.

Ek is opgeroep
vir die res van my jare.

^{11*} Ek het gedink:

Ek sal die HERE nie sien nie —
die HERE in die land
van die lewendes.

Ek sal nie meer na mense kyk

***38:6** Jes 37:35

***38:7** Luk 2:12

***38:10-20** Vgl Ps 116:1-19

^f**38:10 doderyk:** Volgens die wêreldbeeld van daardie tyd was daar 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal.

***38:11** Ps 27:13

saam met die bewoners
van die wêreld nie.⁸

¹² *My woonplek is afgeslaan
en van my weggeneem,
soos die tent van 'n herder.

Soos 'n wewer
het ek my lewe opgerol —
van die skering
het Hy my losgeknip.^h

Dag en nag laat U my dit ontgeld.ⁱ

¹³ Ek het om hulp geroep^j
tot die oggend.

Soos 'n leeu,
breek Hy al my beendere.*

Dag en nag laat U my dit ontgeld.*

¹⁴ Soos 'n swaeltjie,
soos 'n kraanvoël,
so kerm ek;

⁸**38:11 saam ... wêreld nie:** Enkele Hebreeuse mss en die •Targum word hier gevolg. Die •bronteks kan vertaal word “saam met die bewoners van die einde”.

***38:12** Job 7:6; Wys 9:15; 2 Kor 5:1-4; 1 Pet 2:13-14

^h**38:12 Hy my losgeknip:** Wanneer 'n mat klaar geweef is, word dit aan die bokant van die regaf lengtedrade losgeknip om dit so van die weefstoel te verwyder.

ⁱ**38:12 laat ... ontgeld:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^j**38:13 om hulp geroep:** Die Targum word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit kan vertaal word “Ek het geplaas”.

***38:13 Soos ... beendere:** Job 10:16

***38:12,13 Dag ... ontgeld:** Job 4:20

ek kla soos 'n duif.

My oë word klein

soos ek kyk na die hemel.*

My Heer, dit druk swaar op my;

staan U vir my in!

¹⁵ Wat kan ek sê?

Hy het dit vir my gesê;

Hy het self opgetree.

*Sal ek al my lewensjare

moeisaam voortgaan,

weens die bitterheid

van my gemoed?

¹⁶ *My Heer, mense leef

van wat U sê en doen;^k

en dit geld vir almal

in die lewensjare.

My lewensasem^l —

U moet my gesond maak,

hou my aan die lewe!

¹⁷ Kyk, tot vrede

het my intense bitterheid gelei;

***38:14 soos ... hemel:** Ps 69:4; 121:1

***38:15** Vgl 1 Kon 21:27

***38:16** Ps 103:3-4

^k**38:16 van ... doen:** Die bronteks lui “daarvan”.

^l**38:16 My Heer ... lewensasem:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

U self het my lewe teruggehou^m
van die putⁿ van vernietiging —
ja, U het al my sondes
die rug toegekeer.^o

¹⁸ *Want die doderyk
sal U nie loof nie;
die dood sal U nie prys nie.

Dié wat na die put afdaal,
verlaat hulle nie op u trou nie.

¹⁹ Dit is die een wat leef,
die een wat leef —
hý loof U, soos ek vandag.

'n Vader kan u trou bekend maak
aan sy kinders.*

²⁰ Die HERE is daar tot my redding;
ons sal my snaarinstrumente
laat opklink
by die huis van die HERE
solank ons leef.

²¹ *Jesaja het gesê: “Hulle moet saamgeperste droë vye bring en aan die sweer smeer, sodat hy sal kan bly leef.”

^m**38:17 teruggehou:** Die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “liefgehad”.

ⁿ**38:17 die put:** •Doderyk.

^o**38:17 U het ... toegekeer:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “U het al my sondes agter u rug gegooi”.

***38:18** Ps 6:6; Pred 9:10; Sir 17:27; Bar 2:17

***38:19 'n Vader ... kinders:** Deut 4:9; Ps 78:3-4

***38:21-22** 2 Kon 20:7-8

²² Hiskia het mos gevra: “Wat is die teken dat ek na die huis van die HERE sal opgaan?”

39

¹ *In daardie tyd het Merodak-Baladan, seun van Baladan, die koning van Babel, gesante^p met briewe en 'n geskenk na Hiskia gestuur. Hy het gehoor dat hy siek was en herstel het. ² Hiskia was bly oor hulle besoek, en het hulle sy skatkamer gewys — die silwer, die goud, die speserye en die kosbare olie — ook sy hele arsenaal en alles wat in sy voorraadkamers te vinde was. Daar was niks in sy paleis of in sy hele koninkryk wat Hiskia hulle nie gewys het nie.

³ Jesaja, die profeet, het na koning Hiskia gekom en hom gevra: “Wat het hierdie manne gesê, en van waar af het hulle gekom?” Hiskia het geantwoord: “Uit 'n ver land het hulle na my gekom, uit Babel.” ⁴ Jesaja vra toe: “Wat het hulle in jou paleis gesien?” Hiskia het geantwoord: “Alles wat in my paleis is, het hulle gesien. Daar is niks in my voorraadkamers wat ek nie vir hulle gewys het nie.” ⁵ Toe sê Jesaja vir Hiskia: “Hoor die woord van die HERE, Heerser oor alle magte, ⁶ ‘Kyk, daar kom dae wanneer alles wat in jou paleis is en wat jou voorouers bymekaar gemaak het tot vandag toe, na Babel weggedra sal word — daar sal niks oorbly nie,’ het die HERE gesê. ⁷ ‘En van jou seuns wat uit jou sal voortkom, wat jy sal verwek, sal weggeneem word, en hulle sal eunugs^q word in die paleis van die koning van Babel.’ ” ⁸ Hiskia sê toe

*39:1-8 2 Kon 20:12-19; 2 Kron 32:31

^p39:1 gesante: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*39:7 Dan 1:3-4,6

^q39:7 eunugs: Ontmante haremopsigters of hofamptenare wat veral in 'n paleis werkzaam was.

vir Jesaja: “Die woord van die HERE wat jy gespreek het, is goed.” Hy het gedink: Want daar sal vrede en bestendigheid in my tyd wees.

40

Profesie oor Jerusalem se herstel

¹ * “Troos, troos my volk!”

sê julle God.

² “Praat mooi^r met Jerusalem!

Roep haar toe

dat haar dwangarbeid voltooi is,

dat haar skuld afbetaal is!*

Ja, sy het uit die hand van die HERE

'n dubbele straf^s ontvang*

vir al haar sondes.”

³ tu'n Stem roep:

“Maak in die woestyn^v

* 40:1 Jes 49:13; 51:3,12; Luk 2:25

^r40:2 Praat mooi: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “Praat na die hart van”.

* 40:2 Praat ... afbetaal is: Ps 102:14; Jes 52:7-12; Op 1:5; 18:6

^s40:2 dubbele straf: Daar is soms naas skadevergoeding ook vergoeding vir morele skade geëis.

* 40:2 Ja ... sondes: Jer 16:18; Klaagl 4:22

^t40:3-5 In Luk 3:4-6 aangehaal as heenwysing na Johannes die Doper as wegbereider.

^u40:3 In Matt 3:3; Mark 1:3; Joh 1:23 aangehaal as heenwysing na Johannes die Doper; vgl Luk 1:76 wat ook verwys na Jes 40:3 as heenwysing na Johannes die Doper.

^v40:3 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

die pad van die HERE gereed;
maak in die Araba^w

'n grootpad vir ons God gelyk.

⁴*Elke dal moet opgevol word,
en elke berg en heuwel
moet wegsak.

Hobbelrige plekke
moet gelykgrond word,
en rotsagtige terrein
moet 'n vallei word.

⁵Die heerlikheid van die HERE
sal geopenbaar word;
alle mense sal dit gelyktydig sien,*
want die mond van die HERE
het gespreek.”

⁶*'n Stem sê toe: “Roep uit!”
En ek^x vra: “Wat moet ek uitroep?”
Alle mense^y is immers gras;

^w**40:3 die Araba:** Dit verwys hier na die Jordaanvallei wes van die rivier waardeur die Israëliete getrek het met die uittog uit Egipte en waardeur hulle sal trek ná die bevryding uit Babel. Elders verwys “Araba” ook na die dor vlakke suid van die Dooie See; vgl Deut 1:1.

* **40:4** Jes 45:2; Bar 5:7; Luk 3:5

* **40:5 Die ... sien:** Jes 58:8; 60:1; Luk 2:20-31; Joh 1:14; Hand 28:28

* **40:6-8** Jak 1:10-11; 1 Pet 1:24-25

^x**40:6 En ek:** Een van die •Qumran-geskrifte, die •Septuagint en die •Vulgaat word hier gevolg. Die •Masoretiese leestradië lú “En hy het gevra”.

* **40:6 Wat ... uitroep:** Jes 6:8-13; Jer 1:4-10; Eseg 2:7-10

^y**40:6 Alle mense:** Word ook vertaal “Alle vlees”.

en al hulle trou is soos 'n veldblom.

⁷ *Gras verdor, 'n blom verwelk
wanneer die asem van die HERE
daarop blaas.

Waarlik, die volk is maar net gras!”

⁸ z⁴* Ja, gras verdor,
'n blom verwelk,
maar die woord van ons God
hou stand vir altyd.*”

⁹ *Klim op 'n hoë berg, Sion,
boodskapper van vreugde!
Verhef jou stem met krag, Jerusalem,
boodskapper van vreugde!
Verhef dit, moenie bang wees nie!
Sê vir die dorpe van Juda:
“Hier is julle God!”

¹⁰ *Kyk, my Heer, die HERE —
met krag kom Hy,
en sy arm oefen vir Hom
heerskappy uit.
Kyk, sy vergoeding is by Hom,

* 40:7 Job 14:2; Ps 37:2; 90:5-6; 103:15; Jes 51:12

^z40:8 Dit is die antwoord van “'n Stem” (vgl Jes 40:6) op die besware van die profet in Jes 40:6b-7.

* 40:8 1 Pet 1:24-25

* 40:8 die woord ... altyd: Matt 24:35; Joh 1:1

* 40:9 Jes 52:7-10; Rom 10:15

* 40:10 Jes 62:11; Op 22:12

sy beloning is voor Hom.^a

¹¹ ^bSoos 'n herder

laat Hy sy kudde wei;

in sy arms

maak Hy lammers bymekaar;

teen sy bors dra Hy hulle;

die lammerooie lei Hy.

¹² *Wie kan die waters

in die holte van sy hand afmeet,

die hemel met sy handspan peil,

met 'n derde van 'n efa^c

die stof van die aarde opvang,

met 'n handskaal die berge weeg,

die heuwels met 'n weegskaal?

¹³ *Wie kan die Gees

van die HERE peil,

wie is die mens wat aan Hom

sy raadsbesluit bekend maak?^d

^a**40:10 sy beloning ... Hom:** Soos Jakob met sy skape as sy loon (Gen 30:28) uit Mesopotamië terugkeer het na die beloofde land, so keer God as herder met sy volk terug uit Babel.

^b**40:11** In Joh 10:2-3,11 verwys Jesus na Jes 40:11; Eseg 34:15,23-24 as heenwysing na Homself.

* **40:12** Job 28:25-27; 38:4-5; Spr 8:24-29; 30:4; Wys 11:20

^c**40:12 1/3 van 'n efa:** Hierdie woorde ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel; ongeveer 7,3 ℓ; •Inhoudsmate.

* **40:13** Rom 11:34; 1 Kor 2:16

^d**40:13 wie is ... maak:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal.

¹⁴ *Met wie beraadslaag Hy,
en wie hou Hom op hoogte,
wie onderrig Hom
oor die verloop van 'n regsak?
Wie dra aan Hom kennis oor,
en die pad van wyse beskikking,
wie maak dit aan Hom bekend?^e

¹⁵ *Kyk, nasies is soos 'n druppel
uit 'n leersak;^f
hulle word beskou as net 'n lagie stof
op 'n weegskaal.
Kyk, eilande^g weeg Hy
asof dit fyn stof is.

¹⁶ Die Libanonbos se hout
is nie genoeg
om 'n vuur te maak,
en sy wilde diere nie genoeg
vir 'n brandoffer nie.

¹⁷ *Al die nasies is soos niks
voor Hom;
deur Hom word hulle beskou as
minder as iets nikssegghends,

* 40:14 Job 15:8; 21:22; 36:22-23

^e40:14 en wie ... bekend: Die bronteks word verskillend vertaal.

* 40:15 Sir 10:16-17; Wys 11:22

^f40:15 leersak: Gewoonlik van 'n volle skaap- of bokvel gemaak, en dit kon gevul word met water of wyn.

^g40:15 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

* 40:17 Ps 62:10; Dan 4:35

minder as 'n nietigheid.

¹⁸ *Met wie wil julle God vergelyk?

Watter afbeelding

wil julle langs Hom stel?

¹⁹ 'n Afgodsbeeld

wat 'n vakman gegiet het,

wat 'n smid met goud oorgetrek het,

'n smid met silwer beslaan het?

²⁰ As 'n wydingsgeskenk

kies mens ebbehout,^h

hout wat nie verrot nie.

'n Vaardige vakman

soek hy vir hom

om 'n afgodsbeeld te maak

wat nie omkantel nie.*

²¹ *Weet julle nie? Hoor julle nie?

Is dit nie van die begin af

aan julle bekend gemaak nie?

Het julle nie begrip van die aarde

se fundamente nie?

²² Dit is Hy wat troon

bo die ronde skyf van die aarde;

die bewoners daarvan

* 40:18-20 Ps 115:3-8; Jes 44:9-20; 46:5; Jer 10:1-16; Hand 17:29

^h40:20 As ... ebbehout: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

* 40:20 'n Vaardige ... omkantel nie: Jes 41:6-7

* 40:21 Rom 1:19-20

is soos sprinkane.
Dit is Hy wat die hemel oopspan
soos 'n doek,
dit oopsprei soos 'n tent,^{*}
sodat mense daar kan woon.

²³ *Dit is Hy wat maghebbers
tot niks maak;
die regeerders van die aarde
maak Hy 'n nietigheid.

²⁴ *Skaars is hulle geplant,
skaars is hulle gesaai,
skaars skiet hulle steggies
wortel in die grond,
of Hy het reeds op hulle geblaas,
en hulle verdor;
dan lig 'n stormwind hulle op
soos strooi.

²⁵ “Met wie wil julle My vergelyk,
sodat Ek net soos hulle sal wees?”
vra die Heilige.

²⁶ *Kyk boontoe en sien!
Wie het hierdie dinge geskep?
Dit is Hy wat die hemelse leer
een vir een uitlei,
hulle almal op die naam roep.

* **40:22** Dit is Hy wat die ... tent: Job 9:8; Ps 104:2

* **40:23** Job 12:21; 34:18-19; Ps 2:2-5; 107:40

* **40:24** Jes 17:13-14

* **40:26,28** Ps 147:4; Bar 3:34-35; Rom 1:20; Heb 3:4

Deur die toedoen van Hom
wat groot vermoëns
en geweldige krag het,
ontbreek nie een nie.

²⁷ *Waarom sê jy dan, Jakob,
en beweer jy, Israel:
“My lewenspad is verborge
vir die HERE,
my reg gaan by my God verby”?

²⁸ Weet jy dit nie?
Het jy dit nie gehoor nie?
'n Ewige God is die HERE,
Skepper van die eindes
van die aarde.

Hy word nie moeg nie,
Hy raak nie afgemat nie —
ondeurgrondelik is sy insig.

²⁹ Dit is Hy
wat vermoeides krag gee,
wat lewenskrag vermeerder
vir wie geen vermoëns het nie.

³⁰ Jong seuns word moeg
en raak afgemat;
jong manne struikel en val.

³¹ *Maar wie op die HERE wag,
herwin hulle krag;

* 40:27 Jes 49:14-16

* 40:31 Ps 103:5

hulle kry nuwe vereⁱ soos arende.
Hulle hardloop,
 maar raak nie afgemat nie,
hulle loop,
 maar word nie moeg nie.

41

Profesieë oor Israel en Jakob

¹ “*Luister in stilte na My, eilande!^j

Laat die volke nuwe krag kry;
laat hulle na vore tree,
dan kan hulle die woord voer.

Laat ons saam nader kom
 vir die regsgeding.

² *Wie het hom uit die ooste opgewek,
hy op wie oorwinning^k wag
 met elke tree wat hy gee?

Hy laat nasies voor hom verskyn,
en konings onderwerp hy.

Hy maak hulle soos stof
 met sy swaard,*
soos strooi wat wegwaai
 met sy boog.

ⁱ**40:31 kry nuwe vere:** Die bronteks word ook vertaal as “hulle gaan op met vlerke”.

* **41:1** Hab 2:20; Sag 2:13

^j**41:1 eilande:** Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

* **41:2-3** Jes 44:24 — 45:3

^k**41:2 oorwinning:** Kan ook vertaal word “geregtigheid”.

* **41:2 Hy laat ... swaard:** Jes 40:23

³ Hy agtervolg hulle,
hy trek ongedeed verby;
hy raak nie met sy voet
aan 'n pad nie.¹

⁴ *Wie het dit bewerk en uitgevoer,
terwyl Hy van die begin af
die geslagte roep?
Ek, die HERE, was die eerste,
en by die laaste geslagte
sal Ek steeds daar wees.

⁵ “Die eilande het dit gesien
en is bevrees,
die eindes van die aarde beef.
Hulle het nader gekom,
hulle het aangekom;
⁶ hulle help mekaar.
Die een sê vir die ander,
‘Hou moed!’

⁷ *Die vakman bemoedig die smid;
die een wat met 'n hamer
die uitklopwerk doen,
bemoedig die een

¹41:3 hy raak ... pad nie: Dit beteken dat hy tydens sy oorwinningstog nie van sy strydwa afklim nie.

* 41:4 Jes 43:10; 44:6; 48:12; Op 1:4,8,17; 4:8; 22:13

* 41:7 Jes 40:19-20

wat op 'n aambeeld^m slaan.
Hy sê van die smeewerk,
‘Dit is goed!’
Hulle slaan die beeldⁿ
met spykers vas,
sodat dit nie omkantel nie.

⁸ *[“]Maar jy, Israel, my dienskneg,
Jakob, wat Ek uitgekies het,
nakomeling van Abraham,
my vriend,^o*
⁹ jy, die een wat Ek gegryp het
van die eindes van die aarde af,
wat Ek van sy verste dele af
geroep het,
vir jou het Ek gesê,
‘Jy is my dienskneg!’
Ek het jou uitgekies,
jou nie verwerp nie.
¹⁰ * Moenie bang wees nie,
want Ek is by jou;

^m41:7 **op 'n aambeeld:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Kan ook vertaal word “met 'n klophamer”.

ⁿ41:7 **die beeld:** Die •bronteks lui “dit”.

* 41:8-20 Jes 43:1-7

* 41:8-9 Deut 7:6; 14:2; Ps 135:4; Jer 30:10; Luk 1:54; Heb 2:16; Jak 2:23

^o41:8 **my vriend:** In 'n verbondsverhouding dui dit iemand aan wat lojaal is teenoor God.

* 41:8 **Abraham, my vriend:** Jak 2:23

* 41:10 Deut 31:6,8; Jos 1:9; Jes 8:10; 43:5; Hand 18:9-10

moenie vrees nie,
want Ek is jou God.
Ek versterk jou;
ook help én ondersteun Ek jou
met my seëvierende regterhand.

¹¹ *Kyk, hulle sal beskaamd staan
en verneder word —
almal wat vir jou kwaad is.

Hulle sal soos niks wees
en tot niet gaan,
daardie manne wat teen jou
'n regstryd voer.

¹² Jy sal hulle soek,
maar hulle nie vind nie,
daardie manne
wat teen jou stryd voer.

Hulle sal soos niks,
soos iets niksseggheds wees,
daardie manne
wat teen jou oorlog voer.

¹³ Want Ek, die HERE jou God,
gryp jou regterhand vas,
Ek wat vir jou sê,
'Moenie bang wees nie —
Ek is die Een wat jou help.'

¹⁴ Moenie bang wees nie,
wurm Jakob,^p
mense van Israel,
Ek is die Een wat jou help!”
is die uitspraak van die HERE,
“jou lossers^q
is die Heilige van Israel.*

¹⁵ Kyk, Ek maak jou
'n skerp nuwe dorslee,
een met dubbele rye tande.^r
Jy sal berge dors en fynmaal,
en heuwels sal jy soos kaf maak.

¹⁶ * Jy sal hulle uitwan;
die wind sal hulle wegdra;
'n stormwind
sal hulle uitmekaar waai.
Maar jy sal juig oor die HERE,
oor die Heilige van Israel sal jy roem.

¹⁷ “Die magteloses en behoeftiges
soek water, maar daar is niks;

^p**41:14 wurm Jakob:** Beeldspraak wat veragting deur ander volke in die ballingskap aandui.

^q**41:14 lossers:** Die lossers moes verarmde familieledes wat skuldslawe geword het, loskoop en aan hulle weer hulle grond teruggee; vgl Lev 25:25-26.

* **41:14 Jou lossers ... Israel:** Jes 43:14; 44:6; 47:4; 59:20; Jer 50:34; Luk 24:21

^r**41:15 skerp ... tande:** 'n Dorslee het bestaan uit 'n breë plank met stukkies yster of vuurklip aan die onderkant vasgesit (die “tande”), sodat die koring van die are geskei kon word wanneer iemand daarop staan en 'n dier dit oor die dorsvloer trek.

* **41:16 Jer 51:2**

hulle tonge verdroog van dors.
Ek, die HERE, sal hulle verhoor;
Ek, die God van Israel,
Ek sal hulle nie verlaat nie.

¹⁸ *Op kaal hoogtes^s
laat Ek riviere ontspring,
fonteine in die middel van valleie.

Van 'n woestyn maak Ek
'n waterryke vleiland,
van 'n dor land waterbronne.

¹⁹ Ek laat in die woestyn seders,
doringbome, mirtebome
en wilde-olyfhoutbome^t opskiet;

Ek plant in die Araba^u sipresse,
en daarmee saam
wildevliere en dennebome,

²⁰ sodat mense kan sien en erken,
dit ter harte neem,
en tegelykertyd begryp

dat die hand van die HERE
dit gedoen het,
dat die Heilige van Israel
dit geskep het.

* 41:18 Eks 17:1-7; Jes 35:6-7; 43:20; 48:21; Ps 114:8; 107:35

^s41:18 Op ... hoogtes: Kan ook vertaal word “Langs woestynpaaie”.

^t41:19 wilde-olyfhoutbome: Dit verwys waarskynlik na die aleppo-den.

^u41:19 die Araba: Dit verwys hier na die Jordaanvallei wes van die rivier waardeur die Israëliete sal trek ná die bevryding uit Babel; vgl Jes 40:3.

²¹ “Lê julle regsak voor,”^v
sê die HERE.

“Bring julle bewyse!”
sê die Koning van Jakob.

²² “*Laat hulle dit bring
en ons inlig oor wat gebeur:
Die vroeëre gebeure — wat was dit?

Lig ons in,
sodat ons dit ter harte kan neem,
sodat ons kan weet
wat die afloop daarvan was;

of, die komende gebeure —
laat ons hoor wat dit sal wees!

²³ Lig ons in oor wat later kom,
sodat ons kan weet
dat julle gode is.

Ja, doen iets goeds of slegs,
sodat ons bevrees,
ja, almal saam bang kan word.

²⁴ *Kyk, julle is minder as niks,
en julle daad is minder werd
as iets waardeloos!

Afstootlik is hy wat vir julle kies.

^v41:21 Lê ... voor: Hierdie woorde is gerig tot die afgode; vgl Jes 41:23.

*41:22-23 Jes 42:9; 44:7-8; 45:21; Joh 13:19

*41:24 Jes 41:29

²⁵ “Ek het hom^w uit die noorde opgewek,
en hy het gekom.

Van waar die son opkom,
sal hy my Naam aanroep.

Hy vertrap^x landvoogde
soos kleigrond,
soos 'n pottebakker die klei trap.

²⁶ *Wie het dit van die begin af
aangekondig,

sodat ons kon kennis neem,
vantevore al, sodat ons kon sê,
‘Hy was reg!’?

Daar is niemand
wat dit aankondig nie,
niemand wat iets laat hoor nie,
ja, niemand wat julle^y woorde
hoor nie.

²⁷ *Ek was die eerste
om vir Sion te sê,^z

^w**41:25 hom:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie. Dit is uitgestelde identifikasie vir Kores, wat in Jes 44:28 ter sprake kom.

^x**41:25 Hy vertrap:** Die •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui: “Hy kom”.

^{*}**41:26** Jes 43:9

^y**41:26 julle:** Dit verwys na die afgodsdienaars. In 'n hofsaak wissel die aangespreektes dikwels.

^{*}**41:27** Jes 40:9

^z**41:27 Ek ... sê:** Die bronteks lui “(As) eerste vir Sion”. Die res word egter veronderstel, in aansluiting by die volgende sin.

‘Kyk, hier is hulle
wat dit verkondig het!’^a
Aan Jerusalem gee Ek
'n boodskapper van vreugde.
²⁸ *Ek kyk rond,
maar daar is niemand nie;
onder hulle is daar nie een
wat kan raad gee nie.
Ek vra hulle,
maar hulle antwoord nie.
²⁹ *Kyk, hulle almal is niks;
hulle daade is niksseggend.
Wind en leegheid
is hulle gegote afbeeldings.”

42

¹ ^{b*}“^cKyk, hier is my dienskneg
wat Ek ondersteun,
my uitverkorene
in wie my binneste vreugde vind.
Ek het my Gees op hom laat kom;*

^a**41:27 Kyk ... verkondig het:** Een van die •Qumran-geskrifte word hier gevolg.
Die bronteks lui “Kyk, kyk hulle”.

* **41:28** Jes 63:5

* **41:29** Jes 41:24

^b**42:1-4** In Matt 12:18-21 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

* **42:1-9** Jes 11:1-10; 49:1-7

^c**42:1** Matt 3:17; Mark 1:11; Luk 9:35 verwys na Jes 42:1 as heenwysing na Jesus Christus.

* **42:1 Ek het ... kom:** Jes 11:2; 61:1; Matt 3:16; Joh 1:32-34

hy sal reg vir die nasies
laat deurbreek.

² Hy sal nie om hulp roep
en nie uitroep nie.

Hy sal nie sy stem op straat
laat hoor nie.

³ 'n Geknakte riet
sal hy nie breek nie,
'n dowwe lamppit
sal hy nie uitdoof nie;
in getrouheid
sal hy reg laat deurbreek.

⁴ *Hy sal nie weifel
en nie geknak word^d nie,
totdat hy reg op die aarde
gevestig het;
op sy lering wag die eilande.^{e*}”

⁵ *So sê die ware God, die HERE,
wat die hemel geskep
en oopgespan het,
wat die aarde uitgebrei^f het,

* 42:4 Joh 8:45

^d42:4 **nie geknak word:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “nie hardloop”.

^e42:4 **eilande:** Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

* 42:4 **op sy ... eilande:** Jes 60:9

* 42:5 Hand 17:24-25

^f42:5 **aarde uitgebrei:** Volgens die antieke wêreldbeeld was die aarde 'n plat skyf wat deur middel van pilare in 'n groot watermassa begrond is.

en dit wat daaruit voortkom,
wat asem gee aan die mense daarop,
lewensasem aan wie
daarop beweeg:

⁶ “*Ek, die HERE, het jou geroep
met die oog op geregtigheid;

Ek sal jou hand vasgryp,
jou bewaar en jou bestem
tot 'n verbond vir die volk,
tot 'n lig vir die nasies^{g*} —
^{7 h*} om blinde oë oop te maak,
om gevangenes
uit die kerker te lei,
om hulle wat in donkerte sit,
uit die tronk te lei.

⁸ *Ek is die HERE, dit is my Naam.
My heerlikheid sal Ek nie afstaan
aan 'n ander nie,
my roem nie aan gesnede beelde nie.

⁹ Die dinge van vroeër —
kyk, dit het gebeur;
en die nuwe dinge —
Ek kondig dit aan,

* 42:6 Jes 49:6; Luk 2:32; Hand 26:23

^g42:6 'n lig ... nasies: In Luk 2:32 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 8:12; Hand 26:23.

* 42:6 'n lig ... nasies: Jes 60:1-3

^h42:7,16 Hand 26:18 verwys na Jes 42:7,16 as heenwysing na Paulus.

* 42:7 Ps 107:10; Jes 35:5; 61:1; Luk 1:79; 4:18; 7:21; Joh 9:1-41; 2 Tim 2:26

* 42:8 Jes 48:11

voordat dit uitspruit,
laat Ek julle daarvan hoor.”

¹⁰ Sing vir die HERE 'n nuwe lied,^{*}
besingⁱ sy roem
van die einde van die aarde af,
julle wat die see bevaar,^j
en alles wat in die see is,^k
ook die eilande
en hulle bewoners.

¹¹ Laat die woestyn en sy dorpe
hulle stem verhef,
die gehuggies waar Kedar^l woon.
Laat die inwoners van Sela^m jubel,
hardop roep
van die bergkruine af.

¹² *Laat hulle aan die HERE eer gee,
sy roem op die eilande
bekend maak.

¹³ *Die HERE, soos 'n held
trek Hy uit,

* **42:10 Sing ... lied:** Ps 96:1; 98:1; 149:1; Op 5:9; 14:3

ⁱ**42:10 besing:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^j**42:10 die see bevaar:** Word ook vertaal “afgaan na die see”.

^k**42:10 en alles ... is:** Die bronteks lui “en sy volheid”.

^l**42:11 Kedar:** 'n Nomadiese stam in die Siries-Arabiese woestyn.

^m**42:11 Sela:** Dit verwys na 'n rotsagtige gebied in die Moab-streek, of na Petra.

* **42:12** 1 Pet 2:9

* **42:13** Rig 5:4; Sef 1:14

soos 'n krygsman
wakker Hy die krygslus aan.
Hy roep die strydkreet,
ja, Hy skreeu die oorlogskreet uit;
aan sy vyande betoon Hy Homself
as die magtige.

¹⁴ “Ek het lank stilgebly,
My stil gehou, Myself bedwing.
Soos 'n vrou wat geboorte gee,
kreun Ek;
Ek hyg en snak tegelyk na asem.

¹⁵ Ek lê berge en heuwels droog,
al die plantegroei daarop
laat Ek verdor.
Ek laat eilande in riviere ontstaan;
Ek laat vleilande opdroog.*

¹⁶ ⁿEk laat blindes gaan
op 'n weg wat hulle nie ken nie;
op paaie wat hulle nie ken nie,
laat Ek hulle loop.
Ek maak die duisternis voor hulle lig,
die ongelyk plekke maak Ek gelyk.
Dit is die beloftes —
Ek voer dit uit,
Ek laat dit nie na nie.

* **42:15** Ek lê ... opdroog: Ps 107:33; Jes 50:2

ⁿ**42:16** Vgl voetnoot in Jes 42:7.

¹⁷ *Hulle sal terugdeins,
en hulle sal grootliks beskaamd staan —
dié wat op afgodsbeelde vertrou,
wat vir gegote beelde sê,
‘Julle is ons gode!’

¹⁸ *^o“Dowes, luister!
Blindes, kyk, sodat julle kan sien!

¹⁹ Wie is blind,
behalwe my dienskneg,
en doof,
soos my boodskapper
wat Ek stuur?

Wie is blind soos die een
wat vergelding ontvang het,^p
en blind soos die dienskneg
van die HERE?

²⁰ * Jy^q het baie dinge gesien,
maar nie daaraan
aandag gegee nie.

Die ore is oop,
maar hy^r luister nie.”

* 42:17 Ps 97:7; Jes 1:29; 44:9; 45:16; Jona 2:8

* 42:18-20 Jes 6:9-10; Matt 13:9-15

^o42:18 Matt 11:5; Luk 7:22 verwys na Jes 42:18 as heenwysing na Jesus Christus.

^p42:19 wat vergelding ... het: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

* 42:20 Jer 6:10; Matt 13:14; Rom 2:21-23

^q42:20 Jy: Dit verwys na die volk in ballingskap.

^r42:20 hy: Die aangespreektes verander dikwels wanneer klagte gelê word.

²¹ Ter wille van sy geregtigheid,
het die HERE behae daarin
om sy wet as groot en glorieryk
te laat geld.

²² Maar dié is
'n geplunderde en beroofde volk.^s
Hulle is almal vasgekeer in kerkers,
en in tronke word hulle weggesteek.
Hulle het buit geword,
en daar is niemand wat uitred nie;
hulle is 'n beroofde volk,
en niemand sê, “Gee terug!” nie.

²³ Wie onder julle
gee hieraan aandag,
slaan daarop ag en hoor dit
met die oog op die toekoms?

²⁴ Wie het Jakob as buit oorgegee,
en Israel aan die plunderaars?
Is dit nie die HERE nie,
Hy teen wie ons gesondig het?
Hulle wou nie op sy paaie loop nie,
en het nie na sy wet geluister nie.

²⁵ *Hy het sy gloeiende toorn
en die geweld van oorlog
oor hulle uitgestort.
Dit het hulle aan alle kante geskroei,

^s**42:22 Maar ... volk:** Ongehoorsaamheid aan die wet of verbondsbepalings word gestraf; vgl Lev 26; Deut 28 — 29; Jer 51:34.

* **42:25** Jes 9:17-18

maar hulle het dit nie besef nie.
Dit het hulle gebrand,
maar hulle het dit nie
ter harte geneem nie.

43

¹ **“Maar nou,” so sê die HERE,
jou Skepper, Jakob,
die Een wat jou gevorm het, Israel,
“moenie bang wees nie,
want Ek het jou losgekoop,
Ek het jou op jou naam geroep,
aan My behoort jy.

² * As jy deur water moet gaan —
Ek is by jou,
of deur riviere —
hulle sal jou nie oorspoel nie.
As jy deur vuur moet gaan —
jy sal nie geskroei word nie,
en die vlam sal jou nie brand nie.*

³ * Want Ek is die HERE, jou God,
die Heilige van Israel, jou verlosser.
Ek gee Egipte as jou losprys,
Kus^t en Seba gee Ek in jou plek.

* **43:1-7** Vgl Jes 41:8-20

* **43:1** Jes 44:1-2; 45:3-4; Matt 14:27; Mark 6:50

* **43:2** Ps 66:12; 91:1-16; vgl Dan 3:17,25,27

* **43:2** As jy deur vuur ... brand nie: 1 Kor 3:15

* **43:3** Jes 49:26; 60:16

^t**43:3** Kus: Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

⁴ *Omdat jy kosbaar is in my oë,
geëer is,
omdat Ek die Een is wat jou liefhet,
gee Ek mense in jou plek,
volke in ruil vir jou lewe.

⁵ *Moenie bang wees nie,
want Ek is by jou.

Uit die ooste bring Ek jou nageslag,
uit die weste maak Ek jou bymekaar.

⁶ Ek sê vir die noorde, ‘Gee!’
en vir die suide, ‘Moenie gevange hou nie!
Bring my seuns van ver,
en my dogters van die einde
van die aarde af.

⁷ *Elkeen wat na my Naam genoem is —
tot my eer het Ek hom geskep,
hom gevorm, ja, hom gemaak.’ ”

⁸ **Laat 'n volk wat blind is,
en tog oë het,
wat doof is, en tog ore het,
na vore tree.

⁹ Al die nasies is byeengebring,

* 43:4 Op 3:9

* 43:5-6 Ps 107:3; Jes 41:10,13; Matt 8:11; Mark 13:27; Luk 13:29; Hand 18:9-10;
2 Kor 6:18

* 43:7 Jes 63:19; 65:1; Ef 2:10

* 43:8-13 Jes 41:21-29

* 43:8 Jes 41:18

die volke het bymekaargekom.
Wie onder hulle kan die saak stel,
vir ons die dinge van vroeër verklaar?
Hulle moet hulle getuies bring,
sodat hulle gelyk gegee kan word.
Die getuies^u moet luister,
sodat hulle kan sê: “Dit is waar.”

¹⁰ “*Julle is my getuies,*”
is die uitspraak van die HERE,
“my dienskneg wat Ek uitgekies het,*
sodat julle My kan ken,
in My kan glo,
en kan insien dat dit Ek is.*

Voor My is daar nie 'n god gevorm nie,
en ná My sal daar nie een wees nie.

¹¹ Ek, ja, Ek is die HERE,
en daar is geen verlosser
buiten My nie.

¹² Ek is die Een
wat dit bekend gemaak het;
Ek het verlos*
en dit aangekondig —

^u43:9 Die getuies: Die •bronteks lui “Hulle”.

* 43:10 Jes 44:8

* 43:10 Julle ... getuies: Hand 1:8

* 43:10 my dienskneg ... uitgekies het: Jes 42:1; Joh 15:16

* 43:10 sodat ... Ek is: Joh 8:24,28,58; 13:19

* 43:10-12 Voor My ... verlos: Deut 32:39; Jes 44:6; 45:21; Hos 13:4,14; Hand 4:12

Ek, nie 'n vreemde onder julle nie.
En julle is my getuies,”

is die uitspraak van die HERE,
“dat Ek God is.

¹³ Ook voortaan is Ek die Een;
uit my hand kan niemand red nie.
Ek sal optree,
en wie kan dit ongedaan maak?*

¹⁴ *So sê die HERE,
julle lossers,^v die Heilige van Israel:
“Ter wille van julle
stuur Ek iemand na Babel;
Ek laat vlugtelingen ondergaan,
hulle almal,
die Galdeërs,^w op die skepe
waaroor hulle gejuig het.^x

¹⁵ Ek is die HERE, julle Heilige,
die Skepper van Israel, julle Koning.”

¹⁶ *So sê die HERE,
wat in die see 'n pad maak,

* **43:13 Ek sal ... maak:** Jes 14:27

* **43:14 Luk 24:21**

^v**43:14 lossers:** Die lossers moes verarmde familieledes wat skuldslawe geword het, loskoop en aan hulle weer hulle grond teruggee; vgl Lev 25:25-26.

^w**43:14 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

^x**43:14 Ek laat ... het:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeus en dit word verskillend vertaal.

* **43:16 Eks 14:21-29**

'n deurgang in die magtige waters,
¹⁷ *wat strydwaens en perde laat opruk,
'n leërmag, ja, 'n magtige een
— saam lê hulle daar,
hulle staan nie op nie;
hulle is geblus,
soos 'n lamppit uitgedoof —

¹⁸ “** Moenie dinge van vroeër
in herinnering roep nie;
op vorige gebeure
moet julle nie die aandag vestig nie.

¹⁹ Kyk, Ek gaan iets nuuts doen,
dit gaan nou uitspruit.
Kan julle dit nie beseef nie?
Selfs in die woestyn sal Ek 'n pad maak,*
in die wildernis riviere.

²⁰ ** Die wilde diere sal My eer,
die jakkalse en volstruise,
omdat Ek water in die woestyn,
ja, riviere in die wildernis gee,
om my uitverkore volk te laat drink.

²¹ Die volk wat Ek vir my gevorm het —
my lof sal hulle verkondig.

* 43:17 Eks 14:4-9,25

* 43:18-19 Jes 65:17; 2 Kor 5:17; Op 21:4-5

* 43:18 Jer 16:14; 23:7

* 43:19 Selfs ... maak: Jes 11:16

* 43:20-21 1 Pet 2:9

* 43:20 Eks 17:1-7; Jes 35:6-7; 48:21

²² “*Dit is nie vir My
wat jy aangeroop het nie, Jakob;
trouens, jy het moeg geraak vir My,
Israel.

²³ Jy het nie vir My die kleinvee
van jou brandoffers gebring nie;
met jou slagoffers
het jy My nie vereer nie.
Ek het jou nie belas
met graanoffers nie,
jou nie vermoei
deur wierook te eis nie.

²⁴ Jy het nie vir My
met geld kalmoes^y gekoop nie;
met die vet van jou slagoffers
het jy My nie verkwik nie.
Nee, jy het My met jou sondes belas,
My met jou sondeskuld vermoei.*

²⁵ *Ek, ja, Ek is die Een
wat ter wille van Myself
jou oortredings telkens uitgewis het,
jou sondes nie in herinnering
geroep het nie.

²⁶ Kla My aan!

* **43:22-23** Miga 6:3; Mal 1:13

^y**43:24 kalmoes:** 'n Bamboesagtige riet met 'n aangename geur.

* **43:24 Nee ... vermoei:** Jes 1:14

* **43:25** Eseg 36:22; Mark 2:7; Luk 5:21

Laat ons saam die saak beslis.

Stel jy jou saak,

sodat jy gelyk gegee kan word.

²⁷ * Jou eerste voorvader^z het gesondig;

jou woordvoerders

het teen My oortree.

²⁸ Toe het Ek

die heilige hoë amptenare ontwy.

Ek het Jakob aan vernietiging oorgegee,

en Israel aan beledigings.”

44

¹ “*Maar luister nou,

Jakob, my dienaar,

Israel, wat Ek uitgekies het.”

² * So sê die HERE, wat jou gemaak,

jou in die moederskoot al gevorm het,

wat jou help:

“Moenie bang wees nie,

my dienskneg Jakob,

ja, Jesurun,^a wat Ek uitgekies het.

³ * Want Ek sal water uitgiet

op dorre aarde,

* **43:27-28** Gen 27:36; Jer 9:3; Hos 12:3-4

^z**43:27 eerste voorvader:** Dit verwys na Jakob.

* **44:1** Jes 41:8; vgl Ps 22:10-11

* **44:2** Jes 43:1,7

^a**44:2 Jesurun:** 'n Ander naam vir Israel; vgl Deut 32:15; 33:5,6.

* **44:3** Joël 2:28; Joh 7:38-39; Hand 2:18

waterstrome op droë grond.

Ek sal my Gees uitgiet

op jou nageslag,

en my seën op jou nakomelinge.*

⁴ Hulle sal groei tussen gras,

soos rivierwilgers

langs waterstrome.

⁵ Een sal sê,

‘Aan die HERE behoort ek,’

en 'n ander een

sal die naam van Jakob uitroep.

Nog een sal op sy hand skryf,*

‘Die HERE s'n,’

en homself die naam Israel gee. ”

⁶ * So sê die HERE,

die Koning van Israel,

die Een wat hom loskoop,

die HERE, Heerser oor alle magte:

“Ek is die Eerste,

en Ek is die Laaste.

Buiten My is daar geen God nie.

⁷ * Wie is soos Ek?

Laat hy dit uitroep!

Hy moet die saak stel,

* **44:3** Ek sal ... nakomelinge: Jes 11:2; 42:1

* **44:5** sal op ... skryf: Op 13:16

* **44:6** Jes 41:4,14; 43:8-13; 48:12; Op 1:17; 2:8; 21:6; 22:13

* **44:7** Jes 41:21-23

dit aan My voorlê,
aangesien Ek die oeroue volk
gevestig het.

Toekomstige gebeure
en wat daarna sou volg,
moes hulle vir die volk^b
aangekondig het.

⁸ Julle moet nie ontsteld wees nie,
moenie deur vrees verlam word nie.

Het Ek jou, Israel,^c
dit nie vantevore laat hoor,
dit aangekondig nie?

Julle is my getuies:
Is daar 'n God buiten My?
Daar is nie nog 'n rots nie.
Ek weet nie van een nie.*

⁹ * “Dié wat gesnede beelde vorm,
hulle almal is nietig.
Hulle geliefde maaksels baat hulle niks nie.
Hulle getuig self oor hulle gode,^d
‘Hulle sien niks nie en weet niks nie,’
sodat hulle beskaamd staan.*

^b44:7 vir die volk: Die •bronteks lui “vir hulle”.

^c44:8 Israel: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* 44:8 Julle is ... een nie: Jes 43:10,12; 45:21; vgl Deut 32:4; Jes 17:10

* 44:9-20 Jer 2:26-28; 10:1-16; Dan 5:4; Hand 17:29

^d44:9 Hulle getuig ... gode: Die bronteks lui “Hulle is self hulle getuies”.

* 44:9 Hulle sien ... staan: Ps 97:7; 115:5

¹⁰ *Wie vorm 'n god,
wie giet 'n afgodsbeeld
wat hom niks baat nie?

¹¹ Kyk, al sy aanhangers
staan beskaamd;
en die vakmanne,
hulle is bloot mense.

Hulle kom almal byeen,
neem hulle plekke in,
raak vreesbevange,
staan saam beskaamd.

¹² *Die ystersmid slyp^e sy gereedskap,
en werk met gloeiende kole.
Met hamers vorm hy iets^f
en bewerk dit
met sy kragtige voorarm.

Hy word selfs honger
en is sonder krag;
hy drink nie water nie
en raak uitgeput.

¹³ Die skrynwerker span 'n maatlyn;
hy merk die buitelyne af
met 'n griffel.^g

* 44:10 Hab 2:18

* 44:12 Jes 40:18-20

^e44:12 **slyp**: Die •Septuagint word hier gevolg. In die bronteks ontbreek 'n werkwoord.

^f44:12 **iets**: Die bronteks lui “hom”.

^g44:13 **griffel**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

Hy werk aan die hout met kerfmesse,
merk in sirkels die buitelyne af.

Hy maak dit in die vorm van 'n man,
'n pragstuk van 'n mens,
om in 'n huis te woon.

¹⁴ *Dit was vir hom nodig
om seders af te kap;
hy het 'n kroonden of 'n eik geneem,
hy het dit tussen die bome
in die bos laat groei.

Of hy het 'n sparboom geplant,
en die reën het dit laat groei.

¹⁵ Dit is daar vir 'n mens
om vuur mee te maak;
hy vat daarvan en maak hom warm.
Hy kan vuur maak
en brood bak daarmee,
én 'n god maak
en daarvoor buig in aanbidding.

Hy maak daarvan 'n afgodsbeeld
en kniel daarvoor neer. *

¹⁶ Die helfte daarvan verbrand hy
in 'n vuur;
op hierdie helfte is vleis
wat hy kan eet;
hy braai dit en word versadig.
Hy maak hom ook warm en sê,

* 44:14-17 Wys 13:11-19

* 44:15 én ... neer: Vgl Jes 46:6

‘A! Ek word warm;
ek sien die gloed van 'n vuur!’

¹⁷ *En die res daarvan
verwerk hy tot 'n god,
tot sy afgodsbeeld.

Hy kniel daarvoor neer,
buig daarvoor in aanbidding,
aanbid dit en sê,
‘Red my, want u is my god!’

¹⁸ “Hulle besef dit nie,
hulle het nie insig nie;
want hulle oë is toegesmeer,
sodat hulle nie kan sien nie,
hulle harte,
sodat hulle nie kan begryp nie.

¹⁹ Hulle neem dit nie ter harte nie,
en het nie die kennis of insig
om te kan dink nie:

Die helfte daarvan
het ek in die vuur verbrand;
ek het ook op die kole daarvan
brood gebak en vleis gebraai
en dit geëet.

En wat daarvan oor is —
tot iets afstootliks maak ek dit;
voor 'n stuk hout kniel ek neer.

* 44:17 Jes 45:20

²⁰ “So iemand bemoei hom met as;
sy hart is mislei en verlei hom.
Hy kan homself nie losruk
of vra,
‘Is dit nie dalk 'n stuk bedrog
hier in my regterhand nie?’* ”

²¹ “*Onthou die volgende, Jakob,
ja, Israel,
want jy is my dienskneg:
Ek het jou gevorm,
my dienskneg is jy.
Israel, vir My is jy nie vergete nie.* ”

²² *Ek het jou oortredings soos 'n newel,
jou sondes soos 'n wolk weggevee.
Keer terug na My,
want Ek het jou losgekoop.”

²³ * Jubel, hemel,
want die HERE het opgetree!
Juig, dieptes van die aarde!
Breek uit in gejubel, berge,
bosse en elke boom daarin;
want die HERE het Jakob losgekoop,

* **44:20 Is dit ... regterhand nie:** Ps 144:8; Hos 4:12

* **44:21** Jes 41:8

* **44:21 Israel, vir ... vergete nie:** Jes 49:14-16

* **44:22** Jes 43:1,25; 48:20; Mark 2:7

* **44:23** Jes 49:13; Op 12:12; 18:20

in Israel sy heerlikheid getoon!

²⁴ * So sê die HERE, jou lossers,^{h*}

Hy wat jou in die moederskoot
al gevorm het:

“Ek is die HERE

wat alles gemaak het,
wat alleen die hemel oopspan,
wat die aarde uitbrei^{i*}

— wie was by My? —

²⁵ * wat die voortekens

van orakelpriesters verydel,
wat van voorspellers gekke maak,
wat wyses laat terugdeins
en hulle kennis belaglik maak,

²⁶ wat die woord van sy diensknege
bevestig,

wat die plan van sy boodskappers
uitvoer,

die Een wat oor Jerusalem sê,

‘Sy sal bewoon word,’

en oor die dorpe van Juda,

* **44:24** Jes 44:2; 49:5

^h**44:24 lossers:** Die lossers moes verarmde familieledes wat skuldslawe geword het, loskoop en aan hulle weer hulle grond teruggee; vgl Lev 25:25-26.

* **44:24 HERE, jou lossers:** Luk 1:68; 2:38; 24:21

ⁱ**44:24 aarde uitbrei:** Volgens die wêreldbeeld van daardie tyd was die aarde 'n plat skyf wat deur middel van pilare in 'n groot watermassa begrond is.

* **44:24 Ek is ... uitbrei:** Jes 42:5

* **44:25** Deut 18:4; Luk 10:21; 1 Kor 1:20

‘Hulle sal herbou word,
Ek sal sy puinhope weer oprig,’
²⁷ * die Een wat vir die diepsee sê,
‘Word droog!
Jou seestrome gaan Ek drooglê,’
²⁸ * die Een wat oor Kores sê,
‘Hy is my herder;^j
en alles wat Ek wil, sal hy uitvoer,’
deur oor Jerusalem te sê,
‘Dit sal herbou word,’
en die tempel —
‘sy fondament sal gelê word.’ ”

45

Kores as God se dienskneg

¹ “** So sê die HERE vir sy gesalfde,
vir Kores,
wie se regterhand Ek vasgegryp het
om nasies voor hom te verslaan,
deur konings te ontwapen^k
om voor hom deure oop te maak,

* **44:27** Jes 42:15; Jer 50:38; Op 16:12

* **44:28** 2 Kron 36:22-23; Esra 1:1-3; Jes 45:1,13; vgl Hand 13:22

^j**44:28 herder:** Dit was 'n titel van die koning; vgl 2 Sam 5:2; Eseg 34:23.

* **45:1-7** Jes 41:1-5

* **45:1** Jes 44:28

^k**45:1 konings te ontwapen:** Die Hebraëuse idioom kan vertaal word as “die heupe van konings oopmaak”. Dit verwys na die afhaal van die gevegsgordel om die heupe.

sodat poorte nie vir hom
gesluit sal bly nie,
²*Ek self sal voor jou uit gaan,
die berge¹ sal Ek gelyk maak.
Deure van brons
sal Ek stukkend breek,
en sluitbalke van yster
sal Ek stukkend kap.*
³*Ek gee aan jou
skatte in die donker,
rykdomme in verborge plekke,
sodat jy kan weet
dat dit Ek, die HERE, is
wat jou op jou naam roep,*
die God van Israel,
⁴*ter wille van my dienskneg Jakob,
en Israel, my uitverkorene.
Ek roep jou op jou naam,
Ek gee jou 'n erenaam,
al het jy My nie geken nie.

* 45:2 Ps 107:16; Jes 40:4

¹45:2 **die berge:** Een van die •Qumran-geskrifte en die •Septuagint word hier gevolg. Die betekenis van die Hebreeuse woord met die huidige vokalisasie is onbekend. Die ongevokaliseerde teks kan vertaal word as “die woonplekke”.

* 45:2 **Deure ... stukkend kap:** Ps 107:16

* 45:3 Kol 2:3

* 45:3 **dat ... roep:** Jes 43:1

* 45:4 Jes 41:8-9

⁵ Ek is die HERE,
en daar is geen ander nie;
buiten My is daar geen god nie.*
Ek omgord jou,
al het jy My nie geken nie,
⁶ * sodat hulle
van waar die son opkom,
en van waar hy ondergaan,
kan weet
dat daar niks is buiten My nie.
Ek is die HERE,
en daar is geen ander nie —
⁷ * die Een wat die lig vorm
en die duisternis skep,
wat voorspoed bewerk
en onheil skep.
Ek, die HERE, bewerk
al hierdie dinge.

⁸ “*Hemele daar bo,
laat dit neerstuif,
en laat die wolke
geregtigheid neersif!
Die aarde moet oopgaan;
dit moet verlossing

* 45:5 Ek is ... god nie: 2 Sam 7:22; Jes 43:10; 44:6,8; 45:6; 48:12

* 45:6 Ps 113:3; Mal 1:11

* 45:7 Job 2:10; Am 3:6; 4:13; Sir 11:14

* 45:8 Deut 32:2; Ps 85:11-13; Jes 61:11

as vrug voortbring;
geregtigheid moet
daarmee saam uitspruit.
Ek, die HERE, het dit geskep.

⁹ “*Wee hom wat 'n stryd aanknoop
met die een wat hom gevorm het —
hy is 'n potskerf
tussen potskerwe op die grond!
Vra die klei vir die een wat dit vorm,
‘Wat maak jy?
Jou maaksel —
dit het nie eers handvatsels nie!’
¹⁰ Wee hom wat vir 'n pa sê,
‘Waarom verwek jy kinders?’
of vir 'n vrou,
‘Waarom krimp jy ineen vir geboorte?’ ”

¹¹ So sê die HERE,
die Heilige van Israel,
wat hom gevorm het:
“Die dinge wat kom —
vra My daaroor!
Oor my kinders* en my handewerk
moet julle My mos opdragte gee!^m

¹² *Dit is Ek

* 45:9 Jes 10:15; 29:16; Rom 9:20

* 45:11 my kinders: Jer 31:9

^m45:11 Die dinge ... gee: Hierdie woorde is gerig tot die nasies.

* 45:12 Gen 1:1,26-27; 2:1

wat die wêreld gemaak het,
en die mense daarop
het Ek geskep.
Ek, ja, my hande
het die hemelruim oopgespan,
en aan al die hemelliggame
het Ek opdragte gegee.
¹³ ⁿDit is Ek wat hom^o opgewek het,
met die oog op geregtigheid.
Al sy paaie sal Ek gelyk maak.
Dit is hy wat my stad sal herbou
en my ballinge sal vrylaat,
sonder 'n koopprys,
sonder omkoopgeld,”
sê die HERE, Heerser oor alle magte.

¹⁴ * So sê die HERE:
“Die produkte van Egipte,
die handelswins van Kus,^p
en die Sabeërs, daardie lang mense,
sal na jou toe kom,
aan jou sal dit behoort.
Hulle sal agter jou aan loop,
in kettings sal hulle aankom.

ⁿ45:13 2 Kron 36:22-23; Jes 41:2; 44:28

^o45:13 **hom**: Dit verwys na Kores.

* 45:14 Jes 55:5; Sir 36:4; 1 Kor 14:25; Op 3:9

^p45:14 **Kus**: Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

Voor jou sal hulle diep neerbuig,
by jou sal hulle biddend pleit,
‘Waarlik, by jou is God,
en daar is geen ander nie,
ja, geen ander God nie.’ ”

¹⁵ *Waarlik U is God,
die Een wat Uself verberg,
die God van Israel, die verlosser.

¹⁶ Hulle staan beskaamd,
ja, hulle is almal saam verneder.
Saam het die beeldemakers
in vernedering weggegaan.

¹⁷ *Israel word verlos
deur die HERE —
'n verlossing vir alle tye.
Hulle sal nie beskaamd staan nie,
en nie verneder word nie —
tot in alle ewigheid.

¹⁸ *Ja, so sê die HERE
wat die hemel geskep het
(Hy is God),
wat die aarde gevorm
en dit gemaak het
(Hy het dit gevestig;

* 45:15 Jes 8:17; Rom 11:33; 1 Tim 6:16

* 45:17 Heb 5:9

* 45:18 Jes 42:5

nie as 'n onherbergsame plek
het Hy dit geskep nie;
maar om bewoon te word,
het Hy dit gevorm):

“Ek is die HERE,
en daar is geen ander nie.

¹⁹ *Ek het gepraat —
nie in die geheim nie,
nie iewers in 'n donker land nie.*

Ek het nie vir die nageslag
van Jakob gesê,

‘Soek My
in 'n onherbergsame plek’ nie.

Ek, die HERE,
verkondig geregtigheid;

Ek kondig aan wat reg is.

²⁰ *Kom byeen, ja, kom!

Kom almal nader,
julle van die nasies wat ontvlug het!

Hulle weet niks nie,
hulle wat hulle afgodsbeelde
van hout dra,^q
wat bid tot 'n god wat nie verlos nie.

* 45:19 Deut 30:11-14; Jes 48:16; Joh 18:20; Hand 26:26

* 45:19 nie in ... land nie: Joh 18:20

* 45:20 Jes 44:17-19; Rom 1:22-23

^q45:20 afgodsbeelde ... dra: In Babel is optogte gehou waartydens afgodsbeelde gedra is; vgl Jes 46:1.

²¹ *Stel die saak en bring die bewyse!^r

Beraadslaag ook saam!

Wie het hierdie saak

lankal reeds bekend gestel,

dit tevore al aangekondig?*

Is dit nie Ek, die HERE, nie?

Daar is geen ander God buiten My nie

— 'n regverdige God,

en Een wat verlos —

geeneen behalwe Ek nie.*

²² “*Wend julle tot My,

en word verlos,

almal van die uithoeke

van die aarde!

Want Ek is God,

en daar is geen ander nie.

²³ *By Myself sweer Ek,

uit my mond gaan 'n belofte

oor geregtigheid,

en dit sal nie herroep word nie:

Voor My sal elke knie buig,

elke tong sal plegtig verklaar,

* **45:21** Jes 41:22; 43:9-12

^r**45:21 die bewyse:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **45:21 Wie ... aangekondig:** Jes 48:5; Hand 15:18

* **45:21 Daar ... Ek nie:** Ps 18:32; Jes 44:8; Mark 12:32

* **45:22** Ps 22:28; Jes 52:10

* **45:23** Rom 14:11; Fil 2:10-11

²⁴ ‘Net by die HERE,’
sê hulle dan van My,
‘is daar kragtige dade van geregtigheid.’^{s”}
Na Hom toe sal hulle kom
en beskaamd staan,
almal wat vir Hom kwaad is.*

²⁵ Deur die HERE
sal die hele nageslag van Israel
tot hulle reg kom,
en in Hom roem.

46

God of die afgode

¹ *Bel^t het inmeaargesak,
Nebo^u is vooroor gebuig.
Hulle^v afgodsbeelde behoort
aan die wilde diere en aan die vee.
Julle draagbare gode is opgelaai —
'n las vir uitgeputte diere.
² Hulle staan vooroor gebuig,
saam sak hulle inmekaar;
hulle kan die vraag nie red nie.

^s45:24 kragtige ... geregtigheid: Letterlik ‘geregtighede-en-krag’.

* 45:24 Na Hom ... kwaad is: Jes 41:11

* 46:1 Jes 21:9; Jer 50:2

^t46:1 Bel: Dit verwys na die Babiloniese hoofgod Marduk.

^u46:1 Nebo: Dit verwys na die hoofgod Marduk se seun.

^v46:1 Hulle: Dit verwys na die Babiloniërs.

Hulle gaan self in ballingskap.

³ “*Luister na My, huis van Jakob,
almal wat oor is van die huis van Israel,
julle wat gedra is
vanaf die baarmoeder,
wat opgetel is van die moederskoot af.

⁴ Tot in julle ouderdom is Ek daar;
tot in julle gryse ouderdom
is Ek die Een wat julle dra.
Dit is Ek wat dit gedoen het:
dit is Ek wat optel,
dit is Ek wat dra en verlos.

⁵ *Met wie wil julle My vergelyk,
en aan wie My gelykstel,
wie beskou julle as My gelyke,
dat ons dieselfde is?

⁶ *Hulle wat goud uit 'n geldsak skud
en silwer met 'n weegskaal afweeg,
hulle huur 'n goudsmid,
en hy maak 'n god daarvan.
Hulle kniel voor hom,
hulle buig selfs in aanbidding;

⁷ *hulle tel hom op hulle skouers,
hulle dra hom en plaas hom
op sy plek —

* 46:3 Eks 19:4; Ps 22:10; Jes 63:9

* 46:5 Jes 42:8; 43:8-13; 44:7

* 46:6 Jes 40:19-20; 44:15

* 46:7 Ps 115:5; Jes 45:20; Jer 10:5

en daar staan hy!
Van dié plek af kan hy nie beweeg nie.
Selfs as iemand na hom om hulp roep,
antwoord hy nie;
uit benoudheid kan hy iemand
nie verlos nie.

⁸ “*Onthou dit,
sodat julle standvastig kan wees.^w

Neem dit ter harte, oortreders!

⁹ *Onthou die dinge van vroeër,
van lank gelede;

want Ek is God, en daar is geen ander nie,
God, en daar is niemand soos Ek nie —

¹⁰ *Ek wat van die begin af
die afloop aankondig,

van lank gelede af

dit wat nog nie gebeur het nie;

Ek wat sê,

‘My raadsbesluit sal standhou;
alles wat Ek wil, sal Ek uitvoer,’*

¹¹ *Ek wat uit die ooste 'n roofvoël roep,
van 'n ver land af iemand roep

* 46:8 Jes 44:21

^w46:8 **standvastig kan wees:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die
•bronteks, en dit word verskillend vertaal.

* 46:9 Deut 32:7

* 46:10 Spr 19:21; Jes 41:26; 45:21; Joh 13:19

* 46:10 **My ... uitvoer:** Num 23:19; Ps 33:11; Ef 1:11

* 46:11 Jes 41:2; 45:13; Op 16:12

vir my raadsbesluit.
Ja, Ek het dit aangekondig;
Ek sal dit beslis laat gebeur.
Ek het dit gereed gemaak;
Ek sal dit beslis uitvoer.

¹² “Luister na My, trotses van hart,
julle wat ver is van geregtigheid.

¹³ *Ek het my geregtigheid
nader gebring;

dit is nie meer ver nie.*

Die verlossing wat Ek bring,
sal nie talm nie.

In Sion sal Ek verlossing skenk,
aan Israel my heerlikheid.”

47

Val van Babel

¹ *[“] Klim af, sit in die stof,
maagdelike dogter van Babel!
Sit op die grond, sonder 'n troon,
dogter van die Galdeërs!^x
Want hulle sal jou nie langer
die saggearde

* 46:13 Ps 130:7; Luk 2:32

* 46:13 Ek het ... ver nie: Jes 51:5; Rom 3:21

* 47:1-15 Jes 13:1 — 14:23; 21:1-10; Jer 50:1 — 51:64; Hab 2:5-19

* 47:1 Ps 137:8; Vgl Jes 3:26; Jer 48:18

^x47:1 Galdeërs: Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

en die fynbesnaarde noem nie.

² Neem 'n handmeul^y en maal koring!

Haal jou sluier af,

lig die lang kleed op,

ontbloot jou dye,^{*}

steek riviere oor!

³ * Jou naaktheid sal ontbloot word,

en ook jou skande sal gesien word.

Wraak gaan Ek neem;

Ek sal geen mens tegemoetkom nie.*”

⁴ * Ons lossen, die HERE,

Heerser oor alle magte is sy Naam,

die Heilige van Israel.

⁵ “Sit in swye,

gaan die duisternis binne,

dogter van die Galdeërs!

Want jy sal nie langer genoem word

heerseres van koninkryke nie.

⁶ * Ek was kwaad vir my volk,

Ek het my eiendom ontwy;

Ek het hulle in jou hand oorgegee.

^y47:2 **handmeul:** Dit was 'n slavin se werk om met die handmeul meel te maal;
vgl Eks 11:5.

* 47:2 **Haal ... dye:** Jes 20:4

* 47:3 Jer 13:26

* 47:3 **Wraak ... nie:** Rom 12:19

* 47:4 Jes 41:14

* 47:6 Deut 28:49-50; Jes 10:6; Sag 1:15

Jy het nie aan hulle barmhartigheid
bewys nie.

Selfs op ou mense het jy jou juk
baie swaar gemaak.

⁷ * Jy het gedink:

Vir altyd sal ek daar wees,
'n heerseres vir ewig.

Jy het hierdie dinge
nie ter harte geneem nie;

jy het nie aan die afloop daarvan
gedink nie.

⁸ Daarom, luister hierna,
wellustige wat rustig woon,
wat in haar hart sê:

Ek is die een, en niemand anders nie;
ek sal nie as 'n weduwee sit nie;
ek sal nie kinderloosheid ervaar nie.

⁹ Die volgende twee dinge kom oor jou,
skielik, binne 'n enkele dag:

kinderloosheid en weduweeskap.
Die volle omvang daarvan sal jou tref
ondanks jou oorfloed towerkunste,
jou talle kragtige towerspreuke.

¹⁰ Jy het op jou boosheid vertrou;
jy het gedink: Niemand sien my nie.

Jou wysheid en jou kennis,
dit is wat jou verlei het.

Jy het in jou hart gesê,

* 47:7-9,14 Sef 2:15; Op 18:7-8,23

‘Ek is die een,
en niemand anders nie!’

¹¹ Onheil oorval jou,
en jy ken nie beswering daarteen nie.

'n Ramp oorval jou,
en jy kan dit nie afweer nie.

Skielik oorval teenspoed jou,
en jy het dit nie eers vermoed nie.

¹² Tree maar aan
met jou towerspreuke,
met jou oorvloed towerkunste
waarmee jy jou
van jou jeug af vermoei.

Miskien kan jy daarby baat,
miskien skrik jy mense af.

¹³ Jy sloof jou af met jou baie planne.
Laat hulle maar aantree en jou verlos —
die sterrewiggelaars,
die sterrekykers wat elke maand
bekend maak wat jou gaan oorkom.

¹⁴ Kyk, hulle het soos strooi geword,
vuur verbrand hulle.
Hulle kan hulleself nie red
uit die greep van die vlamme nie —
dit is nie gloeiende kole
om hulle warm te maak nie,
nie vuur om langs te sit nie.

¹⁵ *Só het almal vir jou geword,

* 47:15 Op 18:11-13

jou handelsvennote^z
vir wie jy jou vermoei het
van jou jeug af.
Elkeen van hulle dwaal af,
sy eie koers in;
daar is niemand wat jou verlos nie.”

48

Vooruitsig op 'n nuwe tydperk

¹ Luister hierna, huis van Jakob,
wat met die naam Israel
genoem word
en uit die waters van Juda
voortgekom het,
wat in die HERE se Naam
'n eed aflê
en hulle op die God van Israel beroem,
maar nie in waarheid en geregtigheid nie,^{*}
² al noem hulle hulleself
na die heilige stad,
en al steun hulle op die God van Israel^{*} —
die HERE, Heerser oor alle magte
is sy Naam.

^z47:15 **jou handelsvennote:** Met 'n geringe wysiging kan dit vertaal word “jou besweerders”.

^{*}48:1 **wat in ... geregtigheid nie:** Deut 6:13; Jer 5:2

^{*}48:2 **en ... Israel:** Miga 3:11

³ “*Die vroeëre gebeure

het Ek al lankal aangekondig —
uit my mond het die berig gekom;
Ek het dit bekend gemaak.

Meteens het Ek opgetree,
en dit het gebeur.

⁴ *Omdat Ek weet dat jy hardnekkig is,
dat jou nek 'n ystersening is
en jou voorkop brons,

⁵ het Ek dit lankal vir jou aangekondig;
voordat dit gebeur het,

het Ek dit aan jou bekend gemaak.*

Anders sou jy sê,

‘My afgod het hierdie dinge gedoen,
my afgodsbeeld en my gegote beelde
het dit beveel.’

⁶ Jy het dit gehoor;
aanskou dit dan nou alles!

En julle, sal julle dit
nie bekend maak nie?

“Van nou af maak Ek aan jou
nuwe dinge bekend,
dinge wat verborge is,
waarvan jy nie geweet het nie.*

* 48:3 Jes 41:26

* 48:4 Eks 32:9; Deut 9:13; 2 Kon 17:14

* 48:5 het ... gemaak: Jes 42:9

* 48:6 Van ... het nie: Op 1:19

⁷ Nou eers is dit geskep,
nie tevore nie;
voor vandag
het jy nie daarvan gehoor nie,
sodat jy nie sou sê,
‘Kyk, ek het dit geweet’ nie.

⁸ * Jy het dit nóg gehoor,
nóg geweet.

Vroeër is jou ore
ook nie oopgemaak^a nie,
want Ek het geweet dat jy
beslis ontrou gaan wees.
Oortreder van die moederskoot af
word jy genoem.*

⁹ * Ter wille van my Naam
hou Ek my toorn terug,
ter wille van die lof wat My toekom,
bedwing Ek Myself —
tot jou voordeel,
en om jou nie uit te roei nie.

¹⁰ * Kyk, Ek het jou gelouter,
maar nie in 'n silwer smeltoond^b nie.

* **48:8** Jes 6:9-10; 42:19-20; 43:8

^a **48:8 is jou ... oopgemaak:** Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “het oopgemaak”.

* **48:8 want ... genoem:** Jes 1:2

* **48:9** Ps 78:38; Eseg 20:9,14,44

* **48:10** Ps 66:10; 1 Pet 1:7; vgl Eseg 22:18

^b **48:10 silwer smeltoond:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

Ek het jou getoets
in die smeltkroes van ellende.

¹¹ *Ter wille van Myself,
ja, ter wille van Myself
tree Ek op.

Want hoe sou my Naam
nie ontheilig word nie!
En my heerlijkheid —
aan geen ander sal Ek dit gee nie.*

¹² *Luister na My, Jakob,
Israel, my geroepene:
Dit is Ek; Ek is die eerste,
Ek is ook die laaste.

¹³ *Dit is ook my hand
wat die aarde gegrondves het,
my regterhand
wat die hemel oopgespan het.
Wanneer Ek na hulle roep,
staan hulle saam gereed.

¹⁴ “Kom byeen, julle almal, en luister!
Wie onder hulle^c het hierdie dinge
aangekondig?
Hy vir wie die HERE lief is,

* **48:11** Jes 42:8; Eseg 36:22

* **48:11 En ... gee nie:** Jes 42:8

* **48:12** Jes 44:6; Op 1:17; 2:8; 21:6; 22:13

* **48:13** Jes 45:12,18; Ps 102:26; Rom 4:17; Heb 1:10

^c**48:14** Wie ... hulle: Dit verwys na die afgode en hulle aanbidders.

sal die HERE se^d wil
oor Babel voltrek;
sy arm sal dit aan die Galdeërs^e doen.^f

¹⁵ Ek, Ek het gepraat;
Ek het hom ook geroep.
Ek het hom laat kom,
en sy pad sal voorspoedig wees.*

¹⁶ *Kom nader na My toe!

Luister hierna:

Van die begin af het Ek
nie in die geheim gepraat nie,
vanaf die tyd dat dit gebeur het,
is Ek daar.”

En nou het my Heer, die HERE,
my gestuur, en ook sy Gees.*

¹⁷ *So sê die HERE, jou lossen,
die Heilige van Israel:

“Ek is die HERE jou God,
wat jou leer tot jou voordeel,
wat jou lei op die pad wat jy moet loop.

^d48:14 die HERE se: Die bronteks lui “sy”.

^e48:14 Galdeërs: Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

^f48:14 doen: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* 48:14-15 Hy ... wees: Jes 45:1,13

* 48:16 Vgl Jes 45:19

* 48:16 En nou ... Gees: Jes 61:1

* 48:17 Jes 41:14

¹⁸ * As jy maar net ag sou slaan

op my gebooie,

dan sou jou vrede

soos 'n rivier wees,

jou geregtigheid

soos die golwe van die see;

¹⁹ * soos die sand

sou jou nageslag wees,

die nakomelinge uit jou liggaam

soos korrels sand.

Dan sou hulle nie uitgeroei word nie,

en hulle naam sou nie uitgedelg word

uit my teenwoordigheid nie.

²⁰ “Gaan uit Babel uit,

vlug weg van die Galdeërs!*

Kondig dit met gejuig aan,

laat hierdie boodskap hoor!

Laat dit uitgaan tot by die einde

van die aarde!

Sê, ‘Die HERE

het sy dienaar Jakob losgekoop!*

²¹ *Hulle het nie dors geword nie;

deur droë streke

* **48:18** Jes 66:12

* **48:19** Gen 22:17; Jes 10:22

* **48:20** Gaan ... Galdeërs: Jer 50:8; 51:6,45; Op 18:4

* **48:20** Die ... losgekoop: Jes 41:8

* **48:21** Eks 17:1-7; Ps 78:15-16

het Hy hulle laat gaan.
Water uit 'n rots
het Hy vir hulle laat vloei.
Hy het 'n rots gekloof,
en water het uitgestroom.'

²²*“Daar is geen vrede
vir die goddeloses nie,”
sê die HERE.

49

Profesieë oor Jerusalem en Sion

¹ Luister na my, eilande,[§]
gee aandag, afgeleë nasies!*

Die HERE het my reeds geroep
toe ek in die moederskoot was;
Hy het reeds my naam genoem
toe ek in my moeder se liggaam was.*

²*Hy het my mond
soos 'n skerp swaard gemaak,
in die skaduwee van sy hand
het Hy my weggesteek.
Hy het my 'n geslypte pyl gemaak,
in sy pylkoker het Hy my versteek.

* 48:22 Jes 57:21

§49:1 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

* 49:1 Luister ... nasies: Jes 41:1

* 49:1 Die ... liggaam was: Ps 2:7; Jer 1:5; Gal 1:15

* 49:2 Ef 6:17; Heb 4:12; Op 1:16; 2:12,16; 19:15

³ *Hy het vir my gesê:

“Jy is my dienskneg, Israel,
deur wie Ek my heerlikheid toon.”

⁴ *Ek het egter gedink:

Tevergeefs het ek my
moeg gemaak.

Verniet, vrugteloos
het ek my kragte ingespan.

En tog, die beslissing oor my
lê by die HERE,
my beloning is by my God.

⁵ Maar nou, die HERE het gepraat

— Hy wat my in die moederskoot

al gevorm het

as 'n dienskneg vir Hom —

sodat ek Jakob na Hom kan terugbring,

sodat Israel vir Hom

byeengebring kan word.

In die oë van die HERE

word ek geëer;

my God het my krag geword.

⁶ Hy het gesê: “Dit is nie genoeg

dat jy vir my 'n dienskneg is

om die stamme van Jakob op te rig nie,

om dié wat bewaar gebly het van Israel,

te laat terugkeer nie.

* 49:3 Jes 1:8-9; Matt 3:17; Gal 1:24; 2 Thess 1:10

* 49:4 Ps 127:1-2; Jes 40:27; 53:10-12; 65:23; Joh 17:5; Fil 2:8-11,16

Ek gee jou as 'n lig vir nasies,^h
sodat my heil sal strek
tot by die einde van die aarde.ⁱ”

⁷ So sê die HERE,
die lossers^j van Israel, sy Heilige,
aan die sielsveragte,
aan hom wat afstootlik is
vir nasies,^k
aan die dienaar van heersers:
“Konings sal dit sien en opstaan,
ja, vorste,
en hulle sal diep neerbuig,
ter wille van die HERE,
Hy wat getrou is,
die Heilige van Israel,
wat jou gekies het.”*

⁸ * So sê die HERE:
“In 'n tyd van welwillendheid

^h49:6 Ek gee ... nasies: In Luk 2:32 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 8:12; 9:5.

ⁱ49:6 Ek gee ... aarde: In Hand 13:47 aangehaal as heenwysing na Paulus. Hand 26:23 verwys ook na Jes 49:6 as heenwysing na Jesus Christus.

^j49:7 lossers: Die lossers moes verarmde familieledes wat skuldslawe geword het, loskoop en aan hulle weer hulle grond teruggee; vgl Lev 25:25-26.

^k49:7 aan die ... nasies: Met uitsondering van die •Septuagint word die vroeë vertalings hier gevolg. Die •bronteks lui “aan die veragting van lewe, aan hom wat nasies afstootlik vind”.

*49:7 Konings ... gekies het: Jes 60:10

*49:8 2 Kor 6:2

verhoor Ek jou;
op die dag van verlossing
help Ek jou.
Ek sal jou beskerm,
Ek gee jou as 'n verbond aan die volk*
om die land op te bou,
om van verlate erfgrond
weer 'n erfdeel te maak,
⁹ om vir gevangenes te sê,
'Gaan uit!'
en vir hulle wat in die donker is,
'Kom te voorskyn!'^{*}
Langs die paaie sal hulle wei,
op al die kaal hoogtes¹
sal hulle weiding wees.
¹⁰ *Hulle sal nie honger
of dors word nie,
die dor woestynwind en son
sal hulle nie tref nie.
Ja, hulle ontfermer sal hulle lei,
langs waterbronne
sal Hy hulle begelei.

¹¹ “*Ek sal al my berge

* 49:8 verbond ... volk: Jes 42:6

* 49:9 om ... voorskyn: Jes 42:7

¹49:9 op ... hoogtes: Kan ook vertaal word “Langs al die •woestynpaaie”.

* 49:10 Ps 121:6; Jes 4:5-6; 24:4-5; 48:21; Op 7:16-17

* 49:11 Jes 40:3-4; 43:19

in 'n pad verander,
en my grootpaaie sal opgevol wees.

¹² *Kyk, hierdie mense kom van ver af;
kyk, sommige kom uit die noorde
en weste,
en ander kom uit die gebied
by Aswan.^m”

¹³ * Jubel, hemel, en juig, aarde!
Breek uit in gejubel, berge!
Want die HERE het sy volk getroos,
Hom oor sy magteloses ontferm.

¹⁴ “*Sion het gesê,
‘Die HERE het my verlaat,
my Heer het my vergeet.’

¹⁵ Kan 'n vrou haar suigeling vergeet,
haar nie ontferm
oor die seun
van haar moederskoot nie?
Selfs al sou hulle vergeet,
Ek, ja, Ek sal jou nie vergeet nie.

¹⁶ *Kyk, op twee handpalms
het Ek jou ingegrif;

* 49:12 Ps 107:3; Jes 43:5-6

^m49:12 **Aswan:** Die vertaling volg een van die •Qumran-geskrifte; dit is Aswan in Egipte. Die bronteks lui “Sinim”, 'n onbekende landstreek.

* 49:13 Jes 40:1; 44:3; 61:2; Luk 2:25; 2 Kor 7:6; Op 18:20

* 49:14-15 Ps 22:2; Jes 40:27; 44:21; 54:8; Jer 31:20; Hos 11:8-9

* 49:16 Vgl Eks 13:9

jou stadsmure is steeds voor My.

¹⁷ Jou kindersⁿ kom gou.

Hulle wat jou afgebreek het,

'n puinhoop van jou gemaak het,

hulle trek uit jou uit.

¹⁸ *Kyk oral rond en sien:

Hulle almal kom byeen,

hulle kom na jou toe.

So waar as Ek leef,”

is die uitspraak van die HERE,

“jy sal hulle almal dra soos juwele,

soos 'n bruid sal jy hulle omhang.

¹⁹ *Oor jou puinhope,

jou verwoeste plekke,

jou vernielde land

lê Ek 'n eed af:^o

Jy gaan nou te klein wees

vir al die inwoners;

en hulle wat jou verslind het,

sal ver weg wees.

²⁰ *Die kinders waarvan jy beroof is,

sal weer, terwyl jy dit hoor, sê,

ⁿ**49:17 Jou kinders:** Met die verandering van een vokaal kan dit ook vertaal word as “Hulle wat jou herbou”. So lui een van die Qumran-geskrifte en verskeie vroeë vertalings.

* **49:18** Jes 60:4; Rom 14:11

* **49:19** Jes 54:1-3; Sag 2:4

^o**49:19 lê ... af:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **49:20** Jes 54:1-3

‘Die plek is te beknop vir my,
maak vir my ruimte,
sodat ek hier kan woon!’

²¹ * Jy sal in jou hart sê:

Wie het hulle vir my
in die wêreld gebring
terwyl ek kinderloos
en onvrugbaar was,
'n balling en 'n gevangene?^p

Hierdie kinders —
wie het hulle grootgemaak?
Kyk, ek het alleen oorgebly;
waar was hulle dan?”

²² * So sê my Heer, die HERE:

“Kyk, Ek sal na die nasies
my hand ophef,
na die volke my banier omhoog hou.

Hulle sal jou seuns bring
in die vou van die kleed,^q
en jou dogters op die skouer dra.

* **49:21** Jes 65:23

^p**49:21 gevangene:** Enkele vroeë vertalings word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

* **49:22** Jes 11:12; 60:4; Bar 5:6

^q**49:22 vou ... kleed:** Die vou van die klere voor die bors, wat as 'n sak kon dien.

²³ *Konings sal jou voogde wees,
en hulle prinsesse jou pleegmoeders.
Gesig na die grond,
sal hulle diep voor jou neerbuig;
hulle sal selfs die stof van jou voete lek.*
Dan sal jy besef
dat Ek die HERE is.
Wie op My wag,
sal nie beskaamd staan nie.*”

²⁴ *“Sal krygsgevangenes weggeneem word
van 'n held,
of gevangenes vrykom
van 'n geweldenaar?”

²⁵ *Maar, so sê die HERE:
“Selfs gevangenes sal van 'n held
weggeneem word,
en krygsgevangenes sal vrykom
van 'n geweldenaar.
Teen hom wat met jou
die stryd aanknoop,
sal Ek self die stryd aanknoop,
en jou kinders —

* 49:23 Jes 60:14,16; Op 3:9

* 49:23 Konings ... lek: Ps 72:9; Jes 45:14; 60:14,16; Op 3:9

* 49:23 Wie ... staan nie: Ps 25:3; Jes 30:18; Rom 5:5

* 49:24 Matt 12:29

[†]49:24 'n geweldenaar: Die vertaling volg een van die Qumran-geskrifte, die •Peshitta en •Vulgaat; vgl Jes 49:25. Die bronteks lui “n regverdige”.

* 49:25 Jer 31:11; 50:33-34; Luk 11:21-22

Ek self sal hulle verlos.
²⁶ *Ek sal hulle wat jou verdruk,
hulle eie vlees laat eet.
Hulle sal dronk word van hulle eie bloed,
asof dit soetwyn is.
Alle mense sal besef
dat dit Ek, die HERE, is
wat jou verlos,
jou lossen, die Magtige van Jakob.”

50

¹ So sê die HERE:
“Waar is julle ma se skeibrief dan nou
waarmee Ek haar weggestuur het? *
Of wie van my skuldeisers is daar
aan wie Ek julle verkoop het?
Kyk, oor julle sondeskuld
is julle verkoop, *
en oor julle oortredings
is julle ma weggestuur. *
² Waarom het Ek gekom,
en daar was niemand nie,
het Ek geroep,
en niemand het geantwoord nie? *

* 49:26 Jes 9:19; Sag 11:9; Op 16:6

* 50:1 Waar ... haar weggestuur het: Vgl Deut 24:1-4; Jer 3:8; Hos 2:1-2

* 50:1 Of ... julle verkoop: Deut 32:30; Jes 52:3; Bar 4:6; Rom 7:14

* 50:1 Kyk ... ma weggestuur: Jer 3:6-8; Hos 2:4-9

* 50:2 Waarom ... geantwoord nie: Jes 65:12; 66:4; Op 3:20

Was my hand werklik te kort
om uit te red?*

Of was daar geen krag in My
om uit te ruk nie?

Kyk, deur my dreigende woord
laat Ek die see opdroog —
Ek maak van riviere 'n woestyn.^{s*}

Die visse daarvan stink
weens 'n gebrek aan water —
hulle sterf van dors.

³ *^t“Ek beklee die hemelruim
met donkerte;
Ek bedek dit met 'n roukleed.^t”

Dienskneg van die HERE

⁴ *Dit is my Heer, die HERE,
wat aan my 'n vaardige tong^u
gegee het,*

*50:2 Was ... red: Num 11:23; Jes 59:1

^s50:2 woestyn: Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

*50:2 Kyk ... woestyn: Eks 14:21; Ps 106:9; 107:33; Jes 51:2; Nah 1:4; Op 16:12

*50:3 Jes 13:10

^t50:3 roukleed: As teken van rou, is growwe klere van swart bokhaar aangetrek.

*50:4 Joh 3:11

^u50:4 'n vaardige tong: Letterlik 'die tong van leerlinge'. Dit beteken dat die kneg slegs sal sê wat God wil.

*50:4 Dit ... gegee het: Jes 40:1-2; vgl Eks 4:11

sodat ek kan weet
hoe om vermoedies
met 'n boodskap op te beur.^{v*}
Elke oggend maak Hy my wakker;
Hy wek my oor
om soos leerlinge te luister.
⁵ My Heer, die HERE,
het my ore oopgemaak,
en ek, ja, ek was nie opstandig nie;
teruggedeins het ek nie.*
^{6 w*} My rug het ek gehou
vir hulle wat slaan,
en my wange
vir hulle wat baard uitpluk.
My gesig het ek nie verberg
vir beledigings en spuug nie.
^{7 *} Dit is my Heer, die HERE,
wat my te hulp kom;
daarom voel ek nie verneder nie;
daarom het ek my gesig
soos vuurklip gemaak.
Ek het geweet

^v**50:4 op te beur:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die werkwoord, en dit word verskillend vertaal.

* **50:4 sodat ... beur:** Matt 11:28

* **50:5 en ek ... ek nie:** Matt 26:39; Joh 4:34; Fil 2:8

^w**50:6** Matt 26:67; 27:30; Mark 10:34 verwys na Jes 50:6 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 5:39.

* **50:6** Jes 52:13 — 53:12

* **50:7** Ps 25:3; Eseg 3:8-9

dat ek nie beskaamd sou staan nie.

⁸ *Hy wat my reg handhaaf, is naby.

Wie sal teen my 'n regstryd voer?

Laat ons saam plek inneem!

Wie is die teenstander in my saak?^x

Laat hy naderkom!

⁹ *Kyk, my Heer, die HERE,

kom my te hulp.

Wie is dit wat my

skuldig sal verklaar?

Kyk, hulle sal almal

soos 'n kleed verslyt,*

motte sal hulle wegvreet.

¹⁰ *Wie is daar onder julle

wat ontsag het vir die HERE,

wat luister na die stem

van sy dienskneg?

Hy wat in duisternis verkeer,

wat geen lig het nie,

moet op die Naam van die HERE

vertrou,

moet op sy God steun.*

*50:8 Rom 8:33

^x50:8 teenstander ... saak: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “eenaar van my regszaak”.

*50:9 Job 13:28; Jes 51:8

*50:9 Kyk ... verslyt: Ps 102:27; 39:12; Jes 51:6; Heb 1:11

*50:10 Eks 23:20-21; Joh 3:11

*50:10 Hy ... steun: Ps 23:4; Jes 42:16

¹¹ Kyk, julle almal wat vure aansteek,
wat julle met brandpyle bewapen,
loop dan in die gloed van julle vuur,
ja, tussen die brandpyle
wat julle aangesteek het! *
Deur my hand
het dit met julle gebeur;
in 'n plek van pyniging sal julle lê.

51

¹ “Luister na My,
julle wat geregtigheid nastreef,*
julle wat die HERE soek!
Kyk na die rots waaruit julle gekap is,
na die steengroef waaruit
julle gegrawe is.

² *Kyk na Abraham, julle vader,
en na Sara, wat julle met pyn
in die wêreld gebring het.
Ja, as een persoon
het Ek hom geroep,
maar Ek het hom geseën
en hom talryk gemaak.”

³ *Ja, die HERE het Sion getroos,

*50:11 Kyk ... aangesteek het: Ps 7:13-14

*51:1 julle ... nastreef: Matt 5:5; 6:33; Rom 9:31

*51:2 Gen 12:1-3; 24:1,35; Eseg 33:24; Heb 11:12

*51:3 Jes 52:9

Hy het al haar puinhope getroos.

Hy het haar woestyn

soos Eden gemaak,

haar Araba^y

soos die tuin van die HERE.*

Vreugde en blydschap

word in haar gevind,

lofsange en die klank

van begeleiding.

⁴“*Luister mooi na My, my volk,

my nasie, hoor My aan!

Want onderrig sal van My uitgaan,

en my beslissing sal 'n lig

vir die volke wees.

Binnkort ⁵*bring Ek

my geregtigheid nader.

My verlossing is op pad;

my arms sal reg verskaf aan die volke.

Op My wag die eilande,^z

op my arm is hulle hoop gevestig.

⁶*Kyk op na die hemel,

bekyk die aarde daaronder,

^y51:3 Araba: Dit verwys hier na die dor vlakte suid van die Dooie See.

*51:3 Hy het haar ... HERE: Gen 2:8-17; 13:10; Eseg 36:35; Op 22:1-2

*51:4 Jes 42:6

*51:5-6 Rom 3:21

^z51:5 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

*51:6 Ps 102:25-27; Jes 56:1; Mark 13:31; 4:35; Heb 1:11; 2 Pet 3:7-12; Op 20:11

want die hemel —

soos rook sal dit uitmekaar dryf,
en die aarde —

soos 'n kleed sal dit verslyt.

Wie daarop woon —

soos muggies sal hulle sterf.

My verlossing duur vir altyd,

en my geregtigheid

sal nie verbreek word nie.

⁷* Luister na My,

julle wat geregtigheid ken —

volk met my wet in hulle harte!

Moenie bang wees

vir die bespotting deur mense nie;

vir hulle beledigings

moet julle nie skrik nie.

⁸* Want soos 'n kleed sal motte

hulle wegvreet;

soos wol sal kleremotte

hulle wegvreet.

My geregtigheid sal vir altyd duur,

my verlossing van geslag tot geslag.”

⁹* Word wakker, word wakker,

beklee U met krag, arm van die HERE!

Word wakker, soos in die verre verlede,

*51:7 Matt 5:11

*51:8 Job 13:28; Jes 50:9

*51:9 Luk 1:51

in die tyd van vergange geslagte!
Is dit nie U
wat Rahab^a aan stukke gekap het,^{*}
die seemonster^{*} deurboor het nie?^{*}

¹⁰ *Is dit nie U
wat die see drooggelê het,
die water van die groot oervloed,
wat in die dieptes van die see
'n pad gemaak het,
sodat dié wat losgekoop is,
kon deurtrek nie?

¹¹ *Wie deur die HERE vrygekoop is,
sal terugkeer,
hulle sal in Sion aankom met gejubel;
met ewige vreugde
sal hulle gekroon wees.^b
Blydschap en vreugde
sal hulle oorweldig;
verdriet en gesug sal wegvlug.^{*}

^a**51:9 Rahab:** 'n Mitiese seemonster. Dit verwys na Egipte; vgl Ps 87:4.

^{*}**51:9 Is ... gekap het:** Jes 30:7

^{*}**51:9 seemonster:** Jes 27:1

^{*}**51:9 die seemonster ... het nie:** Vgl Job 3:8; 7:12

^{*}**51:10 Eks 21:21-22; Op 16:12**

^{*}**51:11 Jes 35:10**

^b**51:11 met ... wees:** Letterlik 'ewige vreugde (is) op hulle kop'. Dit kan 'n ironiese verwysing wees na die gebruik om in 'n tyd van rou grond op die kop te gooi.

^{*}**51:11 verdriet ... wegvlug:** Op 21:4

¹² “Ek, ja, Ek is die Een
wat julle troos.*

Wie is jy^c dan dat jy bang is
vir gewone mense wat sal sterf,
vir mensekinders wat bestem is
om soos gras te sterf,*

¹³ dat jy die HERE
wat jou gemaak het, vergeet*
— Hy wat die hemel oopgespan
en die aarde gegrondves het* —

dat jy voortdurend, daglank,

bewe vir die woede

van die verdrukker

wanneer hy daarop uit is

om te verwoes?

Waar is die woede

van die verdrukker?

¹⁴ *Wie in boeie vooroor geboë sit,
sal binnekort losgelaat word;

hy sal nie sterf nie,

nie na die put^d gaan nie;

aan brood

*51:12 Ek ... troos: Jes 66:13; 2 Kor 1:3-4

^c51:12 jy: Dit verwys na Sion; vgl Jes 51:3.

*51:12 vir gewone ... te sterf: Ps 118:6; Jes 40:6-7; 1 Pet 1:24

*51:13 dat jy die ... vergeet: Deut 32:15

*51:13 Hy ... gegrondves het: Job 9:8

*51:14 Jes 49:10; 52:2; Vgl Sag 9:11

^d51:14 die put: •Doderyk.

sal dit hom nie ontbreek nie.

¹⁵ *Want Ek is die HERE jou God,
wat die see in beweging bring,
sodat sy golwe dreun.”

Die HERE, Heerser oor alle magte
is sy Naam.

¹⁶ * “Ek gee my woorde in jou mond;
met die skadu van my hand
bedek Ek jou,
om so die hemel oop te span^e
en die aarde te grondves,
en om vir Sion te sê,
‘Jy is my volk.’ ”

¹⁷ *Skud jouself wakker!
Skud jouself wakker!
Staan op, Jerusalem,
jy wat uit die hand van die HERE
die beker van sy woede* gedrink het!
Die beker wat 'n mens laat steier,
het jy gedrink, leeg geslurp.

¹⁸ Daar is niemand
wat haar^f lei nie,

*51:15 Jer 31:35

*51:16 Jes 49:2; 59:21

^e51:16 oop te span: Letterlik ‘te plant’.

*51:17 Ps 75:9; Jer 25:15-18; 51:7; Matt 20:22; Ef 5:14; Op 15:7; 16:19

*51:17,22 beker ... woede: Matt 26:39; Mark 14:36; Op 14:10

^f51:18 haar: Dit verwys na Jerusalem.

nie een van al die kinders
waaraan sy geboorte gegee het nie.

Daar is niemand
wat haar hand vashou nie,
nie een van al die kinders
wat sy grootgemaak het nie.

¹⁹ * Hierdie dubbele rampe
het jou getref
— wie sal jou jammer kry? —
verwoesting en ineenstorting,
hongersnood en swaard.

Wie sal jou troos?⁸

²⁰ * Jou kinders —
hulle is in 'n beswying,
hulle lê op die hoek van elke straat,
soos 'n gemsbok in 'n vangnet.

Hulle het oorgenoeg gehad
van die HERE se woede,
van die dreiging van jou God.

²¹ * Daarom, luister tog hierna,
magtelose, jy wat dronk is,
maar nie van wyn nie.

²² * So sê jou Heer, die HERE,

* **51:19** Jer 15:5; Nah 3:7

⁸**51:19** Wie ... troos: Een van die •Qumran-geskrifte en verskeie vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “Wie sal Ek jou troos”.

* **51:20** Klaagl 2:11

* **51:21** Jes 29:9

* **51:22** Jer 50:34; Op 15:7; 16:19

jou God, wat sy volk
se saak behartig:

“Kyk, Ek het die beker
wat 'n mens laat steier
uit jou hand geneem,
die beker van my woede.

Jy sal dit nie nog 'n keer
hoef te drink nie.

²³ *Ek sal dit plaas in die hand
van hulle wat jou geteister het,
hulle wat oor jou lewe gesê het,
‘Lê plat,
sodat ons oor jou kan loop!’

Jy het jou rug gehou
asof dit grond is,
asof dit 'n straat is
vir hulle wat verbygaan.”

52

¹ *Word wakker!
Word wakker!*
Beklee jou met jou krag, Sion!
Trek jou pragtige klere aan,
Jerusalem, heilige stad!*

*51:23 Jer 25:15-17,28

*52:1 Jes 61:3

*52:1 Word ... wakker: Ef 5:14

*52:1 Jerusalem ... stad: Matt 4:5; Op 21:2

Want in jou sal onbesnedenes
en onreines nie langer kom nie.*

² Skud die stof van jou af!

Staan op,
gaan sit op jou troon,^h Jerusalem!
Maak jou los van die bande om jou nek,
krygsgevangene, dogter van Sion!ⁱ

³ *Ja, so sê die HERE: “Vir niks is julle verkoop, sonder geld sal julle losgekoop word.” ⁴ *Ja, so sê my Heer, die HERE: “Na Egipte het my volk aan die begin afgetrek om as vreemdelinge^j daar te woon. Assur het hulle sonder rede verdruk. ⁵ Maar nou, wat vind Ek hier?” is die uitspraak van die HERE. “Want my volk is sonder rede weggeneem, sy heersers huil,” is die uitspraak van die HERE, “en my Naam word voortdurend, daglank, verguis.*” ⁶ Daarom sal my volk my Naam ken. Daarom, op daardie dag, sal hulle weet^k dat Ek die Een is wat sê, ‘Hier is Ek!’* ”

* **52:1 Want ... kom nie:** Op 21:27

^h**52:2 op jou troon:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl Jes 47:1.

ⁱ**52:2 dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

* **52:3** Ps 44:13; Jes 45:13; 1 Pet 1:18

* **52:4** Gen 46:6

^j**52:4 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon.

* **52:5 en my Naam ... verguis:** Eseg 36:20-22; Rom 2:24; 2 Pet 2:2; Op 16:9

^k**52:6 sal hulle weet:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **52:6 Daarom ... is Ek:** Jes 65:1

⁷ *Hoe welkom op die berge
is die voete van 'n boodskapper
van vreugde,
een wat vrede verkondig,
wat 'n goeie boodskap bring,
wat verlossing verkondig,
wat vir Sion sê:
“Jou God heers as koning!”*

⁸ Luister na jou wagte,
hulle roep uit,
saam jubel hulle;
want reg voor hulle oë¹
aanskou hulle die terugkeer
van die HERE na Sion.

⁹ *Breek saam uit in gejebel,
puinhope van Jerusalem!
Want die HERE troos sy volk,
Hy koop Jerusalem los.

¹⁰ *Die HERE ontbloot sy heilige arm
voor die oë van al die nasies.
Al die uithoeke van die aarde ervaar
die verlossing deur ons God.

* 52:7 Jes 40:9; Nah 1:15; Hand 10:36; Rom 10:15; 2 Kor 5:20; Ef 2:17; 6:15

* 52:7 **Jou ... koning:** Jes 43:15; Jer 8:18; Eseg 20:33; Miga 4:7

¹52:8 **reg ... oë:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “oog in oog”. Dit beteken God is so naby dat hulle Hom in die oë kan kyk.

* 52:9 Jes 48:20; 51:3; 61:4; Luk 2:38

* 52:10 Ps 98:3; Matt 28:19; Luk 2:30-31

¹¹ *Wyk uit!

Wyk uit!

Trek weg van daar af!^m

Aan iets onreins

moet julle nie raak nie.

Trek weg uit haar midde!

Hou julle rein, draers van die HERE

se tempelgereedskap!ⁿ

¹² * Julle mag egter nie oorhaastig

wegtrek nie,

nie op die vlug slaan nie;

want die HERE

gaan voor julle uit;

die God van Israel

vorm julle agterhoede.

¹³ “^o*Kyk, my dienskneg

sal suksesvol wees,

hy sal uitstyg, uittroon,

en baie verhewe wees.

¹⁴ *Soos baie ontsteld was

*52:11 Esra 1:7; Jer 51:45; 2 Kor 6:17; 2 Tim 2:21; Op 18:4

^m52:11 van daar af: Dit verwys na Babel.

ⁿ52:11 tempelgereedskap: Kan ook vertaal word “voorwerpe”. Dit verwys na die items wat Nebukadnesar uit die •tempel in Jerusalem na Babel geneem het; vgl 2 Kon 25:13-17.

*52:12 Vgl Eks 12:31-34,39; 13:21; 14:19

^o52:13 Joh 3:14; Hand 3:13 verwys na Jes 52:13 as heenwysing na Jesus Christus.

*52:13 Jes 42:1; Joh 12:32; Ef 1:20-21; Fil 2:9

*52:14 Jes 53:2-3; Matt 27:29-31; Joh 19:5

oor hom^p
 — so onmenslik misvormd
 was sy voorkoms,
 sy gestalte nie meer
 dié van 'n mens nie —
¹⁵ net so sal hy baie nasies verbyster;
 konings sal oor hom swyg.
 Ja, hulle aan wie niks vertel is nie,
 sien;
 en wie nie gehoor het nie,
 begryp.^q”

53

^{1 rs}Wie het geglo wat ons gehoor het?^t
 En die arm van die HERE,
 aan wie is dit ontbloot?
² Hy het soos 'n jong loot
 voor Hom opgegroeï,
 soos 'n wortelstok uit droë grond.^u

^p52:14 **hom**: Twee Hebreëuse mss, die •Peshitta en •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “jou”.

^q52:15 **hulle aan ... begryp**: In Rom 15:21 uit die •Septuagint aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl 1 Kor 2:9.

^r53:1-12 Luk 24:27,46; 1 Pet 1:11 verwys na Jes 53 as heenwysing na Jesus Christus.

^s53:1 In Joh 12:38 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^t53:1 **Wie ... gehoor het**: In Rom 10:16 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^u53:2 **Hy het soos ... grond**: In Matt 2:23 is “Nasarener” waarskynlik 'n woordspeling tussen “Nasaret” en *netser*, die Hebreëus vir ‘loot’ of ‘takkie’, wat in Jes 11:1,10 'n Messiaanse betekenis het en op Jesus betrek word.

Hy het nie 'n gestalte gehad,
geen glans,
dat ons na hom sou kyk nie,
nie 'n goeie voorkoms,
dat ons hom sou begeer nie.*
^{3 v}Hy is verag, deur mense verlaat,*
'n mens van smarte,
bekend met siekte,
soos iemand vir wie
'n mens jou gesig verberg.
Hy is verag,
en ons het hom nie geag nie.*
^{4 w*}Nogtans, ons siektes,
hy het dit gedra,
en ons smarte,
hy het dit op hom gelaai.^x
Maar ons het hom beskou
as iemand wat gekasty word,
geslaan deur God, en verneder.

*53:2 Hy het nie ... begeer nie: Jes 52:14

^v53:3 Mark 9:12 verwys na Jes 53:3 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Fil 2:7.

*53:3 Hy is verag, deur ... verlaat: Ps 22:7-8

*53:3 ons ... geag nie: Joh 1:10-11

^w53:4-5 Rom 4:25 verwys na Jes 53:4-5 as heenwysing na Jesus Christus; vgl 1 Joh 3:4-5.

*53:4 Heb 2:10

^x53:4 ons smarte ... gelaai: In Matt 8:17 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^{5 yz*}Hy is egter deurboor
oor ons oortredings,
verbrysel oor ons sondeskuld.
Die straf wat ons vrede bewerk,
was op hom,
en deur sy wonde
is daar vir ons genesing.

^{6 a}Ons almal
het soos kleinvee gedwaal,
elkeen van ons
het sy eie koers ingeslaan;
maar die HERE
het ons almal se sondeskuld
op hom laat neerkom.

^{7 bc}Hy is mishandel,
maar hy het hom daaraan onderwerp
en nie sy mond oopgemaak nie —
soos 'n skaap
wat na die slagplek gebring word,

^y**53:5-6** Joh 1:29 verwys na Jes 53:5-6 as heenwysing na Jesus Christus; vgl 1 Kor 15:3.

^z**53:5** Matt 26:67 verwys na Jes 53:5 as heenwysing na Jesus Christus; vgl 1 Pet 2:24-25.

^{*}**53:5** 2 Kor 5:21; Gal 3:13

^a**53:6** 1 Pet 2:25 verwys na Jes 53:6 as heenwysing na Jesus Christus.

^b**53:7-8** In Hand 8:32-33 uit die •Septuagint aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^c**53:7** Matt 26:63 verwys na Jes 53:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 27:12,14; Mark 14:61; 15:5; Luk 23:9; Joh 1:29; 19:9; 1 Kor 5:7; 1 Pet 2:23; Op 5:6,9,12; 13:8.

soos 'n ooi

wat voor haar skeerders stom is.

Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

⁸ ^dNá onderdrukking en 'n vonnis

is hy weggeneem;

en sy lot, wie dink daaroor na?

Ja, hy is afgesny van die land

van die lewendes;

vanweë die oortreding

van sy volk^e

het die slae hom getref.

⁹ Hulle het vir hom sy graf

by goddeloses gegee,

en by 'n ryke was hy in sy dood,^{f*}

alhoewel hy nie geweld gepleeg het,

en bedrog nie in sy mond was nie.⁸

¹⁰ ^hMaar die HERE het verkies

om hom te verbrysel;

Hy het hom siek gemaak.

^d**53:8-9** Matt 26:24; 1 Kor 15:3; 1 Pet 2:22; 1 Joh 3:5 verwys na Jes 53:8-9 as heenwysing na Jesus Christus.

^e**53:8 sy volk:** Een van die •Qumran-geskrifte word hier gevolg. Die •bronteks lui “my volk”.

^f**53:9 in sy dood:** Vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “in sy dode”.

^{*}**53:9 by 'n ... dood:** Matt 27:57,60

⁸**53:9 alhoewel ... was nie:** In 1 Pet 2:22 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl 1 Joh 3:5.

^h**53:10-12** Matt 20:28; Mark 10:45; Luk 22:19-20 verwys na Jes 53:10-12 as heenwysing na Jesus Christus.

As sy lewe dien as 'n skuldoffer,
sal hy 'n nageslag sien en lank leef.

Wat die HERE wil hê,
sal deur sy hand suksesvol wees.

^{11 i}Ná die swaarkry wat hy beleef het,
sal hy sien;^j
hy sal versadig wees aan sy kennis.

“My dienskneg sal hom
as 'n regverdige betoon aan baie,
en hulle sondeskuld —
hy sal dit op hom laai.*

^{12 k}Daarom sal Ek aan hom
'n deel gee onder baie;^l
en met magtiges sal hy buit verdeel,
omdat hy sy lewe blootgestel het
aan die dood,
en by oortreders gereken is.^m

Hy het egter die sonde
van baie gedra;

ⁱ53:11 Rom 5:19 verwys na Jes 53:11 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Fil 2:7.

^j53:11 sal hy sien: Twee van die Qumran-geskrifte en die Septuagint lui “sal hy lig sien”.

*53:11 My ... laai: Jes 42:1

^k53:12 Matt 27:38; Luk 23:33-34; Heb 9:28; 1 Pet 2:24 verwys na Jes 53:12 as heenwysing na Jesus Christus.

^l53:12 onder baie: Word ook vertaal “onder grotes”.

^m53:12 en by ... gereken is: In Luk 22:37 deur Jesus aangehaal as 'n uitspraak wat in Homself vervul is.

vir oortreders het hy ingetree.”

54

¹ * “Jubel, onvrugbare vrou,
wat nie geboorte geskenk het nie!

Breek uit in gejubel,
roep uit van blydschap,
jy wat nie geboortepyne
gehad het nie!

Want die kinders
van die eensame vrou
sal meer wees as die kinders
van die getroude vrou,”
het die HERE gesê.

² * Maak die plek vir jou tent groter,
en die tentdoeke van jou wonings —
laat dit oopgespan word;
moet dit nie beperk nie!
Maak jou tenttoue lank
en jou tentpenne stewig!

³ * Want na regs en na links
sal jy uitbrei;
jou nageslag sal nasies in besit neem,
verwoeste dorpe sal hulle bewoon.

⁴ Moenie bang wees nie,
want jy sal nie beskaamd

* 54:1 1 Sam 2:5; Ps 113:9; Jes 62:4; Luk 23:29; Gal 4:27

* 54:2 Jes 26:15; 33:20; 49:19-20

* 54:3 Gen 28:14; Ps 102:29; Jes 14:1-2

staan nie;
moenie verneder voel nie,
want jy sal nie verleë wees nie.
Ja, die skande van jou jeug
sal jy vergeet,
en aan die gespot
oor jou weduweeskap
sal jy nie weer dink nie.

⁵ *Want Hy wat met jou trou,
is jou maker;
die HERE, Heerser oor alle magte
is sy Naam.

Hy wat jou loskoop,
is die Heilige van Israel.

God van die hele wêreld
word Hy genoem.

⁶ *Ja, as 'n verstote,
sielongelukkige vrou,
het die HERE jou geroep.

“Die vrou van 'n mens se jeug,
sal sy verwerp word?”
vra jou God.

⁷ “Vir 'n kort oomblik het Ek jou verlaat,
maar met groot ontferming
sal Ek jou versamel.

⁸ *In 'n opwelling van toorn

*54:5 Vgl Hos 1:2; Op 19:7

*54:6 Vgl Jes 49:14-15

*54:8 Ps 30:6

het Ek my gesig 'n oomblik lank
vir jou verberg;
maar in ewige troue liefde
ontferm Ek My oor jou,”
het jou lossers,ⁿ die HERE, gesê.*

⁹ “Soos in die dae van Noag^o *
is hierdie tyd vir My:
Ek het 'n eed afgelê dat die water van Noag
nie weer die aarde sal oorstrom nie.
Net so het Ek 'n eed afgelê
om nie weer toornig te wees
op jou en jou te dreig nie.

¹⁰ * Ja, die berge mag wyk
en die heuwels wankel,
maar my troue liefde
sal nie van jou wyk nie,
en my vredesverbond
sal nie wankel nie,*”
het jou ontfermer,
die HERE, gesê.

ⁿ**54:8 lossers:** Die lossers moes verarmde familieledes wat skuldslawe geword het, loskoop en aan hulle weer hulle grond teruggee; vgl Lev 25:25-26.

* **54:8 maar ... gesê:** Rom 11:29; 1 Joh 4:10-19; Jes 41:14

^o**54:9 Soos ... Noag:** Een van die •Qumran-geskrifte, die •Targum, •Vulgaat en •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “Want die water van Noag”.

* **54:9 Soos ... Noag:** Gen 8:21; 9:11

* **54:10** Ps 46:3; Judit 16:15

* **54:10 my vredesverbond ... wankel nie:** Eseg 34:25; 37:26; Rom 11:29

¹¹ “*Magtelose, stormgeteisterde stad,^p
wat nie getroos is nie —
kyk, Ek gaan jou bouklip
in blink klei^q lê,
jou fondament met saffiëre bou.

¹² Ek sal jou borswerings van robyn maak,
en jou poorte sal van berilsteen wees.
Jou hele grensmuur
sal van kosbare edelstene wees.

¹³ * Al jou kinders sal leerlinge
van die HERE wees,
en groot sal die voorspoed
van jou kinders wees.

¹⁴ Deur geregtigheid
sal jy jousef stewig vestig.*

“Besef dat jy ver is van verdrukking —
ja, jy hoef nie te vrees nie;
en ver van verskrikking —
ja, dit sal nie naby jou kom nie.

¹⁵ Kyk, as iemand jou wel aanval —
dit kom nie van My af nie.
Wie ook al jou aanval,

*54:11-12 Tob 13:16-17; Op 21:18-21

^p54:11 stad: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^q54:11 blink klei: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die Hebreeuse woord verwys ook na oogskadu. Die •Septuagint lui “malagiet”.

*54:13 Jer 31:34; Joh 6:45; 14:26; 1 Joh 2:27

*54:14 Deur ... vestig: Jes 1:26

sal oor jou tot 'n val kom.

¹⁶ Kyk, Ek self het die smid geskep
wat die gloeiende kole aanblaas
en wapens lewer vir 'n bepaalde taak.

Ek self het die verwoester geskep
om verwoesting aan te rig.

¹⁷ *Geen wapen
wat teen jou gemaak word,
sal suksesvol wees nie.
Elke tong wat teen jou getuig
in 'n regseding,
sal jy skuldig verklaar.

“Dit is die erfdeel
van die HERE se diensknegte;
dit is hulle geregtigheid
van my kant,”
is die uitspraak van die HERE.

55

¹ “^r*Kom, almal wat dors is,
kom na die water!
En wie geen geld het nie,
kom koop en eet!
Kom koop sonder geld,

*54:17 Jes 5:24; vgl Hand 6:10

^r55:1 In Joh 7:37-38 verwys Jesus na Jes 55:1 as heenwysing na Homself; vgl Op 3:18; 21:6; 22:17.

*55:1 Sir 51:25; Op 21:6; 22:17

sonder koste, wyn en melk!
²Waarom weeg julle silwer af
vir wat nie brood is nie,
en bestee julle moeitevolle arbeid
aan wat nie versadig nie?*

As julle aandagtig na My luister,
sal julle eet wat goed is,
sal julle julle aan ryk kos verlustig.*

³*Maak julle ore oop en kom na My toe;
luister, sodat julle kan leef!
Ek wil met julle
'n ewige verbond sluit,*
getrou aan die bestendige
liefde vir Dawid.^{s*}

⁴*Kyk, 'n getuie vir die volke
het Ek hom gemaak,
'n leier,^t iemand wat bevel voer
oor volke.

⁵*Kyk, jy sal 'n nasie roep

*55:2 **Waarom ... versadig nie:** Joh 6:27

*55:2 **As ... verlustig:** Spr 9:3-6; Sir 20:19-22; Joh 6:35

*55:3 Rom 10:5; Heb 13:20

*55:3 **Ek ... sluit:** Jes 61:8-9; Jer 31:31; 32:40

^s55:3 **getrou ... Dawid:** In Hand 13:34 uit die •Septuagint aangehaal as
heenwysing na Jesus Christus.

*55:3 **Ek ... Dawid:** Ps 89:4-5,50

*55:4 Ps 18:44; Joh 18:37; Op 1:5

^t55:4 **leier:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God
geroep is; vgl 2 Sam 7:8.

*55:5 Jes 45:14; 49:12; Sag 8:22

wat jy nie ken nie;
en 'n nasie wat jou nie ken nie,
sal na jou toe hardloop,
ter wille van die HERE, jou God,
ter wille van die Heilige van Israel,
omdat Hy jou verheerlik het.”

⁶ *Soek die HERE

terwyl Hy Hom laat vind,
roep Hom aan,
terwyl Hy naby is.

⁷ *Die goddelose moet

van sy pad afsien,
en die boosdoener
van sy planne.

Hy moet na die HERE terugkeer,
sodat Hy hom genadig kan wees,
en na sy God,
want Hy vergeef oorvloediglik.*

⁸ *“Ja, my planne

is nie julle planne nie,
en julle paaie
is nie my paaie nie,”

*55:6 Deut 4:7; Ps 145:18; Luk 13:25; Hand 17:27; Heb 3:13; vgl Hos 5:6; Joh 7:34-35

*55:7 Sag 1:3

*55:7 God ... oorvloediglik: Luk 5:21

*55:8 Rom 11:33

is die uitspraak van die HERE.

⁹ “*Want soos die hemel

hoër is as die aarde,

so is my paaie

hoër as julle paaie,

en my planne

as julle planne.

¹⁰ Ja, soos reën en sneeu

uit die hemel afkom

en nie daarheen terugkeer nie,

maar die aarde deurdrenk

en plante laat voortbring,

dit laat uitspruit,

en so saad gee vir die saaiër

en voedsel vir dié wat eet,*

¹¹ * net so sal my woord wees

wat uit my mond uitgaan:

Dit sal nie vrugteloos

na My terugkeer nie,

maar doen wat Ek wil hê,

en die doel bereik

waarvoor Ek dit gestuur het.

¹² “* Ja, met vreugde

sal julle wegtrek,

* 55:9 Vgl Ps 103:11

* 55:10 saad ... eet: 2 Kor 9:10

* 55:11 Jes 45:23; Am 8:11; Wys 8:14-15; Heb 4:12

* 55:12 Ps 98:8; Jes 35:10

en in vrede gelei word.
Die berge en heuwels
sal voor julle in gejubel uitbreek,
en al die bome van die veld
sal hande klap.
¹³ *In die plek van doringstruie
sal sipresse groei;
in die plek van distels
sal mirtebome opkom.
Dit sal vir die HERE
tot roem wees;
as 'n ewige teken,
sal dit nie afgekap word nie.”

56

Geregtigheid en ongeregtigheid in Jerusalem

¹ So sê die HERE:
“Handhaaf die reg
en tree billik op,
want my verlossing is naby,
dit kom;
en my geregtigheid is op hande,
dit word geopenbaar.*
² Gelukkig is die mens
wat dit doen,
die mensekind

*55:13 Jes 41:19; 44:3-4

*56:1 want ... geopenbaar: Jes 46:13

wat daarby hou,
hy wat die Sabbat onderhou
deur dit nie te ontheilig nie,
wat sy hand daarvan weerhou
om enigiets verkeerds te doen.*

³ *Die nakomeling van 'n vreemde
wat hom aan die HERE verbind het,
mag nie sê,

‘Die HERE sal my beslis
van sy volk afskei’ nie.

'n Ontmande moet nie sê,

‘Kyk, ek is 'n droë boom’ nie.

⁴ Want so sê Ek,^u die HERE,
vir die ontmandes,
vir dié wat wel my Sabbatte onderhou,
wat dit kies waarin Ek vreugde vind,
en wat vashou aan my verbond:

⁵ *Ek sal vir hulle iets gee
wat beter is as seuns en dogters:

In my tempel en teen my mure

sal Ek hulle gedenk

met 'n teken^v en 'n naam.

'n Ewige naam sal Ek aan hulle gee
wat nie uitgewis sal word nie.

*56:2 hy wat ... te doen: Eks 20:8-11; Jes 58:13-14

*56:3-7 Wys 3:14-15; Hand 8:27; 10:1-2; vgl Eks 12:8; Deut 23:2-9

^u56:4 Ek: Die woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*56:5 Joh 1:12; Rom 8:15; Op 2:17; 3:5

^v56:5 teken: Letterlik ‘hand’.

⁶ “En die nakomelinge
 van 'n vreemde
 wat hulle aan die HERE
 verbind het
 om Hom te dien,
 om die Naam van die HERE
 lief te hê
 en om sy dienaars te word*
 — almal wat die Sabbat onderhou
 deur dit nie te ontheilig nie,
 en wat vashou aan my verbond —
⁷ *hulle sal Ek na my heilige berg bring;
 en Ek sal hulle vreugde laat ervaar
 in my huis van gebed.
 Hulle brandoffers en maaltydoffers
 sal aanvaarbaar wees
 op my altaar.
 Ja, my huis sal genoem word
 'n huis van gebed
 vir al die volke.*”
⁸ *Die uitspraak van my Heer,
 die HERE,
 Hy wat die verstrooides van Israel
 byeenbring, is:

*56:6 En ... word: Jes 18:7

*56:7 1 Kon 8:41-43; Ps 15:1; 24:3-5; Jes 2:2-3; Mal 1:11

*56:7 my huis sal ... volke: Matt 21:13; Mark 11:17; Luk 19:46

*56:8 Jes 11:12; Joh 10:16

“Ek sal by Israel nog meer
byeenbring
as wat reeds by hom
byeengebring is.”

⁹ Al julle wilde diere van die veld,
kom om te verslind!

Ja, kom, al julle wild in die bos!

¹⁰ *Israel se^w wagte is almal blind,

hulle neem niks waar nie.

Hulle is almal stom honde,

hulle kan nie blaf nie;

hulle lê daar en maak geluide,

hou daarvan om te sluimer.

¹¹ *Die honde is vraatsugtig,

hulle ken nie versadiging nie.

Hulle is die herders!

Hulle kan nie verstaan nie.

Hulle is almal gerig op hulle eie pad,

elkeen op sy eie voordeel,

sonder uitsondering.

¹² *“Kom!” sê een,^x

“ek sal wyn gaan haal;

*56:10 Jes 3:12; 9:15

^w56:10 Israel se: Die bronteks lui “Sy”.

*56:11 Jes 57:17; Jer 6:13; 10:21; 23:1-2; Eseg 34:2

*56:12 Jes 5:11; 28:7; 1 Kor 15:32

^x56:12 sê een: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

kom ons word dronk
van sterk drank!

Die dag van môre
sal net soos hierdie een wees —
'n buitengewone groot dag.”

57

¹ “*Die regverdige gaan ten gronde,
maar niemand neem dit
ter harte nie.

Getroue mense sterf,
en daar is niemand wat insien
dat dit as gevolg van onheil is
dat die regverdige sterf nie —

² ^yhy gaan die vrede binne.

Hulle sal op hulle beddens rus,*
elkeen van hulle wat sy reguit pad loop.

³ “Maar julle,
kom nader hierheen,
nakomelinge van haar
wat voortekens lees,
nageslag van haar
wat egbreuk pleeg
en gehoereer het!

*57:1 Wys 4:11

^y57:2 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*57:2 Hulle ... rus: 2 Kron 16:14

⁴ Met wie vermaak julle julleself?
 Oor wie het julle julle monde vol?
 Vir wie steek julle tong uit?
 Is julle nie 'n klomp oortreders,
 'n geslag leuenaars nie* —
⁵ *julle wat brand van begeerte
 by die terebinte,^z
 onder elke skaduryke boom,^a
 wat kinders slag in die spruite,^{*}
 onder oorhangende rotse?
⁶ By die gladde klippe in die spruit
 lê jou lotsbestemming;
 hulle, ja, hulle bepaal mos jou lot!^b
 Ook vir hulle giet jy drankoffers uit,
 laat jy graanoffers in rook opstyg.
 Sou Ek sulke mense jammer kry?
⁷ *Op 'n hoë, verhewe berg
 het jy jou bed geplaas,
 selfs daarheen opgeklim

*57:4 Is ... leuenaars nie: Jes 1:4; 30:9; 48:8

*57:5 Deut 12:2; 1 Kon 14:23; 2 Kon 16:4; Jer 2:20; Hos 4:13

^z57:5 terebinte: Siro-Palestynse bome met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog. Dit is gewoonlik alleenstaande bome, wat geassosieer is met heilige plekke.

^a57:5 onder ... boom: Die vrugbaarheidsgodsdienst is beoefen onder groot, skaduryke bome; vgl 2 Kon 17:10.

*57:5 wat ... spruite: Lev 18:21

^b57:6 By ... lot: Dit verwys waarskynlik na 'n vorm van animisme waarvolgens sekere klippe oor kragte beskik wat 'n mens se lewe kan beïnvloed.

*57:7 Jer 3:6; Eseg 16:16; 23:7,17-18

om maaltydoffers te bring.
⁸* Agter die deur en kosyn
het jy jou simbole^c aangebring.
Ja, van My af het jy weggegaan
en opgeklim;
jy het jou lêplek breed gemaak,
en jouself gesny
as jy sonder afgode^d was.^e
Jy was lief vir hulle bed,
na naaktheid^f het jy gestaar.
⁹ Jy het voor die koning gebuig^g
met olyfolie;
jy het baie geurige salf aangebied.^h
Jy het jou boodskappers
na ver plekke gestuur,

***57:8** Eseg 16:15,17

^c**57:8 simbole:** Letterlik ‘n teken ter herinnering’. Dit verwys moontlik na erotiese simbole wat in die vrugbaarheidsgodsdiens 'n rol gespeel het; vgl die res van Jes 57:8.

^d**57:8 afgode:** Letterlik ‘hulle’.

^e**57:8 en jouself ... was:** Letterlik ‘en jy het vir jou gesny weg van hulle’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal. Dit verwys moontlik na rituele in die vrugbaarheidsgodsdiens wanneer Baäl hulle nie geantwoord het nie; vgl 1 Kon 18:28.

^f**57:8 naaktheid:** Letterlik ‘hand’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. ‘Hand’ word soms gebruik as 'n eufemisme vir die manlike geslagsorgaan.

^g**57:9 Jy ... gebuig:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “Jy het voor Molek gebuig”; vgl Lev 18:21; 1 Kon 11:7; Jes 30:33.

^h**57:9 jy het baie ... aangebied:** Letterlik ‘jy het jou geurige salf vermeerder’.

hulle laat afdaal tot in die doderyk.ⁱ

^{10j}Van jou baie reise

het jy moeg geword,

maar jy het nie gesê,

‘Dit is tevergeefs’ nie.

Lewenskrag het jy gevind;^k

daarom het jy nie swak

geword nie.

¹¹ “Vir wie was jy bevrees

en het jy ontsag gekoester,

dat jy telkens lieg,^{*}

en nie aan My gedink het nie,

My nie ernstig opgeneem het nie?

Is dit omdat Ek stilgebly het,

en dit vir 'n lang tyd?^{*}

Vir My het jy nie ontsag gehad nie.

¹² Ek self gaan getuienis aflê

oor jou geregtigheid.

En jou dade —

dit sal vir jou van geen nut wees nie.

¹³ Wanneer jy om hulp roep,

ⁱ**57:9 doderyk:** Volgens die wêreldbeeld van daardie tyd was daar 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal.

^j**57:10 Jer 2:25**

^k**57:10 Lewenskrag ... gevind:** Letterlik ‘Die lewe van jou hand het jy gevind.’ Sommige vertolk ‘hand’ soos in Jes 57:8 as 'n eufemisme vir die manlike geslagsorgaan. Die handelende persoon is egter vroulik.

^{*}**57:11 dat ... lieg:** Ps 78:36

^{*}**57:11 Is ... lang tyd:** Ps 50:21

moet jou klomp afgode
jou maar red!
Hulle almal — die wind
sal hulle oplik,
'n luggie sal hulle wegwaai.
Maar wie by My skuil,
sal die land as erfdeel ontvang*
en my heilige berg
in besit neem.*”

¹⁴ Hy sal sê:

“*Vul die holtes¹ op,
vul dit op!
Maak 'n pad gereed!
Verwyder struikelblokke
uit die pad van my volk!”

¹⁵ Ja, so sê Hy

wat hoog en verhewe is,
wat vir ewig woon,
wie se Naam die Heilige is:*

“In die hoogte,
in 'n heilige plek, woon Ek,*

*57:13 land ... ontvang: Ps 25:13; 37:9; Jes 60:21; Matt 5:5

*57:13 Maar ... neem: Jes 65:9

*57:14 Jes 11:16; 62:10

¹57:14 die holtes: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*57:15 wie ... Heilige is: Luk 1:49

*57:15 Ja ... woon Ek: Ps 68:5

en ook by hulle
wat verpletter en nederig is,
om die gees van nederiges
te laat herleef,
om die hart van verpletterdes
te laat herleef.*

¹⁶ Want Ek sal nie vir altyd
'n regstryd voer,
en nie vir ewig kwaad wees nie.*
Want menslike geeste
sal voor My wegkwyn,
ook die lewensasems
wat Ek self gemaak het.

¹⁷ “* Oor die sondeskuld
as gevolg van sy gierigheid^m
het Ek kwaad geword
en hom geslaan,
het Ek My verberg
terwyl Ek kwaad was.

Maar hy het afvallig geword,
die pad van sy hart geloop.

¹⁸* Sy paaie het Ek gesien,
maar Ek sal hom genees.

*57:15 en ook ... herleef: Ps 34:19; 51:19; Jes 61:1

*57:16 Want ... wees nie: Ps 103:3,9

*57:17-18 Jes 54:8

^m57:17 sy gierigheid: Dit verwys na Israel.

*57:18 Jes 61:2-3; Jer 3:22

Ek sal hom lei
en hom met vertroosting vergoed.
En vir hulle wat oor hom treur,
¹⁹ gee Ek 'n loflied op die lippe.^{n*}

“Vrede, vrede, vir dié wat naby is
en vir dié wat ver is,”^{*}
sê die HERE,

“Ek sal hulle genees.”

²⁰ *Die goddeloses is soos
die onstuimige see.

Ja, dit kan nie rustig wees nie,
en sy waters spoel vullis en modder uit.

²¹ * “Daar is geen vrede
vir die goddeloses nie,”
sê my God.

58

¹ “Roep hard uit!
Moenie terughou nie!
Verhef jou stem soos 'n ramshoring!
Maak aan my volk
hulle oortredings bekend,
aan die huis van Jakob

ⁿ57:19 gee ... lippe: Letterlik ‘skep Ek die vrug van lippe’.

*57:19 gee ... lippe: Heb 13:15

*57:19 Vrede ... ver is: Hand 2:39; Ef 2:13,17

*57:20 Ef 4:14; Jud vs 13

*57:21 Jes 48:22

hulle sonde!

² Vir My raadpleeg hulle dag ná dag;

kennis van My weë begeer hulle.

Soos 'n nasie wat geregtigheid uitleef

en nie afwyk van sy God

se beslissings nie,

vra hulle My

oor regverdige beslissings;

die nabyheid van God begeer hulle.*

³ ‘Waarom vas ons,

maar U sien dit nie raak nie,

verootmoedig ons ons,

maar U merk dit nie op nie?’*

Kyk, op julle vasdag

kry julle kans vir besigheid,

en jaag julle al julle werknemers

aan.*

⁴ Kyk, net om te twis

en rusie te maak, vas julle,

en om genadeloos

met die vuis te slaan.

Julle vas nie vandag om julle stem

in die hoogte te laat hoor nie.

⁵ *Is die vas wat Ek verkies dan so,

'n dag van verootmoediging

*58:2 die nabyheid ... hulle: Ps 119:151; Jes 29:13; Jak 4:8

*58:3 Waarom ... op nie: Mal 3:14; vgl Matt 6:18

*58:3 Kyk ... aan: Vgl Lev 16:29

*58:5 Sag 7:5; Matt 6:16

vir 'n mens?

Is dit om die hoof te buig

soos 'n biesie,

en in sak en as te lê?^o

Is dit wat julle vas noem?

is dit 'n dag wat die HERE
se goedkeuring wegdra?

⁶ *Is dit nie hierdie vas
wat Ek verkies nie,
dat julle die boeie
van goddeloosheid losmaak,
die stroppe van die juk
stukkend ruk,
verdruktes vry wegstuur
en elke juk breek?

⁷ *Is dit nie bedoel om vir hongeriges
jou brood te breek,
om aan magteloses en haweloses
onderdak te bied nie?

Wanneer jy iemand sien wat kaal is,
moet jy hom bedek,
en jou nie afsydig hou
van jou eie vlees en bloed nie.”

⁸ ^pDan sal jou lig deurbreek

^o**58:5 in sak ... lê:** Letterlik ‘rouklere en as is uitgesprei’. As teken van rou, het hulle growwe klere van swart bokhaar aangetrek en as op hulle koppe gestrooi.

***58:6** Jer 34:8-9; Am 5:21; Luk 4:18-19; Hand 8:23

***58:7** Matt 25:35-36; Luk 3:11

^p**58:8** Luk 1:78-79 verwys na Jes 58:8 as heenwysing na Jesus Christus.

soos die oggendskemering;
en jou herstel
sal spoedig aanbreek.*
Jou geregtigheid sal jou vooruitloop;
die heerlikheid van die HERE
sal jou agterhoede dek.*
⁹ *Dan sal jy roep
en die HERE sal antwoord.
Jy sal om hulp roep,
en Hy sal sê: “Hier is Ek!”
As jy die juk uit jou midde verwyder,
die vingerwysery
en verderflike gepraat;
¹⁰ as jy hulle wat honger is,
jou empatie laat ervaar,
die mens wat verdruk word,
versadig laat word,
sal jou lig in die duisternis skyn,
jou donkerte sal soos helder dag wees.*
¹¹ *Die HERE sal jou voortdurend lei;
in dor plekke sal Hy jou keel verkwik,
jou gebeente sal Hy sterk maak.
Jy sal soos 'n natgeleide tuin wees,
soos 'n waterbron

*58:8 jou herstel ... aanbreek: Jer 30:17; 33:6

*58:8 Jou ... dek: Jes 52:12; vgl Eks 14:19

*58:9 Matt 7:7

*58:10 sal ... wees: Joh 8:12

*58:11 Jer 31:12; Joh 4:14; 7:38

waarvan die water
nie teleurstel nie.

¹² * Sommige uit jou
sal die oeroue puinhope herbou,
die fundamente van geslagte gelede
sal jy weer oprig.

Jy sal genoem word:
die een wat bresse toebou,
die een wat paaie herstel,
sodat mense daar kan woon.

¹³ * As jy jou voet terughou
van die Sabbat,^q
jou daarvan weerhou om te doen
wat jy wil op my heilige dag,
en die Sabbat 'n vreugde noem,
eerbied toon vir dit wat heilig is
vir die HERE,
die dag eer deur nie te doen
wat jy gewoonlik doen nie,^r

* **58:12** Jes 61:4; Neh 3:1-32

* **58:13** Eks 20:8-11; Neh 10:31; Jes 56:2,4,6

^q**58:13** voet ... **Sabbat**: Dit beteken dat besigheid of reise nie onderneem moet word nie.

^r**58:13** wat jy gewoonlik doen nie: Letterlik 'jou paaie'. Dit verwys na daaglikse doen en late.

deur nie geleentheid te vind
om jou besigheid te doen
en 'n saketransaksie
te bespreek nie,^s
¹⁴ dan sal jy jou vreugde vind
by die HERE.

“Ek sal jou laat ry
op die hoogtes van die aarde.*
Ek sal jou die erfenis
van jou vader Jakob laat geniet.”
Ja, die mond van die HERE
het gespreek.*

59

¹ *Kyk, die hand van die HERE
is nie te kort om te verlos nie,
sy oor is nie hardhorend,
sodat Hy nie kan hoor nie.

² *Maar julle sondeskuld,
dit het skeiding gebring
tussen julle en julle God.
Julle sondes het Hom sy gesig

^s58:13 deur ... bespreek nie: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die
•bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*58:14 Ek sal jou laat ... aarde: Deut 32:13

*58:14 die mond ... gesprek: Jes 1:20; 40:5

*59:1 Num 11:23; Jes 50:2

*59:2 Deut 31:17; Jes 64:7

vir julle laat verberg,
sodat Hy nie luister nie;
³* want julle handpalms
is deur bloed beplek,
en julle vingers
deur sondeskuld.
Julle lippe praat leuens,
julle tonge prewel ongeregtigheid.

⁴ Niemand beroep hom
op geregtigheid nie,
en niemand bepleit sy saak
met die waarheid nie.
Hulle vertrou op nietighede,
en maak valse uitsprake.
Hulle raak swanger van moeilikheid,
en gee geboorte aan onheil.*

⁵* Hulle broei die eiers van kobras uit,
en weef spinnerakke.
Wie van daardie eiers eet, sterf;
en as dit stukkend gedruk word,
peul daar adders uit.

⁶ Hulle spinnerakdrade deug nie
vir klere nie —
met hulle handewerk
kan mense hulleself nie bedek nie.

*59:3 Jes 1:15

*59:4 Hulle raak ... onheil: Job 15:35; Ps 7:15

*59:5 Vgl Matt 3:7

Hulle handewerk is onheilswerk —
dade van geweld is in hulle hande.

⁷*Hulle voete hardloop na die kwaad,
hulle haas hulle

om onskuldige bloed te vergiet.

Hulle planne is planne van onheil;
daar is verwoesting en vernietiging
op hulle hoofpaaie.

⁸*Die pad van vrede ken hulle nie.

Daar is geen regverdige optrede
op hulle roetes nie.

Hulle maak self hulle paaie

vol kinkels;

niemand wat daarop loop,
ervaar vrede nie.

⁹Daarom is regverdigheid

ver van ons,

geregtigheid bereik ons nie.

Ons wag op die lig,

maar kyk, daar is duisternis —

op 'n ligskynsel,

maar ons dwaal in die donker.*

¹⁰Ons tas soos blindes aan 'n muur,

asof sonder oë tas ons rond.*

*59:7-8 Spr 1:16; Rom 3:15-17

*59:8 Ps 125:5; Spr 10:9; vgl Luk 1:79

*59:9 **Ons wag ... donker:** Jer 8:15; Am 5:18-20; Joh 8:12

*59:10 **Ons tas ... rond:** Deut 28:29; Job 5:14

Ons slaan helder oordag neer,
asof dit skemeraand is;
ons slaan tussen gesondes^t neer,
asof ons dooies is.

¹¹ Soos bere grom ons almal,
soos duiwe kla ons aanhoudend.*

Ons wag op regverdigheid,
maar daar is niks nie —
op verlossing,
maar dit bly ver van ons.

¹² *Want ons oortredings voor U
is baie,
ons sonde getuig teen ons.
Ja, ons oortredings is met ons,
en ons sondeskuld — ons ken dit:

¹³ Ons oortree teenoor,
en verloën die HERE;
ons draai weg van ons God af
deur te praat oor afpersing
en wat vals is.

Ons het swanger geraak van,
en prewel leuentaai
uit die hart uit.*

¹⁴ So is regverdigheid teruggedwing,

^{59:10} tussen gesondes: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

*^{59:11} soos duiwe ... aanhoudend: Jes 38:14

*^{59:12} Ps 51:3; Jer 14:7

*^{59:13} prewel ... uit: Matt 12:34

en bly geregtigheid ver weg staan.

Ja, op die dorpsplein

struikel die waarheid,

en openhartigheid

kan nie daar kom nie.

¹⁵ So gebeur dit dat trou ontbreek.

Wie afwyk van die kwaad,

word beroof.

Die HERE sien dit,

en dit is verkeerd in sy oë

dat daar geen regverdigheid is nie.

¹⁶ *Hy het gesien

dat daar niemand is nie,

en was verbaas

dat niemand tussenbeide tree nie.

Sy voorarm het Hom bygestaan,

en sy geregtigheid,

dit het Hom ondersteun.

¹⁷ *Hy het geregtigheid aangetrek

as 'n harnas,

met die helm van verlossing

op sy hoof.

Hy trek 'n gewaad van wraak

as sy klere aan;

Hy draai Hom toe in ywer

soos in 'n mantel.

*59:16 Jes 63:5; Eseg 22:30

*59:17 Wys 5:17-23; Ef 6:14,17; 1 Thess 5:8

¹⁸ *Volgens verdienste vergeld Hy:
woede vir sy teenstanders,
en wat hulle verdien, vir sy vyande.

Die eilande^u vergeld Hy
volgens verdienste.

¹⁹ *In die weste sal hulle ontsag hê
vir die Naam van die HERE,
in die ooste vir sy heerlikheid.

Want Hy sal kom
soos 'n rivier in 'n vernouing,
wat deur die wind van die HERE
voortgedryf word.

²⁰ *"n Losser^v sal na Sion kom;
Hy sal na dié in Jakob kom
wat hulle bekeer van oortredings,"
is die uitspraak van die HERE.

²¹ "Wat My betref,
dit is my verbond met hulle,"
sê die HERE:

"My Gees wat op jou rus
en my woorde
wat Ek in jou mond gelê het,*

*59:18 Jes 66:6; Jer 25:14; 1 Pet 1:17; Op 20:12-13; 22:12

^u59:18 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

*59:19 Ps 113:3; Luk 13:29

*59:20-21 Jes 41:14; Rom 11:26-27

^v59:20 Losser: Die losser moes verarmde familieledede wat skuldslawe geword het, loskoop en aan hulle weer hulle grond teruggee; vgl Lev 25:25-26.

*59:21 my woorde ... gelê het: 2 Sam 23:2; Jes 51:16; Jer 1:9

sal nie uit jou mond wyk,
of uit die mond van jou nageslag,
of uit die mond van jou nageslag
se nageslagte nie,
van nou af en vir altyd,”
sê die HERE.

60

Heerlikheid van Jerusalem

^{1 w*}“Staan op, laat jou^x lig skyn!

Ja, jou lig het gekom,
en die heerlikheid van die HERE
skyn oor jou.

^{2 *}Ja, kyk, donkerte bedek die aarde,
en duisternis die volke;
maar oor jou skyn die HERE,
en oor jou word sy heerlikheid sigbaar.*

^{3 *}Nasies sal na jou lig trek,
en konings na die helder lig
van jou sonsopkoms.

^{4 *}Kyk om jou rond en neem waar:

^w60:1-2 Luk 1:78-79; Joh 1:14 verwys na Jes 60:1-2 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 8:12; Op 21:11,23.

^{*}60:1-2 Mal 4:2; Ef 5:14

^x60:1 **jou:** Dit verwys na Jerusalem.

^{*}60:2 Jes 9:1

^{*}60:2 **maar ... sigbaar:** Eks 24:16; Op 21:24

^{*}60:3,5 Jes 42:6; Matt 8:11

^{*}60:4 Jes 49:18-22; Bar 5:5-6

Hulle almal kom byeen,
hulle kom na jou toe.
Jou seuns — van ver af kom hulle aan;
en jou dogters — op die heup
word hulle gedra.

⁵ Dan sal jy dit sien en jy sal straal;
jou hart sal vinniger klop, ruim word.
Want die see se oorvloed
sal by jou uitgestort word;
die nasies se rykdom
sal na jou toe kom.*

⁶ 'n Magdom kamele sal jou oordek,
jong kamele uit Midian en Efa.*
Almal uit Skeba* sal kom.
Goud en wierook* sal hulle dra;
die goeie nuus van die HERE
se lofwaardige dae sal hulle verkondig.

⁷ *Al die kleinvee van Kedar
word vir jou bymekaar gemaak;
die ramme van Nebajot*
is tot jou beskikking.

* 60:5 Want ... kom: Ps 72:10; Hag 2:7

* 60:6 Midian en Efa: Gen 25:2,4

* 60:6 Skeba: 1 Kon 10:1

* 60:6 Goud en wierook: Matt 2:11

* 60:7 Jes 56:7; Matt 21:13

* 60:7 Kedar ... Nebajot: Gen 25:13; Jes 21:16-17

Hulle sal as aanvaarbare offers
na my altaar opgaan.
My roemryke huis sal Ek verheerlik.*

⁸ “Wie is dit daardie
wat soos 'n wolk aangesweef kom,
soos duiwe na hulle neste?
⁹ * Ja, op My wag die eilande;^y
die skepe van Tarsis
vaar aan die voorpunt
om jou kinders van ver af te bring.
Hulle silwer en goud is by hulle,
ter ere van die Naam
van die HERE, jou God,
ter ere van die Heilige van Israel,
omdat Hy jou verheerlik het.*

¹⁰ “Vreemdes sal jou mure herbou,
en hulle konings
sal tot jou diens wees.
Ja, in my toorn het Ek jou geslaan,
maar in my guns
ontferm Ek My oor jou.*

¹¹ * Jou poorte sal altyd oopstaan;

* 60:7 Hulle ... verheerlik: Jes 66:20

* 60:9 2 Kron 9:21; Ps 72:10; Jes 43:6; 55:5

^y60:9 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

* 60:9 Hulle ... verheerlik het: Ps 68:30

* 60:10 Ja ... oor jou: Jes 54:7-8

* 60:11 Op 21:25-26

bedags en snags sal dit
nie gesluit word nie,
sodat mense die rykdom van nasies
na jou toe kan bring,
met hulle konings
wat in 'n segetog^z gelei word.

¹² * Ja, die nasie en die koninkryk
wat jou nie dien nie,
sal ondergaan;
sulke nasies sal volledig verwoes word.

¹³ * Die luister van die Libanon
sal na jou kom
— sipresse, wildevliere en dennebome,
almal tegelyk —
om my heilige plek te versier.

Aan die rusplek van my voete^{*}
sal Ek eer gee.

¹⁴ * Na jou sal hulle neergeboë kom —
die kinders van jou verdrukkers;
almal wat jou verag het,
sal diep neerbuig by jou voetsole.

Hulle sal jou noem:

^z**60:11 in 'n segetog:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **60:12** Sag 14:17

* **60:13** Jes 35:2; 41:19

* **60:13 rusplek ... voete:** 1 Kron 28:2; Jes 66:1; Hand 7:44

* **60:14** Jes 49:23; Op 3:9

Stad van die HERE,
Sion van die Heilige van Israel.*

¹⁵* In plaas daarvan dat jy
verlate en gehaat is,
sonder enige verbygangers,
sal Ek jou 'n voorwerp
van ewige trots maak,
'n vreugde van geslag tot geslag.

¹⁶* Jy sal die nasies se melk drink,
aan koninklike borste sal jy drink.
Dan sal jy besef
dat Ek die HERE is
wat jou verlos,
jou lossen,^a die Magtige van Jakob.

¹⁷ In plaas van koper bring Ek goud,
en in plaas van yster bring Ek silwer,
in plaas van hout, koper,
en in plaas van klippe, yster.
Ek stel vrede aan as jou toesighouer,
geregtigheid as jou regeerder.

* **60:14 Stad ... Israel:** 2 Sam 5:7; 2 Kron 5:2; Ps 46:5; Heb 12:22

* **60:15** Jes 1:26; 54:6; 62:4,12

* **60:16** Jes 43:3; 49:23,26; 66:11-12

^a**60:16 lossen:** Die lossen moes verarmde familieledes wat skuldslawe geword het, loskoop en aan hulle weer hulle grond teruggee; vgl Lev 25:25-26.

¹⁸ Daar sal nie langer iets oor geweld
in jou land gehoor word nie,
of oor verwoesting en vernietiging
binne jou grense nie.*

Jy sal jou mure Verlossing noem,
en jou poorte Lof.*

¹⁹* Vir jou sal die son
nie meer daar wees
as 'n lig bedags nie,
en die maan sal nie as 'n helder lig
vir jou skyn nie.

Die HERE sal as 'n ewige lig
daar wees,
en jou God as jou roem.

²⁰ Jou son sal nie weer
ondergaan nie,
en jou maan sal nie verdof nie;
want die HERE sal vir jou
'n ewige lig wees,
en jou routyd sal verby wees.*

²¹* Jou volk is almal regverdiges;
vir altyd sal hulle die land besit,
hulle, die werk van my hande,
die loot wat Ek geplant het

* 60:18 Daar ... grense nie: Jes 11:9

* 60:18 Jy ... Lof: Jes 26:1

* 60:19-20 Op 21:11,23; 22:5

* 60:20 jou routyd ... wees: Op 21:4

* 60:21 Jes 57:13; 58:14; 61:3; 65:17; Matt 5:5; 15:13; 2 Pet 3:13

om My te verheerlik.

²² *Die kleinste sal 'n stam word,
en die geringste 'n magtige nasie.
Ek, die HERE, sal dit
op die regte tyd vinnig laat gebeur.”

61

^{1 bc}Die Gees van my Heer,
die HERE is op my,
omdat die HERE my gesalf het.*
Hy het my gestuur
om 'n goeie boodskap te bring
aan magteloses,
om dié met gebroke harte
se wonde te verbind,*
om dié wat weggevoer is
se vrylating aan te kondig*
en bevryding vir dié wat geboei is,
² om die genadejaar van die HERE
aan te kondig,*

*60:22 Vgl Matt 13:31

^b61:1-2 In Luk 4:18-19 deur Jesus aangehaal as 'n uitspraak wat in Homself vervul is.

^c61:1 Matt 11:5; Luk 7:22; Hand 10:38 verwys na Jes 61:1 as heenwysing na Jesus Christus.

*61:1 Die ... gesalf het: Ps 45:8; Jes 11:2; 42:1; Matt 3:16

*61:1 om dié met ... verbind: Jes 57:15

*61:1 om dié wat ... kondig: Vgl Lev 25:10

*61:2 om die ... kondig: Vgl Lev 25:9

ons God se dag van wraak,^{*}
om almal wat rou, te troos,^{*}
³ om te voorsien vir hulle wat oor Sion rou,
om vir hulle tulbande te gee
in plaas van stof,^d
vreugde-olie in plaas van rou,
klere vir lofprysing
in plaas van 'n verslae gees.^{*}
Hulle sal genoem word:
Terebinte^e van Geregtigheid,
geplant deur die HERE
om Hom te verheerlik.^{*}

⁴ *Hulle sal die oeroue puinhope
herbou,
die verwoeste plekke van vroeër
weer oprig,
dorpe wat in puin lê,
wat geslagte lank verwoes is,
sal hulle nuut maak.

⁵ *Vreemdelinge sal in julle diens wees

* **61:2 God ... wraak:** Jes 34:8; 66:4; Mal 4:1,3; 2 Thess 1:6

* **61:2 om almal ... troos:** Jes 7:18; Matt 5:4-5; Luk 6:21

^d**61:3 stof:** Stof of as is op die kop gegooi, as 'n teken van rou.

* **61:3 vreugde-olie ... gees:** Ps 30:12; 45:8

^e**61:3 Terebinte:** Siro-Palestynse bome met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog.

* **61:3 Hulle sal ... verheerlik:** Jes 60:21

* **61:4** Jes 49:8; 58:12; Eseg 36:10,33-36; Am 9:14

* **61:5** Jes 14:2

en julle kleinvee laat wei,
vreemdes sal julle plaaswerkers
en julle wynbouers wees.

⁶ Maar julle,

“priesters van die HERE”
sal julle genoem word.

As “dienaars van ons God”

sal daar na julle verwys word. *

Die rykdom van nasies

sal julle geniet, *

en met hulle luister

sal julle spog.

⁷ *In plaas van julle skande

word julle dubbeld vergoed.

Ja, in plaas van vernedering

sal hulle jubel oor hulle deel;

daarom sal hulle 'n dubbele deel

in hulle land in besit neem.

Daar sal vir hulle ewige vreugde wees.

⁸ “* Ja, Ek, die HERE,

het regverdigheid lief;

Ek haat roof, veral saam met onreg.^f

* **61:6 Maar ... verwys word:** Eks 19:6; Jes 66:21; 1 Pet 2:5,9; Op 1:6; 5:10; 20:6

* **61:6 Die ... geniet:** Jes 60:5-6,11

* **61:7** Jes 40:2; Sag 9:12

* **61:8** Ps 11:7; Jes 59:15

^f**61:8 onreg:** Vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “brandoffer”.

“Ek sal hulle beloning aan hulle gee
op grond van my trou;
'n ewige verbond
sal Ek met hulle sluit.*
⁹*Hulle nageslag sal bekend wees
onder die nasies,
hulle nakomelinge onder die volke.
Almal wat hulle sien, sal hulle herken —
dat hulle die geslag is
wat deur die HERE geseën is.*”

¹⁰*Ek verheug my grootliks
in die HERE;
my hele wese juig
oor my God.
Want Hy het vir my
klere van verlossing aangetrek,
'n mantel van geregtigheid
het Hy my omgehang,
asof ek 'n bruidegom is,
soos 'n priester met 'n tulband,
soos 'n bruid met haar versierings.⁸

* **61:8 'n ewige ... sluit:** Jes 55:3; Heb 13:20

* **61:9** Jes 52:10; 62:2

* **61:9 die geslag ... geseën is:** Gen 12:3

* **61:10** Op 19:7-8; 21:2; vgl 1 Sam 2:1; Hab 3:18; Luk 1:46-47

⁸**61:10 asof ... versierings:** Daar is onsekerheid oor die vertaling van die bronteks en een van die •Qumran-geskrifte word gedeeltelik gevolg. Die bronteks lui “soos/as 'n bruidegom, soos 'n priester optree, 'n tulband en 'n bruid versier haar met haar versierings”.

¹¹ * Ja, soos die grond
sy plante voortbring
en 'n tuin sy saailinge laat uitspruit,
so sal my Heer, die HERE
geregtigheid en lof laat uitspruit
voor al die nasies.

62

¹ Ter wille van Sion
sal Ek nie swyg nie,
ter wille van Jerusalem
nie rus nie,
totdat haar geregtigheid
deurbreek soos 'n helder lig,
haar verlossing
brand soos 'n fakkel.*

² *Nasies sal jou geregtigheid sien,
en al die konings jou roem.
Aan jou sal 'n nuwe naam gegee word;
die mond van die HERE self
sal dit bepaal.

³ * Jy sal 'n sierlike diadeem^h wees
in die hand van die HERE,
'n koninklike tulband

* 61:11 Jes 45:8

* 62:1 totdat ... fakkel: Spr 4:18; Jes 58:8

* 62:2 Ps 98:2; Jes 56:5; 60:3; 65:15; Op 2:17; 3:12; 22:4

* 62:3 Sag 9:16; Op 19:12

^h62:3 diadeem: Kosbare, versierde voorhoofband.

in die handpalm van jou God.

⁴* Daar sal nie meer na jou verwys word

as Verstotene nie,

en na jou land nie meer verwys word

as Woesteny nie;

maar jy sal genoem word Hefsiba,ⁱ

en jou land Getroude.

Want die HERE vind vreugde in jou,

en jou land sal getroud wees;

⁵ ja, soos 'n jong man trou

met 'n jong meisie,

sal jou kinders met jou trou.

Met die vreugde van 'n bruidegom

oor sy bruid,

sal jou God Hom oor jou verheug.*

⁶* Op jou stadsmure, Jerusalem,

het ek wagte uitgesit.

Dwarsdeur die dag en nag

sal hulle nie 'n oomblik lank swyg nie.

Julle wat die HERE herinner

aan sy beloftes,^j

gun julleself geen rus nie!

⁷ Gun Hom ook geen rus nie,

* **62:4** Jes 54:6-7; 60:15; Hos 2:19

ⁱ**62:4 Hefsiba:** Die naam beteken 'my vreugde is in haar'.

* **62:5 Met ... verheug:** Jes 65:19

* **62:6** Jes 52:8; Eseg 3:17; vgl Jer 6:17

^j**62:6 aan sy beloftes:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl bv Jes 52:9.

totdat Hy haar gevestig het,
totdat Hy Jerusalem
'n loflied op aarde gemaak het!

⁸ *Die HERE het 'n eed afgelê
by sy regterhand,
by sy kragtige voorarm:
“Ek sal nie meer jou koring
as voedsel aan jou vyande gee nie,
en vreemdes sal nie meer
jou nuwe wyn drink
waarvoor jy jou vermoei het nie.

⁹ *Maar wie insamel, sal eet,
en hulle sal die HERE loof.
Wie duiwe^k oes,
sal die nuwe wyn^l drink
in my heilige voorhowe.”

¹⁰ Gaan deur, gaan deur die poorte,
maak die pad vir die volk gereed.
Vul op, vul die grootpad op!
Vul dit op!
Verwyder die klippe!*

*62:8 Vgl Deut 28:30-33; Jer 5:17

*62:9 Deut 12:11; 14:23,26

^k62:9 **druive**: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel. Die bronteks lui “dit”.

^l62:9 **die nuwe wyn**: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel. Die bronteks lui “dit”.

*62:10 **Gaan ... klippe**: Jes 11:16; 57:14

Hou 'n banier omhoog vir die volke.*

¹¹ Kyk, die HERE laat dit hoor

tot by die einde van die aarde:

“Sê vir die dogter van Sion,^m

‘Kyk,ⁿ jou verlossing kom!’*

Kyk, sy vergoeding is by Hom,

sy beloning is voor Hom.*”*

¹² Hulle sal genoem word:

“heilige volk,

die losgekooptes van die HERE.”*

En jy, Jerusalem,^o sal genoem word:

“versorgde,

stad wat nie verlate is nie.”*

63

Oordeel oor Edom

¹ *Wie is dit wat daar uit Edom* kom,

*62:10 Hou ... volke: Jes 49:22

^m62:11 dogter van Sion: In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

ⁿ62:11 Sê ... Sion, Kyk: In Matt 21:5 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; Joh 12:15.

*62:11 Sê ... kom: Jes 46:13; Sag 9:9

*62:11 Kyk, sy ... voor Hom: Jes 40:10

*62:11 Kyk, jou ... voor Hom: Op 22:12

*62:12 Hulle ... HERE: Deut 7:6; 1 Pet 2:9

^o62:12 Jerusalem: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*62:12 En ... is nie: Jes 1:26; 60:14

*63:1-3 Op 19:13

*63:1 Edom: Gen 25:30; 36:1,8; Deut 2:4-5; vgl Jes 34:1-17

met helderrooi klere uit Bosra,^p
Hy wat 'n glansryke kleed dra,
wat keldermeester^q is
in die volheid van sy krag?

“Ek is die Een
wat in geregtigheid spreek —
magtig om te verlos.”

² Waarom is u klere rooi,
waarom is u klere soos dié van iemand
wat druiwe trap in die wynpers?

³ “*Die kuip het Ek alleen getrap;
van al die volke was daar
niemand by My nie.
In my toorn het Ek hulle aanhou trap,
hulle fyngetrap in my woede.
Hulle lewensbloed
het op my klere gespat;
my hele uitrusting het Ek besoedel.

⁴ *Want Ek het 'n dag van wraak
in gedagte gehad;^r

^p**63:1 Bosra:** Die hoofstad van Edom.

^q**63:1 keldermeester:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word ook anders vertaal.

* **63:3** Klaagl 1:15; Op 14:19-20; 19:15

* **63:4** Jes 34:8; 66:4; Mal 4:1,3; 2 Thess 1:6

^r**63:4 in gedagte gehad:** Die Hebreeuse idioom kan ook vertaal word as “was in my hart”.

die jaar van my bloedwraak^s
het aangebreek.

⁵ *Ek het rondgekyk,
maar daar was geen helper nie.

Ek was verslae —
daar was niemand
wat ondersteuning bied nie.

My voorarm het My tot hulp gekom,
my woede, dit het My ondersteun.

⁶ Ek het volke vertrap in my toorn,
hulle dronk gemaak in my woede.
Ek het hulle lewensbloed
op die grond laat uitloop.”

Trou en ontrou van Jerusalem

⁷ *Die troue liefde van die HERE
sal ek vermeld,
die lofwaardige dae van die HERE,
in ooreenstemming met alles
wat die HERE aan ons bewys het —
die oorvloedige guns
vir die huis van Israel
wat Hy aan hulle bewys het
in sy ontferming
en oorvloedige troue liefde.

⁸ Hy het gesê:

^s**63:4 bloedwraak:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord, en dit word verskillend vertaal.

***63:5** Jes 59:16

***63:7** Ps 89:1

“My volk is hulle beslis,
kinders wat nie bedrieglik
sal optree nie.”

So het Hy vir hulle
'n verlosser geword.

⁹ In al hulle nood
was ook Hy in die nood.

Die engel wat Hom verteenwoordig,^{*}
het hulle verlos.

In sy liefde en medelye
was dit Hy
wat hulle vrygekoop het.

Hy het hulle opgetel
en hulle gedra, al die jare,
van lank gelede af.^{*}

¹⁰ *Maar hulle, hulle was opstandig
en het sy Heilige Gees bedroef.

Hy het teenoor hulle
in 'n vyand verander;

Hy self het teen hulle geveg.

¹¹ Toe het hulle gedink aan die jare
van lank gelede,
aan Moses^{*} en sy volk:

“Waar is Hy wat hulle
uit die see laat opkom het,

* **63:9 Die ... verteenwoordig:** Hand 7:38

* **63:9 Hy het ... af:** Eks 19:4; Jes 46:3

* **63:10** Deut 32:15; Hand 7:51; Ef 4:30

* **63:11 Moses:** Eks 2:1-10

saam met die herders van sy kleinvee?^{*}
Waar is Hy wat in hulle midde
sy Heilige Gees geplaas het,^{*}
¹² * wat sy roemryke arm
aan Moses se regterkant^t
laat optrek het,
wat water voor hulle oopgekloof het
om vir Hom 'n ewige Naam te maak,
¹³ Hy wat hulle
deur die watermassa laat trek het,
soos 'n perd deur 'n woestyn^u —
sonder om te struikel?”

¹⁴ Soos wanneer beeste
in 'n vallei afdaal,
het die Gees van die HERE
aan Israel^v rus gegee.
So het U u volk gelei
om vir U 'n roemryke Naam te maak.

^{*} **63:11 herders ... kleinvee:** Ps 77:21; Heb 13:20

^{*} **63:11 Waar ... geplaas het:** Num 11:17; Neh 9:20

^{*} **63:12-13 Eks 14:5-31; Ps 78:13,53; 1 Kor 10:1-2; Heb 11:29**

^t **63:12 aan ... regterkant:** Die regterkant verwys hier na die onbeskermdede kant; 'n soldaat het sy skild in sy linkerhand gedra.

^u **63:13 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^v **63:14 aan Israel:** Die bronteks lui “aan hom”.

¹⁵ Kyk uit die hemel,
uit u vorstelike,
 heilige en roemryke woning,
en sien!*

Waar is u ywer en u magtige daade?
U innerlike ontroering,
 u ontferming word van my teruggehou.

¹⁶ *U is immers ons Vader.
Ja, Abraham, hy ken ons nie,
en Israel, hy erken ons nie;
U, HERE, is ons Vader.
Ons lossers^w van altyd af^{*}
 is u Naam.

¹⁷ *Waarom het U, HERE,
 ons van u paaie laat afdwaal,*
 ons harte verhard,
sodat ons nie meer vir U
 ontsag gehad het nie?*

Kom terug
 ter wille van u diensknegte,
 die stamme van u erfdeel!^x

*63:15 Kyk ... sien: Deut 26:15; Ps 33:14; 80:15

*63:16 Deut 1:31; 1 Kron 29:10; Tob 13:4; Matt 6:9; Luk 11:2; Joh 8:41; Jak 3:9

^w63:16 lossers: Die lossers moes verarmde familieledes wat skuldslawe geword het, loskoop en aan hulle weer hulle grond teruggee; vgl Lev 25:25-26.

*63:16 Ons ... af: Jes 41:14; 43:14; 44:6; 47:4; Jer 50:34; Luk 24:21

*63:17 Num 10:36; Ps 90:13

*63:17 ons van ... afdwaal: Ps 119:10

*63:17 ons harte ... het nie: Jes 6:10

^x63:17 u erfdeel: Dit verwys na die land Israel.

¹⁸ *Vir 'n kort tydjie

het u heilige volk dit besit,
maar ons teenstanders
het u heiligdom vertrap.

¹⁹ Ons het van lank gelede af
al geword soos hulle
oor wie U nie regeer het nie,
oor wie u Naam nie uitgeroep is nie.

64

¹ y* As U maar die hemel
wou oopskeur en afdaal —
die berge sal bewe
van u teenwoordigheid.

² Soos vuur struikgewas laat opvlam,
soos water deur vuur tot kookpunt kom,
so sal die nasies bewe
vanweë u teenwoordigheid,
wanneer U u Naam bekend maak
aan u teenstanders.

³ *Toe U ontsagwekkende dade gedoen het
wat ons nie verwag het nie,
het U afgedaal;
vanweë u teenwoordigheid

* **63:18** Ps 74:3-7; Jes 64:11; Luk 21:24; Op 11:2

^y **64:1-12** Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Jes 63:19
— 64:11.

* **64:1-3** Ps 18:8-10; 144:5; Miga 1:3-5; Op 19:11

* **64:3-4** Eks 34:10; Rig 5:4

het die berge gebewe.

⁴*Van die vroegste tye af
het niemand dit gehoor nie,
daarvan verneem nie,
het geen oog 'n god gesien nie,
buiten U, wat optree
vir dié wat op Hom wag.

⁵U kom elkeen tegemoet
wat met vreugde
geregtigheid beoefen,
wat op u paaie aan U bly dink.

Kyk, U was kwaad,
en ons hét gesondig.

Ons het lank
in sonde verkeer^z —
sal ons verlos word?

⁶Ons almal het geword
soos iets wat onrein is,
soos 'n besoedelde kledingstuk^{a*}
is al ons geregtighede.

Ons almal het verwelk soos blare,^{*}
en soos die wind

*64:4 1 Kor 2:9

^z64:5 Ons ... verkeer: Letterlik 'lank daarin'. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^a64:6 besoedelde kledingstuk: Dit verwys na 'n kledingstuk wat tydens menstruasie gebruik is.

*64:6 Lev 15:19-24

*64:6 Ons ... blare: Jes 40:6-8

het ons sondeskuld ons weggedra.

⁷ Daar is niemand

wat u Naam aanroep
of homself wakker skud
om aan U vas te hou nie;
want U het u gesig vir ons verberg,^{*}
ons oorgelewer^b
aan die greep van ons sondeskuld.

⁸ Maar nou, HERE,

U is ons Vader.*
Ons is die klei
en U is ons pottebakker —
ons almal is die werk van u hande.*

⁹ Moenie mateloos

kwaad wees nie, HERE;
moenie vir altyd
ons sondeskuld onthou nie!

Ja, sien tog in:

Ons almal is u volk.

¹⁰ U heilige stede

het woestyn geword:
Sion is 'n woestyn,
Jerusalem het 'n woesteny geword.

* **64:7 U het ... verberg:** Jes 54:8

^b **64:7 oorgelewer:** Van die vroeë vertalings en een van die •Qumran-geskrifte word hier gevolg. Die bronteks lui “smelt/huiwer”, 'n onoorganklike werkwoord met die voorwerp “ons”.

* **64:8 U is ons vader:** Jes 63:16; Matt 6:9; Luk 11:2; Joh 8:41; 1 Pet 1:17

* **64:8 Ons ... hande:** Ps 138:8; Jes 29:16; 45:9; Jer 18:6; Rom 9:20

¹¹ * Ons heilige en pragtige tempel,
waar ons voorouers U geloof het,
het 'n prooi van vuur geword —
alles wat vir ons kosbaar is,
het 'n puinhoop geword.

¹² * Sal U oor hierdie gebeure
Uself bedwing, HERE?
Sal U bly swyg,
ons mateloos verneder?

65

¹ “Ek het My laat raadpleeg deur hulle
wat nie na My gevra^c het nie;
Ek het My laat vind deur hulle
wat My nie gesoek het nie.*
Ek het gesê, ‘Hier is Ek! Hier is Ek!’
vir 'n nasie
wat my Naam nie aangeroop het nie.^d

² * Ek het my hande die hele dag
uitgestrek gehou na 'n koppige volk,
hulle wat, agter hulle eie planne aan,

* **64:11** 2 Kon 25:9; Ps 74:5-7; Jes 63:18; Matt 23:38

* **64:12** Jes 42:14; 62:1; Klaagl 5:20-22

^c**65:1 na My gevra:** Een van die •Qumran-geskrifte, 'n aantal Hebreeuse mss en van die vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “(daarna) gevra”.

* **65:1 Ek het My laat raadpleeg ... gesoek het nie:** Rom 9:30; 10:20

^d**65:1 wat my Naam ... nie:** Die vroeë vertalings word hier gevolg wat aansluit by die eerste helfte van die vers: “wat My nie gesoek het nie”. Die bronteks lui “wat nie na my Naam genoem is nie”.

* **65:2** Luk 9:41; Rom 10:21

'n pad loop wat nie goed is nie,
^{3 **}'n volk wat My voortdurend
in my gesig uittart,
wat offerdiere slag in die tuine,^{*}
dit verbrand op altare van baksteen,^{e*}
⁴ wat in grafkelders sit,
op geheime plekke oornag,^{*}
wat die vleis van varke eet,
met die sous van iets walgliks^f
in hulle potte,
^{5 *} wat sê, 'Bly waar jy is!
Moenie naby my kom nie,
want ek is te heilig vir jou.'
Sulke mense is rook in my neus,
'n vuur wat die hele dag smeul.
^{6 *} Kyk, voor My staan geskryf:
Ek swyg nie,
maar Ek vergeld.
En Ek sal vergeld

* **65:3-4** Jes 66:17

* **65:3** Deut 32:21

* **65:3 wat ... tuine:** Jes 1:29; 66:17

^e**65:3 altare van baksteen:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal.

* **65:3 altare van baksteen:** Eks 20:24-25

* **65:4 wat in ... oornag:** Mark 5:3

^f**65:4 iets walgliks:** Dit is 'n tegniese term in die offerkultus wat 'n hoë graad van •onreinheid aandui.

* **65:5** Vgl Matt 9:11; Luk 18:11

* **65:6** Ps 50:3; Jes 59:18; Luk 6:38

— in hulle skote —

⁷ julle sondeskuld saam met
die sondeskuld van julle voorouers,*”

sê die HERE,

“hulle wat offers verbrand het
op die berge,

en My op die heuwels beledig het,*

Ek sal hulle loon van vroeër⁸
in hulle skote aftel.”

⁸ *So sê die HERE:

“Wanneer daar nog sap
te vinde is in 'n druiwetros,
sal iemand sê,

‘Moet dit nie vernietig nie,
want daar is seën in.’

So sal Ek ook optree
ter wille van my diensknegte,
sodat alles nie vernietig word nie.

⁹ *Ek sal uit Jakob 'n nageslag

laat voortkom,

en uit Juda

dié wat my berge sal besit.

* **65:7 sondeskuld van ... voorouers:** Eks 20:5; Matt 23:35

* **65:7 hulle ... beledig het:** Eseg 22:9

⁸ **65:7 loon van vroeër:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal.

* **65:8** Jes 4:3; vgl Joël 2:14

* **65:9** Jes 57:13; Matt 5:5

My uitverkorenes

sal dit in besit neem,
en my diensknegte
sal daar woon.

¹⁰ *Saron^h sal as weiveld vir kleinvee dien,
en die vallei van Akor
as rusplek vir beeste,
en vir my volk
wat My geraadpleeg het.

¹¹ *Maar julle wat die HERE verlaat het,
wat my heilige berg vergeet het,
wat 'n tafel dek vir Ghad,ⁱ
wat 'n kruik gemengde wyn
skink vir “Meni”^j —

¹² Ek bestem^k julle vir die swaard.
Julle sal almal kniel^l
vir die slagting,
omdat Ek geroep het,
maar julle nie geantwoord het nie,

* 65:10 Jos 7:24-26; Jes 35:2; vgl Jes 33:9

^h65:10 Saron: Die kusvlakte tussen •Jafo en die berg Karmel, bekend vir veeboerdery en veldblomme.

* 65:11 1 Kor 10:21

ⁱ65:11 Ghad: Die naam van die sogenaamde gelukkiggod. Sommige meen dit was die planeet Jupiter.

^j65:11 Meni: Die naam van die afgod wat die toeval beheer. Sommige meen dit was die planeet Venus.

^k65:12 bestem: In Hebreeus is daar klankspel met die naam “Meni” in Jes 65:11.

^l65:12 kniel: In Hebreeus is daar klankspel met die woord “dek” in Jes 65:11.

omdat Ek gepraat het,
maar julle nie geluister het nie.*

Julle het gedoen
wat verkeerd is in my oë;
en wat Ek nie aanvaar nie,
het julle gekies.”

¹³ *Daarom, so sê my Heer, die HERE:

“Kyk, my diensknegte sal eet,
maar julle sal honger ly.

Kyk, my diensknegte sal drink,
maar julle sal dors ly.

Kyk, my diensknegte sal hulle verheug,
maar julle sal beskaamd staan.

¹⁴ Kyk, my diensknegte sal jubel
met blye harte,*
maar julle sal om hulp roep
met bedroefde harte;
met 'n gebroke gees
sal julle huil.*

¹⁵ *Julle sal julle naam agterlaat
om deur my uitverkorenes
in verwensings gebruik te word.^m

*65:12 omdat ... geluister het nie: Jes 50:2; 66:4; Jer 7:13

*65:13 Luk 6:25

*65:14 Kyk ... harte: Jes 51:11

*65:14 maar ... huil: Jes 13:6; vgl Matt 8:12

*65:15 Deut 28:37; Jes 1:26; 62:2; Jer 29:22; Op 2:17; 3:12

^m65:15 om ... word: Dit beteken dat die uitverkorenes in 'n verwensing sal sê:

“Mag dit met jou gaan soos met ... ”

Die Heer, die HERE
sal jou doodmaak;
maar aan sy diensknegte
sal Hy 'n ander naam gee.

¹⁶ *Wie vir homself seën afsmeek
in die land,
sal vir hom seën afsmeek
van die ware God.

En wie in die land 'n eed aflê,
sal dit aflê by die ware God;
want die benoudhede van vroeër
is vergete,
ja, vir my oë is dit verborge.

¹⁷ “* Ja, Ek gaan 'n nuwe hemel
en 'n nuwe aarde skeep.
Aan die vroeëres
sal nie meer gedink word nie;
dit sal nie in mense se gedagtes
opkom nie.

¹⁸ *Maar wees bly en juig vir altyd
oor wat Ek gaan skeep.
Ja kyk, Ek gaan Jerusalem skeep
as iets om oor te juig,
en haar volk tot 'n vreugde.

* 65:16 1 Joh 5:20; Op 3:14

* 65:17 Jes 43:18; 51:6; 62:2; 66:22; Matt 19:28; 2 Pet 3:13; Op 21:1

* 65:18 Jer 31:7; Luk 6:21; vgl Jes 60:14

¹⁹ *Ek sal oor Jerusalem juig
en oor my volk bly wees.

In haar sal die klank van gehuil
nie weer gehoor word nie,
ook nie die klank
van 'n geroep om hulp nie.

²⁰ *Daar sal nie meer 'n suigeling wees
van net enkele dae,
of 'n bejaarde
wat nie sy lewensdae voltooi nie.

Want die jongste
sal op honderd jaar sterf,
en wie nie honderd jaar bereik nie,
sal as 'n vervloekte beskou word.

²¹ **Hulle sal huise bou en bewoon;
hulle sal wingerde plant
en die vrugte daarvan eet.

²² Hulle sal nie bou,
sodat 'n ander dit bewoon nie,
of plant,
sodat 'n ander dit eet nie.
Want soos die lewensdae van 'n boom,
sal die lewensdae van my volk wees.*

Die arbeid van hulle hande

* **65:19** Jes 35:10; 62:5; Op 21:4

* **65:20** Job 5:26; Jes 25:8; Sag 8:4

* **65:21-22** Jes 62:8; Deut 28:30-33; Am 9:14

* **65:21** Jer 31:5

* **65:22** Want ... wees: Ps 92:13-14

sal my uitverkorenes self geniet.

²³ *Hulle sal hulle nie
tevergeefs vermoei nie;
hulle sal nie kinders verwek
vir 'n verskriklike lot nie;
want hulle sal 'n geslag
geseëndes van die HERE wees,
en hulle nakomelinge
saam met hulle.

²⁴ *Nog voordat hulle roep,
sal Ek hulle antwoord;
hulle sal nog besig wees om te praat,
dan verhoor Ek hulle al.

²⁵ *'n Wolf en 'n lam sal saam wei,
'n leeu sal soos 'n bees hooi eet;
maar 'n slang — stof sal sy kos wees.*
Mense sal nie kwaad aanrig
of hulle wangedra nie —
nêrens op my hele heilige berg nie,*”
sê die HERE.

* 65:23 Deut 28:41; Jes 61:9; Hos 9:12; 1 Kor 15:58; Fil 2:16

* 65:24 Ps 91:15; Jes 30:19; 58:9; Dan 9:20-23

* 65:25 Jes 11:6-8; Mark 1:13

* 65:25 'n slang ... wees: Gen 3:14

* 65:25 Mense ... berg nie: Jes 11:9

66

¹ **So sê die HERE:

“Die hemel is my troon,
en die aarde die voetbank
van my voete.

Waar is die huis
wat julle vir My sou bou,
en waar is my rusplek?*

² Al hierdie dinge —
my hand het dit gemaak;
so het alles ontstaan,*”
is die uitspraak van die HERE.

“Op so iemand sal Ek ag slaan:
op 'n magtelose met 'n verslae gees,
wat sidder vir my woord.*

³ “*Iemand slag 'n bul,
en vel 'n mens neer;
bring 'n lam as maaltydoffer,
en breek die nek van 'n hond;*
bring 'n graanoffer,
en ook die bloed van varke;

*66:1-2 Hand 7:49-50

*66:1 1 Kron 28:2; 2 Kron 6:18; Matt 5:34-35; 23:22; Joh 4:21

*66:1 Waar ... rusplek: 1 Kon 8:27

*66:2 Al ... ontstaan: Ps 24:1-2

*66:2 Op ... woord: Ps 34:19; vgl Matt 5:3; Luk 18:13-14

*66:3 Jes 1:11

*66:3 Iemand ... hond: Eks 13:13; Deut 21:4

bring wierook
as simboliese offer,ⁿ
en prys 'n valse god aan.
Aangesien hierdie mense
hulle eie paaie gekies het,
en hulle sielsgelukkig is
met hulle verfoeilike afgode,^{*}
^{4 *} sal ook Ek kies
om hulle streng te behandel;
en dit wat hulle vrees
sal Ek oor hulle bring.
Want toe Ek geroep het,
het niemand geantwoord nie;
toe Ek gepraat het,
het hulle nie geluister nie.^{*}
Hulle het gedoen
wat verkeerd is in my oë,
en wat onaanvaarbaar is vir My,
het hulle gekies.”

^{5 *} Hoor die woord van die HERE,
julle wat sidder vir sy woord:
“Julle volksgenote wat julle haat,

ⁿ**66:3 simboliese offer:** In Hebreeus word 'n tegniese term gebruik wat moeilik vertaalbaar is in Afrikaans. Dit is 'n deel wat die hele offer verteenwoordig.

^{*}**66:3 Aangesien ... afgode:** Jer 7:31; 19:5

^{*}**66:4** 2 Thess 1:8

^{*}**66:4 Want ... geluister nie:** Jes 50:2; 65:12

^{*}**66:5** Luk 6:22; Joh 15:18-20; 16:2; 2 Thess 1:12

wat julle verstoot
ter wille van my Naam, het gesê,
‘Laat die HERE verheerlik word,^o
sodat ons julle vreugde
kan aanskou!’
Maar self sal hulle beskaamd staan.”

⁶* Luister na die gedruis uit die stad,
die geluide uit die tempel,
die stem van die HERE!
Hy reken met sy vyande af
volgens wat hulle verdien.

⁷^pNog voordat sy^q ineenkrimp,
het sy reeds geboorte gegee;
nog voordat die geboortepyne
haar oorval,
het sy 'n seun
in die wêreld gebring.

⁸ Wie het al van so iets gehoor?
Wie het al sulke dinge gesien?
Word 'n land op een dag gebore;
of word 'n volk eensklaps
in die wêreld gebring?

^o66:5 **verheerlik word:** Verskeie vroeë vertalings word gevolg. Die •bronteks lui “heerlik word”.

* 66:6 Op 16:1,17

^p66:7 Op 12:2,5 verwys na Jes 66:7 as heenwysing na Jesus Christus.

^q66:7 **sy:** Dit verwys na Jerusalem.

Ja, net toe sy ineenkrimp,
het Sion ook geboorte gegee
aan haar kinders.

⁹ “Sal Ek wat die water laat breek,
nie geboorte laat gee nie?”
vra die HERE.

“Of sal Ek, wat geboorte laat gee,
die geboorte terughou?”
vra jou God.

¹⁰ “*Wees verheug saam met Jerusalem,
en juig oor haar,
almal wat haar liefhet!

Wees besonder bly saam met haar,
almal wat oor haar getreur het;

¹¹ * sodat julle kan suig
aan haar vertroostende borste,
en versadig kan raak;

sodat julle kan drink
en julle kan verkwik
aan haar vol, ryk borste. ”

¹² Want so sê die HERE:

“Kyk, Ek gaan vrede na haar toe afkeer
soos 'n rivier,
die luister van nasies*
soos 'n spruit in vloed;
en julle sal drink.

* **66:10** Jes 65:19; Joh 16:20

* **66:11** Jes 60:16

* **66:12 luister van nasies:** Vgl Jes 61:6; Op 21:24

Op die heup sal julle gedra word,*
en op knieë gewieg word.

¹³ Soos iemand se ma hom troos,
so sal Ek self julle troos;
in Jerusalem sal julle getroos word.

¹⁴ As julle dit sien,
sal julle harte bly wees;*
julle gebeente
sal soos groen plante gedy.”

Die mag van die HERE
sal bekend wees by sy diensknegte,
en Hy sal sy vyande vervloek.

¹⁵ *Want kyk, die HERE
sal met vuur kom,
en soos 'n stormwind
is sy strydwaens,
om met woede sy toorn te laat geld,
en sy dreigement
kom met vuurvlamme.

¹⁶ * Ja, met vuur en sy swaard
gaan die HERE die saak bereg
met alle mense.

Talryk sal dié wees
wat deur die HERE verslaan word.*

* **66:12 Op ... gedra word:** Jes 60:4; vgl 49:22

* **66:14 As ... wees:** Joh 16:22

* **66:15-16** Jes 33:14; Hab 3:8; 2 Thess 1:8; Heb 10:27; 2 Pet 3:7

* **66:16** Eseg 21:4-5

* **66:16 Talyk ... word:** Jer 12:12; 25:33

¹⁷ “*Dié wat hulleself heilig en hulle reinig om na die tuine te gaan, agter een aan wat in die middel is,^r terwyl hulle varkvleis, weersinwekkende dinge en muise eet, sal saam tot 'n einde kom,” is die uitspraak van die HERE. ¹⁸ “*En Ek? Wat hulle dade en gedagtes betref, die vuur^s is aan die kom om al die nasies en tale bymekaar te dryf. Hulle sal kom en my heerlijkheid sien. ¹⁹ Ek sal onder hulle 'n teken oprig, en sommige van dié wat oorleef, stuur na die nasies, na Tarsis,^t Pul^u en Lud^v — hulle wat die boog span — na Tubal^w en Jawan,^x die verre eilande^y wat nog nie van my roem gehoor en my heerlijkheid nog nie gesien het nie. Hulle sal my heerlijkheid onder die nasies bekend maak.* ²⁰ *Hulle sal al julle volksgenote uit al die nasies, as die HERE se geskenk, op perde en strydwaens, op waens, muile en kamele, na my

*66:17 Lev 11:29; Jes 1:29; 65:3-4

^r66:17 agter ... middel is: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit kan verwys na 'n priester wat mense voorgaan in rituele van die vrugbaarheidsgodsdienste, of dit kan verwys na 'n afgodsbeeld waarom die aanbidders vergader.

*66:18 Eseg 34:13; Matt 24:31; 25:12

^s66:18 die vuur: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^t66:19 Tarsis: Waarskynlik Karthago.

^u66:19 Pul: Daar is onsekerheid oor die ligging van Pul. Die •Septuagint lui “Put”, 'n ou naam vir Libië.

^v66:19 Lud: Lidië.

^w66:19 Tubal: Die naam van 'n streek en ook 'n volksgroep in die ooste van Klein-Asië naby Silisië.

^x66:19 Jawan: Griekeland.

^y66:19 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

*66:19 Hulle sal ... maak: Mal 1:11

*66:20 Jes 43:6; 49:22; 60:4,9; Rom 15:16

heilige berg, Jerusalem, bring,” sê die HERE, “net soos die Israëliete die graanoffer in rein houers na die huis van die HERE bring. ²¹ *Ek sal sommige van hulle selfs as priesters en Leviëte neem,” sê die HERE. ²² *²²“Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek gaan maak, voor My sal bly voortbestaan,” is die uitspraak van die HERE, “so sal julle nageslag en julle naam bly voortbestaan. ²³ En dan, van nuwemaan tot nuwemaan, van Sabbat tot Sabbat, sal alle mense kom om voor My in aanbidding te buig,” sê die HERE. ²⁴ *²⁴“Hulle sal dan uit die stad^z gaan en die lyke sien van die mense wat teen My oortree het, want die wurms op hulle sal nie sterf nie, en die vuur om hulle sal nie uitbrand nie. Hulle sal afskuwelik wees vir alle mense.”

* **66:21** Jes 61:6; 1 Pet 2:5,9

* **66:22** Jes 65:17; Matt 19:28; 2 Pet 3:13; Op 21:1

* **66:24** Judit 16:17; Sir 7:17; Mark 9:48

^z**66:24 die stad:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.